

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities



Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 62 | Volume 62 | SEPTEMBER 2022
Nommer 3 | Number 3



Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751

Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

A LW Hiemstra Trust

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van
die L.W. Hiemstra Trust – Opgerig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan
Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the
L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of
Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra



3

Uitgwer/Publisher

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

The South African Academy for Science and Arts

Engelenburghuis/house, Zervogelstr 574

Privaat sak/Private bag X11

Sunnyside 0132

Suid-Afrika/South Africa

September 2022

Tydskrif vir Geesteswetenskappe
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

HOOFREDAKTEUR / EDITOR-IN-CHIEF:

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

REDAKSIEKOMITEE / EDITORIAL COMMITTEE

DP (Danie) Goosen – Godsdienswetenskap/Religious Studies (Akademia, Pretoria)

EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomiese/Economics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics (Nelson Mandela Universiteit, Port Elizabeth)/(Nelson Mandela University, Port Elizabeth)

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

JJ (Koos) Malan, Publiekreg/Public Law (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyen/Language practitioner (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

Susan Meyer – Afrikaans, Opvoedingswetenskappe/Afrikaans, Education Sciences (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/Philosophy of Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JP (Cilliers) van den Berg, Duits; Algemene Literatuurwetenskap/German; Theory of Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL (vervolg)

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/Theory of Literature
(Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsonderwys/
Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education (Universiteit
Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University,
Potchefstroom)

REDAKSIE – INTERNASIONAAL / EDITORIAL BOARD – INTERNATIONAL

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)/(Leiden University, The Netherlands)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)/(Free University
and University of Amsterdam, The Netherlands)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdienstfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije
Universiteit, Amsterdam, Nederland)/(Free University, Amsterdam, The Netherlands)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)/(Radboud University,
Nijmegen, The Netherlands)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)/
(University of Maastricht and Catholic University of Leuven, Belgium)

Ex officio: A (Anne-Marie) Beukes – Hoof- Uitvoerende Beämpte/Chief Executive Officer

Tydskrif vir Geesteswetenskappe, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap
en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.

Journal of Humanities by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly
in March, June, September and December.

Intekengeld vir 2022 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):**Subscription fees for 2022 in South Africa (VAT and postage included):**

Tydskrif vir Geesteswetenskappe: R400,00 per jaargang/volume

S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie: R350,00 per jaargang/volume

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur oueurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

Rig korrespondensie aan/Correspondence to:

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Sunnyside 0132, Suid-Afrika/South Africa

E-pos: publikasies@akademie.co.za

Webwerf: <http://www.tgwsak.co.za>

Tel: 0861 333 786

TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Jaargang 62 Nommer 3, September 2022 / Volume 62 Number 3, September 2022

Inhoudsopgawe

NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES

MICHAEL HEYNNS

- Blote vertroue en die voorwaardes daarvoor / *Mere trust and the preconditions for it* 437

JESSE DE BEER, NICO KEYSER EN IVAN VAN DER MERWE

- Opbrengste, politieke ontwikkelings en ekonomiese kragte: 'n Historiese perspektief op die Johannesburgse aandelebeurs (JSE), 2000–2010 / *Returns, political developments and economic forces: A historical perspective on the Johannesburg stock exchange (JSE), 2000–2010* 453

CHRIS JONES

- Die gebrek aan behoorlike sanitasie en toegang tot water in Suid-Afrikaanse skole: Hoe 'n etiek van verantwoordelikheid kan help / *The lack of proper sanitation and access to water in South African schools: How an ethics of responsibility can help* 476

REINETTE BLAKE, DEON VOS, LOUW DE BEER EN ERIKA SERFONTEIN

- 'n Vergelykende studie rakende ondersteuningsdienste vir onderwysers in openbare skole in die BRICS-lidlande / *A comparative study regarding support services for teachers in public schools in the BRICS member states* 498

JANINE FOURIE EN LM DREYER

- Die gebruik van belonings om grondslagfaseleerders in spesiale skole se akademiese selfdoeltreffendheid en motivering te verhoog / *The use of rewards to enhance the experiences of academic self-efficacy and motivation of foundation phase learners in a special-needs school* 527

CASPER LÖTTER

- China se lang, onvolooide twintigste eeu en die moontlike gevolge wat dit vir Afrika inhou / *China's long, unfinished twentieth century and its possible implications for Africa* 543

MAGDALENA OOSTHUIZEN EN WINFRIED LÜDEMANN

- Arnold van Wyk (1916–1983) se *Carmine Petronii* / *Carmine Petronii by Arnold van Wyk (1916–1983)* 568

JANNIE ROSSOUW

- Die Afrikaanse Taalmuseum en -monument in die Paarl: 80 jaar van kontroversie / *The Afrikaans Language Museum and Monument in Paarl: 80 years of controversy* 588

AKTUEEL

INA WOLFAARDT-GRÄBE

Redakteursnota 606

EDWIN HERTZOG

Aanvullende kommentaar oor die taaldebat op Stellenbosch 607

TAALRUBRIEK

TOM McLACHLAN

Die skyn van waarheid en 'n blyk van waardering 609

GEDIGTE

HENNIE PIETERSE 611**PAUL MARITZ** 612

BOEKBESPREKINGS

KAREN DE WETDie fondament en hoeksteen wat Patrick Petersen gelê het en die monument wat Hein Willemse bou. *Ons het [...] ver versit. Gedigte, toesprake en onderhoude van Patrick J. Petersen* deur Hein Willemse 613**VOORSKRIFTE / GUIDELINES** 622

Blote vertroue en die voorwaardes daarvoor

Mere trust and the preconditions for it

MICHAEL HEYNS

Viserekotor, AROS en buitengewone professor in Filosofie,
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: Michael.heyns@aros.ac.za



Michael Heyns

MICHAEL HEYNS is viserekotor akademie van AROS (Akademie Reformatoriese Onderrig en Studie) asook buitengewone professor in die filosofie in die Skool vir Filosofie van die Noordwes-Universiteit (NWU). Sy navorsingsbelangstelling is hoofsaaklik Kultuurkritiek vanuit 'n Christelike perspektief.

Hy was voorheen direkteur van die Skool vir Filosofie van die NWU en dosent in filosofie aan die Universiteit van Zululand, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys asook die NWU. Hy het 'n PhD in Filosofie aan die Vrije Universiteit Amsterdam verwerf, 'n MA in die Filosofie aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO en 'n Baccalaureus Divinitatis aan die Universiteit van Pretoria.

MICHAEL HEYNS is vice-rector academic affairs at AROS (Academy Reformational Teaching and Study) as well as extraordinary professor of philosophy at the School of Philosophy of the North-West University (NWU). His research interest is mainly Cultural criticism from a Christian perspective.

He was previously director of the School of Philosophy of the NWU and lecturer in philosophy at the University of Zululand, Potchefstroom University for Christian Higher Education as well as the NWU. He obtained a PhD in Philosophy from the Vrije Universiteit Amsterdam, a MA in Philosophy from the PU for CHE and a Baccalaureus Divinitatis from the University of Pretoria.

ABSTRACT

Mere trust and the preconditions for it

There is a perception that our time shows a general and profound crisis of confidence in several essential areas. The seriousness of this trend can only be measured against the background of a view on how important trust is for being human.

During and after the Enlightenment, it became fashionable to reduce being human to rationality. Thus, rationalism requires that trust be constructed primarily to reflect rationality or take a lesser place in human existence.

We currently live in a time that increasingly realises that rationality has its limits and that being human presupposes far more aspects and factors than the dominant currents of

Datums:

Ontvang: 2022-03-28

Goedgekeur: 2022-07-26

Gepubliseer: September 2022

thought the Enlightenment allows. This realisation will allow for a view that gives a more significant place to trust.

An overemphasis on human reason can be seen in Kant's core statements about what the Enlightenment entails. Scepticism about a significant role for trust can also be surmised when he suggests that trust relations based on the church's confessions are not something that should inhibit the rational progress of mankind. For many reasons, resistance to rationalism is becoming a prominent trend in the current view of trust. This trend can be seen, among other things, in the prominent place that vulnerability is accorded in definitions of trust. This vulnerability has a background in the anxiety of modern human beings. This anxiety is the result of the numerous horrors humankind has committed, primarily through reason, over the past century. Although vulnerability is a popular focus in trust research, it is also controversial. It is argued that people who truly trust do not feel vulnerable. Instead, as far as anxiety and vulnerability are concerned, we deal with a context factor that needs to be taken seriously. However, it is not necessary for trust in itself (mere trust) to be reduced to vulnerability.

Consequently, it is necessary to ask where trust should be positioned if we want to give it its rightful place? Nicholas Wolterstorff points to another direction than rationalism (or an emphasis on vulnerability, for that matter). The search for the creator of the cosmos or what gave rise to the cosmos and its laws remains deeply shrouded in a rational twilight. The over-optimistic confidence in reason during and after the Enlightenment must make way for a worldview in which trust comes more into its own. Rationality does not have to disappear but must also reconcile itself with a strong link with trust. Therefore, current trust research that mentions antecedents of trust is on an enlightening path when it emphasises the reconsideration of a calculating trust and the consideration of other antecedents.

Current research on trust assumes that the following two sets of antecedents should receive the most attention: rationality/expertise/calculation and integrity/benevolence/morality. The two "schools" that coincide with this can be divided between non-cognitivists who think cognitivists are not able to recognise trust – trust merely becomes the application of calculations. In their negative reaction to this, the earlier non-cognitivists run the same reductionist danger – in this case, a reduction of confidence to emotion. Therefore, recent non-cognitivists suggest that trust should be defined by referring to its unconscious but ubiquitous state. Cognitivists accuse this view of not being in touch with people's everyday existence and experience. In reaction, one could argue that trust is an abstraction and therefore not summarily visible in people's everyday lives. Biological health, rationality, and emotion should also be embedded in people's everyday lives in a similarly seamless way.

Therefore, all these functions related to being human will mostly be invisible unless they are dysfunctional, under pressure or being investigated by scholars by means of abstraction from the totality of human existence. At the same time, however, it is clear that abstraction can only be understood if it is seen in interaction with other such abstractions.

Back to the very first comment of the article: Data that support the perception of a crisis of trust in public institutions are widely available. According to such data, trust in most public institutions is seriously deteriorating. An exploratory analysis of the breach of trust's causal patron indicates that antecedents of trust in public institutions are also sought in aspects that fall outside the trustees' rational expertise, affection, and integrity. Trustees are increasingly relying on the willingness of trusted people to align with their identities, economic needs, lifestyle, and ideological beliefs. This means that the antecedents of trust and those already popular in trust research should also include the economic, biotic, and historically shaped identities, as well as worldviews of trustees and trustees.

The critical point to note is that the list of antecedents for trust is broader than is generally accepted. Therefore, it is urgent to define trust not only in terms of some of the antecedents wherewith it is intertwined. Many of the recent breaches of trust result from a distortion caused by a reductionist view of trust.

KEYWORDS: Trust, Enlightenment, rationalism, rationality, vulnerability, antecedents of trust, cognitive and non-cognitive theories of trust, trust as abstraction

TREFWOORDE: Vertroue, Verligting, rasionalisme, rasionaliteit, weerloosheid, antecedente van vertroue, kognitiewe en niekognitiewe teorieë van vertroue, vertroue as abstraksie

OPSOMMING

Hoe belangrik is vertroue vir menswees? Sedert die Verligting is dit mode in sekere kringe om menswees tot rasionaliteit te reduuseer. Rasionalisme word daarvan verdink dat dit vertroue óf ombou om rasionaliteit te reflekteer, óf dat dit 'n mindere plek in menslike bestaan aan vertroue toeken. Daar is egter tekens in ons tyd van 'n toenemende besef dat rasionaliteit grense het en dat menswees veel meer prominente kruissnydende aspekte en faktore veronderstel as wat 'n rasionalisme sal wil toegee. Te midde van hierdie meer akkommoderende konteks vir vertroue is die fokus van hierdie artikel die stel van 'n standpunt dat vertroue as menslike aspek van ander aspekte onderskei moet word, dat vertroue verdien om met prominensie in die moderne kultuur behandel te word en dat die interaksie tussen vertroue en ander aspekte 'n belangrike plek in menslike bestaan inneem.

Inleiding

Daar bestaan die persepsie dat ons tyd gekenmerk word deur 'n algemene vertrouenskrisis.¹ Die persepsie is omvattend; dit is in feitlik alle sfere waarneembaar, naamlik die kerk, die regering, die onderwys, besigheid, die media en gesondheidsorg. Daar is wel diegene wat die idee van 'n vertrouenskrisis bevraagteken en daarop wys dat daar steeds vertroue in kenners, instellings en "gewone" mense bestaan en dat die wêreld aanwysbaar op grond van vertroue funksioneer.² Die oënskynlike vraag wat beantwoord moet word, is dus of ons inderdaad 'n krisis beleef.

¹ 'n Vertrouenskrisis word bevestig deur Mayer, Davis en Schoorman (1995:711) met die stelling "... a number of institutions that measure trust have witnessed diminishing trust among employees". Dieselfde toonaangewende navorsers oor vertroue (Schoorman, Mayer, & Davis, 2007:350-351) bevestig in 'n latere artikel dat hulle die Wêrelde- Ekonomiese Forum se monitering van vertroue sedert 2003 geanalyseer het. Hieruit het dit duidelik geblyk dat daar wêreldwyd 'n betekenisvolle afname in vertroue sedert 2001 se aanvalle op die VSA plaasgevind het. Dit is ook die oordeel van Covey (2006:22) en Kramer (2006:10-11) wat byvoeg dat die verbreking van vertroue deur groot korporasies soos Enron, WorldCom, Tyco en Parmalat tot 'n groot mate hiertoe bygedra het. Binne die konteks van die Suid-Afrikaanse situasie sou die Steinhoff-debakel ook hier bygevoeg kon word.

² O'Neill (2002:16-17), byvoorbeeld, onderstreep dat ons voortgaan om allerlei professies en instellings te vertrou: Ons drink die water wat aan ons verskaf word, die kos wat ons koop, ensovoorts. As ons werkelik wantrou, sal ons gedrag dit aantoon – wat nie die geval is nie. Die stand van vertroue is tans eerder een van 'n gemengde oordeel. Volgens Hawley (2012:1-2) sal ons nie eintlik kan lewe as daar nie 'n minimum hoeveelheid vertroue bestaan nie. Van Niekerk

Selfs as “nee” geantwoord word, sal die erns van die saak gemeet moet word teen die agtergrond van ’n standpunt oor hoe belangrik vertroue vir menswees is. Laasgenoemde is die vraag wat veral in hierdie artikel aandag sal kry.

Die aanname waarvan vertrek sal word, is dat die negatiewe (en selfs positiewe) persepsies oor ’n vertrouenskrisis veronderstel dat vertroue ’n belangrike funksie van menslike bestaan is. Daarteenoor sal rasionalistiese sienings daarvan verdink word dat hulle ’n té klein ruimte vir menslike funksies soos vertroue laat. Die vermoede bestaan dat rasionaliteit in oordrewe formaat vereis dat vertroue óf omgebou moet word om primêr rasionaliteit te reflektere, óf dat rasionaliteit net ’n klein rol aan vertroue in menslike lewe toeken. Hierteenoor is daar tans ’n toenemende besef dat menswees veel meer veronderstel as blote rasionaliteit en dat vertroue in die proses daarom ook meer aandag kry.

Die verdere argument sal wees dat ’n herkenning en erkenning van *blote vertroue* dit moontlik maak om aan vertroue ’n regmatige plek in menslike lewe toe te ken. Tegelyk sal geargumenteer word dat blote vertroue ’n abstraksie uit die volle werklike lewe van ’n mens is (netsoos bv. *blote redelikheid*). Abstraheringe van menslike aspekte veronderstel op hul beurt ’n interaksie en verweefdheid tussen menslike funksies soos vertroue en rasionaliteit. Hierdie verweefdheid van meerdere menslike aspekte het die potensiaal om ’n beter greep op die persepsie van ’n vertrouenskrisis moontlik te maak.

Verligting en vertroue

Nicholas Wolterstorff (1995:210), emeritus Yale-filosof, verduidelik reeds amper drie dekades gelede dat die visie van die Verligting, wat ’n houvas op die moderne wêreld gekry het, sterwend is. Die visie was (en is) ’n mengsel van liberale politieke teorie en ’n rasionalistiese epistemologie. Die tekens van ’n sterwende visie is oral sigbaar. ’n Enkele teken kan genoem word, naamlik dat ’n gepragmatiseerde Kantianisme in die vorm van interpretiwisme deur die akademie swiep en ’n einde aan die Verligting se idee van fondamentalisme³ maak. Volgens die fondamentalisme sou die rede vir ons ’n eksakte prentjie kan gee van die werklikheid “daar buite”. Dit gebeur nie. Hier onder sal gefokus word op spesifieke gevolg wat die sterwende rasionalisme vir ons idee van vertroue inhoud.⁴

(2021) betoog dat die huidige skeptisme/wantroue in die inentingspoging teen die Covid-19-virus onnodig is en argumenteer dat ons nie in ’n moderne wêreld sonder vertroue kan leef nie.

³ ’n Verwante en meer bekende term is sekerlik “fundamentalisme”. Laasgenoemde is ’n term wat gewoonlik in ’n theologiese konteks gebruik word. Hier word egter verwys na wat Wolterstorff (1999:28) “foundationalism” noem en wat in die onlangse konteks van die wetenskapsfilosofie ingang gevind het. Fondamentalisme is hiervolgens “to form a body of theories from which all prejudice, bias, and unjustified conjecture have been eliminated. To attain this, we must begin with a firm foundation of certitude and build the house of theory on it by methods of whose reliability we are equally certain”. ’n Entjie verder verduidelik Wolterstorff (1999:30) die konteks en omvang van fondamentalisme soos volg: “Foundationalism has been the reigning theory of theories in the West since the high Middle Ages. It can be traced back as far as Aristotle, and since the Middle Ages vast amounts of philosophical thought have been devoted to elaborating and defending it”. Fondamentalisme is egter ’n siening van wetenskap (en die rede) waarmee Wolterstorff nie saamstem nie en volgens hom deur onlangse ontwikkelinge in ons siening van wetenskap verouderd geraak het.

⁴ Die idee van ’n sterwende individualisme en liberalisme – en die effek wat dit op vertroue kan hê – sal elders behandel moet word.

Dit is ironies dat Wolterstorff die plaasvervanger van sterwende rasionalisme aan die naam van Immanuel Kant (22 April 1724–12 Februarie 1804) koppel; Kant was immers een van die Verligting se beste formuleerdeers van die idee van 'n triomferende rede. 'n Buitengewone klem op menslike rede en 'n onderbeklemtoning van vertroue tussen mense kan nagespeur word in Kant se opstel oor die Verligting.

Kant formuleer 'n rasionele vryheidsideaal soos volg: "Verligting ... [is] die uitrede van die mens uit sy self-opgelegde onmondigheid. Onmondigheid is die onvermoë om jou van jou eie verstand te bedien sonder die leiding van 'n ander." Dan word hierdie bevrydende rasionaliteit meer – dit word 'n behore: Onmondigheid is tekenend van "... 'n gebrek aan beslissing en moed", asook "luiheid en lafhartigheid". Nog meer, dit word 'n voorgeskrewe etos: Dit is noodsaaklik dat 'n "gesindheid" of "neiging en roeping tot vrye denke" die hele bevolking inspireer sodat hulle "al hoe vaardiger word in die vryheid om te handel" (Kant, 1783:17,22).

As gevolg van hierdie beklemtonings word 'n afskaling van ander menslike funksies moontlik: Dit is vir Kant byvoorbeeld nie belangrik dat belydenisse in kerke funksioneer nie omdat nikus, behalwe die eie rede, 'n grens skep wat oortree kan word nie. Tradisie is in Kant se visier as hy afwysend oor belydenisse skryf. Hier ter sake is die indruk dat Kant in die proses ook vertrouensverhoudings nie sien as iets wat in die pad van die rasionele vooruitgang van die mensdom moet staan nie.

Kant (1783:19-20) wil weet of kerkmense geregtig is "om hulself onder eed teenoor mekaar tot 'n bepaalde belydenis te verplig, om so 'n altyddurende oppervoogdyskap oor elk van hulle lede en, deur middel van hulle, oor die volk te voer en dit selfs te verewig". So 'n verpligte en geformaliseerde vertrouensverhouding is volgens Kant onmoontlik omdat een epog nie oor 'n volgende kan heers en so dit vir 'n nuwe geslag onmoontlik maak om "... kennis uit te brei, van dwalinge te reinig en in die algemeen in die verligting vooruit te gaan nie". Belydenisse (en dus tussenmenslike ooreenkoms oor wat geglo word en waarop vertrou word) kan dalk geld "in awagting van iets beters". By die "beters" sal uitgekom word deurveral 'n geleerde(s) wat vry is om "oor die foutiewe in die heersende bedeling sy aanmerkings te maak". Daar kan dus nie in "godsdienstige gebiedinge" volhard word nie, want dit sal "die vooruitgang van die mensheid as't ware ... vernietig". 'n Rasionele verligting kan uitgestel word, maar daar mag nooit daarvan afstand gedoen word nie, want om so afstand te doen, sal "die heilige regte van die mensheid ... skend en ... vertrap".

Hierdie uitspraak oor 'n verminderde plek vir belydenisse en die verhoudinge wat dit veronderstel, asook die reddende rol van 'n intellektueel en die heilige regte tot rasionaliteit van die mensheid val goed op 'n moderne oor. Die ironie is egter dat die laasgenoemde uitspraak van Kant tog ook baie klink na 'n ewige waarheid wat ons almal moet bely en onderskryf en die mensdom van geslag tot geslag behoort te bind; dus 'n vryheid waaraan nie ontsnap kan word nie.⁵

⁵ Hierdie soort spanning is nie vreemd aan Kant se denke nie. Klapwijk (1987:57, 59-60, 64-67) verduidelik dat die groter konteks van Kant se denke reeds hierdie spanning inbou. Kant het die gees van sy tyd baie goed aangevoel en verwoord. Daarom kon hy nie vermy om vas te val in "de botsing van een rationeel beheersingsideaal en een verlicht mondighedsidéaal" nie. Hy wou 'n versoening tussen natuur en vryheid bewerkstellig deur die teoretiese rede skerp af te grens van 'n praktiese rede in 'n selfkritiek van die rede. In hierdie selfkritiek word gesoek na die struktuur of transendentale voorwaarde vir beide soorte rasionaliteit. Hiervolgens is die teoretiese rede beperk tot empiries-kontroleerbare en aanwendbare kennis. Idees oor die menslike siel (o.a. die vryheid daarvan), die samehang in die kosmos en die bestaan van God gaan die empiriese te boewe,

'n Rationale skemerte

'n Belangrike punt van kritiek oor Kant se uitspraak hier ter sake is die vermoede dat ander aspekte van menswees gaan sukkel om te gedy in die soort atmosfeer wat Kant voorstel – 'n atmosfeer waarin *die rede* die toppunt van die piramide vorm. Kant val in sy siening oor kerklike belydenisse nie oor sy voete om te ondersteep dat een mens 'n ander moet kan vertrou dat hy/sy glo wat hy/sy bely nie. Sou hierdie onderspeling van vertroue die toets van die tyd deurstaan?

Weerstand teen die rede van die Verligting kan tans gesien word in die idee van postmodernisme en die voorloper van die postmodernisme, naamlik 'n irrasionalistiese eksistensialisme veral ná die Tweede Wêrldoorlog.⁶ Meer spesifiek ten opsigte van vertroue as tema kan die volgende gesê word: 'n Skeptisme spreek uit die term "weerloosheid", wat toenemend 'n belangriker plek in definisies van vertroue kry. Hierdie "weerloosheid" het 'n agtergrond in 'n angstigheid wat die Westerse mens beetgepak het – 'n angstigheid wat baie te make het met die talle catastrofes en verskrikkinge waarin menslike rasionaliteit die afgelope eeu betrokke was en nie altyd 'n té voortreffelike rol gespeel het nie.

Gebeurtenisse wat uitstaan ten opsigte van die laat moderne gevoelens van angstigheid en weerloosheid is die volgende: die twee wêrldoorloë, die gevaar van totale uitwissing wat die Koue Oorlog immer ingehou het (en steeds inhou), asook die Balkan-oorloë – en seker ook die huidige oorlog in die Oekraïne. In Afrika spesifiek hou tribalisme steeds 'n gevaar in – die volksmoord op Tutsis in Rwanda staan uit as voorbeeld. Daarby is daar nog nie vrede met die Europese kolonisering en stroping van Afrika deur Europese lande met motiverings dat dit gedoen is in die naam van modernisering nie. Paternalistiese praktyke soos Westerse slawerny (alhoewel nie die enigste wat hul aan slawerny skuldig gemaak het nie) en apartheid is ook nog nie vergewe en vergeet nie. In ons tyd leef ons met 'n globalisering wat ekonomies gedryf word (alhoewel allerlei mooi morele argumente gereeld daaraan gekoppel word) en die gaping tussen ryk en arm verder vergroot. Vir Afrika met sy vele armes, is dit steeds nie

maar is nietemin steeds binne die domein van die rede omdat die "rede heeft de onstuitbare drang in zich om al haar voorstellingen uiteindelijk te verenigen onder alles-omvattende gezichtspunten": Dié drie idees is steeds "interne ordeningsfaktoren ... voor de rede". Dit maak die mens 'n dubbelwese wat in twee rationale wêrelde leef, naamlik in die sintuiglike natuur, maar daarnaas is hy ook – en veral – tuis in 'n bosintuiglike wêreld waar die "zedelijk zichzelf bepalende persoonlikheid" (vryheid) septer swaai.

⁶ Kant se staatmaak op die rede is 'n voorloper van dit waarmee Husserl vorendag gekom het en wat vir hom uiteindelik op 'n persepsie van 'n hedendaagse krisis in Europa uitgeloop het. Strauss (2009:630-631) beskryf dit soos volg: Die krisis wat Husserl ten opsigte van Europa opmerk, noem hy 'n misleide rasionalisme ('n "verirrende Rationalismus"). As die misleiding vermy kan word, so glo Husserl, sal daar wel weer by die onbeperkte moontlikhede van die intuisionistiese, fenomenologiese rede uitgekom kan word. Husserl is van mening dat laasgenoemde soort rede fundamenteel bedrieg word deur die toenemende invloed van naturalisme en objektivisme - sowel as die irrasionalisme van Heidegger, sy eie student - asook Sartre en Merleau-Ponty. Laasgenoemdes ontleen hul motiverende krag nie aan Husserl se intuisionistiese wetenskapsideaal nie, maar aan die ideaal van 'n outonoom-vrye persoon. Husserl het hierdie omslag met 'n gevoel van hopeloosheid ervaar en dit as die krisis van Europa beskryf. Dit is 'n krisis wat net reggestel kan word as Europa weer op die doelstellings van die rede gerig word. Husserl hou vol dat die mislukking van 'n rationale kultuur nie inherent aan rasionalisme is nie. Husserl se vertroue op die rede kom ook duidelik na vore in sy vergelyking daarvan met 'n godsdienstige bekering tot 'n taak vir die mensdom. 'n Fenomenologiese wetenskapsideaal is vir hom die enigste pad na die wedergeboorte van Europa.

goeie nuus nie. Hierdie historiese gebeurtenisse het 'n gevoel laat posvat dat die mens se rede dit nie moontlik maak om moreel teen 'n opwaartse spiraal te beweeg soos die Verligtingsrede beloof het nie. Daarby het die rede self die mens 'n doodmaakvermoë gegee soos nog nooit tevore nie. Dit is wat Middleton en Walsh (1995:9-11,22-27) reeds drie dekades gelede van die sogenaamde postmodernisme van die betrokke tydsgewrig gemaak het. In ons tyd het die angstigheid oor of die rede ons kan red en 'n opwaartse beskawingspad ook verdere aanstigtters: Die Twin Towers-aanval deur radikale Moslems maak dit aan ons duidelik dat die hele mensdom nie beïndruk is deur 'n sekulariserende Westerse kultuur nie.

Daar is ook 'n toenemende besef dat daar nie op die VSA (of die Weste as sodanig) as afdwinger van 'n rationele vrede en geregtigheid staatgemaak kan word nie – Viëtnam en Afghanistan (en toenemend ook die oorlog in die Oekraïne) ondersteep hierdie besef. Die angstigheid kan ook gesien word in anti-intellektualistiese reaksies oor omgewingsdegradering en siektes wat ons gesondheid bedreig soos die Covid-19-pandemie. Hierdie bedreiginge het in gemeen dat die rede oënskynlik 'n pad van verlossing voorskryf, maar dan kies die mensdom nie so 'n rigting nie en vertrou ook nie die rigting nie. Die rede word selfs instrumenteel in die bedreiginge as sodanig.

Die gevoel van angstigheid is sekerlik nie onverwant aan die groeiende besef van weerloosheid in ons tyd nie. Weerloosheid is onder andere die persepsie dat mense maklik die slagoffer kan wees van magte en kragte wat nie volgens goeie bedoelings met hulle handel nie (Du Rand, 2016:154-171). Dit is daarom insiggewend dat navorsers wat oor vertroue navorsing doen *weerloosheid* toenemend die fokuspunt maak wanneer hulle definisies oor vertroue formuleer.⁷ Mayer, Davis en Schoorman (1995:712), drie invloedryke navorsers oor vertroue, maak daarop aanspraak dat hulle die eerstes was om weerloosheid 'n betekenisvolle deel van die definisie van vertroue te maak.⁸

Mújdríca (2019:121-122) wys tereg daarop dat die koppeling van weerloosheid aan vertroue gewild maar ook kontroversieel is. Iemand wat werklik vertrou, voel waarskynlik minder weerloos as iemand wat in 'n verhouding nie die ander party vertrou nie. 'n Mens sou kon byvoeg dat ons in weerloosheid eerder te make het met 'n konteksfaktor wat ondersteep dat vertroue 'n noodsaaklike deel van menslike lewe is. Iemand wat bewus word van 'n bedreigende konteks en dus sy weerloosheid in hierdie situasie, sal dus ook vertroue verloor. Weerloosheid kan egter nie die kern word van die wyse waarop ons vertroue verstaan nie. Hierdie punt van kritiek sluit aan by 'n standpunt wat 'n reduksionisme probeer vermy (soos ook die geval is met kritiek op die herleiding van vertroue tot rasionaliteit).

Waarheen dan anders as ons aan vertroue 'n meer regmatige plek wil gee? Vir 'n ander rigting as die Kantiaanse rasionalisme of 'n laat moderne angstigheid oor die rede kan Nicholas Wolterstorff beluister word. Wolterstorff maak uitsprake wat aan vertroue – bo en behalwe aan rasionaliteit – ook belangrikheid verleen.

⁷ Singh en Luthra (2019:8,27) stel dit duidelik dat weerloosheid die bril is waardeur hulle na vertroue kyk, terwyl Gillespie, Fulmer en Lewicki (2021:4) 'n definisie waarin weerloosheid sentraal staan "seminal" noem.

⁸ Hul (Mayer, Davis & Schoorman, 1995:712; Schoorman, Mayer, & Davis, 2007:347) definisie van vertroue lui soos volg: "... the willingness of a party to be vulnerable to the actions of another party based on the expectation that the other will perform a particular action important to the trustor, irrespective of the ability to monitor or control that other party". Mújdríca (2019:121) wys daarop dat Anette Baier (1986) die eerste was wat die "goeie wil" van die vertroude en "aanvaarding van weerloosheid" van die vertrouer in haar definisie van vertroue ingebou het.

Wolterstorff (2019:159-160) maak die uitspraak dat “at the bottom of our human existence there is, and must be trust, not proof”. Dit is onduidelik of Wolterstorff ons bestaan primêr van vertroue afhanglik probeer maak⁹ – wat dieselfde oordrywingsfout sou wees as wat Kant met rasionaliteit begaan waarvolgens die rede die groot voorwaarde is. Dit is nietemin belangrik dat vertroue ’n prominente rol in menslike lewe speel. Wolterstorff (2019:54) verduidelik dat die vertrouedisposisie van die mens hom/haar in staat stel om te aanvaar wat ander sê. Juis hierom sal wetenskaplikes byvoorbeeld deel word van tradisies in die wetenskap en sal geleerde oor dissiplines heen aanvaar wat ander geleerde kwytraak oor en in ’n veld van ondersoek waarmee hulle nie vertroud is nie.

Met betrekking tot vertroue in die wetenskap maak Wolterstorff hierdie venster so ’n bietjie groter oop in sy waardering van die denke van Thomas Reid (7 Mei 1710–7 Oktober 1796), die Skotse Verligtingsfilosoof en tydgenoot van Immanuel Kant. Volgens Wolterstorff (2000:255-256) fokus Reid op die mens se sterk begeerte om die oorsake van dinge en veranderinge te verstaan. Reid kom tot die konklusie dat daar nie in die kosmos self ’n uiteindelike oorsaaklike agent deur die rede geïdentifiseer kan word nie (die rede self is dus ingesluit). Dit is wel so, aldus Wolterstorff (2000:257-258), dat veral die natuurwetenskappe sekere oorsaaklike wette of veralgemenings kan oopdek (Wolterstorff noem dit “nomologiese verduidelikings”). Op grond van hierdie oopdekkinge kan verdere nomologiese verduidelikings gegee word. Aan die einde van hierdie kenaksiesetting bly die soeke na ’n agent want die oorsaak van al hierdie wette is steeds onbeantwoord. Dit kan byvoorbeeld gesien word in die onvermoë om te verklaar hoe die konneksie tussen die persepsie van eksterne objekte en die mens se intellektuele funksie gemaak word. Ons kan nie verduidelikings bied oor waarom waarnemings sekere soorte kennis en veronderstellinge oor die eksterne objekte in ons denke wakker maak nie. Die rede verdwyn in ’n “skemerte” of “misterie”. Wolterstorff noem dat hierdie verwysing na “skemerte” nie iets is wat gewoonlik op ’n positiewe wyse met ’n figuur van die Verligting geassosieer word nie.¹⁰ Die idee dat ’n rasionele verstaan van die uiteindelike oorsake vir wetmatighede vir ewig gefrustreer gaan word, gaan teen die grein in van die Verligting se beklemtoning van die rede (Wolterstorff, 2000:256-260).

Wolterstorff (2000:260-261) sien in ’n wêreldbeskouing – waarin ook ruimte gemaak word vir “skemerte” – iets méér dan as die oormatig optimistiese fokus op die rede wat by Kant se soort Verligting aangetref word. Dit gee Wolterstorff ruimte vir dankbaarheid en nederigheid: “Nederigheid” omdat mense nie in staat is om self die skemerte finaal te verlig nie. Hy voeg “dankbaarheid” toe vir vermoëns wat wel aan die mens gegee is om by sommige van die wette uit te kom. Hierdeur word die uitdaging gestel dat mense hierdie kennis van die wette toepaslik sal gebruik, maar dit duï ook op ’n belangrike reaksie wat van ’n mens se kant kan kom, naamlik *vertroue*. Die verandering van ’n persepsie, na ’n konsepsie, wat dan na ’n geloof of veronderstelling oor ’n eksterne objek verander, is nie iets wat slegs deur die rede vermag word nie. Sonder vertroue is ons gestrand in ons kenne.

⁹ Sommige kritici sou Wolterstorff van fideïsme wil beskuldig of bloot aan die Romantiek koppel. Klapwijk (1987:68) wys daarop dat Kant ’n plek vir die Christelike geloof gee slegs as ’n “practicalistische moraltheorie”. Hierteen sou die filosowe van die Romantiek wel protesteer. Die Romantiese beswaar beteken natuurlik nie dat die protes nie wyer as die Romantiek strek nie. Wolterstorff protesteer, maar hy sal ook teen ’n koppeling met die Romantiek protesteer. (Sien bv. Wolterstorff, 1995:207.)

¹⁰ Hy noem dat dit verbasend genoeg ook in Locke gevind kan word.

Antesedente en blote vertroue

In die lig van laasgenoemde belangrikheid wat aan vertroue geheg kan word, is dit nie onvanpas om 'n *blote vertroue* te identifiseer wat nie te herlei is na rasionaliteit, na een van die a-rasionale aspekte van menswees of na kontekstuele faktore soos mense se angstigheid nie.

Hierdie aspekte of faktore en vertroue funksioneer wel nie apart ("ongekoppel") van mekaar nie. 'n Koppeling kan duidelik gesien word in die literatuur oor vertroue. In hierdie literatuur word verwys na die *antesedente* van vertroue. *Antesedente* verwys na aspekte of faktore van menslike lewe wat vertroue moontlik maak en wat dus ook gebruik kan word om vertroue te voorspel en bestuur. 'n (Rasionele) berekening van risiko's is 'n belangrike voorbeeld van so 'n antesedent. Mense se gevoel van weerloosheid as gevolg van 'n wêreld waarin bedreigings voorkom, is 'n ander voorbeeld.

Die tendens tans in vertroue-navorsing toon 'n verminderde klem op rasionele berekening as primêre antesedent of voorwaarde vir vertroue. Dit word al duideliker dat rasionaliteit net een tussen meerdere antesedente kan wees – en ook nie noodwendig die belangrikste een nie. Om die waarheid te sê, navorsers oor vertroue toon 'n betekenisvolle skuif na ander antesedente as bloot die berekening van risiko's deur vertrouers en die rasionele bekwaamheid van vertroudes om risiko's te neutraliseer. Mayer, Davis en Schoorman (1995:717-720)¹¹ verduidelik dat die meeste navorsers minstens twee en waarskynlik 'n derde antesedent van 'n vertroude identifiseer. *Vermoë* (waaronder veral rasionele deskundigheid en 'n vermoë om berekeninge te maak) is inderdaad belangrik,¹² maar dan moet 'n vertroude *integriteit* en toenemend ook *welwillendheid*¹³ as belangrike deugde toon. Laasgenoemde twee terme word soms in een asem en in terme van moraliteit of etiek genoem. Hierdie stelle antesedente (rasionaliteit/kundigheid/berekening en moraliteit/integriteit/welwillendheid) val saam met Müjdrizca se onderskeidings tussen 'n kognitiwiese skool en 'n niekognitiwiese (moralistiese) skool in navorsing oor vertroue. Müjdrizca (2019:110-112) karteer die twee skole soos hulle gebou is en op mekaar gereageer het. Hiervolgens het vertrouenavorsing begin met 'n redelik radikale "rasionaliserende kognitiwiese benadering", opgevolg deur 'n "sagte kognitiwiese skool", met niekognitiwiese teorieë wat die huidige begin oorheers.

Die kognitiwiste (laat 1980's tot vroeë 1990's) in vertrouenavorsing het vertroue voorgestel as primêr 'n rasionele berekening en rasionele keuse waarin risikohantering en -uitskakeling die hoofmotief is.¹⁴ Müjdrizca (2019:112-114) sluit aan by die niekognitiwiese skool se kritiek, naamlik dat hierdie rasionaliste eintlik geen ruimte laat vir vertroue as 'n verskynsel met 'n eie identiteit nie. Dit is bloot 'n toepassing van berekeninge. Vertroue moet volgens die niekognitiwiste eerder as 'n "geloofstree" ("leap of faith") gesien word. Werklike vertroue is 'n onderneming vol risiko's, sonder die berekening en selfbelang wat die kognitiwiste daarmee assosieer.

¹¹ Sien ook Schoorman, Mayer, & Davis (2007:345).

¹² Mayer *et al.* word deur Müjdrizca (2019:121) as deel van die "sagte kognitiwiese skool" getipeer.

¹³ "Benevolence" – d.i. om die vertroude te sien as iemand wat goed wil doen aan die persoon wat hom/haar vertrou en nie noodwendig deur 'n egosentriese winsmotief gedryf word nie (Schoorman, Mayer, & Davis, 2007:345).

¹⁴ Barbalet (2019:12) verduidelik dat belangstelling in interpersoonlike vertroue in die 1950's-1960's onder sielkundiges en besturswetenskaplikes posgevat het. In die 1980's het sosioloë ook 'n belangstelling in interpersoonlike vertroue begin toon. Sedert die 1990's het die navorsing 'n "kwantumsprong" in terme van kwantiteit gemaak.

'n "Tussenstop" is die "sagte kognitiewe teorieë". Hierdie kompromis wil wegbeweeg van 'n simplisties-rasionele keuse en daarop klem lê dat vertroue 'n verwagting is bo en behalwe die blote berekening en selfbelang van die volbloed kognitiwisme. Die sagte kognitiwiste loop egter steeds die gevaar om daarvan beskuldig te word dat dit 'n manipulatiewe en/of verdagte ingesteldheid verraai, wat eintlik nie vertroue weerspieël nie en hoogstens 'n staatmaak ("reliance") op berekening genoem kan word (Mújdríčka, 2019:116,118). Die niekognitiewe teorieë toon nietemin 'n veel beter aanvoeling vir die eie identiteit van vertroue.

Die vroeë niekognitiwiste sien veral affektiwiteit (daar word selfs verwys na 'n "warm gevoel") as die belangrikste antecedent vir vertroue. Die latere niekognitiwiste probeer hierdie redusering van vertroue na emosie ontkom. (Vertroue primêr i.t.v. 'n "warm gevoel" is immers nie veel anders as die klem wat deur die kognitiwiste op die rede gelê word nie.) Huidige niekognitiwiste se oplossing is om vertroue as 'n onbewuste, maar alomteenwoordige staat te beskryf. Vertroue word eers sigbaar wanneer dit verdwyn. In dié oopsig is vertroue baie soos biologiese gesondheid; dit word bewustelik sigbaar as dit nie teenwoordig is nie. As jy siek is, weet jy beter wat dit behels om gesond te wees. Die niekognitiwiste en sagte kognitiwiste lê 'n klem wat nie by die volbloed kognitiwiste teenwoordig is nie. Hierdie klem behels dat die vertrouer noodwendig die vertroude as iemand sien wat die deugde van "goeie wil", "welwillendheid" of "saggeaardheid" toon. Die nerasionaliste stem ook met mekaar saam dat vertroue nie iets is wat net "gewil" kan word nie. Vertroue is nie in die eerste plek 'n individuele of sosiale skepping nie.¹⁵ Die swak punte van die niekognitiewe skool (natuurlik vanuit 'n kognitiewe oogpunt) is dat hulle sukkel om vertroue in verband te bring met die alledaagse lewens van mense omdat hulle daarvan 'n onsigbaarheid maak. 'n Tweede moontlike tekortkoming is dat hulle van vertroue 'n naïewe reaksie maak omdat berekening daaruit gehaal word (Mújdríčka, 2019:119-120,123).

In reaksie op laasgenoemde punte van kritiek kan geargumenteer word dat blote vertroue in meer tegniese taal gestel 'n abstraksie is. Juis hierom is dit nie summier sigbaar in die alledaagse lewens van mense nie. Ook rasionaliteit, emosie en ander soortgelyke funksies van menswees behoort op 'n soomlose wyse in die alledaagse lewens van mense ingeweef te wees. Die genoemde funksies moet meestal ook onsigbaar wees tensy dit wanfunksioneer of onder druk is. Hierdie funksies kan ook sigbaar word in 'n doelbewuste abstraheringspoging in 'n wetenskaplike ondersoek.

Die tweede punt van kritiek naamlik dat vertroue sonder (rasionale) berekening naïef is, het 'n punt beet. Die hedendaagse mens wat bewus is van sy/haar weerloosheid sal ook nie met 'n naïewe siening van vertroue saamstem nie. 'n Toepaslike kritiek sou dan wees dat 'n naïewe vertroue 'n blote vertroue is wat nie stewig genoeg in samewerking met ook die berekenende en emosionele aspekte van menslike bestaan funksioneer nie.

Samevattend kan gestel word dat beide die rasionaliste en nerasionaliste 'n gereduseerde idee van vertroue kan ontkom met 'n begrip van *blote vertroue* as 'n abstraksie uit die alledaagse lewe. Só 'n beskouing van die saak kan help om vertroue nie volledig in terme van óf redelike berekening, óf integriteit, óf welwillendheid óf emosie te definieer nie. Terselfdertyd is dit egter ook duidelik dat 'n abstraksie iets is wat net tot sy reg kom as dit in interaksie met ander antecedente wat 'n belangrike rol in die alledaagse menslike bestaan speel, geskied.

¹⁵ Hierdie stelling verdien 'n eie argument waarvoor daar nie plek in hierdie artikel is nie.

Krisis

Terug na die eerste opmerking hier bo, naamlik dat sommige ons tyd as een van 'n vertrouenskrisis tipeer. Ons persepsies van 'n vertrouenskrisis kan 'n ander invalshoek kry indien daar raakgesien word dat antesedente van vertroue wat nie net op 'n rationele berekening van risiko's gebaseer is nie, ook ter sprake kom. 'n Kort verduideliking kan help om te verklaar wat hiermee bedoel word.

Data wat die persepsie van 'n krisis ondersteun, is die 2020-Gallup-opname oor Amerikaners se vlakte van vertroue sedert die vroeë 1970's. Die situasie in Suid-Afrika word deur die Afrobarometer van 2021 weergegee. Beide databasisse suggereer dat vertroue in die meeste openbare instellings besig is om te daal.¹⁶

- Die vertrouensbreuk met die kerk in Amerika het gestyg van 28% in 1973 tot 54% in 2020. In Suid-Afrika vertrou 52% nie religieuze leiers nie. Vertrouensverlies ten opsigte van die hoogste hof ("supreme court") in die VSA het van 40% tot 58% gestyg. In die Suid-Afrika van 2021 vertrou 53% respondentie nie die howe nie. Interessante (en dalk onverwagse) metings is 'n relatief klein stygging in vertrouensverlies ten opsigte van die polisie. Hierdie klein stygging in vertrouensverlies in die VSA is sigbaar in die statistieke van 46% in 1993 tot 50% in 2020. In die Suid-Afrika van 2021 is verlies aan vertroue wel hoog: 73% vertrou nie die polisie nie. Verlies aan vertroue in die president van die VSA toon 'n stygging van 43% in 1975 tot 55% in 2020. In Suid-Afrika van 2021 toon 59% respondentie dat hulle nie die president vertrou nie. Hierby kan twee instellings genoem word waar die meting eers onlangs in Amerika begin het: Vertrouensverlies in die groot tegnologiemaatskappye staan op 64% in 2020 en nuus wat op die internet gelees kan word op 65% in 2020.
- Belangrike instellings waar die vlak van vertrouensverlies op die oomblik bokant 70% staan: By politici (die Amerikaanse kongres, die president uitgesluit) het 'n allemintige groei vanaf 46% in 1973 tot 83% in 2020 getoon. In die Suid-Afrika van 2021 vertrou 69% respondentie nie die parlement nie. Vertroue in die media in die VSA: In koerante styg dit van 53% in 1973 tot 71% in 2020 en in TV-nuus van 52% in 1993 tot 76% in 2020. Die Suid-Afrika van 2021 verskil wel grootliks van die VSA: 61%-63% vertrou die openbare media.
- Die Amerikaanse mediese sektor toon 'n verlies van vertroue op 'n vlak net onder 50%: Dit het gegroei van 17% in 1975 tot 48% in 2020. Suid-Afrika: 42% respondentie vertrou nie die mediese sektor nie. Die Amerikaanse weermag is die enigste instelling

¹⁶ Volgens Gillespie, Fulmer en Lewicki (2021:4) is die bekendste opnames dié wat deur die Edelman Trust Barometer, die Gallup-organisasie en die Pew Research Centre gedoen word. Al hierdie opnames toon 'n kommerwekkende afname in vertroue in openbare instellings. Die *Gallup*-opname meet vertroue volgens vier kategorieë, naamlik "Baie vertroue", "Heelwat vertroue", "Bietjie vertroue" en "Min vertroue". Die Amerikaanse bewoording: "a great deal, quite a lot, some or very little". In hierdie weergawe word die laaste twee kategorieë bymekargetel om die noemer genaamd "vertrouensverlies" te kwantifiseer. Volgens Schoorman, Mayer en Davis (2007:349-350), is daar 'n debat oor of vertroue en wantroue nie dalk eerder twee verskillende konsepte/kategorieë is wat nie met mekaar vergelyk kan word nie. In hul eie navorsing en teoretisering kom hulle tot die konklusie dat die twee terme, vertroue en wantroue, wel die teenoorgestelde pole van dieselfde kontinuum verteenwoordig. As gevolg van die kontroversie word in hierdie artikel gepoog om die konsep "wantroue" te vermy en eerder na 'n verlies aan vertroue, vertrouenskrisis of nievertroue te verwys.

waar vertroue toegeneem het van 64% in 1975 tot 72% in 2020.¹⁷ In die Suid-Afrika van 2021 toon 46% respondentie dat hulle nie die weermag vertrou nie.

Uitgebreide beskrywings en besprekings van die instellings wat in die Gallup- en Afrobarometer-opnames genoem word, val nie binne die bestek van hierdie artikel nie. Tog is enkele opmerkings gepas om aan te sluit by die voorafgaande konteks en argument van 'n nieridukisionistiese siening van vertroue.

Singh en Luthra (2019: ii-iii,5-9,15)¹⁸ voer drie redes aan vir die lae vlak van vertroue in die Amerikaanse media, naamlik ideologiese polarisering in die algemeen, verhoogde politieke invloed op die media en die desperaatheid van nuusverskaffers om 'n inkomste te genereer. Die redes het dus veral te make met ideologie en die ekonomie. Mense vind die Amerikaanse media nie onbetroubaar omdat dit onbedreve voorkom nie. Dit is eerder 'n geval dat hulle die rigting wat die media ideologies en ekonomies gesproke inslaan (en dalk selfs met bedrewenheid bewandel) nie vertrou nie. Vertroue in die media in Suid-Afrika lyk tans hoog (61%-63%), maar dit was ook tussen 2011 en 2015 op 'n heelwat laer vlak. Nievertroue was voorheen so hoog as 70% en selfs hoër. Afrobarometer skryf die ongewone meting van 2021 toe aan goeie inligting wat oor die Covid-19-pandemie gegee word en die entoesiasme waarmee die regering verantwoordbaar gehou word vir korruksie en swak dienslewering. In die Suid-Afrikaanse geval verduidelik 'n beproefde antecedent (integriteit) waarom vertroue 'n positiewe rigting inslaan. Dit is wel nodig om kennis te neem van die moontlike implikasies indien die tromme van ideologie en identiteit te hard geslaan sou word.

Hoër onderwys as vertroude inleier van studente in die soeke na kennis gaan ook al meer mank aan vertroue. Volgens Stimpert (2017:78-86) is kolleges en universiteite (in die VSA) voorheen wyd gerespekteer. Tog word hierdie instellings nou (ironies genoeg deur die media) op 'n byna daagliks basis in kritiese nuusstories en kommentaar verdag gemaak.

Instellings word daarvan verdink dat

- hulle met opgeblase kostestrukture funksioneer;
- hulle nierelevante kurrikulums aanbied;
- hulle nie genoeg druk op die lewenstyl van studente plaas om ernstig te studeer nie; en
- die deurvloei van studente te laag is.

Hierdie tendens spreek van ekonomiese bedenkinge en 'n lewenstylkeuse van ouers en studente wat met 'n lewensbeskoulike (ideologiese) invloed te make het.¹⁹

¹⁷ Met dank aan een van die keurders kan die volgende spekulatiewe opmerking gemaak word: Die stygging in vertroue in die Amerikaanse weermag is nogal teen die verloop van die mislukkings daarvan in Irak en Afghanistan. Is dit dalk 'n vertroue gebaseer eerder op Amerikaanse nasionalisme of 'n lojaliteit teenoor soldate wat die opoffering doen. Indien wel, sal dit die argument dat vertroue se antecedente wyer strek as net die redelike en die morele, nogal versterk.

¹⁸ Hulle haal die 2018-verslag van die Reuters Institute for the Study of Journalism aan waarvolgens slegs 44% van mense stel dat hulle hul nuusbronne vertrou.

¹⁹ Mishra (2017:280) brei uit op dieselfde soort bekommernisse: Die verkryging van 'n hoëonderwyskwalifikasie laat 'n betekenisvolle weerloosheid aan die kant van 'n student. Hy/sy kan verkeerde keuses maak en dus 'n laer as te verwagte lewensbevrediging en inkomste vir die res van sy of haar lewe kry in ruil vir die kwalifikasie waarvoor daar hard gewerk is en heelwat betaal is. Ook in hierdie geval lyk dit of die rede vir vertrouensverlies in ekonomiese motiewe wortel. Die verminderde vertroue is iets waarvoor instellings wel nie alleen verantwoordelik is nie. Ook studente en hul ouers weerspieël nie die verantwoordelikheid wat van hulle verwag word nie. Volgens Mishra (2017:288-296, 323-352) wil dit voorkom of studente al minder tyd aan hul

Hierby kan gevoeg word dat universiteite al meer aan die grille van ekonomiese markte uitgelewer word (Heyns, 2013) en deesdae ook aan ideologiese druk onder die vaandel van sosiale geregtigheid.²⁰ Breedweg kan gestel word dat verlies aan vertroue in hoër onderwys tot 'n groot mate toegeskryf kan word aan die ekonomiese lewenstyl en ideologiese omgewing waarin instellings moet funksioneer en nie noodwendig aan swak doseerwerk en navorsing nie.

'n Verlies aan vertroue is ook sigbaar in mense se belewenis van die kerk. Die huidige persepsie in Suid-Afrika is onder meer die volgende: Wat in die verlede deur die kerk as *heilige evangelie* verkondig is, word nou deur sinodes en kerkliu tot middelmatige, weglaatbare waarheid of selfs tot valsheid en sonde verklaar. Dit veroorsaak dat kerklidmate nie noodwendig (dadelik) hul geloof in God verloor nie, maar wel die kerk al hoe meer as onbetroubaar sien. Du Rand (2016:226-276) noem die voorbeeld van die NG Kerk²¹ se onderskrywing van 'n diskriminerende apartheidsebeleid in 'n vorige era. Lidmate se vraag is eenvoudig: As die kerk voorheen so verkeerd was, hoe kan dit as instelling vertrou word met die ideologiese posisies wat die wêreld nou na die kerk aandra? Die sekularisme het die afgelope tyd 'n houvas op die wêreld gekry met die implikasie dat die kerk al meer irrelevant word. Die kerk probeer dus om veld terug te wen deur by 'n interpretasie van die Bybel aan te pas wat deur die tydsgees voorgeskryf word. In die proses word toegegee aan 'n relativisme wat besig is om die "matjie van geloofsvertroue onder ons getrouste lidmate uit te ruk". Ook hier is die indruk dat 'n verlies aan vertroue te make het met keuses en antesedente op 'n lewensbeskoulik-ideologiese vlak.

'n Opsigtelike voorbeeld van 'n vertroude wat al minder vertrou word, is die volgende: Die welsynstaat is reeds sedert die 1980's in die moeilikheid. Politici maak onbereikbare ekonomiese beloftes wat hulle nie nakom nie. Hulle poog om op 'n pragmatiese manier die onafwendbare verlies van hul mag (omdat hul kiesers nie noodwendig 'n verlaging in lewenstandaard sal wil aanvaar nie) met nog meer geleende geld en beloftes uit te stel. Die vermoede is dat dit gaan veroorsaak dat regerings en kapitaalmonopolieë via ondemokratiese metodes (wel onder die vaandel van verligte diktatorskappe) gaan probeer om aan die bewind te bly (Goudzwaard, 1984:55-56,59). Verlies aan vertroue het dus veral te make met 'n ekonomies gemotiveerde magsug wat in stand gehou word en nie noodwendig met 'n rasionele onvermoë van die heersers nie.

'n Meer resente manifestering van vertrouensverlies in die politiek hang saam met die verskynsel van populisme. Volgens Masala (2020:188,190-193,195-196) het daar 'n verskuiwing plaasgevind weg van vertroue in onafhanklike instellings van die demokrasie (regstoeassing, burokrasie en respek vir minderhede). Hierdie instellings en die politieke elite wat dit in stand hou, is tradisioneel as 'n deurslaggewende deel van die demokratiese stelsel gesien. Tans word daar egter beweeg na 'n klem op charismatiese en demagogiese

studie spandeer as wat 'n gemiddelde student gedurende die sestigerjare van die vorige eeu gedoen het. Hulle hou hulself eerder besig met sosiale media, vermaaktegnologie en baie verval in 'n drink- en partytjiekkultuur.

²⁰ Rectenwald (2019:123) – voorheen universiteitsprofessor aan NYU en self 'n aanhanger van die denkstrominge wat die huidige idee van sosiale geregtigheid onderlê (neo-Marxisme en postmodernisme) – som sy persepsie van sosiale geregtigheid se uitkoms soos volg op: "Whereas the campus free speech movement was a hallmark of social justice in the 1960's, violent skirmishes waged *against* free speech and academic freedom are now associated with the term."

²¹ Hier word wel, anders as in die ander voorbeeld, gebruik gemaak van 'n voorbeeld in die Suid-Afrikaanse situasie.

leierskap. Hierdie skuif vind plaas omdat die stemvolk se persepsie is dat laasgenoemde leierskap 'n direkte uitdrukking is van hul eie identiteit, begeertes en behoeftes. Kiesers behoort nie te stem vir 'n politieke leier omdat hy dieselfde as hulle is nie, maar juis omdat hulle méér bekwaam is ten opsigte van politieke sake. Populistiese leiers daarteenoor word vertrou, hoewel dit nie noodwendig te danke is aan hul politieke vermoëns nie, maar eerder omdat hulle goed kommunikeer en dieselfde smake, gewoontes, ensovoorts as die stemvolk toon. Masala wil dus die klem laat val op die ouer kognitiwistiese antecedent van bekwaamheid. Die huidige praktyk wys egter dat ideologiese antecedente 'n deurslaggewende rol speel en dat dit nie buite rekening gelaat kan word wanneer die algemene publiek se vertroue geïnterpreteer word nie.

'n Patroon kan opgemerk word in die oorweging van die oënskynlike huidige vertrouensverlies in openbare instellings: Voorwaardes vir vertroue word op die oog af al meer gesoek in aspekte van menswees wat buite die sfeer van die bedrewenheid, vermoë of deskundigheid van die vertroude gesien word. Vertrouers verlaat hulle al meer op persepsies oor die gewilligheid van die vertroude om by hul identiteite, ekonomiese behoeftes, lewenstyl en ideologiese oortuigings aan te sluit.

Hierdie oordeel is nie te ver van Barbalet (2019:14, 17-21) se opmerking dat die vertroue in allerlei opnames oor vertroue in openbare instellingsalk oor iets anders of meer as die (blote)²² vertroue tussen twee partye handel nie. Volgens Barbalet gaan dit oor die goeie naam ("standing") van die instelling en nie noodwendig oor 'n direkte interaksie en vertrouensverhouding met die instelling nie. So ook is vertroue in professionele persone iets anders as (blote) vertroue. In die verhouding met 'n professionele persoon is die kundigheid van laasgenoemde immers 'n kernelement. Die lojaliteit tussen gesins- en familielede is 'n verdere voorbeeld van vertroue wat nie net betrekking het op die verhouding tussen twee individue nie. Hier speel 'n derde persoon of instelling met 'n uitgebreide sosiale normstelsel 'n rol in die vertrouensverhouding.

Hierdie opmerkings van Barbalet word duideliker in die lig van die onderskeid tussen blote vertroue en die antecedente daarvan. Blote vertroue is in die "werklike lewens" van mense verweef met heelwat ander aspekte van menswees. Dit word bevestig deur persepsies van 'n vertrouenskrisis wat ontstaan omdat die ideologieë, ekonomiese uitkyke en leefstyle van vertrouers/des, onder andere, van mekaar verskil. Juis hierom word die verhoudinge tussen hierdie partye onder druk geplaas. Meer nog, dit word duidelik dat die antecedente van vertroue – benewens berekening, integriteit, welwillendheid en affeksie – ook die ekonomiese identiteit en rigtinggewende idees van vertrouers/des is.

Weereens is dit nie onvanpas om te waarsku dat vertroue nie gereduseer moet word tot die antecedente waarmee dit verweef is nie. Indien laasgenoemde gebeur, verloor vertroue nie alleen sy eie identiteit nie, maar manifesteer dit in skeeftrekkings soos die volgende: populistiese politiek, kerke wat sekulariseer ter wille van voortbestaan, asook onderwysinstellings en openbare media wat deur wins en ideologie eerder as goeie inligting en akademiese wysheid gerig word.

²² Barbalet se hantering van vertroue kom in die buurt van die idee van blote vertroue. Dit is wel onduidelik of hy so 'n blote vertroue kan losmaak van 'n oënskynlike simpatie met die moderne individualisme en nominalisme.

Slot

Die sentrale vraag wat hier bo behandel is, is die vraag na hoe belangrik vertroue vir menswees is.

’n Groot deel van die artikel was ’n argument ter ondersteuning van ’n beweging weg van reduksionismes na die huidige insluiting van meerdere funksies en faktore in die definiering van en bronne vir vertroue. ’n Reduksionistiese siening van vertroue kan gesien word wanneer vertroue in terme van iets anders as vertroue self gedefinieer word. Gevolglik word vertroue dan op sigself as minder relevant uitgerangeer. Anders as by die reduksionistiese variante, impliseer ’n nieraaksionistiese siening van vertroue dat ’n belangriker plek aan vertroue toegeken word.

Met blote vertroue word dus ’n nieraaksionistiese begrip van vertroue bedoel – ’n wyse van menswees wat van ander sodanige verskynsels (bv. rasionaliteit, integriteit en emosie) onderskei kan word. Blote vertroue moet wel in samewerking en interaksie met ander bestaanswyses bestaan en ook verstaan word. Blote vertroue is daarom nie ’n funksie wat ’n mens netso in die alledaagse opmerk nie. Dit word opgemerk as dit onder druk is of as dit in ’n wetenskaplike analise aandag kry.

BIBLIOGRAFIE

- Baier, A. 1986. Trust and antitrust. *Ethics*, 96(2):231-260.
- Barbalet, J. 2019. The experience of trust: Its content and basis. In Sasaki, M. (ed.). *Trust in contemporary society*. Leiden: Brill Open, pp. 11-30.
- Covey, SMR. 2006. *The speed of trust: The one thing that changes everything*. New York: Simon & Schuster.
- Du Rand, J. 2016. Kan ons praat van ’n krisis in die kerk? In Du Rand, J. & Nel, M. (eds.). *Homoseksualiteit en die Bybel* [Kindle-weergawe]. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Gallup. 2020. *Confidence in institutions*. <https://news.gallup.com/poll/1597/confidence-institutions.aspx> [1 Desember 2020].
- Gillespie, N., Fulmer, CA & Lewicki, R. 2021. A multilevel perspective on organisational trust. In Gillespie, N., Fulmer, CA & Lewicki, R. (eds). *Understanding trust in organisations: A multilevel perspective*. New York: Routledge, pp. 3-13.
- Goudzwaard, B. 1984. *Idols of our time*. Iowa: Dordt College Press.
- Hawley, K. 2012. *Trust: A very short introduction*. Oxford: Oxford University Press.
- Heyns, MF. 2013. The economicistic university: A brave new paradigm? *Phronimon*, 14(2):1-24.
- Institute for Justice and Reconciliation. 2021. *Afrobarometer: Let the people have a say*. www.afrobarometer.org. [6 September 2021].
- Kant, I. 1783. Beantwoording van die vraag: “Wat is Verligting”. In *Samelewing en vooruitgang: Drie trakteate*. Redaksie en vertaling deur JJ. Venter. Potchefstroom: PU vir CHO, Dept. Sentrale Publikasies, pp. 16-22.
- Klapwijk, J. 1987. *Oriëntatie in de nieuwe filosofie*. Assen/Maastricht: Van Gorcum.
- Kramer, RM. 2006. *Organisational trust: A reader*. New York: Oxford University Press.
- Masala, A. 2020. Populism as the crisis of political trust. In Fabris, A. (ed.). *Trust: A philosophical approach*. Springer, pp. 187-197.
- Mayer, RC, Davis, JH & Schoorman, FD. 1995. An integrative model of organisational trust. *Academy of Management Review*, 20(3):709-734.
- Middleton, JR & Walsh, BJ. 1995. *Truth is stranger than it used to be: Biblical faith in a postmodern age*. Downers Grove, Illinois: InterVarsity Press.
- Mishra, AK. 2017. Higher education in crisis: The importance of rebuilding trust. In Mishra, AK. (ed.). *Restoring trust in higher education: Making the investment worthwhile again* [Kindle edition]. Santa Barbara, CA: Praeger.

- Mújdricza, F. 2019. The roots of trust. *European Journal of Mental Health*, 14:109-142. <https://doi.org/10.5708/EJMH.14.2019.1.6>
- O'Neill, OA. 2002. *A question of trust*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Schoorman, FD, Mayer, RC & Davis, JH. 2007. An integrative model of organisational trust: Past, present, and future. *Academy of Management Review*, 32(2):344-354.
- Rectenwald, M. 2019. Libertarianism(s) versus postmodernism and ‘social justice’ ideology. *The Quarterly Journal of Austrian Economics*, 22(2):122-138.
- Singh, SB & Luthra, R. 2019. Savvy: *Navigating fake companies, fake leaders and fake news in the post-trust era*. Ideapress Publishing.
- Stimpert, JL. 2017. Foreword. In Mishra, AK. (ed.). *Restoring trust in higher education: Making the investment worthwhile again*. Santa Barbara, CA: Praeger.
- Strauss, DFM. 2009. *Philosophy: Discipline of the disciplines*. Grand Rapids: Paideia Press.
- Van Niekerk, AA. 2021. *Inent: Oorlewing vereis vertroue*. <https://www.netwerk24.com/Stemme/Meningen/inent-oorlewing-verveis-vertroue-20210607-2/2> [8 Junie 2021].
- Wolterstorff, N. 1995. From liberal to plural. In Griffioen S & Balk, BM. (eds). *Christian philosophy at the close of the twentieth century: Assessment and perspective*. Kampen: Uitgeverij Kok, pp. 201-214.
- Wolterstorff, N. 1999. *Reason within the bounds of religion*. (Second Edition). Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.
- Wolterstorff, N. 2000. *Thomas Reid and the story of epistemology*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Wolterstorff, N. 2019. *Religion in the university*. New Haven: Yale University Press.

Opbrengste, politieke ontwikkelings en ekonomiese kragte: 'n Historiese perspektief op die Johannesburgse aandelebeurs (JSE), 2000–2010

Returns, political developments and economic forces: A historical perspective on the Johannesburg stock exchange (JSE), 2000–2010

JESSE DE BEER

Department of Economics
University of Namibia
Namibia
E-pos: jdebeer@unam.na



Jesse de Beer



Nico Keyser

NICO KEYSER

Department of Economics
University of the Free State
South Africa
E-pos: keyserjn@ufs.ac.za



Ivan van der Merwe

IVAN VAN DER MERWE

Department of Economics
University of the Free State
South Africa
E-pos: vdmerwei@ufs.ac.za

JESSE DE BEER is 'n dosent in die Departement Ekonomie aan die Universiteit van Namibië, waar sy sedert 2017 verskeie voor- en nagraadse kursusse doseer, insluitende Makro-ekonomiese, Statistiese bewerking vir ekonne, Finansiële regulering, Kompetisiebeleid Sekuriteitsontleding en Portefeuiljebestuur. Sy was voorheen verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat (2008–2015) en die destydse Vista Universiteit (1994–2007). Jesse het die volgende tersiêre kwalifikasies behaal: PhD in Ekonomies; Meesters in Geld en Bankwese; Honneurs in Geld en Bankwese; en 'n B.Com-graad. Haar navorsingsbelangstellings lê op die gebied van finansiële ekonomiese, met besondere fokus op Finan-

JESSE DE BEER is a lecturer in the Department of Economics and Finance at the University of Namibia, where she has been teaching several undergraduate and postgraduate courses since 2017, including macroeconomics, economics statistics, financial regulation, competition policy, securities analysis, and portfolio management. Jesse obtained the following tertiary qualifications: PhD in Economics; Masters in Money and Banking; Honours in Money and Banking; and a B.Com degree. Jesse's research interests lie in the area of financial economics, with particular focus on financial literacy and financial regulation, as well as Economic History, Financial integration and Capital flows.

Datums:

Ontvang: 2022-02-04

Goedgekeur: 2022-06-10

Gepubliseer: September 2022

<p>siële geletterdheid en Finansiële regulering, asook Ekonomiese Geskiedenis, Finansiële integrasie en Kapitaalvloei.</p>	
<p>NICO KEYSER is die departementshoof van Ekonomie en Finanswese by die Universiteit van die Vrystaat. Hy het in 2003 die akademie betree na 'n aantal jare in die privaat sektor. Hy bied verskillende modules in Ekonomie en Finanswese op beide voor- en nagraadse vlak aan. Sy navorsing sluit die volgende temas in: Ekonomiese Geskiedenis, Politieke Ekonomie en Hoër Onderwys. Nico het die volgende tersiêre kwalifikasies behaal: PhD; Meesters in Ekonomie; Meesters in Hoër Onderwys; Honneurs in Ekonomie; Hoër Onderwys Diploma; en 'n Bcom-graad.</p>	<p>NICO KEYSER is head of the Department of Economics and Finance at the University of the Free State. He became an academic in 2003 after working in the private sector for a number of years. He teaches different Economics and Financial Economics subjects on both undergraduate and postgraduate level. His areas of research include the following topics: Economic History, Political Economics and Higher Education. Nico obtained the following tertiary qualifications: PhD; Masters in Higher Education; Masters in Economics; Honours in Economics; Higher Educational Diploma; and a B.Com degree.</p>
<p>IVAN VAN DER MERWE is 'n dosent in die Departement Ekonomie en Finanswese aan die Universiteit van die Vrystaat, waar hy sedert 1999 verskeie voor- en nagraadse kursusse doseer, insluitende beleggings, finansiële bestuur, internasionale finanswese, afgeleide markte, sekuriteitsontleding en portefeuiljebestuur. Ivan het die volgende tersiêre kwalifikasies behaal: PhD in Ekonomie; Meesters in Geld en Bankwese; Honneurs in Geld en Bankwese; en 'n B.Comgraad. Sy navorsingsbelangstellings lê op die gebied van finansiële ekonomie, met besondere fokus op finansiële stabiliteit en makro-omsigtigheidsbeleid.</p>	<p>IVAN VAN DER MERWE is a lecturer in the Department of Economics and Finance at the University of the Free State, where he has been responsible for the teaching of several undergraduate and postgraduate courses since 1999, including investments, financial management, international finance, derivative markets, securities analysis, and portfolio management. Ivan obtained the following tertiary qualifications: PhD in Economics; Masters in Money and Banking; Honours in Money and Banking; and a B.Com degree. Ivan's research interests lie in the area of financial economics, with particular focus on financial stability and macroprudential policy.</p>

ABSTRACT

Returns, political developments and economic forces: A historical perspective on the Johannesburg stock exchange (JSE), 2000–2010

To contribute to economic growth and development, a stock market, as an important economic indicator, should reflect the macroeconomic fundamentals of a country. How political and economic developments are reflected in the returns of companies listed on a stock market indicates the risk profile of specific companies and the stock exchange. The objective of this article is to provide a historical perspective on how political and economic developments were reflected in the returns of the Johannesburg stock exchange (the JSE Ltd.) in the period 2000–2010. The history of the JSE for this period can be divided into three stages: the stage before the global financial crisis (GFC), the GFC stage, and the post-GFC stage. During the pre-GFC stage, the JSE recovered from the Asian crisis of 1998, and the global boom in information and technology stocks led to a surge in technology stocks and indices on the JSE. When the dotcom bubble burst in March 2000, a sharp decline in share prices on the JSE followed. The aftermath of the 11 September 2001 attack in the United States led to a temporary

decline in JSE stock prices, but they had recovered – in international markets as well – by May 2002. The JSE responded to local political events, such as the introduction of black economic empowerment legislation and the National Credit Act, and to international political events, such as the formation of the Brazil, Russia, India and China (BRIC) economic block. The commodity super cycle (2003–2008), low domestic interest rates and higher economic growth rates than in 2002 contributed to the continuous bull run in share prices on the JSE during this stage (2003–2008).

The global financial crisis, regarded as the worst crisis since the Great Depression of 1929, had a severe impact on all economies globally and resulted in a worldwide recession. In South Africa, the effect of falling commodity prices had macroeconomic consequences in terms of employment levels, commodity exports, foreign fixed investment and the exchange rate. The risk premium for South Africa also increased, resulting in an outflow of foreign investor funds, a drop in the JSE stock market index, and a depreciating currency. The FTSE/JSE All Share Index fell by 46% from an all-time high in May 2008 to a low in November 2008, before recovering by 39% in August 2009. Recovery in South African financial markets occurred relatively quickly, though, with the All Share Index rebounding by 30% during 2009. The resilience of the South African financial sector meant that South Africa largely escaped the most damaging effects of the global financial crisis. The global recession in 2009 and uncertainty regarding recovery in the global market resulted in the implementation of strong stimulating monetary and fiscal policy measures globally. Large fiscal deficits led to an escalation of government debts, while low interest rates and quantitative easing in developed countries resulted in a substantial inflow of funds to the South African share market in 2009 and the bond market in 2010. The FTSE/JSE All Share Index improved by 63% in 2009 and 2010, tracking international equity markets and higher commodity prices. Non-resident investors returned, particularly from 2009 onwards, as sentiment improved and risk appetite recovered. The momentum on the stock market was interrupted by the European debt crisis. The European sovereign debt crisis, which started in Greece in 2010 and spilled over to other European countries, prompted the European Union and the International Monetary Fund to establish an emergency facility. Despite the nervousness resulting from the European crisis, share prices on the JSE trended higher, tracking global equity markets and commodity prices.

The current study concludes that the JSE reflected macroeconomic conditions, political changes and global events during the period 2000–2010. The JSE responded positively to higher commodity prices and improved economic and political prospects, but also reflected its growing vulnerability to contagious international events and financial crises, such as the dotcom bubble and the global financial crisis.

KEYWORDS: Johannesburg stock exchange (JSE Ltd.), returns, political events, economic events, global financial crisis

TREFWOORDE: Johannesburgse aandelebeurs (JSE Bpk.), opbrengste, politieke gebeure, ekonomiese gebeure, globale finansiële krisis

OPSOMMING

Om tot ekonomiese groei en ontwikkeling by te dra, moet 'n aandelemark, as 'n toonaangevende ekonomiese aanwyser, die makroëkonomiese grondbeginsels van 'n land weerspieël. Die weerspieëling van politieke en ekonomiese ontwikkelings in opbrengste van genoteerde maatskappye dui op die risikoprofiel van maatskappye en die aandelebeurs. Die doel van hierdie artikel is om 'n historiese perspektief te verskaf oor die wyse waarop politieke en

ekonomiese ontwikkelings gedurende die tydperk 2000–2010 in die opbrengste van die Johannesburgse aandelebeurs (die JSE Bpk.) weerspieël word. Die geskiedenis van die JSE gedurende hierdie tydperk kan in drie fases verdeel word: die fase voor die globale finansiële krisis (GFK), die GFK-fase, en die post-GFK-fase. In die studie is tot die gevolgtrekking gekom dat die JSE makroëconomiese toestande, politieke veranderinge en wêreldgebeure gedurende die tydperk 2000–2010 weerspieël het. Die JSE het positief gereageer op hoër kommoditeitspryse en op 'n verbetering in ekonomiese en politieke vooruitsigte, maar het ook sy toenemende kwesbaarheid getoon vir aansteeklike internasionale gebeure en finansiële krisisse, soos die GFK en toe die dotcom-borrel gebars het.

1. Inleiding en agtergrond

In watter mate beïnvloed politieke ontwikkelings en makroëconomiese kragte die risiko van beleggings en hoe weerspieël dit verwagtings ten opsigte van die winsgewendheid en aandelepryse van maatskappye in Suid-Afrika? Hierdie vrae word beantwoord deur 'n beskrywende benadering wat 'n historiese perspektief gee op hoe ekonomiese en politieke ontwikkelings gedurende die tydperk 2000–2010 in algehele opbrengste op die JSE weerspieël word. Die navorsing waarop hierdie artikel gebaseer is, het dus ten doel gehad om die bewering te verifieer dat 'n goed funksioneerende aandemark as 'n koorspen of soortgelyke meetinstrument funksioneer wat die gesondheid van die algehele ekonomie aandui (Moolman & Du Toit, 2005:78).


Die geskiedenis van die JSE Bpk., die Johannesburgse aandelebeurs, wat sedert 1887 bestaan, weerspieël ontwikkelings in die Suid-Afrikaanse owerheidsbeleid, veranderinge in die globale monetêre stelsel, skommelinge in inflasie, die ineenstorting van verskeie aandemarkte, die Groot Depressie, dramatiese politieke ontwikkelings en die opkoms van verskeie ekonomiese moondhede, om maar 'n paar te noem (Byrant, 1987:1-5; Lukasiewics, 2005:78). Gedurende die 135 jaar van sy bestaan het verskeie ontwikkelings plaasgevind wat die verhandelingsomgewing van die JSE gevorm het, met inbegrip van politieke faktore en tydperke van beleggersirrasionaliteit, hebsug en vrees. In hierdie verband bied die eerste dekade van die 21ste eeu 'n besonder interessante gevallestudie, aangesien dié tydperk nie net deur 'n sterk kredietgedrewe styglopie op globale aandemarkte gekenmerk is nie, maar ook deur die ergste finansiële krisis en ekonomiese afswaai in onlangse geskiedenis, voordat dit weer sterk tekens van herstel getoon het. Gedurende hierdie dekade het die JSE, meer as enige vorige tydperk in die geskiedenis daarvan, bewys gelewer van die wisselvallige uitwerking wat wêreldwye finansiële vloeи op 'n klein en oop finansiële stelsel en ekonomie kan hê.

Groter kapitaalinvloei tussen 2004 en 2007 het 'n toenemende tekort op die lopende rekening en 'n vinnige ekonomiese groeikoers in Suid-Afrika ondersteun (Draper & Freitag, 2008:1). Die wêreldwye finansiële krisis het egter in 2008–2009 'n ernstige uitwerking op groei en indiensneming gehad. Terwyl die Suid-Afrikaanse finansiële stelsel veerkratig gebly het ondanks massiewe finansiële verliese en sistemiese onstabilitet elders in die wêrelde, het die plaaslike ekonomie wesenlik verswak weens die skielike en diep resessies wat deur meer ontwikkelde handels- en beleggingsvennote ervaar is (Heymans & Da Camara, 2013:418-434).

Die tydperk 2000–2010 is gekenmerk deur wisselvalligheid op globale finansiële markte, veral twee internasionale markineenstortings, naamlik in 2000 en 2008. Gedurende dié dekade is aandemarkopbrengste in Suid-Afrika ook gevorm deur drie hoof- ekonomiese tendense, naamlik die vooruitgang van China en die ander sogenoemde BRIC-lande (Brasilië, Rusland, Indië), die kommoditeitsopersiklus en die swak Amerikaanse dollar, asook verbeterde sake- en

ekonomiese toestande in Afrika. Ná Suid-Afrika se insluiting by die BRIC-groep in 2010 word hierdie ekonomiese blok die BRICS-lande genoem.


Terwyl ontluikende lande, met inbegrip van talle in Afrika, gedurende hierdie dekade vinnig gegroeи het, het beleggingsopbrengste in ontwikkelde markte, verteenwoordig deur die G7-lande, 'n tydperk beleef wat as die "verlore dekade" bekend gestaan het. In teenstelling met ontwikkelde markte is die tydperk 2000–2010 in opkomende aandelemarkte deur 'n styglopie gekenmerk, hoofsaaklik gedryf deur verbeterde beleggersentiment teenoor opkomende markte, insluitende Afrika, maar ook die kommoditeitsopersiklus (sien Figuur 1).



Figuur 1: Wêreldwye aandelemarkopbrengste (in Amerikaanse dollar): 2000–2010 [Jan 2000 = 100]

Bron: <https://www.msci.com/> en Iress-databasis

In Suid-Afrika het relatiewe stabiliteit van die geldeenheid tussen middel 2003 en 2008, tesame met verhoogde kapitaalinvloei na ontwikkelende lande met voldoende hulpbronne, 'n dekade van oorprestasie deur Suid-Afrikaanse (SA) aandelebeleggings in vergelyking met dié van G7-lande opgelewer (sien Figuur 1). Gedurende die tydperk 2000 tot 2010 het die JSE voortgesette hoë groei op die aandelemark beleef, wat dit tussen 1960 en 2010 die tydperk in Suid-Afrika met die hoogste opbrengs gemaak het (sien Figuur 2).



Figuur 2: Opbrengste op die JSE se algehele indeks volgens dekade

Bron: OECD <http://dx.doi.org/10.1787/data-00052-en> [19 Julie 2021]

In Suid-Afrika was hierdie goeie prestasie ten nouste verbind met die goud- en platinum-kommoditeitsprysoplewing van die 2000's, maar dit het saamgeval met soortgelyke hoogte opbrengste in ander kommoditeitsproduserende Afrikalande en in ontluikende markte soos die BRIC-lande (sien Figuur 1).

In 2001 het die JSE met 33% gestyg voordat dit in 2002 weer gedaal het weens negatiewe sentiment as gevolg van die dotcom-borrel in die Verenigde State van Amerika (VSA). Suid-Afrika was relatief goed geïsoleer teen dié tegnologieborrel, vergeleke met ontwikkelde lande, en die uitwerking op die JSE was gedemp. Die JSE het vinnig herstel, en het tussen 2003 en 2007 'n jaarlikse gemiddelde van 30% opgelewer. Die kommoditeitstygmark het Suid-Afrikaanse maatskappye in staat gestel om baat te vind by onder meer groot stygings in die goud- en platinumprys (sien Figure 3 en 4). In randterme het beide kommoditeite se prys reeds gedurende 2001 met ongeveer 50% gestyg; tussen Januarie 2005 en Julie 2006 het die platinumprys egter met meer as 60% gestyg. Gedurende dieselfde periode het goud se prys amper verdubbel (Iress-data).

In die tydperk 2000–2010 het die JSE se indeks van alle aandele in die meeste jare gestyg (behalwe in 2002 en 2008 weens wêreldwye finansiële onstuimigheid). Soos die meeste markte het die Suid-Afrikaanse aandelemark egter tydens die wêreldwye finansiële krisis in 2008 swaargekry en tussen Mei en Oktober 2008 sowat 'n derde van sy markkapitalisasiewaarde verloor, voordat dit teen die einde van 2009 met sowat 36% herstel het.

Tegnologiese ontwikkeling en globalisering het die belangrikheid en rol van buitelandse deelnemers in die plaaslike finansiële markte dramaties verhoog. In dieselfde tydperk het nie-inwoners ook 'n groter aanspraak op die Suid-Afrikaanse aandelemark gehad. Vooruitgang in die rekenaartegnologie en telekommunikasiestelsels wat deur die JSE in gebruik geneem




Figure 3 en 4: Verwantskap tussen welvaartsindekse vir goud, platinum en die JSE (2000–2008)


Bron: Federale Reserwebank van St. Louis (<https://fred.stlouisfed.org/>), en Iress-databasis [19 Julie 2021]

is, het die skakel tussen markdeelnemers verbeter en die oordrag van intydse inligting oor sekuriteitspryse en ander sleutelinligting aan baie deelnemers oor die hele wêreld moontlik gemaak (Dicle & Levendis, 2013: 204-213).

In die tydperk 2000–2010 het die vraag na kommoditeite soos staal, aluminium, koper, sink en nikkel met tussen 12% en 20% per jaar toegeneem (in vergelyking met minder as 10% in die 1980's en 1990's). Van 2000 tot en met 2010 het China se invoer van ystererts met 42,5% toegeneem, asook die invoer van koper en termiese steenkool. In die tydperk 2003–2008 het die reële prys van energie en metale meer as verdubbel, terwyl die reële prys van voedselkommoditeite met 75% toegeneem het. Hierdie oplewing in kommoditeitspryse was 'n meevaler vir kommoditeitsprodusente en het bygedra tot 'n breedgebaseerde oplewing in kommoditeitproduserende lande wat hulle grootliks bevoordeel het, met inbegrip van verskeie in Afrika (Canuto, 2008; Reinhart, Reinhart & Trebesch, 2016:574-580). Hierdie tydperk het ook 'n dekade ingelui wat bekendgestaan het as die "kommoditeits supersiklus". Hoewel die kommoditeitsoplewing beslis bygedra het tot 'n tydperk van relatief hoë opbrengste op die JSE, het sommige studies bevind dat Suid-Afrika dalk nie die volle voordeel van die kommoditeitsoplewing ervaar het nie (Jeffery, Smit & Sturzenegger, 2006; Humphreys, 2010).

Gedurende die vroeë 2000's is Afrika al hoe minder as 'n "hopeless" kontinent beskou en eerder as een met die potensiaal vir ekonomiese ontwikkeling. Die positiewe verandering van die vasteland se beeld het geleei tot die ontstaan van 'n groep ontleders, kommentatoeure, geleerde en sakebestuurders wat die vasteland as die volgende groot deelnemer in die wêreldekonomie beskou (Wasserman, 2012:33-35; Pillay, 2015:59-75). Verskeie faktore het hierdie tendens geskep en gehelp om makroëkonomiese stabiliteit oor die hele vasteland te vestig, met inbegrip van laer inflasie, beter monetêre beleid deur toenemend onafhanklike sentrale banke en verbeterde fiskale bestuur. Terselfdertyd het vinnige groei van die bruto binnelandse produk (BBP) voortgeduur, wat daar toe geleei het dat die Afrika-Ontwikkelingsbank (AfDB) verklaar het dat Afrika se ekonomie vinniger groei as dié van enige ander kontinent (Zamfir, 2016:6). Terwyl die wêreldwyse kommoditeitsoplewing na sy 2008-hoogtepunt opgebou het, was baie Afrikalande goed geposisioneer om die styging in hulle uitvoerinkomste te benut vir groei buite die hulpbronontginningssektor (UNDP 2016:7). Die oplewing in nasionale groeikoerse is weerspieël deur die verhoogde winsgewendheid van maatskappye wat in daardie stadium in Afrika werkzaam was, verskeie van hulle op die JSE genoteer. Dit

het daartoe gelei dat multinasionale ondernemings en globale beleggingsfondse opportunisties op Afrika gefokus het as “finale grens” vir welvaartskepping, met verwagte beleggingsopbrengste wat voorheen net met geïndustrialiseerde lande geassosieer is (sien Figuur 5).




Figuur 5: Verwantskap tussen aandeelbeurse in Afrika (2004–2010)

Bron: S&P Capital IQ-databasis

Aandelemarkte is in verskeie Afrika-lande gevestig, en het reeds van net agt in 1989 tot drie-en-twintig in 2007 toegeneem, met 'n totale markkapitalisasie van \$2,1 miljoen miljoen miljoen. Sedert 1995 tel minstens een aandelemark van Afrika, buiten die JSE, onder die tien beste aandelemarkte in die wêreld wat prestasie betref, maar ten opsigte van relatiewe grootte bly die Suid-Afrikaanse aandelemark deurgaans die dominante speler, met meer as 70% van die totale markkapitalisasie in Afrika. Wat die totale markkapitalisasie in verhouding tot BBP en totale waarde verhandel in verhouding tot BBP betref, het Suid-Afrika se aandelebeurs ook al die ander Afrikabeurse gedomineer (sien Figure 6 en 7). Die aandelemarkte in Afrika dra egter by tot tegnologiese innovasie, die akkumulasie van kapitaal en die ekonomiese ontwikkeling van die betrokke lande (Ncube & Mirgiri, 2015:368). Collins en Biekpe (2003:298) het ook bevind dat aandelemarkte in Afrika in mindere mate vatbaar vir krisisse is, en dit dra by tot die siening dat Afrika-aandelemarkte 'n opsie vir diversifisering van portefeuilles is.


Hierdie internasionale ontwikkelings het ook 'n uitwerking op JSE-opbrengste gehad, gegewe die JSE se posisie as Afrika se vernaamste beleggingsentrum. Die relatiewe grootte en gesofistikeerdheid van die JSE, sowel as die persepsie van goeie korporatiewe bestuur, het baie internasionale maatskappye gemotiveer om Suid-Afrika as deurgang tot hulle Afrika-strategie te kies.

Teen hierdie agtergrond het die navorsingsvraag ontstaan, naamlik of ekonomiese en politieke ontwikkelings van die tydperk 2000–2010 in die opbrengste van die JSE weerspieël is. Hierdie artikel bied dan 'n evaluering van die prestasie van die JSE gedurende drie fases van die tydperk 2000–2010: die fase voor die globale finansiële krisis (GFK), die fase tydens die GFK, en die fase ná die GFK.



Figuur 6: Markkapitalisasie in verhouding tot BBP op vernaamste Afrika-aandelebeurse (2000–2010)

Bron: Wêreldbank, Globale Finansiële Ontwikkelingsdatabasis, beskikbaar by <https://datacatalog.worldbank.org/search/dataset/0038648/Global-Financial-Development>



Figuur 7: Totale waarde verhandel as persentasie van BBP op vernaamste Afrika-aandelebeurse

Bron: Wêreldbank, Globale Finansiële Ontwikkelingsdatabasis, beskikbaar by <https://datacatalog.worldbank.org/search/dataset/0038648/Global-Financial-Development>

2. Die tydperk voor die GFK: 2000–2007

Na gelang internasionale markte, met inbegrip van die Suid-Afrikaanse aandeemark, van die Asiatiese krisis van 1998 herstel het, het hulle teen 2000 nuwe hoogtes bereik. Die JSE is nie net deur dalende rentekoerse begunstig nie, maar ook deur hoër beleggersvertroue, wat grootliks voortgespruit het uit 'n florerende globale inligtings- en tegnologiesektor. Gedurende hierdie tydperk het baie tegnologieaandele teen veel hoër prysveelvoude as die algehele mark verhandel, ten spyte daarvan dat baie van hulle geen werklike inkomste gegenereer het nie. Suid-Afrika se insluiting by die Dow Jones Saamgestelde Waardeprysindeks (S&P/IFCI) het tot gevolg gehad dat fondsbestuurders se portefeuilles 'n groter gewig van ontluikende aandeelmarkte ingesluit het, wat Suid-Afrika ook meer kwesbaar gemaak het vir kapitaaluitvloei. Dit was veral die geval tydens die Asiatiese krisis, van Augustus 1997 tot Junie 1998, toe die JSE 'n skerp afname getoon het namate vertroue in ontluikende markte gekwyn het. Tydens dié tydperk het ontluikende aandeelmarkte met 40% geval, terwyl ontwikkelde aandeelmarkte positief gebly het. Die S&P 500 het gedurende dié periode 'n styging van 21% getoon. Ten spyte van die negatiewe sentiment jeens ontluikende markte het buitelanders netto kopers van Suid-Afrikaanse aandele gebly. Suid-Afrika is beskou as 'n land met 'n laer wisselkoersrisiko en positiewe ekonomiese vooruitsigte (Keyser, Van der Merwe & De Beer, 2020:107).

2.1 Die dotcom-borrel (2000) en 11 September-aanvalle

'n Borrel het begin ontwikkel, veral in die Verenigde State, toe openbare aandele in die internetsektor tussen 1998 en 2000 meer as 1 000% opbrengs gelewer het (Ofek & Richardson, 2003:1116). Sulke borrels begin wanneer krediet oorvloedig en goedkoop is, en die ekonomie goed vaar. Gevolglik het die saamgestelde indeks van die tegnologie-oorheerste NASDAQ erg oorgewaardeer geraak voordat dit in Maart 2000 'n hoogtepunt bereik het (indekswaarde: 5 049). Toe die borrel in Maart 2000 bars, het dit tot 'n skerp prysdaling van inligtingstegnologiemaatskappye wêreldwyd gelei. Dié ineenstorting het \$5 miljoen miljoen miljoen in markwaarde uitgewis, en baie dotcom-maatskappye het dit nie oorleef nie (Goodnight & Green, 2010:131). Die omvang van die Amerikaanse tegnologieborrel het ook gelei tot 'n effense daling in aandelepryse op die JSE, met die indeks van alle aandele wat tussen Maart en Mei 2000 met sowat 8% gedaal het. Die uitwerking op Suid-Afrikaanse aandelepryse is gedeeltelik gedemp deur die randprys van goud, wat in Junie 2000 'n hoogtepunt bereik het (indekswaarde: 7 710) en wat die JSE-goudindeks en die hulbronswaar-indeks van alle aandele versterk het.

Die aanval op die Verenigde State van Amerika op 11 September 2001 het onbestendigheid in globale aandelepryse laat toeneem en globale aandelepryse tydelik laat daal. Die JSE se indeks van alle aandele het in September 2001 met ongeveer 10% gedaal, maar spoedig daarna soos by internasionale markte herstel. Teen Januarie 2002 het aandelepryse in die Verenigde State weer 'n hoogtepunt bereik, terwyl ontluikende markte in April 2002 en die JSE in Mei 2002 'n hoogtepunt bereik het voordat laasgenoemde tussen Mei en Augustus 2002 met 20% teruggesak het (SARB, 2002:78-80).

2.2 *Die randkrisis en vrese oor binnelandse inflasie en breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging (2001–2003)*

As gevolg van onsekerheid oor verskeie opkomende markekonomiese terreuraanvalle op die Verenigde State in September 2001, swak plaaslike ekonomiese syfers en die politieke situasie in Zimbabwe het die rand tussen Junie en Desember 2001 'n ernstige aanslag beleef en oor hierdie tydperk 'n derde van sy waarde teenoor die Amerikaanse dollar verloor. Die Suid-Afrikaanse aandemark het gedurende die grootste deel van 2001 relatief min druk getoon, maar die terreuraanvalle in Amerika en die onbestendigheid van die rand het geleidelik tot 'n korte toename in onbestendigheid op die aandemark, wat veroorsaak het dat die JSE van Junie tot September met sowat 14% gedaal het.

Die oorreaksie op die valutamark, die sterk depresiasi van die rand en 'n styging in oliepryse het daar toe geleid dat die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) sy monetêre beleid by drie geleenthede gedurende die eerste helfte van 2002 verskerp het om inflasie onder beheer te bring. Inflasieverwagtinge het gedurende hierdie tydperk oorheers en het veroorsaak dat die SARB die repokoers tussen Januarie 2002 en September 2002 met 400 basispunte verhoog het. Alhoewel die JSE nie juis op die eerste twee repokoersverhogings gereageer het nie, het die derde en vierde repokoersverhogings in Junie en September 2002 beleggersentiment gedemp en, tesame met laer kommoditeitspryse gedurende die eerste kwartaal van 2003, het dit daar toe bygedra dat die JSE se indeks van alle aandele van Junie 2002 tot April 2003 met sowat 33% gedaal het. Vanaf April 2003 het die prys van die meeste kommoditeite egter weer begin verbeter, en teen Desember 2003 het kommoditeite soos goud, olie, koper, platinum en steenkool met gemiddeld 30% gestyg. Dit het die hulpbronsektor en die hulpbronintensiewe JSE-indeks van alle aandele gedurende 2003 help herstel. 'n Versterking van die rand en verbeterde globale vooruitsigte namate die oorlog in Irak tot 'n einde begin kom het, tesame met die stimulerende monetêre beleid van die SARB sedert Junie 2003, het daar toe bygedra dat die JSE teen Desember 2003 met 41% herstel het vanaf sy laagtepunt in April (SARB, 2003:78-80).

Pryse van mynaandele het op 9 Oktober 2002 gedaal omdat die Mynbouhandves uitgelekk en paniek onder beleggers veroorsaak het, en die JSE het 'n verlies van R50 miljard aangeteken (Strydom, Christison & Matias, 2009). Die konsepweergawe van die handves het mynmaatskappye verbind tot 51% swart eienaarskap binne tien jaar, verhoogde indiensneming en deelname aan bestuur, deelname aan voordele, en die bekendstelling van 'n telkaart vir swart ekonomiese bemagtiging om die nakoming van die vereistes van die handves te verseker (Sennanye, 2014). Gedurende 2003 is die "Broad-Based Black Economic Empowerment Act, 2003", Wet 53 van 2003 (hierna BBSEB: breëbasis- swart ekonomiese bemagtiging), gepromulgeer om ekonomiese wanbalanse van die verlede die hoof te bied (Kruger, 2011:207-233). Die implementering van die BBSEB-wet is beskou as 'n katalisator vir ekonomiese groei en om voorheen benadeelde gemeenskappe te bemagtig. Daar was egter kommer dat die begunstigdes slegs 'n klein groep sou wees en dat die meeste swart mense in Suid-Afrika nie daaruit voordeel sou trek nie. Die hersiene BBSEB-mynbouhandves en BBSEB-wetgewing is egter deur die mark as meer positief beskou en vroeg in 2004 (toe die BBSEB-wet in die *Staatskoerant* afgekondig is [Suid-Afrika, 2003]) is JSE-aandelepryse nie negatief beïnvloed nie aangesien daar nie algemeen aanvaar is dat BBSEB-beleide welvaart sou verminder nie; BBSEB is gesien as 'n manier om swart korporatiewe eienaarskap te vergroot (Ward & Muller, 2010; Jackson, Alessadri & Black, 2005).

Ekonomiese groei gedurende die tydperk 2000–2003 was gedemp, met reële BBP-groei van gemiddeld 3%. Ekonomiese groei het egter aansienlik verbeter gedurende die vier jaar 2004–2007. Die ekonomie het in dié tydperk 'n groefase beleef met gemiddelde groei van meer as 5%, hoewel indiensneming nie met ekonomiese groei tred gehou het nie en werkloosheid en ongelykheid hardnekkig hoog gebly het. Du Plessis en Smit (2006) skryf die meeste van die positiewe ekonomiese groei toe aan verbeterings in totale faktorproduktiwiteit, met 'n openheid vir internasionale handel as hoofoorsaak van stygende produktiwiteit. Daarbenewens sluit Fedderke en Bogetic (2006) ook verhoogde mededinging op sektorale vlak in as 'n faktor wat tot verhoogde produktiwiteit bygedra het. Die toename in ekonomiese groei is aangehelp deur hoër investering en buitelandse aankope van Suid-Afrikaanse aandele, wat gestimuleer is deur laer koste van kapitaal en laer risiko in die ekonomie as gevolg van verbeterde ekonomiese stabiliteit. Ten spyte van hierdie faktore was 'n oorheersende faktor gedurende hierdie tydperk die opkoms van China en ander lande van die BRICS-groep en die vorming van 'n kommoditeitspersiklus, wat kommoditeituitvoerande soos Suid-Afrika in 'n hoë mate bevoordeel het.


2.3 Die opkoms van China en ander BRIC-lande (2000–2008)

Toe China in Desember 2001 by die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) aangesluit het, het dié land ten volle by globale handel betrokke geraak. Dit het 'n herorganisasie van globale produksielyne en China se opkoms as 'n groot uitvoerder ingelui. Uitvoerverdienste is herbelê in 'n groot investeringsoplewing danksy vinnige nywerheidsontwikkeling en verstedeliking in die sogenaamde BRIC-lande, wat 'n oplewing in die vraag na kommoditeite en 'n oplewing in ontluikende markte meegebring het (Cuddington & Jerret, 2008; Pindyck & Rotemberg, 1990:1173-1189). Jim O'Neill, in daardie stadium verbonde aan Goldman Sachs, het die akroniem "BRIC" aanvanklik gebruik om te kenne te gee dat baie van die wêreld se ekonomiese groei binnekort van Brasilië, Rusland, Indië en China sou kom. In die tydperk 2003–2010 het die aandeel van die wêreldproduksie wat deur opkomende ekonomiese gelewer is, met meer as 'n persentasiepunt per jaar gegroeи. Van 2000 tot 2007 het China met 'n gemiddeld van 10,5% per jaar gegroeи en Indië, wat minder van handel afhanklik was, het 'n gemiddelde groeikoers van 6,5% gehad – meer as dubbeld dié van Amerika. China en Indië se gesamentlike bydrae tot wêreldproduksie het meer as verdubbel tot byna 16% (Srinivasan, 2006:3718). Die gevolg was dat China die G7-lande vervang het as die belangrikste globale faktor wat tot skommelings in uitset in die opkomende wêreld bygedra het. China en ander BRIC-lande het gevvolglik ook 'n groot rol gespeel in die kommoditeitspersiklus wat aan die ontwikkel was en wat aandemarkte van lande wat kommoditeite uitvoer, aansienlik begunstig het.

2.4 Die kommoditeitspersiklus en superieure opbrengste van die JSE (2003–2008)

Die goeie wêreldwye ekonomiese groei van 3,2%, lae inflasie, 'n meer toegeeflike monetêre beleid en positiewe beleggersentiment in wêreldmarkte het sedert 2003 tot 'n voordurende styglopie in ontluikende markte, met inbegrip van die JSE, bygedra (SARB, 2005:63-66). Stygende kommoditeitspryse, lae plaaslike rentekoerse, hoë verwagte plaaslike groei en sterk internasionale markte het daar toe gelei dat die JSE van Mei 2004 tot Augustus 2005 'n styging van 54% aangeteken het, met opeenvolgende hoogtepunte in 2005 en 2006. Die waarde van aandele wat op die JSE verhandel is, het in die eerste sewe maande van 2006 R1,3 miljoen miljoen miljoen beloop, wat 89% hoër was as in die ooreenstemmende tydperk in 2005.


Die Morgan Stanley Capital International (MSCI)-indeks van ontluikende markte, wat aandelemarkprestasie in ontluikende markte meet, het van Januarie 2004 tot April 2006 meer as verdubbel, wat grootliks toegeskryf is aan hoër kommoditeitspryse. Oor dieselfde tydperk het die prys van olie en silwer ook meer as verdubbel, goud, platinum en steenkool het gemiddeld met meer as 45% gegroei en koper het met 200% gestyg (sien Figuur 8).



Figuur 8: Verwantskap tussen die kommoditeitsiklus, JSE-aandele, die USD/ZAR-wisselkoers [Jan 2000 = 100] en die SA ekonomiese gedurende 2000-2010

Bron: (<https://www.msci.com/>; Iress-databasis; Federale Reserwebank van St. Louis (<https://fred.stlouisfed.org/>)

Gevollik het aandelepryse op die JSE ook gestyg, met sowel die indekse vir alle aandele as dié vir edelmetale en mynbou wat in waarde verdubbel het. Die stying in aandelepryse op die JSE het ook daar toe gelei dat markkapitalisasie in Junie 2006 'n hoogtepunt van R4 300 miljard bereik het, terwyl die prys-tot-ekwiteit-verhouding (PE-verhouding) van alle aandeelklasse van 13,7 in 2005 tot 16,5 in 2006 toegeneem het, wat die hoogste vlak sedert 1998 was (SARB, 2006:57-59). Gevollik het die persentasie van Suid-Afrikaanse aandele wat deur buitelanders gehou word, veral hulpbronaandele, gedurende die dekade 'n groot toename getoon (sien Figuur 9).



Figuur 9: Buitelandse eienskap van vrylik beskikbare aandele op die JSE (2002-2010)


Bron: <http://www.moneyweb.co.za/investing/equities/how-foreign-equity-ownership-has-changed/>

Terwyl edelmetaal- en mynbouaandele danksy die kommoditeitsiklus steeds groei getoon het, het aandele in die nywerheid- en die finansiële sektor in Oktober 2007 'n hoogtepunt bereik. Hierdie aandele het begin daal weens strenger monetêre beleid, met rentekoersverhogings in Junie, Augustus en Oktober van daardie jaar, terwyl kleinhandelaars en banke ook negatief geraak is deur die inwerkingstelling van die "National Credit Act, 2005" (Wet 34 van 2005), in Junie 2007 (Schratten, 2014:2).

2.5 Ontkoppeling van prestasie van finansiële markte van opkomende lande

Gedurende die eerste dekade van die 21ste eeu het dit geblyk dat vooruitsigte vir die opbrengskoers in ontwikkelde en ontwikkelende lande ontkoppel geraak het. Bewyse hiervan is duidelik as die dekade se gemiddelde opbrengskoers van ongeveer 20% vir BRICS-lande met opbrengste van ongeveer 0% vir ontwikkelde lande vergelyk word (sien Figuur 10). In byvoorbeeld die Verenigde State het die S&P die dekade laer geëindig as waarop dit begin is, met 'n geannualiseerde eenvoudige prysopbrengs van -2,72%, terwyl die Dow Jones-nywerheidsgemiddelde-indeks oor hierdie tydperk meer as 1 000 punte verloor het. Dit was die eerste keer sedert die 1930's dat die S&P 500-indeks 'n dekade van negatiewe eenvoudige prysopbrengs opgelewer het (Bai & Koong, 2018:12-13; Bradford, 2020).

Sakesiklusse in ontluikende markte het ook toenemend onafhanklik van dié in gevorderde ekonomiese verloop wat betref handelsdiversifikasie, die sterk invloed van 'n groeiende Chinese ekonomie en die gepaardgaande sterk kommoditeitspryse. Gevolglik het kommoditeitsuitvoer-lande, soos Suid-Afrika, gemiddeld baie hoër aandeleopbrengste as die ontwikkelde wêrelde getoon.



Figuur 10: Aandeemarkopbrengste (2000–2010) – ontwikkelde lande versus BRICS-lande

Bron: OECD (<https://data.oecd.org/price/share-prices.htm/>)

Hierdie ontkoppeling van aandeemarkopbrengste het egter slegs gedurende die “opwaartse” tydperke van 2000–2008 geheers, terwyl globale invloede steeds die primêre oorsaak gebly het van die gesamentlike beweging van alle markte gedurende “afwaartse” tye (Yeyati & Williams, 2012). Terwyl die hoër integrasie van finansiële markte oor die wêrelд heen vrye kapitaalmobiliteit moontlik gemaak het, het dit ook geleid tot toenemende wisselvalligheidsoorlope, veral tussen ontlukende en ontwikkelde markte. Weens swakhede in en die onvolwassenheid van hulle finansiële instellings en regulatoriese stelsels het ontlukende markte kwesbaar gebly vir eksterne skokke uit ontwikkelde markte, veral die Verenigde State (Memzi, Hammoudeh, Nguyen & Kang, 2016:257-276). Gevolglik het die GFK van 2007–2009 ’n skielike negatiewe “herkoppeling” van aandeemarkopbrengste oor die hele wêrelд veroorsaak.

3. Ekonomiese en politieke verwikkelinge tydens die GFK: 2007–2009

Die finansiële krisis van 2007 tot 2009 was waarskynlik die grootste globale krisis sedert die Groot Depressie van 1929–1932. Terwyl die GFK aanvanklik sy oorsprong in die subprimaarverbandleningsmark in die Verenigde State gehad het, het dit vinnig versprei oor sowel gevorderde as opkomende ekonomieë (McKibben & Stoeckel, 2010). Die oorsprong van die GFK was die tweeledige probleem van onvoldoende finansiële regulering en globale makroökonomiese wanbalanse.

Gefragmenteerde en “ligte” regulering, tesame met oormatige vertroue in markdissipline en selfregulering, het verder bygedra tot die GFK (Crotty, 2009; Adelson, 2013). Geen reguleerde het byvoorbeeld omvattende jurisdiksie gehad oor sistemies belangrike finansiële

instellings nie en wette soos die Amerikaanse Graham-Leach-Bliley-wet en die Amerikaanse wet op kommoditeitstermynkontrakte het finansiële instellings toegelaat om by ondergereguleerde en riskante transaksies betrokke te raak. Die Glass-Steagall-wet, wat gedurende die Groot Depressie in werking getree het en ten doel gehad het om 'n duidelike onderskeid tussen kommersiële en beleggingsbanke te tref, is ook herroep. Dit het die proses van finansiële innovasie versnel, terwyl die kompleksiteit van finansiële instrumente dit moeilik gemaak het om hulle waarde en risiko te peil, en kredietafgeleide instrumente maklik gebruik kon word om te spekuleer eerder as om risiko te verskans.

Gedurende die kommoditeitsoplewing het wanbalanse tussen besparing en verbruik in verskillende wêrelddele gelei tot grootskaalse vloei van besparings uit opkomende ekonomiese na geïndustrialiseerde ekonomiese. Hierdie befondsing het 'n onvolhoubare vlak van verbruik in sommige gevorderde ekonomiese aangevuur, tesame met vinnige stygings in die prys van behuising en ander bates (Acharya & Richardson, 2009). In die Verenigde State het die regering verbandlenings teen lae rentekoerse en met verslapte kredietstandarde aangemoedig, wat weer roekeloze verbandlenings aan leners uit die lae-inkomstegroepe, wat dit nie kon bekostig nie, aangemoedig het (Yeoh, 2010). Hierdie stimulus om eiendom te koop, het gelei tot 'n behuisingsborrel in die Verenigde State en onbehoorlike sekuritering, waarin finansiële instellings subprimalenings herverpak het in verbandgesteunde sekuriteite met onrealisties hoë kredietgraderings (Hellwig, 2008).

Eienaars van hierdie Amerikaanse verbandgesteunde sekuriteite was oor die wêreld heen versprei en toe subprimalenings begin wanpresteer, is die nadraai deur die hele wêreld gevoel. Amerikaanse finansiële reguleerders moes Bear Sterns in Maart 2008 red, maar het nie daarin geslaag om Lehman Brothers in September 2008 te red nie. Die gevolg was dat aandelemarkte wêreldwyd paniekbevange geraak het, met die S&P 500 wat van Augustus tot Oktober 2008 meer as 24% verloor het en vanaf 'n hoogtepunt in Oktober 2007 teen Maart 2009 met 57% gedaal het. Derhalwe het die Verenigde State laat in 2008 'n resessie beleef, gevolg deur die Verenigde Koninkryk en Japan. Dit is deur 'n wêreldwye resessie gevolg (Melvin & Taylor, 2009).

Baie ontwikkelende lande het selfs skerper ineenstortings van hulle aandelemarkte as die Verenigde State beleef (Bekaert, Ehrmann & Fratzscher, 2014). Opkomende markte het, gemeet aan die MSCI se indeks van opkomende markte, van Augustus tot November 2008 met meer as 45% en van Oktober 2007 tot Maart 2009 met meer as 60% gedaal. Die verlangsaming in globale groei het 'n skielike daling in kommoditeits- en oliepryse veroorsaak, nadat dit die hoogte ingeskiet het tydens die kommoditeitsoplewing van 2003–2008. Gevolglik het dit ook aandelemarkte in Afrika beïnvloed, en die drie grootste aandelemarkte (Suid-Afrika, Kenia en Nigerië) het in 2008 met tussen 25% en 40% gedaal (Koech, 2013:1099-1118).

In Suid-Afrika het die uitwerking van dalende kommoditeitspryse makroëkonomiese gevolge ten opsigte van indiensnemingsvlakte, die uitvoer van kommoditeite, buitelandse vaste investering en die wisselkoers gehad (sien Figuur 8). Die risikopremie vir Suid-Afrika het ook toegeneem, wat gelei het tot 'n uitvloei van buitelandse beleggersfondse, 'n daling in die JSE-aandeleindeks en 'n depresiasie van die geldeenheid (Madubeko, 2010). Die JSE-indeks van alle aandele het met meer as 30% gedaal (ongeveer 50% uitgedruk in dollar) van 'n rekordhoogtepunt van net bo 32 000 in Mei 2008 tot 'n laagtepunt rondom die 20 000-vlak in November 2008 (Iress, SARB, 2009:74-76). Die nagevolge van die krisis het derhalwe ook Suid-Afrika se ekonomie beïnvloed met gemiddelde kwartaallikse negatiewe groei van -3,3% gedurende die vierde kwartaal van 2008 en die eerste twee kwartale van 2009. Herstel in die Suid-Afrikaanse finansiële markte het egter relatief vinnig plaasgevind, met die indeks

van alle aandele wat gedurende 2009 met meer as 30% herstel het. Die veerkrachtigheid van die Suid-Afrikaanse finansiële sektor het beteken dat Suid-Afrika die nadeligste gevolge van die wêreldwye finansiële krisis kon afweer, hoofsaaklik om onderstaande redes (SANT, 2011):


- 'n gesonde raamwerk vir finansiële regulering en goed gereguleerde instellings;
- beperkte blootstelling aan buitelandse bates deur institusionele beleggers en banke;
- teensiklike monetêre en fiskale beleid; en
- die inwerkingtreding van die "National Credit Act, 2005", wat huishoudings en verbruikers teen roekeloze uitleenpraktek beskerm.

Ten spye van relatief gesonde makroëconomiese grondbeginsels en 'n robuuste finansiële regulatoriese raamwerk het Suid-Afrika se groter verbintenis met globale kapitaalmarkte en gepaardgaande kapitaalvloeい groter blootstelling aan globale verwikkellings en die uitwerking daarvan op aandelepryse en die wisselkoers beteken (Coetzee & Aye, 2018:1-22). Selfs die herstel van die aandelemark in 2009 het onder onbestendige omstandighede plaasgevind, en die Suid-Afrikaanse wisselvalligheidsindeks (SAVI) het gedurende die eerste helfte van 2009 voortdurend hoér vlakke behaal as gedurende 2007–2008. Hierdie groter onbestendigheid dien as 'n aanduiding van hoe Suid-Afrika gedurende die tydperk 2007–2009 toenemend blootgestel is aan internasionale oorspoeleffekte, veral gedurende die GFK (Kucra, Roncolato & VonUexkull, 2017:347-350). Selfs voor die GFK is buitelandse belangstelling in die Suid-Afrikaanse aandelemark nie net aangedryf deur hoë verwagte opbrengste nie, maar ook deur lae globale risikoafkeervlakke. Netto aankope van aandele deur buitelanders het byvoorbeeld dikwels aandelepryse op die JSE gevolg (SARB, 2005:63), maar dit het hoofsaaklik plaasgevind gedurende tye van lae globale risiko. Hierdie tendens was duidelik sigbaar in die tydperk 2000–2010 (sien Figuur 11) toe netto aankope van Suid-Afrikaanse aandele deur buitelanders vergelyk kon word met die CBOE-wisselvalligheidsindeks (VIX), wat 'n bekende maatstaf vir globale risikoafkeer is (Ananchotikul, Zhang & Duval, 2014).

Uit Figuur 11 is dit duidelik dat globale risiko in die tydperk 2000–2009 'n primêre bepaler van kapitaalmarkvloeい gebly het en, gegewe die land se status as ontluikende mark, het Suid-Afrika kwesbaar gebly vir tydperke van hoë globale risiko wanneer beleggers verkies om na veiligehawebeleggings te beweeg (Kavli & Viegi, 2013).

4. Die tydperk ná die GFK van 2009–2010: Ekonomiese en politieke ontwikkelinge

Die wêreldwye resessie van 2009 en onsekerheid oor die herstel in wêreldmarkte het geleid tot die implementering van sterk stimulerende monetêre en fiskale beleidsmaatreëls wêreldwyd. Groot fiskale tekorte het geleid tot 'n eskalasie van staatskuld, terwyl lae rentekoerse en kwantitatiewe verruiming in 2009 in ontwikkelde lande tot 'n invloei van fondse na die Suid-Afrikaanse aandelemark en in 2010 ook na die effektemark geleid het (SARB, 2010:60-63). Die totale waarde van ekwiteitskapitaal wat verkry is in plaaslike en internasionale primêre aandelemarkte deur maatskappye wat op die JSE genoteer is, het in 2009 R107 miljard beloop, 40% hoér as in 2008. Die grootste deel van dié kapitaal is deur die hulpbron- en die finansiële sektor verkry. Ekwiteitskapitaal van 'n verdere R80,9 miljard is gedurende 2010 deur genoteerde maatskappye ingesamel, en die relatief lae waarde kan toegeskryf word aan onsekerhede rakende die wêreldwye ekonomiese herstel en politieke onrus in die Midde-Ooste en Noord-Afrika (die MENA-streek) (SARB, 2011:62-64).



Figuur II: Netto aankope van SA aandele deur buitelanders

Bron: OECD (<https://data.oecd.org/price/share-prices.htm/>), Federale Reserwebank van St. Louis (<https://fred.stlouisfed.org/>)

In dié tydperk het Suid-Afrikaanse aandele, soos internasionale aandelemarkte en kommoditeitspryse, ook aansienlike positiewe groei getoon, en het die FTSE/JSE se indeks van alle aandele tussen Maart 2009 en April 2010 met ongeveer 60% gegroei. Buitelandse beleggers het teruggekeer, veral vanaf 2009, namate sentiment en risikoopptyt verbeter het (Labuschagne, Majewska & Olbrys, 2016:31-52).

Die momentum in die aandelemark is egter effens deur die Europese skuldkrisis onderbreek. Die Europese soewereine skuldkrisis, wat in laat 2009 in Griekeland begin het en daarna na ander Europese lande oorgespoel het, het die Europese Unie (EU) en die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) aangespoor om 'n noodfasilitet te vestig. Ten spyte van senuagtigheid weens dié krisis het ontluikende en ontwikkelende markte, gelei deur Asië, steeds sterk ekonomiese groei aangeteken. Die Suid-Afrikaanse sakesiklus het in Augustus 2009 ook 'n keerpunt bereik en saam met die globale ekonomiese sikel in ontluikende markte begin herstel. In 2010 het Suid-Afrika 'n ekonomiese groeikoers van 3% aangeteken, indiensnemingsvlakke het toegeneem en laer rentekoerce het gelei tot hoër besteebare inkomste by verbruikers. Die regering het in reaksie op die GFK sy bestedingsprioriteite aangepas om die ekonomie op 'n groepad te plaas en werkskepping aan te moedig deur 'n nuwe Nasionale Groeiplan (NGP) te aanvaar (Zarenda, 2013). Alhoewel die ekonomie positiewe tekens getoon het, het onsekerhede van 'n globale herstel die groepotensiaal van Suid-Afrika beperk (SARB, 2011:62-64).

Teen 2010 was die Europese soewereine skuldkrisis steeds onopgelos, ten spyte van ondersteuningspakkette van die EU, die ESB (Europese Sentrale Bank) en die IMF (SARB, 2011:62-64). Ontwikkelde lande het ook voortgegaan om hulle ekonomiese met toegeeflike monetêre beleid te ondersteun en gevvolglik het aandelepryse in veral ontwikkelende markte gedurende 2010 steeds gestyg. Die gevolg was dat, soos in die geval van ander ontwikkelende aandelemarkte en kommoditeitspryse, die FTSE/JSE se indeks van alle aandele tussen Maart 2009 en April 2010 met ongeveer 80% gegroeï het en met meer as 150% uitgedruk in dollar (Iress-data). Die sterke van die aandelepryse het daar toe geleï dat die prys-verdiensteverhouding van 8,4 (in 2009) tot 20,7 (in 2010) gestyg het en die aantal genoteerde maatskappye aan die einde van 2010 altesaam 407 beloop het (SARB, 2011:62-64).

Teen die einde van die tydperk 2000–2010 het die aanbieding van die 2010-FIFA-Sokkerwêldbekertoernooi die vooruitsigte van ekonomiese groei in Suid-Afrika verder verbeter. Deur beleggings te lok, toerisme te bevorder en werk te skep, en deur die bou van die sportinfrastruktuur, is sekere bedrywe op die kort termyn bevoordeel. Navorsing deur Gopane en Mmotla (2019) wys op die positiewe resultate wat die aanbied van megasportbyeenkomste op die JSE te weeg bring.

Op 23 Desember 2010 het Brasilië, Rusland, Indië en China (BRIC) Suid-Afrika genooi om 'n lid van hierdie ekonomiese blok te word. Die vooruitsigte om lid van BRIC te wees, kan sowel geleenthede as uitdagings vir Suid-Afrika inhoud (Besada, Winters & Tok, 2013:1-15; Harsh, 2013:91-105). Die insluiting van Suid-Afrika by die BRICS- ekonomiese blok het tot groter integrasie van die aandelebeurse geleï wat beter risiko-tot-opbrengs-prestasie tot gevolg gehad het (Patel, 2019:45). Ten spyte van die optimisme oor Suid-Afrika se ekonomiese vooruitsigte en vroeë suksesse van die ANC-regering kan toekomstige vooruitsigte deur beleidsmislukkings getemper word. Geleenthede vir tegnologiese innovasie en deelname aan die private sektor kan in die gedrang gebring word deur populistiese beleidsingrypings, soos gesinsbeplanning, vrye Wi-Fi-toegang in stedelike sentrums, gratis vroeë kinderonderwys en die verskaffing van werksvisums vir hoogs gekwalifiseerde buitelanders (Fourie, 2017:59-80).

5. Samevatting

'n Aandelemark word as 'n leidende aanwyser van ekonomiese aktiwiteit beskou. As barometer van ekonomiese sentiment behoort aandelemarkte dus op ekonomiese en politieke ontwikkelings en gebeure te reageer, en opbrengste in die verlede moet dus nie geïgnoreer word nie. Ons bevindinge dui daarop dat groot ekonomiese en politieke ontwikkelings dikwels in JSE-opbrengste weerspieël word – hoewel nie op 'n konsekwente wyse nie – en dat positiewe aandelemark-opbrengste altyd in tye van ekonomiese voorspoed voorkom. Ons studie het aan die lig gebring dat die JSE dramatiese makroëkonomiese toestande, beleidsveranderinge en politieke gebeure in aandelepryse en opbrengste weerspieël het. Die aansteeklikheid van wêreldwye ekonomiese gebeure, soos die GFK en die dotcom-borrel, is in aandelepryse op die JSE weerspieël, soos ook die invloed en oorheersing van die kommoditeitsiklus en wisselvallige buitelandse kapitaalvloei.

Hierdie bevindinge hou belangrike implikasies vir beleggers in. Gebeure gedurende die dekade is byvoorbeeld 'n treffende illustrasie van die marksiklus van beleggingsopbrengste. Die negatiewe en lae opbrengste in ontwikkelde markte gedurende die dekade het gevvolg op die internetborrel van die 1990's, terwyl die goeie opbrengste in ontlukkende markte gevvolg het op die Asiese krisis en lae opbrengste gedurende die voorafgaande dekade. Beleggers moet dus bedag wees daarop dat marksiklusse gereeld voorkom, maar nie noodwendig voorspel kan word nie. Dit dui op die belangrikheid van diversifikasie van beleggingsportefeuljes.

Die tydperk wat die studie dek, word gekenmerk deur oorprestasie deur Suid-Afrikaanse aandelebeleggings in vergelyking met dié van G7-lande. Ons studie het aan die lig gebring dat hierdie opbrengste toegeskryf kan word aan sowel plaaslike as globale faktore, en aan fundamentele en beleggersentiment. So byvoorbeeld is buitelandse belangstelling in die ontlukende en Afrikemarkte, en in die Suid-Afrikaanse aandelemark nie net aangedryf deur hoë verwagte opbrengste nie, maar ook deur lae globale risikoafkeervlakte. Die hoë verwagte opbrengste was ten nouste verbind aan globale faktore soos die goud- en platinum-kommoditeitsprysoplewing van die 2000's. Wisselvallige buitelandse kapitaalvloei, veral gedurende die GFK, het aandeelopbrengste gedurende die dekade by tye positief en by tye negatief beïnvloed.

Plaaslike faktore, insluitende makroëconomiese toestande en beleidsveranderinge, is ook in aandelepryse en opbrengste weerspieël. Dit sluit makroëconomiese stabiliteit oor die hele Afrika in as gevolg van laer inflasie, beter monetêre beleid deur toenemend onafhanklike sentrale banke en verbeterde fiskale bestuur. Ekonomiese groei in Suid-Afrika was gedurende die dekade relatief hoog, veral gedurende die vier jaar 2004–2007, met gemiddelde groei van meer as 5% per jaar. Sekere beoogde beleidsveranderinge, soos die Mynbouhandves wat in 2002 uitgelek het, het paniek onder beleggers veroorsaak.

Vir reguleerders duï sulke gebeure op die gevaar van gefragmenteerde en “ligte” regulering, soos ook oormatige vertroue in markdissipline en selfregulering en ’n versnelde proses van finansiële innovasie. Hierdie faktore het grootliks bygedra tot die GFK. Relatief gesonde makroëconomiese grondbeginsels en ’n robuuste finansiële regulatoriese raamwerk in Suid-Afrika het die veerkrachtigheid van die Suid-Afrikaanse finansiële sektor gedurende die GFK verseker.

BIBLIOGRAFIE

- Acharya, VV & Richardson, M. 2009. Causes of the financial crisis. *A Journal of Politics and Society*, 21(2/3):195-210.
- ADB (African Development Bank). 2000. *African Development Bank report*. African Development Bank, Centurion.
- Adelson, M. 2013. The deeper causes of the financial crisis: Mortgage alone cannot explain it. *The Journal of Portfolio Management*, 39(3):16-31.
- Ananchotikul, N, Zhang, L & Duval, RA. 2014. *Portfolio flows, global risk aversion and asset prices in emerging markets*. IMF working paper no. 156. <https://doi.org/10.5089/9781498340229.001>.
- Bai, S & Koong, KS. 2018. Oil process, stock returns, and exchange rate: Empirical evidence from China and the United States. *The North American Journal of Economics*, 44:12-13.
- Bekaert, G, Ehrmann, M & Fratzscher, M. 2014. The global crisis and equity market contagion. *Journal of Finance*, LXIX(6):2597-2649.
- Besada, H, Winters, K & Tok, E. 2013. South Africa in the BRICS: Opportunities, challenges and prospects. *African Insight*, 42(4):1-15.
- Bohlmann, HR & Van Heerden, JH. 2008. Predicting the economic impact of the 2010 FIFA World Cup on South Africa. *International Journal of Sport Management and Marketing*, 3(4):383-396.
- Bradford, C. 2020. Is the stock market worried about climate change? Lessons from the 2010s. SSRN. <https://ssrn.com/abstract=3549416>.
- Bryant, M. 1987. *Taking stock: Johannesburg Stock Exchange, the first 100 years*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- Canuto, O. 2014. *Commodity super cycle to stick around a bit longer*. New York: Capital Finance International.
- Cheru, F. Overcoming apartheid's legacy: The ascendancy of neoliberalism in South Africa's anti-poverty strategy. *Third World Quarterly*, 22(4):505-527.

- Coetzee, L & Aye, GC. 2018. Does the great financial crisis play a role in the causal relationship between exchange rates and stock prices in South Africa? *EconWorld*, 1-22.
- Collins, D & Biekpe, N. 2003. Contagion: A fear for African equity markets? *Journal of Economic and Business*, 55:285-297.
- Crotty, J. 2009. Structural causes of the financial crisis: A critical assessment of the new financial architecture. *Cambridge Journal of Economics*, 33(4):563-580.
- Cuddington, JT & Jerret, D. 2008. Super cycles in real metal prices. *IMF STAFF Papers*, 55(4):541-565.
- Deressa, C & Chipeta, C. 2016. Risk factors in returns of the South African stock market. *Studies in Economics and Econometrics*, 40:71-94.
- Dicle, MF & Levendis, J. 2013. The impact of technological improvements on developing financial markets: The case of the Johannesburg Stock Exchange. *Review of Developing Finance*, 3(4):204-213.
- Draper, P & Freytag, A. 2008. South Africa's Current Account Deficit: Are Proposed Cures Worse than the Disease? *Trade Policy Report* No. 25, South African Institute of International Affairs.
- Du Plessis, S & Smit, B. 2006. *Economic growth in South Africa since 1994*. Stellenbosch Economic Working Papers. Stellenbosch: University of Stellenbosch.
- Fedderke, J & Bogetic, Z. 2006. *Infrastructure and growth in South Africa: Direct and indirect productivity impacts of 19 infrastructure measures*. World Bank Policy Research Paper. New York: World Bank.
- Fourie, J. 2017. The long walk to economic freedom after apartheid, and the road ahead. *Journal of Contemporary History*, 42(1):59-80.
- Goodnight, GT & Green, SE. 2010. Rhetoric, risk, and markets: The dot-com bubble. *Quarterly Journal of Speech*, 96(2):115-140.
- Gopane, TJ & Mmotla, RM. 2019. Stock market reaction to mega-sport events: Evidence from South Africa and Morocco. West Virginia University paper, 1-27. Morgantown: FiT Publishing.
- Harsh, VP. 2013. The BRICS fallacy. *The Washington Quarterly*, 36(3):91-1.
- Hellwig, M. 2008. The causes of the financial crisis. *CESifo Forum*, München, 9(4):12-21.
- Hendriks, S. 2013. South Africa's National Development Plan and New Growth Path: Reflections on policy contradictions and implications for food security. *Agrekon*, 52(3):1-17.
- Heymans, A & Da Camara, R. 2013. Measuring spill-over effects of foreign markets on the JSE before, during and after international financial crises. *SAJEMS*, 16(4):418-434.
- Humphreys, D. 2010. The great metal boom: A retrospective. *Resources Policy*, 35:1-13.
- Iress. *Financial Services Software*. <https://www.iress.com> [12 September 2021].
- Jackson, WG, Alessadri, TM & Black, SS. 2005. *The price of social responsibility: The case of black economic empowerment transactions in South Africa*. Working paper no. 2005-29. Atlanta, GA: Federal Reserve Bank of Atlanta.
- Jeffery, F, Smit, B & Sturzenegger, F. 2006. *South Africa: Macroeconomic challenges after a decade of success*. CID working paper series. Cambridge, MA: Harvard University.
- Jerret, D & Cuddington, J. 2008. Boarding the statistical search for metal price super cycles to steel and related metals. *Resources Policy*, 33(4):188-195.
- Kavli, H & Viegi, N. 2017. Are determinants of portfolio flows always the same? South African results from a time varying parameter VAR model. *South African Journal of Economics*, 85(1):3-27.
- Keyser, N, Van der Merwe, I & De Beer, J. 2020. The Johannesburg Stock Exchange returns, political developments and economic forces: A historical perspective of the 1990s. *New Contree*, 84:92-111.
- Koech, OK. 2013. The effect of the 2008 great financial crisis on the performance of stock indices at the Nairobi Securities Exchange. *International Journal of Innovation Research and Development*, 2(5):1099-1118.
- Kruger, LP. 2011. The impact of black economic empowerment (BEE) on South African businesses: Focus on ten dimensions of business performance. *South African Business Review*, 15(2):207-233.
- Kucra, D, Roncolato, L & VonUexkull, G. 2017. Trade contraction and employment in India and South Africa during the global crisis. *World Development*, 97:347-350.
- Labuschagne, C, Majewska, E & Olbrys, J. 2016. Crisis periods, contagion and integration effects in the major African equity markets during the 2007–2009 GFC. *Optimum Studia Ekonomiczne*, 5(83):31-52.

- Lukasiewicz, M. 2019. Early regulation and social organisation on the Johannesburg Stock Exchange, 1887–1892. *Business History*, 63(2):1-20.
- Madubeko, V. 2010. The great financial crisis and its impact on the SA economy. Ongepubliseerde meerstersgraadtesis. Grahamstad: Universiteit van Fort Hare.
- McKenzie, R & Pons-Vignon, N. 2012. *Volatile capital flows and a route to financial crisis in South Africa*. AUGUR working paper. University Library of Munich, Germany.
- McKibben, W & Stoeckel, A. 2010. *The global financial crisis: Causes and consequences*. Working paper in International Economics. Washington: Lowy Institute for International Policy.
- Melvin, M & Taylor, MP. 2009. The global financial crisis: Causes, threats and opportunities. *Journal of International Money and Finance*, 28(8):1243-1245.
- Memzi, W, Hammoudeh, S, Nguyen, DK & Kang, SH. 2016. Global financial crisis and spillover effects among United States and BRICS stock markets. *International Review of Economics and Finance*, 42:257-276.
- Milan, B & Canuto, O. 2010. *Natural resources and development strategy after the crisis*. Economic Premise No. 1. Washington, DC: The World Bank.
- Moolman, E & Du Toit, C. 2005. An econometric model of the South African stock market. *South African Journal of Economic and Management Sciences*, 8:78-91.
- National Treasury. 2011. *A safer financial sector to serve South Africa better*. <http://www.treasury.gov.za/twinpeaks/20131211%20-%20Item%202%20A%20safer%20financial%20sector%20to%20serve%20South%20Africa%20better.pdf> [14 Oktober 2021].
- Ncube, G & Mirgiri, KF. 2015. Stock Market Integration in Africa: The case of Johannesburg Stock Exchange and Selected Africa Countries. *International Business and Economics Research Journal*, 14(2):367-386.
- OECD (Organisation for Economic Co-operation and Development). 2016. *Gross Domestic Product by Expenditure in Constant prices*. <http://dx.doi.org/10.1787/data-00052-en>.
- Ofek, G & Richardson, M. 2003. DotCom mania: The rise and fall of international stock prices. *The Journal of Finance*, 58(3):1113-1137.
- Patel, RJ. 2019. BRICS emerging markets linkages: Evidence from the global financial crisis. *The Journal of Private Equity*, 22(4):42-59.
- Pillay, D. 2015. The great economic crisis and the Africa rising narrative. *Africa Development*, 40(3):59-75.
- Pindyck, R & Rotemberg, J. 1990. The excess co-movement of commodity prices. *Economic Journal*, 100(403):1173-1189.
- Presidency, The. 2007. *AsgISA: Annual report*. https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/201409/asgis-a-2007.pdf [12 Augustus 2021].
- Reinhart, CM, Reinhart, V & Trebesch, C. 2016. Global cycles: Capital flows, commodities, and sovereign defaults. *American Economic Review*, 106(5):574-580.
- SARB (South African Reserve Bank). 1999. *Quarterly Bulletin*. Pretoria.
- SARB (South African Reserve Bank). 2000. *Quarterly Bulletin*. Pretoria.
- SARB (South African Reserve Bank). 2002. *Quarterly Bulletin*. Pretoria.
- SARB (South African Reserve Bank). 2003. *Quarterly Bulletin*. Pretoria.
- SARB (South African Reserve Bank). 2005. *Quarterly Bulletin*. Pretoria.
- SARB (South African Reserve Bank). 2006. *Quarterly Bulletin*. Pretoria.
- SARB (South African Reserve Bank). 2009. *Annual economic report*. Pretoria.
- SARB (South African Reserve Bank). 2010. *Quarterly Bulletin*. Pretoria.
- SARB (South African Reserve Bank). 2011. *Quarterly Bulletin*. Pretoria.
- Schratten, J. 2014. The transformation of the South African credit market. *Transformation: Critical Perspectives on Southern Africa*, 85:1-10.
- Sennanye, LE. 2014. The impact of black economic empowerment transactions on share price performance of JSE listed mining companies. Unpublished MBA thesis. Pretoria: University of Pretoria.
- Srinivasan, TN. 2006. China, India and the world economy. *Economic and Political Weekly*, 41(34):3716-3727.

- Strydom, B, Christison, A & Matias, J. 2009. An empirical investigation of the effect of black economic empowerment on share prices: 1996 to 2006. *African Journal of Accounting, Economics, Finance and Banking Research*, 5(5):1-19.
- Thomas, G & Green, S. 2010. Rhetoric, risk, and markets: The dot-com bubble. *Quarterly Journal of Speech*, 96(2):115-140.
- UNDP (United Nations Development Programme). 2016. *Primary commodity booms and busts: Emerging lessons from sub-Saharan Africa*. New York: UNDP Regional Bureau for Africa.
- Ward, M & Muller, C. 2010. The long-term share price reaction to BEE announcements on the JSE. *Investment Analysts Journal*, 71:27-35.
- Wasserman, H. 2012. China in South Africa: Media responses to a developing relationship. *Rhodes Journalism Review*, 32:33-35.
- Weeks, J. 1999. Stuck in low GEAR? Macro-economic policy in South Africa, 1996–1998. *Cambridge Journal of Economics*, 23:795-811.
- Wildenboer, R. 2008. AsgiSA: A study of the background to and challenges facing the New Economic Framework of the South African government. Unpublished MBA-thesis. Stellenbosch: Stellenbosch University Business School.
- Yeoh, P. 2010. Causes of the global financial crisis: Learning from the competing insights. *International Journal of Disclosure and Governance*, 7:42-69.
- Yeyati, E & Williams, T. 2012. Emerging economies in the 2000s: Real decoupling and financial recoupling. *Journal of International Money and Finance*, 31(8):2102-2126.
- Zamfir, I. 2016. Africa's economic growth: Taking off or slowing down? Analytical Paper: European Parliament, 1-27.
- Zarenda, H. 2013. *South Africa's National Development Plan and its implications for regional development*. Stellenbosch: Tralac.

Die gebrek aan behoorlike sanitasie en toegang tot water in Suid-Afrikaanse skole: Hoe 'n etiek van verantwoordelikheid kan help

The lack of proper sanitation and access to water in South African schools: How an ethics of responsibility can help

CHRIS JONES

Fakulteit Teologie

Universiteit Stellenbosch

Suid-Afrika

E-pos: chrisjones@sun.ac.za



Chris Jones

CHRIS JONES was vir byna 20 jaar 'n gemeente-predikant in Ceres voordat hy en sy gesin aan die begin van 2008 Stellenbosch toe verhuis het om die Eenheid vir Morele Leierskap in die Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch, op die been te bring. Hy staan tans aan die hoof van hierdie Eenheid en is ook Hoofnavorsier in die Dissipline-groep Sistematiese Teologie en Ekklesiologie. Hy is die skrywer van 'n verskeidenheid boeke, hoofstukke in boeke, akademiese en media artikels, en is betrokke by verskeie gemeenskapsontwikkelingsprojekte.

CHRIS JONES was a church minister in Ceres for close on 20 years before moving to Stellenbosch with his family at the beginning of 2008 to establish the Unit for Moral Leadership at the Faculty of Theology, Stellenbosch University. He currently heads this Unit and is Chief Researcher in the Department of Systematic Theology and Ecclesiology. He is the author of several books, chapters in books, academic and media articles, and is involved in various community development projects.

ABSTRACT

The lack of proper sanitation and access to water in South African schools: How an ethics of responsibility can help

The right of access to sufficient water is enshrined in the Bill of Rights of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996; that this implies a right to basic sanitation as well is borne out by section 3(1) of the Water Services Act 108 of 1997, which provides that “[e]veryone has a right of access to basic water supply and basic sanitation”. In this regard there are many challenges, not only in South Africa, but throughout Africa.

This article focuses on the situation in South Africa only, and in particular on how it applies in South African schools. According to the South African Human Rights Commission,

Datums:

Ontvang: 2022-06-15

Goedgekeur: 2022-08-04

Gepubliseer: September 2022

it is the duty of all spheres of government to ensure that water and sanitation services are provided in an efficient, fair and sustainable manner. This raises the question of which theoretical approach to this duty one should take. In answering this question, the article looks at an ethics of responsibility that is not restricted to purely theoretical insights but seeks to bring about real change in everyday life. The focus is on the Human Rights Commission's report,¹ (2021a) in particular, which deals with the matter of sanitation and water resources in South African schools – in all nine provinces of the country. Although the government has taken significant steps since 1994 to provide a relevant, effective, inclusive and sustainable teaching and learning environment, there are still serious shortcomings, especially with regard to the sanitation infrastructure and water supply in schools. Detailed information on this situation provided by the different provincial education departments and included in the report of the Human Rights Commission, is discussed. According to this report, there are still 366 schools with no water supply, and a further 3 297 schools that still use pit toilets. 37 858 teachers and 1 039 117 learners are affected by this situation. These statistics reveal a dire situation that should be addressed most urgently so that the dignity of and respect for the teachers and learners involved can be restored, and the United Nations' sustainable development goals 4 and 6 for education, water and sanitation can be achieved. It should be central to the policy of the Department of Basic Education and should be one of its key priorities.

Achieving the above-mentioned requires not only political will but also ethical leadership. In the light of this, an ethics of responsibility is considered in order to see how it can contribute to and provide motivation for meeting the above-mentioned sanitation and water challenges in the country's schools. More specifically, the Stellenbosch philosopher Anton van Niekerk's ethics of responsibility is discussed. The aim is to determine whether this theoretical framework can be effective in helping the responsible persons – in this case the government and all the departments concerned – to resolve the problems referred to above. Particular attention is paid to three key ideas in Van Niekerk's approach to an ethics of responsibility, namely fallibility, an ethics for the future (or what Hans Jonas refers to as an "ethics of futurity"), and phronesis or practical wisdom – the last-mentioned as found in Aristotle's reasoning. Van Niekerk's approach is then integrated with the South African theologian Etienne de Villiers' approach to an ethics of responsibility, and how it can be applied in order to address the problems of sanitation and water supply in South African schools. De Villiers focuses on, among other things, the actions, strategies and policies that seek to promote and strengthen an ethical life as effectively as possible. He emphasises that such an ethic should be "contextually appropriate", promote "peaceful coexistence and cooperation", and be democratic. Finally, some important characteristics of an ethics of responsibility are addressed, namely that it should optimally facilitate human flourishing; should be contemporary and have normative value; should be able to make social-scientific analyses of relevant societal contexts; should recognise the so-called "thick" and "thin" or maximal and minimal moralities in our contemporary society; and, finally, that no ethical conviction can claim that it is universally valid for all people. It should furthermore focus on not only the responsible handling of a set of values but also ethical decision-making. Sometimes certain situations require us to act in an activist and prophetic way, and when a certain matter is neglected – in this case the sanitation infrastructure and water supply in schools – society should demonstrate resistance and outrage.

¹ July 2021 Report on Water and Sanitation in Schools.

KEYWORDS:

Anton van Niekerk; ethics of responsibility; Etienne de Villiers; fallibilism; futurity; *phronesis*; sanitation; schools; South African Human Rights Commission; water

TREFWOORDE:

Anton van Niekerk; etiek van verantwoordelikheid; Etienne de Villiers; feilbaarheid; *phronesis*; sanitasie; skole; Suid-Afrikaanse Menseregtekommisie; toekoms(tigheid); water

OPSOMMING

Hierdie artikel fokus op die fundamentele mensereg van toegang tot voldoende water en, daaruit voortvloeiende, sanitasie, en kyk meer spesifiek na hoe die stand van sake in hierdie opsig in Suid-Afrikaanse skole lyk. Dit fokus op die Suid-Afrikaanse Menseregtekommisie se verslag oor die sanitasie-infrastruktuur en waterverskaffing in skole in al nege Suid-Afrikaanse provinsies. Dit wys ook daarop dat dringende aandag daaraan nodig is, omdat 366 skole tans steeds sonder watertoevoer is, en 'n verdere 3 297 skole steeds van puttoilette gebruik maak. Hierna word daar stil gestaan by die Suid-Afrikaanse filosoof Anton van Niekerk se etiek van verantwoordelikheid, wat dan kortlik geïntegreer word met die Suid-Afrikaanse teoloog Etienne de Villiers se benadering tot 'n etiek van verantwoordelikheid. Daar word gekyk wat die waarde daarvan kan wees vir die oplos van die probleme rakende sanitasie en watervoorsiening in skole. Laastens volg enkele slotgedagtes oor sekere kenmerke van 'n (toegepaste) etiek van verantwoordelikheid. Alhoewel laasgenoemde voor die hand liggend en effens kunsmatig mag voorkom wat hierdie problematiek in skole betref, kan die verantwoordelikheid wat op die staat in hierdie opsig rus, nie genoeg beklemtoon en teoreties begrond word nie.

Inleiding

Die reg op toegang tot water, en by implikasie sanitasie, is 'n fundamentele mensereg waarvoor in die Suid-Afrikaanse Handves van Regte² voorsiening gemaak word. Verder bepaal die Wet op Waterdienste in artikel 3(1) dat “[e]lk een 'n reg op toegang tot basiese watervoorsiening en basiese sanitasie [het]”. “Elkeen [het] die reg tot basiese watervoorsiening en sanitasdienste; Elke instansie wat waterdienste lewer [moet] stapte neem om hierdie regte 'n werklikheid te maak; [en] Elke munisipaliteit moet in sy waterdienste-ontwikkelingsplan voorsiening maak om hierdie regte 'n werklikheid te maak” (Suid-Afrikaanse Menseregtekommisie [SAMRK]:1). Dit is nie net in Suid-Afrika dat daar vele uitdagings in hierdie opsig is nie; dit kom ook deur die hele Afrika voor. Alhoewel daar in hierdie artikel net op die situasie in Suid-Afrika, en meer spesifiek in Suid-Afrikaanse skole, gefokus word, word daar tog na twee streeksooreenkoms verwys wat die reg op water en sanitasie in Afrika vaslê, naamlik die Afrikahandves oor Mense- en Volkeregte (1981) en die Afrikahandves oor die Regte en Welsyn van die Kind (1990) (SAMRK:2).

Volgens die SAMRK rus daar “'n plig op alle sfere van die regering om te verseker dat water- en sanitasdienste gelewer word op 'n wyse wat doeltreffend, billik en volhoubaar is” (SAMRK:2). Waar hierdie verantwoordelikheid, wat gemik is op die menswaardigheid, respek en veiligheid van mense, ontduiik word, raak dit 'n moreel-etiese probleem, want die Handves oor Menseregte, soos opgeneem in ons Grondwet, is 'n etiese dokument wat etiese waardes

² Sien die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, Artikel 27(1b).

met gepaardgaande menseregte uitspel. Ons het op laasgenoemde ooreenkom omdat ons 'n goeie en regverdige samelewing tot stand wil bring. Dit lei dan na die vraag van watter teoretiese benadering 'n mens behoort te volg om daaroor na te dink. Hierdie artikel kyk spesifiek in die lig hiervan na 'n "etiek van verantwoordelikheid", maar nie een wat vashaak by teoretiese insigte nie, maar 'n daadwerklike verandering in die praktyk tot gevolg wil hê.

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommisie,³ 'n onafhanklike Hoofstuk 9-instelling,⁴ het gedurende die tweede kwartaal van 2021 verslae oor water en sanitasie by skole van elk van die nege provinsiale onderwysdepartemente in Suid-Afrika aangevra. Die rede was die slechte situasie waarin talle Suid-Afrikaanse skole ten opsigte van hierdie twee sake steeds verkeer – ten spyte van die feit dat Suid-Afrika reeds 28 jaar gelede 'n konstitusionele demokrasie geword het.

Meer spesifiek het die Kommissie inligting op skoolvlak aangevra oor elk van die volgende aspekte:

- (a) Type of Sanitation at the school. The following options were provided to respondents: water borne sanitation; small bore sewer reticulation; septic or conservancy tank; ventilated improved pit latrines; composting toilets; pit latrine; or none.
- (b) The number of learners at each school and the number of teachers at the school.
- (c) The number of sanitation facilities at the school and the percentage to which this is in compliance with norms for sanitation.
- (d) The source of sanitation infrastructure at the school. The following options were provided: a municipal reticulation network; rain harvesting or tank supply from municipality; mobile tankers; boreholes; local reservoirs and dams; or none. (South African Human Rights Commission, 2021b:2)

Die Kommissie het terugvoer oor 16 921 skole in die nege provinsies ontvang. Gauteng, Noordwes en KwaZulu-Natal het egter nie verslag gedoen oor al die skole in hul provinsie nie, maar slegs dié wat histories water- en sanitasiekortkominge ervaar het. Die oorblywende ses provinsiale onderwysdepartemente – die Oos-Kaap, die Vrystaat, Limpopo, Mpumalanga, die Noord-Kaap en die Wes-Kaap – het inligting oor alle openbare skole in hul provinsies verskaf (South African Human Rights Commission, 2021b:2). Die verslag (2021b:1-12) toon aan dat daar tans meer as 1 miljoen kinders in Suid-Afrikaanse skole is wat steeds van puttoilette

³ Die opdrag van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommisie, as die onafhanklike nasionale menseregte-instelling, is om grondwetlike demokrasie te ondersteun deur die bevordering, beskerming en monitering van die bereiking van almal se menseregte in Suid-Afrika sonder vrees, beginstiging of vooroordeel.

Die mandaat van die Kommissie is om respek vir menseregte en 'n kultuur van menseregte te bevorder; die beskerming, ontwikkeling en bereiking van menseregte te bevorder; die nakoming van menseregte te moniteer en te assesseer; die nakoming van menseregte te ondersoek en daaroor verslag te doen; stappe te doen en gepaste regstelling te verseker waar menseregte geskend is; navorsing te doen; op te voed; van die betrokke staatsorgane te vereis om inligting aan die Kommissie te verskaf oor die maatreëls wat hulle getref het ten opsigte van die verwesenliking van die regte vervat in die Handvese van Regte met betrekking tot behuisings-, gesondheidsorg, voedsel, water, maatskaplike sekerheid, onderwys en die omgewing; en die bykomende bevoegdhede en funksies uit te voer wat deur nasionale wetgewing voorgeskryf word: <https://nationalgovernment.co.za/units/view/61/south-african-human-rights-commission-sahrc>.

⁴ Staatsinstellings ter ondersteuning van grondwetlike demokrasie: <https://www.justice.gov.za/legislation/constitution/translations/9/SAConstitution-web-afr-9.pdf>.

gebruik moet maak, en ongeveer 150 000 kinders wat in skole sonder watertoewer is. Die verslae wat uit al die provinsies ontvang is, maak 74% van alle skole in Suid-Afrika uit.

Alhoewel die regering sedert 1994 sukses behaal het wat betref vroeë kinderontwikkeling, infrastruktuur en sosiale beskerming (Reddy & Zulu, 2019), is daar steeds sekere ernstige tekortkominge, veral met betrekking tot die water en sanitasie infrastruktuur van baie openbare skole, soos bogenoemde verslag van die SAMRK duidelik uitwys.

Gedetailleerde terugvoer: provinsiale Departemente van Onderwys


In Tabel 1⁵ (South African Human Rights Commission, 2021b:3) word die aantal skole getoon wat op die SAMRK se versoek gereageer het, teenoor die totale aantal openbare skole in Suid-Afrika, en Grafiek 1 toon die aantal rapporterende skole per provinsie volgens EMIS⁶ 2021.

TABEL 1: Aantal rapporterende skole teenoor die totale aantal gewone openbare skole in Suid-Afrika

Provinsie	Total aantal gewone openbare skole in elke provinsie (EMIS 2021)	Aantal gewone openbare skole wat gerapporteer het	Persentasie gewone openbare skole wat gerapporteer het
Oos-Kaap	5 114	5 087	99%
Vrystaat	1 041	1 000	96%
Gauteng	2 071	223	11%
KwaZulu-Natal	5 814	2 461	42%
Limpopo	3 713	3 795	102%
Mpumalanga	1 688	1 670	99%
Noord-Kaap	545	556	102%
Noordwes	1 448	604	42%
Wes-Kaap	1 453	1 525	105%
	22 887	16 921	74%

⁵ Tabel 1 en Grafiek 1 is oorgeneem uit die *Water and Sanitation Report – July 2021:3* van die SAMRK: <https://www.sahrc.org.za/home/21/files/Water%20And%20Sanitation%20Report%20-%202028%20SeptemberPM.pdf>.

⁶ Education Management Information Systems.



Grafiek 1: Getal rapporterende skole per provinsie volgens EMIS 2021 (South African Human Rights Commission, 2021b:3)

Oos-Kaap – tipe sanitasie en bronse van water

In die Oos-Kaap gebruik 2 236 (44%) skole steeds puttoilette as hul primêre latrinefasiliteit. Nog 1 517 (30%) Oos-Kaapse skole gebruik verbeterde geventileerde puttoilette, terwyl 199 skole (4%) in dié provinsie geen sanitasiefasiliteit het nie. Verder maak 996 (20%) skole van munisipale spoeltoilette gebruik (reg deur die teks verwys munisipale spoeltoilette na toilette wat aan 'n munisipale rioolafvoerstelsel gekoppel is), 128 skole (2%) van Enviro Loo-sanitasie,⁷ en 11 van emmertoilette. Hierdie skole bedien altesaam 717 192 leerders en 27 711 onderwysers. Wat watervoorsiening by skole in hierdie provinsie betref, maak 2 357 (46%) skole gebruik van munisipale grootmaatvoorsiening, 2 180 (43%) van opvangreënwater, 368 (7%) van boorgate, en 61 (1%) van munisipale watertenkwaens (vir algemene watergebruik). 121 skole beskik oor geen watertoevoer nie (South African Human Rights Commission, 2021b:3-4).

⁷ Waterlose stelsels wat deur organiese ontbinding en dehidrasie werk en 'n veilige niebesoedelende oplossing vir sanitasie bied.

Vrystaat – tipe sanitasie en bronne van water

In die Vrystaat maak die meeste skole, naamlik 734 (77%), gebruik van munisipale spoeltoilette, 144 (15%) van septiese tenks, 61 (6%) van verbeterde geventileerde puttoilette en 13 (1%) van Enviro Loo-toilette. Vyf skole het geen vorm van sanitasiefasiliteit nie.

Wat watervoorsiening by skole in hierdie provinsie betref, maak 810 (82%) skole gebruik van munisipale grootmaatvoorsiening, 160 (16%) van boorgate en 14 (1%) van watertenks, terwyl 10 skole geen water het nie (South African Human Rights Commission, 2021b:4-5).

Gauteng – tipe sanitasie en bronne van water

Gauteng het 'n lys van 223 skole voorsien wat sanitasie- en watergebreke ervaar. Van hierdie 223 skole het 136 terugvoer gegee oor die tipe sanitasie-infrastruktuur en 168 oor bronne van water. Wat sanitasie betref, maak 121 (89%) gebruik van septiese tenks, en 15 (11%) van chemiese toilette. 127 (76%) skole gebruik watertenks, 30 (18%) het munisipale waternaalsluiting, en 11 skole maak gebruik van boorgate (South African Human Rights Commission, 2021b:5-6).

KwaZulu-Natal – tipe sanitasie en bronne van water

In KwaZulu-Natal maak 983 (42%) skole wat sanitasie betref, van puttoilette gebruik, 961 (41%) van verbeterde geventileerde puttoilette, 371 (16%) van komposteringstoilette, en 30 van septiese of bewaringstenks. 1 944 skole is dus hoofsaaklik aangewese op put- en verbeterde geventileerde puttoilette vir riolering, terwyl altesaam 349 826 leerders en 12 978 onderwysers in 983 skole primêr puttoilette moet gebruik (die getalle is bekom uit die departementele infrastruktuurrekord).

In KwaZulu-Natal oes 2 032 (87%) skole reënwater of maak van tenks gebruik wat deur die betrokke munisipaliteit voorsien word, 249 (10%) gebruik boorgate, en 64 (3%) maak van die munisipale waternetwerk gebruik (South African Human Rights Commission, 2021b:6-7).

Limpopo – tipe sanitasie en bronne van water

In Limpopo het 78% skole berig dat boorgate hul primêre bron van skoon water is. Dit word dikwels deur ander bronne van water ondersteun (hierdie bronne word egter nie vermeld nie). Die inligting wat deur die provinsie verstrek is, maak nie melding van die tipe sanitasie-infrastruktuur by elke skool nie – met ander woorde daar word nie aangedui hoeveel skole nog puttoilette gebruik nie. Ook word die aantal skole sonder sanitasiegeriewe nie gemeld nie.

Daar is wat bronne van water betref, 113 skole wat geen water het nie. 49 741 leerders en 1 427 onderwysers word hierdeur geraak (volgens die provinsiale infrastruktuurrekord). Altesaam 2 971 (78%) skole gebruik boorgate, 604 (16%) ontvang watervoorsiening van munisipaliteite in groot maat, 124 (3%) skole het nie gereageer nie, en 54 (1%) gebruik munisipale watertenkwaens. 21 skole maak van verskeie ander bronne gebruik (wat nie gespesifieer word nie), 17 oes reënwater, en drie skole beskik oor geen water nie (South African Human Rights Commission, 2021b:7-8).

Mpumalanga – tipe sanitasie en bronne van water

Minder as die helfte van die skole in Mpumalanga (46%) gebruik die munisipale waternetwerk vir wasdoeleindes (ablusie). 59 skole in hierdie provinsie gebruik steeds puttoilette en 30 270

leerders en 885 onderwysers word hierdeur geraak. 770 (46%) skole maak vir sanitasie gebruik van die munisipale rioolnetwerk, 522 (32%) gebruik septiese of bewaringstenks, 285 (17%) Enviro Loo-sanitasie, en 18 verbeterde geventileerde puttoilette.

Die aantal skole in hierdie provinsie wat geen watervoorsiening het nie, word nie in die MRK-verslag vermeld nie, en die aantal skole sonder sanitasiefasiliteite word ook nie aangedui nie. 1 086 (65%) skole het egter 'n munisipale wateraansluiting, 282 (17%) gebruik boorgate, 248 (15%) maak op tenkwaens staat wat skoolopgaartenks van water voorsien (verskaf deur die betrokke munisipaliteit), 47 (3%) gebruik pyp- en tenkwawater, en vier gebruik munisipale watervoorsiening (ongespesifiseerd) en boorgate (South African Human Rights Commission, 2021b:8-9).

Noord-Kaap – tipe sanitasie en bronne van water

In die provinsie Noord-Kaap maak 55% van die skole staat op munisipale spoeltoilette vir hul sanitasiebehoeftes, terwyl 185 skole (33%) septiese tenks gebruik, 43 (8%) Enviro Loo-toilette, en 23 (4%) verbeterde geventileerde puttoilette.

Wat die bronne van water by skole in die provinsie betref, gebruik 314 (56%) skole boorgate, 228 (41%) munisipale erfvoorsiening (dit word nie in hierdie verslag gespesifiseer nie), en 14 (3%) mobiele watertenkwaens (South African Human Rights Commission, 2021b:9-10).

Noordwes – tipe sanitasie en bronne van water

In die provinsie Noordwes gebruik die meeste skole spoelriolering. 44 (7%) skole het geen sanitasiefasiliteite nie, terwyl nege skole glad nie water het nie. 'n Verdere 19 (3%) skole maak steeds van puttoilette gebruik. Laasgenoemde skole betrek 29 407 leerders en 985 onderwysers. 413 (70%) skole in hierdie provinsie gebruik spoelriolering, 75 (13%) septiese of bewaringstenks, 23 (4%) 'n kleindiameterrioolstelsel, 11 (2%) verbeterde geventileerde puttoilette, en drie komposteringstoilette.

Wat watervoorsiening in hierdie provinsie betref, gebruik 342 (59%) skole boorgate, 135 (23%) die munisipale waternetwerk, nege (2%) plaaslike reservoirs en damme, 'n verdere nege (2%) skole het geen water nie. Nog sewe moet op mobiele watertenkwaens steun, ses skole oes reënwater of gebruik tenks wat deur die munisipaliteit voorsien en gevul word, terwyl vier van kleindiameterriolering gebruik maak, en drie van mobiele tenkwaens afhanklik is (South African Human Rights Commission, 2021b:10-11).

In *Beeld* van 25 April 2022 sê Noordwes se onderwysdepartement dat alle puttoilette in dié provinsie nou verwijder is. Elias Malindi, woordvoerder van dié onderwysdepartement, sê dat in "gebiede waar daar probleme is met ondergrondse water het ons alternatiewe tegnologie vir verskeie droë oplossings ingespan wat deur die departement goedgekeur is" (Cilliers, 2022:7). Die departement sê voorts "hy maak ook goeie vordering met die verbetering van infrastruktuur by skole" (Cilliers, 2022:7). Die departement het sedert 2018 dertien nuwe skole in verskeie distrikte in die provinsie gebou. Dit sluit in "klaskamers, voedingsentrum, administratiewe geboue, omheinde gr. R-klaskamers met ouderdomsgepaste ablusiegeriewe, sale wat vir verskillende doeleinades gebruik kan word, sportgeriewe met aantrekkamers, parkeerplekke, bykomende watergeriewe soos stormwaterkanale, seuns- en meisieskoshuisse, asook heinings wat opgerig is" (Cilliers, 2022:7). Opknappingswerk is ook aan 'n verdere 17 skole gedoen, onder meer "die installering van spoeltoilette en ablusiegeriewe, ook vir gestremdes" (Cilliers, 2022:7). Die departement het vir die boekjaar 2022-23 "15 nuwe projekte geïdentifiseer en daarvoor begroot" (Cilliers, 2022:7).

Wes-Kaap – tipe sanitasie en bronne van water

Verreweg die meeste skole in die Wes-Kaap maak van munisipale watervoorsiening vir sanitasie gebruik. Wat sanitasie betref, word 1 390 (91%) skole deur hulle munisipaliteit bedien, 117 (8%) gebruik septiese tenks, 16 (1%) maak van komposteringstoilette gebruik, en slegs twee skole van verbeterde geventileerde puttoilette.

Wat bronne van water in hierdie provinsie betref, word daar gerapporteer dat geen skool sonder water is nie. 1 401 (92%) gebruik munisipale water, 59 (4%) kry hul water uit plaaslike reservoires en damme, 41 (3%) gebruik boorgate, 17 (1%) is van mobiele watertenkwaens afhanklik, en sewe skole oes reënwater (South African Human Rights Commission, 2021b:11-12).

Samevattende opmerkings rakende die MRK-verslag

Die tabelle hier onder duい die aantal skole aan waaroor gerapporteer is dat hulle geen waterbron vir sanitasie het nie (Tabel 2), asook skole wat steeds puttoilette gebruik (Tabel 3). Die leerder- en onderwyserinskrywingsdata vir hierdie skole is egter onbetroubaar, aangesien dit op EFMS-sagteware⁸ eerder as EMIS gebaseer is. Nogtans is dit kommerwekkend dat meer as 'n miljoen leerders en onderwysers deur hierdie tekortkominge geraak word.

TABEL 2: Aantal skole sonder enige sanitasie-infrastruktuur, met aantal geaffekteerde onderwysers en leerders (South African Human Rights Commission, 2021b:12).

Provinsie	Getal skole met geen water nie	Getal geaffekteerde onderwysers	Getal geaffekteerde leerders
Oos-Kaap	199	3 006	63 676
Vrystaat	10	213	6 936
Limpopo	113	1 427	49 741
Noordwes	44	783	2 298
Totaal	366	5 429	144 255

TABEL 3: Aantal skole wat puttoilette gebruik met aantal onderwysers en leerders daardeur geraak (South African Human Rights Commission 2021b:12).

Provinsie	Getal skole wat puttoilette gebruik	Getal onderwysers geraak	Getal leerders geraak
Oos-Kaap	2 236	24 705	653 516
KwaZulu Natal	983	12 978	349 826
Mpumalanga	59	885	30 270
Noordwes	19	175	5 505
Totaal	3 297	37 858	1 039 117

⁸ Energy and facility management software.

Ter afsluiting van bogenoemde gedetailleerde inligting uit die MRK-verslag kan gemeld word dat in skole waarin die Enviro Loo-toilette nie deur die onderskeie onderwysdepartemente in stand gehou en gediens word nie, die skole gedwing word om weer op puttoilette terug te val (Section 27, 2020).

Bogenoemde statistieke toon dat daar tans 366 skole in Suid-Afrika is wat geen watervoorsiening het nie; dit raak 5 429 onderwysers en 144 255 leerders. Daarbenewens is daar nog 3 297 skole wat steeds puttoilette gebruik, wat 37 858 onderwysers en 1 039 117 leerders raak.

Dringende aandag word benodig

Hierdie haglike situasie sal baie dringend reggestel moet word om die betrokke onderwysers en leerders se menswaardigheid te herstel, en bloot uit respek teenoor hulle, maar ook om die Verenigde Nasies se Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte 4⁹ en 6¹⁰ vir onderwys te probeer bereik en water en sanitasie vir almal te verskaf (United Nations Development Programme, 2022).

Die puttoilette hou nie net 'n gesondheidsgevaar in nie, maar is ook onveilig, degraderend en onwettig. Suid-Afrikaanse howe het al herhaaldelik gesê dat die verband tussen puttoilette

⁹ “Since 2000, there has been enormous progress in achieving the target of universal primary education. The total enrolment rate in developing regions reached 91 percent in 2015, and the worldwide number of children out of school has dropped by almost half. There has also been a dramatic increase in literacy rates, and many more girls are in school than ever before. These are all remarkable successes.

“Progress has also been tough in some developing regions due to high levels of poverty, armed conflicts and other emergencies. In Western Asia and North Africa, ongoing armed conflict has seen an increase in the number of children out of school. This is a worrying trend. While Sub-Saharan Africa made the greatest progress in primary school enrolment among all developing regions – from 52 percent in 1990, up to 78 percent in 2012 – large disparities still remain. Children from the poorest households are up to four times more likely to be out of school than those of the richest households. Disparities between rural and urban areas also remain high.

“Achieving inclusive and quality education for all reaffirms the belief that education is one of the most powerful and proven vehicles for sustainable development. This goal ensures that all girls and boys complete free primary and secondary schooling by 2030. It also aims to provide equal access to affordable vocational training, to eliminate gender and wealth disparities, and achieve universal access to a quality higher education.” https://www.za.undp.org/content/south_africa/en/home/sustainable-development-goals/goal-4-quality-education.html.

¹⁰ “Water scarcity affects more than 40 percent of people, an alarming figure that is projected to rise as temperatures do. Although 2.1 billion people have improved water sanitation since 1990, dwindling drinking water supplies are affecting every continent.

“More and more countries are experiencing water stress, and increasing drought and desertification is already worsening these trends. By 2050, it is projected that at least one in four people will suffer recurring water shortages.

“Safe and affordable drinking water for all by 2030 requires we invest in adequate infrastructure, provide sanitation facilities, and encourage hygiene. Protecting and restoring water-related ecosystems is essential.

“Ensuring universal safe and affordable drinking water involves reaching over 800 million people who lack basic services and improving accessibility and safety of services for over two billion.

“In 2015, 4.5 billion people lacked safely managed sanitation services (with adequately disposed or treated excreta) and 2.3 billion lacked even basic sanitation.” https://www.za.undp.org/content/south_africa/en/home/sustainable-development-goals/goal-6-clean-water-and-sanitation.html.

en leerders se vermoë om te studeer nie onderskat moet word nie (Supreme Court of Appeal of South Africa, 2019:1-40).

Die staat moet ingevolge die *South African Schools Act*,¹¹ 1996, minimum eenvormige norme en standarde vir die infrastruktuur van 'n openbare skool daarstel en in stand hou, wat voldoende watervoorsiening insluit, asook sanitasiefasiliteite wat maklik toeganklik is vir alle leerders en opvoeders. Die infrastruktuur moet voorts in hierdie oopsig privaatheid en veiligheid bied, gesondheids- en higiënestandaarde bevorder, voldoen aan alle toepaslike wette en in goeie werkende toestand gehou word.

Dít behoort sentraal te staan in die Departement van Basiese Onderwys se beleid en moet een van sy sleutelprioriteite wees (Jones, 2021).

Met verwysing na skole het Africa Check (2019) aangedui dat honderde kinders reeds in puttoilette verdrink het. Tragiese verhale van jong kinders wat by skole in puttoilette val en in ontlasting verdrink, het al in ons land opslae gemaak (Africa Check, 2019).

President Cyril Ramaphosa het wel in 2018 die “Sanitation Appropriate for Education” (SAFE)-inisiatief van stapel gestuur in 'n poging om van puttoilette in skole ontslae te raak (*The Citizen*, 2020).

In 2020 het Angie Motshekga, Minister van Basiese Onderwys, gesê dat 'n staatsinfrastruktuurprogram “sanitasie-oplossings” by 68 skole verskaf het. Sanitasiekwessies by 'n verdere byna 1 000 skole is ook deur provinsiale departemente van onderwys en deur ander vennootskappe (ongespesifieerd) aangepak (*The Citizen*, 2020).

Motshekga het gesê haar departement beplan om puttoilette teen Maart 2022 uit te skakel, afhangende van die beskikbaarheid van finansiering (*The Citizen*, 2020). Dit het ongelukkig nie gebeur nie. Gedurende Junie 2020 is die begroting vir onderwysinfrastruktuur weens die Covid-19-pandemie met R2 miljard gesny. R600 miljoen hiervan is oorgedra na die “School Infrastructure Backlog Grant” om vir tydelike toegang tot water en sanitasie in skole te betaal. Dit is egter met 'n verdere R60 miljoen gesny (Chaskalson & Masipa, 2020).

Uiteraard moet die regering se pogings in hierdie oopsig waardeer word. Tog, indien die Departement van Basiese Onderwys, saam met provinsiale onderwysdepartemente en ander betrokke staatsdepartemente, nie die regering se beloftes in hierdie verband (gaan) nakom nie, behoort daar 'n nasionale woede en verset hieroor los te bars wat hulle aanspreeklik hou, al beteken dit dat die verantwoordelike mense hof toe geneem moet word (Jones, 2021).

In 'n mediaverklaring op 29 September 2021 spreek die SAMRK ses provinsiale lede van uitvoerende rade (LUR'e) vir onderwys aan oor water- en sanitasiegebreke in hulle provinsies. Dit was die LUR'e vir onderwys van KwaZulu-Natal, Noordwes, Limpopo, Mpumalanga, die Vrystaat en die Oos-Kaap, en is gebaseer op bogenoemde inligting wat hulle aan die SAMRK verskaf het. Die SAMRK wou vasstel presies wat hierdie provinsies daadwerklik doen om hierdie probleme die hoof te bied.

The Commission has written to the MECs requiring that these provinces provide the Commission with *inter alia* detailed action plans with strict timeframes and tangible measures to overcome the health and physical risks to which learners, educators and administrators are exposed. The action plans need to include the covering up and securing of pit latrines, which pose a safety risk to learners. The Commission has also informed the MECs that it will monitor the responses attentively and take the necessary action,

¹¹ Lees die volledige opgedateerde wet (Engelse teks) by: <https://www.education.gov.za/LinkClick.aspx?fileticket=aIolZ6UsZ5U%20%3D&tabid=767&mid=3184>.

including litigation, if necessary, in the best interests of the child; and to protect the right to a basic education.

The Commission is committed to working with the National Department of Basic Education as well as provincial departments of education to ensure that the right to a basic education is immediately realised.

Om bogenoemde te bereik vra nie net politieke wil nie, maar ook dapper etiese leierskap. In die lig hiervan word daar nou gekyk na 'n etiek van verantwoordelikheid, en hoe dit kan bydra tot die oplossing van die probleme en motivering kan verskaf om bogenoemde water- en sanitasie-tekortkominge in Suid-Afrikaanse skole die hoof te bied. Die fokus is hoofsaaklik op 'n etiek van verantwoordelikheid soos deur Anton van Niekerk, filosoof aan die Universiteit Stellenbosch, ontwikkel is. Die doel is om vas te stel of hierdie (teoretiese) raamwerk die verantwoordelike persone – in hierdie geval die staat en al sy ministeries wat by bogenoemde gebreke betrokke behoort te wees – effektiel kan help.

Ek sluit meer spesifiek aan by Van Niekerk se voordrag wat hy as deel van die Dawid de Villiers-gedenkgeleenthed¹² gelewer het en waarop ek gereageer het (die ruimte ontbreek om my kritiek op sy teorie hier uit te stippel – dit is ook nie die oogmerk van hierdie artikel nie); sy tema was “In Search of an Ethics of Responsibility for our Time”. Hy het in hierdie lesing gefokus op 'n moontlike etiek van verantwoordelikheid vanuit 'n filosofiese perspektief in die

¹² Drie lesings is gelewer tydens hierdie gedenkgeleenthed by STIAS in Stellenbosch (2020-01-17). (1) Wolfgang Huber: “Ethics of responsibility in a theological perspective”; (2) Etienne de Villiers: “An ethics of responsibility for our time: A proposal”; en (3) Anton van Niekerk: “The ethics of responsibility: Responsibility as category in bioethical theorising”, wie se artikel later in die *Stellenbosch Theological Journal* (STJ) gepubliseer is onder die titel: “The ethics of responsibility: Fallibilism, futurity and *phronesis*”. Die motivering vir hierdie gedenkgeleenthed is deur die volgende gedagtes bepaal: “It was the German sociologist Max Weber who in 1919 introduced the term ‘ethics of responsibility’ (German: *Verantwortungsethik*) in his famous speech ‘Politics as a Vocation’. He used the term to refer to his proposal for a commendable ethical approach in modern politics. The term ‘ethics of responsibility’ has since then found strong resonance in politics, philosophy, and theology. Politicians sometimes promoted their own political policies as the outcome of an ethics of responsibility approach – the former chancellor of West Germany, Helmut Schmidt, presenting a clear example. Theodor Adorno, Karl-Otto Apel and Paul Ricoeur are examples of philosophers who constructively engaged with Weber’s ethics of responsibility and incorporated aspects of it in their own ethical theories. Philosophers like Emmanuel Levinas and Hans Jonas redeployed the term ‘ethics of responsibility’ to depict the ‘new’ approaches to ethics they proposed. The American theologians H. Richard Niebuhr and William Schweiker, as well as the German theologians Dietrich Bonhoeffer, Wolfgang Huber, and Ulrich Körtner, developed their own theological versions of ethics. Without any doubt ‘responsibility’ has become one of the key concepts of contemporary culture. One reason is that it has become clear that serious global risks threaten the future existence of human and other forms of life on earth and that we are faced with the enormous responsibility to find morally acceptable solutions. This means, among others, that the task of developing an adequate contemporary ethics of responsibility ought to remain high on the agenda of philosophical and religious ethics. In this one-day seminar we want to focus on this task of designing an adequate ethics of responsibility for our time. Questions such as ‘How should the ethics of responsibility be conceived?’, ‘What case can be made for it?’, ‘What are its main features?’ and ‘What is its agenda?’ are on the table. The idea is to bring together participants from both philosophy and theology to critically discuss the proposals of three proponents of the ethics of responsibility and gauge the prospects of attaining adequate consensus on what the ethics of responsibility should look like.” (Van Niekerk, persoonlike epos kommunikasie, 03/12/2019)

algemeen, en bioëtiiek in die besonder. Ek kyk in die lig van die probleme wat ek in hierdie artikel aanroer, uiteraard na sy breër filosofiese perspektief op 'n etiek van verantwoordelikheid en hoe relevant dit is vir die tyd waarin ons lewe. Ek kan volledig met hierdie kernaspekte van sy teorie saamgaan – só ook met dié van Etienne De Villiers: (sien later) – en vind dit uiters waardevol. 'n Mens sou ook gebruik kon maak van 'n meer tradisioneel Afrika gebaseerde teorie soos *Ubuntu*,¹³ maar aangesien Van Niekerk en De Villiers vanuit dieselfde filosofiese (en theologiese) tradisies as ek skryf, het ek besluit om hul teorieë hier te gebruik.

Van Niekerk se etiek van verantwoordelikheid

Van Niekerk wou met sy aanbieding by daardie gedenkgeleentheid die geldige en waardevolle aspekte van utilitarisme en deontologie ontgin en integreer met sy beskouing van 'n etiek van verantwoordelikheid, en nie soseer op hul tekortkomings fokus nie.¹⁴ In sy raamwerk van 'n etiek van verantwoordelikheid ontwikkel hy drie sentrale temas. Eerstens behels dit dat 'n toepaslike raamwerk vir morele besluitneming vereis dat 'n mens ruimte moet maak vir die moontlikheid van feilbaarheid ("fallibilism"). Dit moet ook op die toekoms fokus (hy sluit hom hierin aan by Hans Jonas se "etiek van toekomstigheid" – "futurity"), wat uiteraard die gevolge van ons huidige optrede behoort te verreken. Die derde tema is dat, hoewel die gevolge van ons optrede belangrik kan wees, soos wat die utilitarisme nog altyd aangedui het, gevolge alleen nie genoegsaam is nie. Morele besluitneming en handeling as sodanig moet ook deur reëls en beginsels gelei word. Hier sluit Van Niekerk hom sterk aan by die insigte van Aristoteles, veral sy idee van *phronesis*.¹⁵ Die kern van Van Niekerk se argument het dan ook te doen met wat Aristoteles identifiseer as morele kennis.

Moral knowledge respects and often builds upon the norms and action guides that pervade social life. However, merely drawing on deep-seated norms and conventions is not enough. These norms and conventions require application in a host of practical situations. Exactly how they are to be applied, is far from self-evident. That is something that we learn in the practice of daily life by the deliberation that essentially characterises phronesis or prudence (practical wisdom). (Van Niekerk, 2020:207)

Alhoewel Van Niekerk die rol erken van die Duitse sosioloog Max Weber,¹⁶ wat bekend is daarvoor dat hy oorspronklik met die idee van 'n etiek van verantwoordelikheid vorendag gekom het, maak hy sterker gebruik van die werke van die Duitse filosoof Hans Jonas en die (oorspronklik) Poolse denker Zygmunt Bauman.¹⁷ Vir hierdie denkers is die bereidheid tot, en die vermoë om verantwoordelikheid te neem in, moreel uitdagende situasies uiterst belangrik.

¹³ *Ubuntu* fokus veral op drie kernwaardes naamlik, respek vir menswaardigheid, deernis en geregtigheid. Hierdie waardes help om *Ubuntu* regoor Afrika te vestig, waarvan respek vir menswaardigheid die belangrikste is. Al drie hierdie kernwaardes kom ook in die artikel na vore.

¹⁴ Beauchamp *et al.* (2014:1-32), Beauchamp & Walters (2003:1-38), Mappes & Degrazia (2001:1-55) en Van Niekerk (in Moodley, 2017:7-40) lever egter ook wat morele besluitneming (in bioëtiese konteks) betref, kritiek op hierdie benaderings.

¹⁵ Van Niekerk fokus spesifieker op Aristoteles se etiek soos ontwikkel in *Nicomachean Ethics* (Aristotle, 1953). Hy verwys na boek ses waar Aristoteles sekere intellektuele deugde hanteer (1953:203-225) veral die deug van "prudence" of praktiese wysheid, wat volgens Van Niekerk Aristoteles se idee van *phronesis* die beste weergee.

¹⁶ Sien onder ander Weber se bekende toespraak "Science as vocation" en Etienne de Villiers se boek *Revisiting Max Weber's ethic of responsibility* (2018).

'n Mens moet dus bereid wees om tot verantwoording geroep te word, veral vir dít wat van jou as morele agent verwag word. Daarom behoort so 'n persoon beskikbare, duidelik geformuleerde en weldeurdagte redes te kan verskaf vir waarom hy/sy sekere besluite geneem het en op 'n sekere manier opgetree het – selfs al sou hierdie besluite of optrede blyk foutief te wees of nie volhoubaar nie (Van Niekerk, 2020:211).

Volgens Van Niekerk tree ons dikwels nie noodwendig meer op volgens 'n "natural moral impulse" nie, maar eerder volgens 'n "morality of proximity", soos Jonas dit stel. Laasgenoemde soort moraliteit is egter onvoldoende, want ons bevind ons in 'n globale wêreld waarin ons besluite en optrede nie net die mense in ons onmiddellike, nabye omgewing beïnvloed nie, maar ook betekenisvolle gevolge het wat in tyd en ruimte oor groot afstande strek. Ons optrede het dus nie net gevolge vir die hier en nou nie, maar betrek ook die belang van toekomstige geslagte, volgens Jonas; ook Bauman (1993:219-222) vind hierby sterk aansluiting. In hierdie opsig maak die Noorweegse filosoof Arne Vetlesen 'n belangrike punt, naamlik dat wanneer toekomstige geslagte ter sprake kom, enige etiek wat verantwoordelikheid met resiprositeit (wederkerigheid) verbind, totaal onvoldoende sou wees, want toekomstige geslagte kan nie nou enigsins reageer nie. Van Niekerk (2020:212) beskryf hierdie gedagte treffend: "Future generations have an unqualified appeal to our sense of responsibility, irrespective of how they themselves act or neglect to act in their circumstances." Vetlesen (in Van Niekerk, 2020:212) val terug op Jonas en redeneer:

Unborn individuals cannot stand up and claim their rights; reciprocation is hopelessly beyond their reach. Yet this empirical fact ... does not exclude them as addressees of our responsibility. Their basic right is the right to a life on an ecologically inhabitable planet; lest we be careful they will never see the light of day at all. (Vetlesen, aangehaal deur Bauman, 1993:220)

Ons moet dus die belang van ander op die hart dra, ongeag of hulle wederkerig daarop (kan) reageer of nie. "The other is a claim upon me to which I am morally obliged to respond, without having the right to demand a reciprocal action from him/her" (Van Niekerk, 2020:213). Volgens die Franse filosoof Emmanuel Levinas vorm hierdie verantwoordelikheid teenoor die ander, ook die omgewing waarin die ander en ek moet oorleef, die enigste volhoubare, verdedigbare basis vir moraliteit (Van Niekerk, 2020:213). Die beskikbaarheid vir ander behels volledig die realiteit van wie ek is. Ek kan net wees in die mate dat ek daar is vir ander (in hulle belang). Anders gestel: 'n Mens moet eers "vir" die ander wees voordat jy "met" die ander kan wees.

Die appèl wat die ander op my maak, is onvoorwaardelik. Juis dít maak my verantwoordelik vir die ander. Levinas skryf treffend hieroor: "I am responsible for a total responsibility, which answers for all in the others, even for their responsibility. The I always has one responsibility *more than all the others*" (Levinas¹⁷ in Van Niekerk, 220:214).

Drie sleutelidees vir 'n etiek van verantwoordelikheid

Van Niekerk fokus, soos hier bo genoem, in hierdie opsig op drie idees: (1) daar moet altyd ruimte gemaak word vir die moontlikheid van feilbaarheid ("fallibility"); (2) 'n etiek van

¹⁷ Van Niekerk maak egter ook gebruik van die werke van Emmanuel Levinas (1985) en André Comte-Sponville (1996).

¹⁸ Levinas (1985:98-99).

verantwoordelikheid moet 'n etiek vir die toekoms¹⁹ wees ("futurity"); en (3) gaan oor praktiese wysheid (*phronesis*) soos deur Aristoteles verstaan.

Feilbaarheid

Alhoewel ons te alle tye bereid moet wees om ons redes vir bepaalde besluite en optrede bekend te maak, beteken dit nie dat 'n mens nie later in die lig van nuwe inligting, kennis en beredenering jou bepaalde redes/motivering sou kon verander nie. Sou daar bepaalde (negatiewe) gevolge van sekere besluite/aangevoerde redes wees, moet die morele agent altyd daarvoor verantwoordelikheid neem. Om 'n "eerlike" fout te maak behoort iemand nie (vir altyd) te bevlek nie. Dit is menslik; dit gebeur. Hierdie soort verandering tree in want 'n mens moet op 'n gegewe oomblik 'n bepaalde besluit neem omdat jy sekere besluite nie kan bly uitstel in die hoop op moontlike nuwe kennis en inligting nie. Wat die etiese betref, bevind 'n mens jou dikwels in 'n situasie waarin jy huis nie oor sekerheid en die onweerlegbaarheid van feite, soos in byvoorbeeld die natuurwetenskappe, beskik nie. Van Niekerk (2020:215) verwys in hierdie opsig na die Franse filosoof Paul Ricoeur, wat 'n "logique de la validation" ("logic of validation") gebruik, waarin waarskynlikheid 'n meer realistiese doel as sekerheid is. Daar moet ook 'n onderskeid gemaak word tussen 'n "logique de la validation" en 'n "logique de la vérification" ("logic of verification") (Ricoeur, 1981). Ricoeur verduidelik dit soos volg: "Validation is an argumentative discipline comparable to the judicial procedures of legal interpretation. It is a logic of uncertainty and of qualitative probability" (Van Niekerk, 2020:215; Ricoeur, 1981:212). Dus, die "logique de la vérification" vind mens in die spreekwoordelike laboratorium, terwyl jy die "logique de la validation" in die hof vind. In laasgenoemde geval soek mens nie finale sekerheid nie, maar wel na die waarheid "bo redelike twyfel". Dikwels is daar nie 'n "laaste woord" te spreek rakende sekere moreel-etiese besluite nie (Van Niekerk, 2020:215). Huis omdat 'n mens nie altyd sekerheid oor sulke kwessies het nie, moet jy die opinies en oortuigings respekteer van diegene wat van jou verskil, al voel jy hóé oortuig van jou saak op grond van inligting wat jy bekom het en waarmee jy werk. "When thus engaging in an ER²⁰ [ethics of responsibility], we have no assurance of correct moral behaviour, but we do have assurance of responsible moral behaviour. The latter is mostly what can realistically be expected from moral agents" (Van Niekerk, 2020:217).

'n Etiek vir die toekoms

In hierdie verband sluit Van Niekerk aan by Jonas se beklemtoning van ons verantwoordelikheid ten aansien van die toekoms, aangesien ons veral in die lig van die ontwikkeling van tegnologie nie maar net met die hede besig kan wees nie. Hein Berdinesen, met verwysing na Jonas se bekende boek (*The imperative of responsibility: In search of an ethics for the technological age*, 1984), formuleer sy imperatief soos volg: "Act so that the effects of your action are compatible with the permanence of genuine human life" (Van Niekerk, 2020:218; Berdinesen, 2018; Jonas, 1984:10-12).

Die feit dat 'n mens die toekoms in jou besluitneming oorweeg, beteken dat jy ook die gevolge van jou besluite en/of dade moet oorweeg. Alhoewel Immanuel Kant en sy volgelinge

¹⁹ Dit sluit sterk aan by Levinas se fokus hierop.

²⁰ Volgens Van Niekerk is "fallibilism" nie onversoenbaar met Levinas se verstaan van 'n etiek van verantwoordelikheid nie – sien Van Niekerk (2020:217-218).

oordeel dat die toekoms te onseker is om enige morele besluite te baseer op vermoedens oor toekomstige gebeure, argumenteer Van Niekerk (2020:218) dat hulle op hierdie punt gewoon verkeerd is.

What the future will be, is no fundamentally uncertain entity, but a time and circumstances that are, to a considerable extent, influenced by what happens today. And what happens today could make that future liveable and better, particularly for those who now suffer terribly, or it could make the future insufferable as such.

Volgens die Duitse filosoof Ernst Bloch is ons “hopende diere”. Die Britse historikus Eric Hobsbawm redeneer “ons droom vorentoe”. Ons kan betekenisvolle voorspellings (“predictions”) van die toekoms maak, wat verskil van blote begeertes. Om voorspellings te waag, moet mens dit grond op tersaaklike en akkurate analyses van die verlede en van wat in die hede aan die gebeur is. Om die toekoms te voorspel, volgens Hobsbawm, is nie dieselfde as om die toekoms te (probeer) ken nie (Van Niekerk, 2020:219; Hobsbawm, 1998:51).

Phronesis

Hierdie derde aspek van Van Niekerk se etiek van verantwoordelikheid het te doen met ’n interaksie – ’n mens sou dit selfs ’n “dialektiek” kon noem – tussen die oorweging van gevolge en die gesag (en appèl) van morele norme. In sy behandeling en uitbouing van hierdie aspek van ’n etiek van verantwoordelikheid kritiseer Van Niekerk²¹ die argumente van konsekvensialiste/utilitariste soos Peter Singer (1993) en Michael Tooley (1983). Vir Van Niekerk kan ’n mens nie die relevansie van die konsekvensies van besinning oor morele kwessies ignoreer nie. Net so kan ’n mens ook nie die norme, waardes en beginsels betrokke by morele aksies en besluitneming ignoreer nie. In sy akkommodering van beide hierdie twee aspekte van ’n etiek van verantwoordelikheid beroep Van Niekerk hom op Aristoteles²² se idee van *phronesis*, wat die beste as praktiese wysheid beskryf kan word. Vir Van Niekerk is *phronesis* nie slegs ’n teoretiese posisie nie, maar huis ’n benadering wat direk inspeel op praktiese probleme; dit wil ons huis help om betekenisvol met ’n verskeidenheid van alledaagse uitdagings om te gaan. Hiervoor moet ’n mens sekere norme, waardes en beginsels kan toepas. Ook verskil praktiese wysheid van tegniese kennis, wat iemand baie nuttig (en prakties) te pas kan kom om byvoorbeeld ’n motor of rekenaar te herstel. *Phronesis* gaan egter oor hoe ’n mens ’n goeie lewe kan lei, hoewel laasgenoemde ook nie vir almal dieselfde is nie. Vir Van Niekerk (2020:222) kom praktiese wysheid neer op “*both means and ends*” (sy kursivering). Hier sluit hy sterk aan by die Franse filosoof André Comte-Sponville: “Prudence has something modest or instrumental to it: it is enlisted to serve ends that are not its own and is concerned, for its own part, with the choice of means” (Van Niekerk, 2020:222; Comte-Sponville, 1996:32).

Van Niekerk (2020:223) beskryf sy verstaan van *phronesis* treffend as hy sê:

[P]hronesis (or prudence) is a kind of knowledge where I try to act in accordance with precepts or action guides that I acknowledge, but in such a way that they are prudently applied to the situation in which I find myself and where I must act in a way that I can live with the consequences.

²¹ Sien Van Niekerk (2017): Ethics theories and the principlist approach in bioethics. In Moodley, K. (ed.). *Medical ethics, law and human rights*.

²² Sien Aristoteles se *Nicomachean Ethics* (Aristotle, 1953:203-225).

Hiervoor is beraadslaging (“deliberation”) uiter noodsaklik, “a rational interchange that moves to and fro between the requirement of the norm and the requirements of the situation” (Van Niekerk, 2020:223). Aristoteles skryf baie insiggewend hieroor:

But prudence is concerned with human goods, i.e. things about which deliberation is possible; for we hold that it is the function of the prudent man to deliberate well; and nobody deliberates about things that cannot be otherwise, or that are not means to an end, and that end a practical good. And the man who is good at deliberation generally is the one who can aim, by the help of his calculation, at the best of the goods attainable by man. Again, prudence is not concerned with universals only; it must also take cognisance of particulars, because it is concerned with conduct, and conduct has its sphere in particular circumstances. (Van Niekerk, 2020:224; Aristotle, 1953:213)

Die kern van Van Niekerk se argument word in die laaste sin van bostaande aanhaling saamgevat.

Vir hom kry ons ons norme, waardes en oortuigings uit ons opvoeding, geloof en gewete en uit die oortuigings van die samelewing waarin ons ons bevind. Maar om net hierop terug te val, is nie genoeg nie. Hierdie waardes en norme moet in 'n verskeidenheid van praktiese situasies toegepas word. Presies hoe weet ons nie altyd nie, maar ons leer dit deur oefening aan. En dit neem normaalweg baie lank. 'n Mens kry dit nie oornag reg nie, maar leer dit volgens Aristoteles juis deur beraadslaging aan. Van Niekerk skryf hieroor in een van sy vroeëre werke (2013:28-30):

Deliberation is an argumentative strategy that requires dialogue with ourselves and with others. It implies the careful weighing up of the claim of the norm against the requirement of the situation – bearing in mind, especially, the consequences of what our deeds will have. In this sense, deliberation – the essence of phronesis – is a dialectic movement between action guide and the requirements of the practical situation, as well as the possible consequences of the action.

Comte-Sponville benadruk in hierdie opsig die element van onsekerheid en feilbaarheid wat met die beoefening van praktiese wysheid saamgaan:

Prudence presupposes uncertainty, risk, chance and the unknown. A god would have no need of it, but how could a man do without it? Prudence is not a science; rather, it replaces science where science is lacking. One deliberates only when one has a choice to make, in other words, when no proof is possible or adequate – that's when one must want not only good ends, but also good means to achieve them. To be a good father, it is not enough to love one's children, nor is it enough to wish them well for that wish to come true. Love does not excuse a lack of intelligence. The Greeks knew this, perhaps better than we. Phronesis is like practical wisdom: wisdom of action, for action, in action. (Comte-Sponville soos aangehaal deur Van Niekerk, 2020:225)

Van Niekerk sluit sy 2020-artikel af met 'n aanhaling van Comte-Sponville wat die belangrikheid van praktiese wysheid baie goed uitwys:

Morality without prudence is either futile or dangerous. ‘*Caute*’, says Spinoza: ‘Take care’. That is the maxim of prudence. We must watch out for morality as well, when it disregards its limits or uncertainties. Good will is no guarantee, nor is good faith a valid excuse. In short, morality is not sufficient for virtue; virtue also requires intelligence and lucidity. It is something that humour reminds us of and that prudence prescribes. It is

imprudent to heed morality alone, and it is immoral to be imprudent. (Van Niekerk, 2022:225)

Hierdie etiek van verantwoordelikheid, tesame met 'n kort beskouing van die Suid-Afrikaanse teoloog Etienne de Villiers se etiek van verantwoordelikheid, word nou geïntegreer in 'n toepassing op die gebreke van sanitasie en bronse van watervoorsiening in Suid-Afrikaanse skole.

Etiek van verantwoordelikheid toegepas op die tekortkominge van sanitasie en bronse van watervoorsiening in Suid-Afrikaanse skole

Die hoofdoel van 'n etiek van verantwoordelikheid behoort te wees om 'n etiese lewe te bevorder wat daar toe sal bydra dat mense, en trouens ander lewende wesens, optimaal floree. Ook Aristoteles skryf omvattend hieroor. Vir hom is die hoogste doel van menswees huis om te floree, en behoort alle optrede hierop gerig te wees. *Eudaimonia*, wat florering beteken, is nie net kortstondige plesier nie, maar blywende tevredenheid – nie net 'n goeie dag nie, maar 'n goeie lewe. Vir kinders om te floree, moet hulle nie net in gunstige huislike omstandighede leef nie, maar ook onderwys van goeie gehalte in goed toegeruste skole ontvang – waarvan veilige (nie skadelik vir hul gesondheid en welsyn nie), goed funksionerende sanitasie en watervoorsiening noodsaaklik is.²³ De Villiers (2018:210) sê in hierdie verband dat die wyse waarop 'n etiek van verantwoordelikheid daarna streef om 'n etiese lewe te bevorder en te versterk, deur die volgende beginsels (sonder om op volledigheid aanspraak te maak) gerig behoort te word.

Die eerste is dat die optrede, strategieë en beleid wat 'n etiese lewe wil bevorder en versterk, so effektiief as moontlik moet wees: "This implies that the foreseeable consequences of different options should be estimated as accurately as possible, in order to decide on the most effective means. The effective means employed should, however, be limited by the moral goals, virtues, and principles that spell out ethical living in the specific context ..." (De Villiers, 2018:211).

In hierdie opsig behoort die regering realistiese en dringende doelwitte daar te stel oor wanneer hy puttoilette by alle Suid-Afrikaanse skole verwijder wil sien en wanneer daar by elke skool veilige watervoorsiening moet wees. Hiervoor moet daar deeglik begroot word en niks behoort die beplanning, strategie en beleid daaroor in die wiele te ry nie. Die spesifieke konteksgerigte waardes hier ter sprake gaan oor veiligheid, respek vir kinders en onderwysers, en hul privaatheid en menswaardigheid.

Die tweede aangeleenthed wat volgens De Villiers (2018:211) die bevordering van 'n etiese lewe raak, behels "contextual appropriateness". Alle riglyne vir die aanpak van 'n spesifieke etiese uitdaging moet die toets van tersaaklikheid slaag ten opsigte van die betrokke makro- (globale en nasionale), meso- (organisatoriese) en mikro- (konkrete besluitneming) kontekste. Die voorsiening van veilige water en sanitasiegeriewe by elke skool in Suid-Afrika voldoen beslis aan die tersaaklike makro-, meso-, en mikrovereistes. Niemand behoort die tersaaklikheid hiervan te bevraagteken nie.

Die derde saak wat De Villiers (2018:211) rakende die bevordering en versterking van 'n etiese lewe uitlig, behels "peaceful coexistence and cooperation". Hiermee bedoel hy dat

²³ Lees meer oor die fundamentele mensereg op water en sanitasie asook Wet op Waterdienste 108 van 1997 by: [https://www.sahrc.org.za/home/21/files/1.\(AFRIKAANS\)SAHRC%20Water%20and%20sanitation%20V1.pdf](https://www.sahrc.org.za/home/21/files/1.(AFRIKAANS)SAHRC%20Water%20and%20sanitation%20V1.pdf).

riglyne wat vir etiese besluitneming en optrede verskaf word, nie tot verdeeldheid en twis behoort by te dra nie, maar eerder tot optimale vreedsame naasbestaan en samewerking. Die regstel van gebrekkeige infrastruktuur vir sanitasie en watervoorsiening in skole sal hierdie beginsel volledig versterk. Die vierde riglyn handel oor demokratiese deelname. Hierdie benadering moet anti-outokraties wees en daarna streef om die optimale demokratiese betrokkenheid van alle rolspelers in 'n spesifieke maatskaplike konteks te verseker deur die keuse van toepaslike waardes in besluitneming. Al die staatsdepartemente wat by die vervanging van puttoilette en die voorsiening van veilige water by skole betrokke is, moet dus saamwerk en, waar nodig, ook die privaat sektor en ander rolspelers (multisektoraal) betrek. Dit is die enigste manier waarop hierdie onveilige, degraderende, mensonwaardige en onwettige verskynsel in skole effektiel aangepak en uitgeroei kan word.

Van Niekerk en De Villiers se benaderings tot of raamwerke vir 'n etiek van verantwoordelikheid sluit baie goed by mekaar aan, hoewel De Villiers²⁴ se benadering baie meer omvattend is as wat hier aangedui word. Wat Van Niekerk se benadering of model betref, behoort die regering en die provinsiale onderwysdepartemente op deursigtige wyse bekend te maak hoekom daar, 28 jaar ná ons eerste volle demokratiese verkiesing, steeds skole in Suid-Afrika is wat van puttoilette gebruik maak, en ander steeds nie oor water of enige vorm van sanitasie beskik nie. Wat die toekoms betref, soos Van Niekerk in sy etiek van verantwoordelikheid redeneer, sal dit elke kind en onderwyser in hierdie land se privaatheid, veiligheid en waardigheid dien indien hierdie gebreke in infrastruktuur in skole reggestel kan word. Ons kinders, veral ook die toekomstige geslagte, verdien veilige sanitasieriewe en watervoorsiening. Praktiese wysheid vra van al die betrokke rolspelers om effektiel, deursigtig en op deelnemende wyse saam te werk om hierdie ernstige tekortkominge in die skole (konteks) in Suid-Afrika dringend uit te skakel.

Slot

Hoewel 'n mens versigtig moet wees om nie oordrewe aansprake te maak oor die doeltreffendheid van 'n etiek van verantwoordelikheid nie, moet jy tog die (groot) mate van sukses van so 'n benadering erken. Hierdie sukses toon dat die bewering dat 'n etiek van verantwoordelikheid tot die bevordering van etiese lewe in hedendaagse samelewings kan bydra, nie unrealisties is nie. Daar moet voortdurend hieroor nagedink word en, waar nodig, regstellings aangebring word ten einde te verseker dat sulke benaderings of modelle mense op optimale wyse kan laat floreer – en soos ek dit verstaan, diskwalifiseer 'n florerende en etiese lewe eng egoïstiese persoonlike en groepsbelange.

'n Etiek van verantwoordelikheid moet kontemporêr wees en normatiewe waarde hê. Dit moet sosiaal-wetenskaplike ontleding(s) van toepaslike samelewingskontekste kan maak. De Villiers (2018:209) verwys soos volg na hierdie etiese normatiwiteit van 'n etiek van verantwoordelikheid: "More specifically, one can say that it is 'normative ethical', in that it reflects on the 'goals' that need to be set and achieved, the 'virtues' that need to be cultivated and instilled, and the 'norms' that need to be followed to contribute to this promotion of ethical living."

'n Etiek van verantwoordelikheid moet ook "thick" en "thin", of dan maksimale en minimale, moraliteit in ons kontemporêre samelewings erken. Albei word benodig. Michael

²⁴ Lees meer oor sy "tweedevlak"-etiek van verantwoordelikheid in sy boek *Revisiting Max Weber's Ethic of Responsibility* (2018:207-228).

Walzer (1994:16-17, soos aangehaal in De Villiers, 2018:212) stel dit soos volg: "Minimal morality is very important, both for the sake of criticism and for the sake of solidarity. But it can't substitute or replace the defense of thickly conceived values." Die rede hiervoor is dat "[t]he morality in which the moral minimum is embedded, and from which it can only temporarily be extracted, is the only full-bloodied morality we can ever have."

Wat ook in gedagte gehou moet word, is dat alle etiese oortuigings gegrond is op interpretasies van spesifieke etiese tradisies. Geen etiese oortuiging kan daarop aanspraak maak dat dit universeel vir alle mense geldig is nie, dat dit onfeilbaar waar is nie, en dat dit in alle sfere van die lewe toepaslik is nie. Ook is morele oorwegings nie noodwendig belangriker as nie-morele oorwegings nie. En tog, binne 'n diverse samelewing soos Suid-Afrika s'n, kan ('n mate van) konsensus en ooreenkoms wel bereik word, veral oor 'n belangrike kwessie soos gebrekkige sanitasie en watervoorsiening in Suid-Afrikaanse skole. Waarskynlik voel alle mense dieselfde oor die veiligheid en waardigheid van en respek vir hulle medemens, in hierdie geval kinders, onderwysers en ander skoolpersoneel.

'n Etiek van verantwoordelikheid behoort veral te fokus op die verantwoordelike omgaan met nie net ('n stel) waardes²⁵ nie, maar ook etiese besluitneming.²⁶ Alle moontlike rolspelers moet lewensvatbare maniere voorstel hoe individue asook organisasies en instellings kan saamwerk en bydra om sekere dringende probleme te probeer oplos. "This points to the fact that individual responsibility and co-responsibility should not be played off against one another. The exercise of both individual and co-responsibility (including collective and organisational responsibility) is indispensable in our time" (De Villiers, 2018:227).

De Villiers redeneer ook dat die klem op toleransie en ooreenkoms wat binne 'n etiek van verantwoordelikheid aangetref word, die indruk kan wek dat die enigste modus van so 'n etiek is om akkomoderend te wees. Dit is egter nie die geval nie. Soms word daar te doen gekry met ekstreem beskouings of prakteke, en dan kan dit nodig wees om 'n aktivistiese, konfronterende houding in te neem en om dan sosiaal krities²⁷ en profeties op te tree. Indien die staat voete sleep en nie genoegsame, deursigtige redes verskaf waarom daar in 2022 nog 1 039 117 leerders en 37 858 onderwysers in Suid-Afrikaanse skole is wat van puttoilette gebruik moet maak, en 144 255 leerders en 5 429 onderwysers is in skole wat oor geen sanitasie-infrastrukturue beskik nie, of indien die staat geen gedrewenheid aan die dag lê om die probleem dringend op te los nie, behoort die samelewing aktivisties te raak en sy profetiese stem te laat hoor, en behoort daar 'n nasionale woede hieroor los te bars.

BIBLIOGRAFIE

- Africa Check. 2019. Have "hundreds" of kids drowned in school pit latrines in South Africa? *Polity*. <https://www.polity.org.za/article/have-hundreds-of-kids-drowned-in-school-pit-latrines-in-south-africa-2019-01-25>. [6 April 2022].
- Aristotle. 1953. *The ethics of Aristotle – The Nicomachean ethics*. Harmondsworth: Penguin Books.
- Basic Education, Department of. 2013. https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/201409/37081rg10067gon920.pdf [6 April 2022].

²⁵ Sien De Villiers (2018:215-222) en hoe voorstanders van verskillende etiese oortuigings of met verskillende stelle waardes betekenisvolle, kritiese gesprekke kan hê ten spyte van verskille, en hoe hulle selfs by mekaar kan leer (Stout, 2004:273, 85-91).

²⁶ Sien De Villiers (2018: 222-228; 2011:1) asook Tödt (1977; 1979; 1988a; 1988b).

²⁷ Sien Walzer (1987) se boek *Interpretation and social criticism*, waarin hy sosiale kritiek en profetiese getuenis met mekaar verbind.

- Bauman, Z. 1993. *Postmodern ethics*. Oxford UK & Cambridge USA: Blackwell.
- Beauchamp, TL & Walters, L. 2003. *Contemporary issues in bioethics*. Belmont: Wadsworth.
- Beauchamp, TL, Walters, L, Kahn, JP & Mastroianni, AC. 2014. *Contemporary issues in bioethics*. Belmont: Wadsworth.
- Berdinesen, H. 2018. "On Hans Jonas' 'The imperative of responsibility'". *Philosophia* (E-journal for philosophy and culture): <https://philosophia-bg.com/archive/philosophia-17-2017/on-hans-jonas-the-imperative-of-responsibility/> [16 Mei 2022].
- Chaskalson, J & Masipa, B. 2020. Sustainable school sanitation: We need more than quick fixes and empty promises. *Daily Maverick*. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2020-11-17-sustainable-school-sanitation-we-need-more-than-quick-fixes-and-empty-promises/> [6 April 2022].
- Cilliers, S. 2022. Alle puttoilette weg. *Beeld*, 25 April 2022.
- Comte-Sponville, A. 1996. *A small treatise on the great virtues*. New York: Henry Holt and Company.
- De Villiers, E. 2011. An ethics of responsibility reading of Eduard Tödt's theory on the formation of moral judgments. In Hansen, L., Koopman, N. & Vosloo, R. (eds). *Living theology: Essays presented to Dirk J. Smit on his sixtieth birthday*. Wellington: Bible Media, pp. 468-480.
- De Villiers, E. 2018. *Revisiting Max Weber's ethic of responsibility*. Tübingen: Mohr Siebeck.
- Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.
- Hobsbawm, E. 1998. *On history*. Gloucester: Peter Smith Pub Inc.
- Jonas, H. 1984. *The imperative of responsibility: In search of an ethics for the technological age*. Chicago: The University of Chicago Press.
- Jones, C. 2021. Pit latrines and lack of access to clean water at schools is a national outrage. *Daily Maverick*. <https://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2021-11-03-pit-latrines-and-lack-of-access-to-clean-water-at-schools-is-a-national-outrage/> [6 April 2022].
- Levinas, E. 1985. *Ethics and infinity*. Pittsburgh: Duquesne University Press.
- Mappes, TA & Degazia, D. 2001. *Biomedical ethics*. Boston: McGraw Hill.
- Reddy, V & Zulu, N. 2019. Education in South Africa: hits and misses over the past 25 years In: *The Conversation*. <https://theconversation.com/education-in-south-africa-hits-and-misses-over-the-past-25-years-119104> [8 Augustus 2022].
- Ricoeur, P. 1981. *Hermeneutics and the human sciences*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Schweiker, W. 2001. Disputes and trajectories in responsibility ethics. *Religious Studies Review*, 27(1): 18-24.
- Section 27. 2020. *Thinking sustainably about school sanitation: We need more than quick-fixes and empty promises*: <https://section27.org.za/2020/11/thinking-sustainably-about-school-sanitation-we-need-more-than-quick-fixes-and-empty-promises/> [5 April 2022].
- Singer, P. 1993. *Practical ethics*. Cambridge: Cambridge University Press.
- South African Human Rights Commission (SAHRC), 2021-2022: <https://nationalgovernment.co.za/units/view/61/south-african-human-rights-commission-sahrc> [4 April 2022].
- South African Human Rights Commission. 2021a. <https://www.sahrc.org.za/index.php/sahrc-media-news-2/item/2820-media-statement-letters-of-demand-on-water-and-sanitation-to-provincial-departments-of-education> [6 April 2022].
- South African Human Rights Commission. 2021b. Water and Sanitation Report July – 2021: <https://www.sahrc.org.za/home/21/files/Water%20And%20Sanitation%20Report%20-%202028%20SeptemberPM.pdf> [5 April 2022].
- South African Schools Act 84 of 1996: <https://www.education.gov.za/LinkClick.aspx?fileticket=aIolZ6UsZ5U%20%3D&tabid=767&mid=3184> [6 Junie 2022].
- Stout, J. 2004. *Democracy and tradition*. Princeton and Oxford: Princeton University Press.
- Suid-Afrikaanse Menseregtekommisie. S.j. Die Reg op Water & Sanitasie. [https://www.sahrc.org.za/home/21/files/1.\(AFRIKAANS\)SAHRC%20Water%20and%20sanitation%20V1.pdf](https://www.sahrc.org.za/home/21/files/1.(AFRIKAANS)SAHRC%20Water%20and%20sanitation%20V1.pdf) [23 Mei 2022].
- Supreme Court of Appeal of South Africa. Judgment Case No. 754/2018 & 1051/2018. 2019. <https://section27.org.za/wp-content/uploads/2019/12/KOMAPE-JUDGMENT.pdf> [6 April 2022].
- The Citizen*. Education. 2020, 4 000 South African public schools still use pit latrines (2 August 2020). <https://www.citizen.co.za/news/south-africa/education/2333497/4000-south-african-public-schools-still-use-pit-latrines/> [7 April 2022].

- Tödt, HE. 1988b. Die Zeitmodi in ihrer Bedeutung für die sittliche Urteilsfindung. In Tödt, HE. *Perspektiven theologischer Ethik*. München: Chr. Kaiser, pp. 49-84.
- Tödt, HE. 1977. Versuch zu einer Theorie ethischer Urteilsfindung. *Zeitschrift für Evangelische Ethik*, 21:81-93.
- Tödt, HE. 1979. Kriterien evangelisch-ethischer Urteilsfindung: Grundsätzliche Überlegungen angesichts der Stellungnahmen der Kirchen zu einem Kernkraftwerk in Wyhl am Oberhein. In Tödt, HE. *Der Spielraum des Menschen. Theologische Orientierung in den Umstellungskrisen der modernen Welt*. Gütersloh: Gerd Mohn, pp. 31-71.
- Tödt, HE. 1988a. Versuch einer ethischen Theorie sittlicher Urteilsfindung In: Tödt, HE. *Perspektiven theologischer Ethik*. München: Chr. Kaiser, pp. 21-48.
- Tooley, M. 1973. *Abortion and infanticide*. Oxford: Oxford University Press.
- United Nations Development Programme, Republic of South Africa. 2022. Goal 4: Quality Education: https://www.za.undp.org/content/south_africa/en/home/sustainable-development-goals/goal-4-quality-education.html [7 April 2022].
- United Nations Development Programme, Republic of South Africa. 2022. Goal 6: Clean Water and Sanitation. https://www.za.undp.org/content/south_africa/en/home/sustainable-development-goals/goal-6-clean-water-and-sanitation.html [7 April 2022].
- United Nations Development Programme. 2022. https://www.undp.org/sustainable-development-goals?utm_source=EN&utm_medium=GSR&utm_content=US_UNDP_PaidSearch_Brand_English&utm_campaign=CENTERAL&category=CENTERAL&campaign_src=GSR&gclid=EAIAIQobChMIjcTY0ezl8wIVye3mCh1mTwGAEAYAaEgLADPD_BwE [6 April 2022].
- Van Niekerk, AA. 2013. Phronesis and an ethics of responsibility (with N Nortjé). *South African Journal of Bioethics and Law*, 6(1):28-30.
- Van Niekerk, AA. 2017. Ethics theories and the principlist approach in bioethics. In: Moodley, K (ed.). *Medical ethics, law and human rights: A South African perspective*. Pretoria: Van Schaik.
- Van Niekerk, A.A., 2019, epos, 3 Desember.
- Van Niekerk, AA. 2020. The ethics of responsibility: Fallibilism, futurity and phronesis. *STJ*, Vol. 6(1):207-227.
- Walzer, M. 1987. *Interpretation and social criticism*. Cambridge, MA: Harvard University Press.
- Walzer, M. 1994. *Thick and thin: Moral argument at home and abroad*. Notre Dame/London: University of Notre Dame Press.
- Weber, M. 1922. <https://www.wisdom.weizmann.ac.il/~oded/X/WeberScienceVocation.pdf> [13 Mei 2022].

'n Vergelykende studie rakende ondersteuningsdienste vir onderwysers in openbare skole in die BRICS-lidlande

A comparative study regarding support services for teachers in public schools in the BRICS member states

REINETTE BLAKE

Fakulteit Onderwys

Noordwes-Universiteit Potchefstroom Suid-Afrika

E-pos: Reinette.hello@gmail.com



Reinette Blake



Deon Vos

DEON VOS

Senior lektor

Noordwes-Universiteit Potchefstroom Suid-Afrika

E-pos: deon.vos@nwu.ac.za



Louw de Beer



Erika Serfontein

LOUW DE BEER

Senior lektor

Noordwes-Universiteit Potchefstroom Suid-Afrika

E-pos: louw.debeer@nwu.ac.za

ERIKA SERFONTEIN

Medeprofessor

Noordwes-Universiteit Potchefstroom Suid-Afrika

E-pos: erika.serfontein@nwu.ac.za

REINETTE BLAKE is 'n passiewolle Hoëskoolonderwyses in Mpumalanga waar sy Besigheidsstudies vir die graad 10-12 leerders aanbied. Sy het die honneursgraad in Arbeidsverhoudinge aan die Noordwes-Universiteit verwerf waar sy ook die MEd in Vergelykende Opvoedkunde met prof. E. Serfontein, dr. D. Vos en dr. L. de Beer as studieleiers voltooi het. Haar navorsing fokus op die ondersteuningsdienste vir onderwysers in die BRICS-lande. Sy is tans ingeskryf by die Noordwes-Universiteit vir haar PhD studies, waar sy gaan toespits op die interne determinante van historiese aard van onderwyssstelsels in die BRICS-lande ten einde sodoende te kan bydra tot die veld van onderwys.

REINETTE BLAKE is a passionate High School teacher in Mpumalanga, where she teaches Business Studies to learners of grades 10 to 12. She obtained an honours degree in Labour Relations and a MEd in Comparative Education at the North-West University – her master's dissertation being supervised by prof. E. Serfontein, dr. D. Vos and dr. L. de Beer. Her research focuses on the support services for teachers within the BRICS countries. She is currently enrolled at the North-West University towards PhD studies in which she intends focusing on the internal determinants of the historical nature of education systems in the BRICS countries, in so doing contributing to the field of education.

Datums:

Ontvang: 2022-01-25

Goedgekeur: 2022-08-13

Gepubliseer: September 2022

<p>DEON VOS behaal agtereenvolgens die kwalifikasies, HOD (Potchefstroomse Onderwyskoloeg, 1984); BA (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1988); BEd (<i>Cum Laude</i>; Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 2001); MEd (<i>Cum Laude</i>; Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, 2005) en PhD (<i>Kategorie A</i>; Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, 2010). Hy begin sy onderwysloopbaan in 1985 by Laerskool De Beer, waarna hy tot departementshoof bevorder word in 1992. In 2000 word hy tot 'n adjunkhoof en in 2004 tot skoolhoof bevorder by dieselfde skool. In 2016 word hy aangestel as senior lektor aan die Fakulteit Opvoedkunde se Skool vir Professionele Studies aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus. Vos se navorsingsfokus is Onderwysbestuur en -leierskap, asook Vergelykende Opvoedkunde.</p>	<p>DEON VOS was awarded the following qualifications: HED (Potchefstroom College of Education, 1984), BA (Potchefstroom University for Christian Higher Education, 1988), BEd (<i>Cum Laude</i>; Potchefstroom University for Christian Higher Education), MEd (<i>Cum Laude</i>; North-West University Potchefstroom Campus) and PhD (North-West University Potchefstroom Campus). Vos started his career as a teacher in 1985 at Laerskool De Beer, after which he was appointed as head of department in 1992, deputy principal in 2000 and principal in 2004, still at the same school. In 2016 he was appointed as a senior lecturer at the North-West University Potchefstroom Campus in the Faculty of Education's School of Professional Studies in Education. His research focuses on, inter alia, Education Management and Leadership and Comparative and International Education.</p>
<p>LOUW DE BEER het die graad MEd Onderwys Leierskap aan die Universiteit van Pretoria behaal, asook 'n PhD aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. Ná 'n loopbaan in die onderwys as wiskunde-onderwyser, departementshoof en adjunkhoof het hy 'n pos as dosent in die Fakulteit Opvoedkunde se Skool vir Professionele Studies aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus in 2013 aanvaar. Dr de Beer se navorsingsfokus is Internasionale Vergelykende Onderwys en Onderwysstelsels van die BRICS-organisasie. Hy publiseer reeds meer as 20 BRICS-verwante artikels en het 6 nagraadse studente afgelê wat op BRICS-onderwysstelsels fokus.</p>	<p>LOUW DE BEER obtained the qualifications, Med Education Leadership at the University of Pretoria and a PhD at North-West University, Potchefstroom Campus. Following a career in teaching as math teacher, head of department and deputy head he accepted a position as lecturer in the Faculty of Education's School of Professional Studies at the North-West University's Potchefstroom Campus in 2013. Dr. de Beer focuses in his research on, inter alia, International Comparative Education and Education Systems of the BRICS organization. He has already published more than 20 BRICS related articles and successfully tutored six postgraduate students researching BRICS Education Systems.</p>
<p>ERIKA SERFONTEIN is 'n medeprofessor in regte aan die Vanderbijlparkkampus van die Noordwes-Universiteit. Sy is die Adjunk-skoldirekteur van die Skool vir Professionele Studies in Onderwys en doseer onderwysreg in die Fakulteit Opvoedkunde. Sy het haar reggsgrade aan die Randse Afrikaanse Universiteit en die Universiteit van Suid-Afrika verwerf en die nagraadse kwalifikasies MEd (cum laude) en PhD aan die Noordwes-Universiteit onder die noukeurige toesig van wyle professor Elda De Waal voltooi. Haar navorsing fokus op fundamentele mense-rechte, skoolbestuur, arbeidsreg, regsnavoring en, spesifiek, die verwesenliking van die reg op lewe en op basiese onderwys. Sy is 'n lid van die Navorsingseenheid Onderwys en Menseregte in Diversiteit (Edu-HRight) aan die Noordwes-</p>	<p>ERIKA SERFONTEIN is an associate professor of law at the Vanderbijlpark Campus of the North-West University. She is the Deputy School Director of the School for Professional Studies in Education and teaches Education Law in this Faculty of Education. She obtained her law degrees from the Rand Afrikaans University and the University of South Africa. In addition, she completed the degrees MEd (cum laude) and PhD at the North-West University under the careful supervision of the late professor Elda De Waal. Her research focuses on fundamental human rights, school governance, labour law, legal research and, specifically, the realisation of the rights to life and to a basic education. She is a member of the Research Unit Education and Human Rights in Diversity (Edu-HRight) at the</p>

<p>Universiteit, welke eenheid ten doel het om 'n internasional erkende leier te wees in sosiaal-relevante sosiale geregtigheid en menseregte-verwante navorsing, sowel as onderwys vir Suid-Afrika en in Afrika. Die doelwit is om 'n navorsings- en onderwysomgewing te skep en in stand te hou wat gegrond is op waardes van sosiale geregtigheid en menseregte in diversiteit.</p>	<p>North-West University, which aims to become an internationally recognised leader in socially relevant social justice and human rights-related research, as well as education for South Africa and in Africa. The objective is to create and sustain a research and education environment that is grounded in values of social justice and human rights in diversity.</p>
--	---

ABSTRACT

A comparative study regarding support services for teachers in public schools in the BRICS member states

Teacher support services are an element of the component support services of an effective education system. In this study, the BRICS member countries are investigated, and the focus is placed on teachers in public schools. The BRICS member countries are Brazil, Russia, India, China, and South Africa. The BRICS organisation strives to be a well organised and supportive organisation in terms of economic growth through effective education and training. The BRICS member countries have been selected for this study because there is a dearth of research on this topic.

This study shows that there is a gap in the BRICS organisation in terms of teachers receiving the necessary support services with a view to ensuring effective teaching. The aim of the research was to determine how support services are provided to teachers in public schools in the BRICS member countries. The study focuses on the differences and similarities that can be identified based on support services provided to teachers in public schools in the BRICS member countries. The comparative research method was used to identify and compare best practices with regard to support services offered to teachers within the BRICS member countries. The following themes were identified where best practices occurred within the local context of the individual BRICS member states: support services within media support, support in the pension fund, law advice services, and services that the unions provide. A Uniform framework for support services for educators is important to provide effective support to educators. In this way, support services of better quality to teachers can be ensured. However, it is important that the context of each country be considered before formulating such a policy. Improving cooperation between the BRICS member countries can also strengthen relations between the countries. Raising awareness of international organisations' involvement in making a financial contribution to the education systems in the BRICS member countries could lead to teachers receiving more support services. In this way, a positive contribution can be made to the education system. During the BRICS Member States' meetings, emphasis should be placed on best practices of assisting the other Member States in attempting to change unsuccessful practices.

Emphasis was placed on media services, pension funds, legal advice services, and trade unions. An interpretive research paradigm was used as a starting point, and a qualitative research method was followed in analysing the content of existing articles and government publications in order to extract data. The data were processed and analysed in tabular form to identify best practices. The overall finding from this study is that support services are available for teachers in the BRICS member countries, although the degree of support varies within the different member countries.

The best practices identified during the research can benefit each of the BRICS member countries. Various resources were consulted to improve not only the support services provided to teachers in each country but also the provision of education in these countries.

KEYWORDS: BRICS, BRICS education objectives, comparative education, education system, public schools, support services, teachers

TREFWOORDE: BRICS, BRICS-onderwysdoelstellings, ondersteuningsdienste, onderwysers, onderwysstelsel, openbare skole, vergelykende opvoedkunde

OPSOMMING

Onderwyserondersteuningsdienste is 'n element van die komponent ondersteuningsdienste van 'n effektiewe onderwysstelsel. In hierdie studie word die BRICS-lidlande ondersoek, en die fokus word op onderwysers in openbare skole geplaas. Die BRICS-lidlande is Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika. Die BRICS-organisasie streef daarna om 'n goed georganiseerde en ondersteunende organisasie te wees in terme van ekonomiese groei deur effektiewe onderwys en opleiding. Die BRICS-lidlande is vir hierdie studie gekies omdat daar 'n gebrek aan navorsing oor hierdie onderwerp is.

Hierdie studie toon dat daar 'n leemte in die BRICS-organisasie is in terme van onderwysers wat die nodige ondersteuningsdienste ontvang om goeie onderrig te verseker. Die doel van die navorsing was om te bepaal hoe ondersteuningsdienste aan onderwysers in openbare skole in die BRICS-lidlande verskaf word. Die studie fokus op die verskille en ooreenkoms wat geïdentifiseer kan word op grond van ondersteuningsdienste wat aan onderwysers in openbare skole in die BRICS-lidlande verskaf word. Die vergelykende navorsingsmetode is gebruik om beste praktyke te identifiseer en te vergelyk met betrekking tot ondersteuningsdienste wat aan onderwysers binne die BRICS-lidlande gebied word.

Die volgende temas is geïdentifiseer waar beste praktyke voorgekom het binne die plaaslike konteks van die individuele BRICS-lidlande: ondersteuningsdienste in media-ondersteuning, ondersteuning in die pensioenfonds,regsadviesdienste en dienste wat die vakbonde verskaf. 'n Eenvormige raamwerk vir ondersteuningsdienste vir opvoeders is belangrik om effektiewe ondersteuning aan opvoeders te bied. Sodoende kan ondersteuningsdienste van 'n beter gehalte aan onderwysers verseker word. Dit is egter belangrik dat die konteks van elke land in ag geneem word voordat so 'n raamwerk geformuleer word. Die verbetering van samewerking tussen die BRICS-lidlande kan ook betrekkinge tussen die lande versterk. Die bewusmaking van internasionale organisasies se betrokkenheid by enige finansiële bydrae tot die onderwysstelsels in die BRICS-lidlande kan daar toe lei dat onderwysers meer ondersteuningsdienste ontvang. Sodoende kan 'n positiewe bydrae tot die onderwysstelsel gemaak word. Tydens die BRICS-lidstate se vergaderings moet klem geplaas word op beste praktyke wat geïdentifiseer is om ander lidlande te help om onsuksesvolle praktyke te verander.

Klem is gelê op mediadienste, pensioenfondse, regsadviesdienste en vakbonde. 'n Interpretatiewe navorsingsparadigma is as vertrekpunt gebruik, en 'n kwalitatiewe navorsingsmetode is gevolg om die inhoud van bestaande artikels en regeringspublikasies te ontleed en data daaruit te onttrek. Die data is verwerk en ontleed om beste praktyke te identifiseer. Die algehele bevinding van hierdie studie is dat ondersteuningsdienste beskikbaar is vir onderwysers in die BRICS-lidlande, alhoewel die mate van ondersteuning binne die verskillende lidlande verskil.

Die beste praktyke wat tydens die navorsing geïdentifiseer is, kan elkeen van die BRICS-lidlande bevoordeel. Verskeie hulpbronne is geraadpleeg om die ondersteuningsdienste wat aan onderwysers in elke land verskaf word, sowel as die voorsiening van onderwys in hierdie lande, te verbeter.

1. Inleiding

Die plig van die moderne onderwyser is nie om gevinstigde woude te ontbos nie, maar eerder om uitgedroogde woestyne water te gee. Dit kan slegs plaasvind indien onderwysers die regte besproeiingstelsel, oftewel ondersteuningsdienste, tot hul beskikking het. Die ondersteuningsdienste wat binne die bestek van 'n onderwysstelsel aan onderwysers gebied word, hou 'n direkte verband met die gehalte van onderrig wat leerders ontvang. Die doel van hierdie navorsingstudie was om onderzoek in te stel na die verskeidenheid ondersteuningsdienste wat aan onderwysers beskikbaar gestel word om hulle in die uitvoering van hul pligte te help. Mediadienste, pensioenfondse,regsadviesdienste en vakbonde is ondersteuningsdienste waardeur bystand aan onderwysers (en leerders) gebied word. Vir die doel van hierdie studie word daar gefokus op ondersteuningsdienste vir onderwysers, alhoewel daar ook ondersteuningsdienste beskikbaar is met betrekking tot leerders, onderrigaktiwiteite en onderrigstrukture. Hierdie navorsing vorm deel van 'n groter BRICS Edu-Hright (Education and Human Rights in Diversity Research Unit) projek, waar al die komponente en determinante van die BRICS-lidlande nagevors word. Die einddoel van die projek is om 'n BRICS-onderwysreeks saam te stel. BRICS-plus is die volgende stap vir die organisasie waar ander lande dan ook ingesluit sal word. In hierdie studie is die ondersteuningsdienste beskikbaar aan onderwysers in openbare skole in Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika (ook bekend as die BRICS-lidlande) wat vergoeding van die betrokke onderwysdepartemente ontvang, bestudeer en ontleed. Dit is belangrik om te besin oor die vergoeding wat aan onderwysers in die BRICS-lidlande gebied word, sodat beste praktyke geïdentifiseer kan word. Die studie identifiseer en bespreek die ooreenkoms en verskille ten opsigte van die ondersteuningsdienste wat aan onderwysers in openbare skole van die onderskeie BRICS-lidlande gebied word. Die verskille en ooreenkoms is geïdentifiseer en aangebied volgens die vergelykende metode. Sodoende is dit moontlik om die beste praktyke te identifiseer.

Die einddoel van hierdie studie is om voorstelle te maak aangaande die verbetering van ondersteuningsdienste vir onderwysers in openbare skole deur die beste moontlike praktyke in die vyf BRICS-lidlande te identifiseer. Om hierdie doel te bereik, is gebruik gemaak van dokumentontleding as ondersoekmetode vanuit die interpretivistiese navorsingsparadigma.

Vervolgens word 'n kort oorsig oor die agtergrond verskaf van ondersteuningsdienste vir onderwysers in openbare skole, asook watter bydrae hierdie ondersteuningsdienste tot die onderwysstelsel as geheel lewer.

2. Navorsingsparadigma

2.1 Interpretivisme as navorsingsparadigma

Die navorsingsparadigma is die beginsel waarvolgens 'n mening gevorm word en hoe die navorsing die werklikheid interpreer (Guba & Lincoln, 1994). Vir die doel van hierdie studie word van die interpretivistiese paradigma gebruik gemaak. In hierdie studie is dit noodsaaklik om deur die lens van dokumente na die navorsingsprobleem te kyk en sodoende duidelikheid

te kry oor die aard van ondersteuningsdienste vir onderwysers in die BRICS-lidlande, die redes waarom onderwysers ondersteuningsdienste benodig en wat die impak van daardie ondersteuningsdienste op onderwysers se lewe en gehalte van onderrig sal wees.

Rubin en Babbie (2016) verklaar dat interpreterende navorsers mense se lewens en sienings interpreteer en subjektief probeer verstaan. Ampelike dokumente weerspieël hierdie sienings van mense en word saamgestel deur hierdie mense wat dan geïnterpreteer word. Die lewens, gedrag en sienings van verskillende onderwysers is in die studie ondersoek deur gebruik te maak van dokumentontleding, sodat 'n lens geskep kan word waardeur daar na die onderwysstelsel gekyk kan word om te verstaan wat die leemte in ondersteuningsdienste vir onderwysers is. In die onderwyssektor vind daar deurentyd menslike interaksies plaas, wat die interpretivistiese navorsingsparadigma 'n goeie vertrekpunt gemaak het om die navorsingsdoelwitte te bereik.

2.2 Die vergelykende metode in vergelykende opvoedkunde

Die vergelykende metode bestaan uit die volgende fases (Wolhuter, 2008):

- Identifiseer die aspekte van die verskillende onderwysstelsels wat vergelyk moet word.
- Vereenvoudig die beskrywing deur kernkenmerke van die onderwerp te identifiseer. Die aspekte moet met mekaar in verband gebring word.
- Identifiseer die verskille en ooreenkomste.
- Verklaar wat die redes vir die ooreenkomste en verskille is sodat dit in die konteks van die studie gebruik kan word.
- Bepaal die beste praktyke uit die vergelyking van die data.

Vir hierdie navorsing is daar van 'n kwalitatiewe vergelykende studie gebruik gemaak. Om aan die vereistes van die studie te voldoen, is groot hoeveelhede data ingesamel, ontleed en verwerk. Hierdie proses word deur data- en inhoudsontleding ondersteun. Die studie behels 'n sosiale verskynsel en kan nie noodwendig in numeriese data uitgedruk word nie, maar eerder in ryk literatuur wat uit verskeie dokumente bestaan. Die vergelykende metode is gebruik om die dokumente met mekaar te vergelyk. So is verskille en ooreenkomste uitgewys om die navorsingsvrae te beantwoord. Die fokus van die vergelykende metode berus op twee of meer lande se resultate. Tydens hierdie navorsing is daar spesifiek gefokus op 'n vergelyking tussen die BRICS-lidlande. Die studie poog om te bepaal of daar 'n verband tussen die ondersteuningsdienste vir onderwysers in die verskillende BRICS-lidlande is. Daar is gefokus op die volgende dokumente: ampelike regeringsonderwysbeleide en -wetgewing, asook relevante joernaalartikels.

3. Die aard van ondersteuningsdienste in die BRICS-lidlande

Hier word die primêre navorsingsvraag beantwoord. Die primêre navorsingsvraag lui soos volg: Wat is die aard van ondersteuningsdienste vir onderwysers in openbare skole in die BRICS-lidlande?

Daar is elf ondersteuningsdienste vir onderwysers geïdentifiseer, naamlik bibliotekdienste, mediadienste, ouerleidingsdienste,regsadviesdienste, professionele ondersteuningsdienste, psigologiese en sosiale dienste, persoonlike finansiële adviesdienste, mediese adviesdienste, behuisingsdienste, pensioenfondse en vakbonde. Weens die lengte en omvang van hierdie studie en die beperkte navorsing beskikbaar, is daar op die volgende ondersteuningsdienste

gefokus: mediadienste, pensioenfondse, regadviesdienste en vakbonde. Elke ondersteuningsdiens word afsonderlik bespreek om te verseker dat die primêre en sekondêre navorsingsvrae beantwoord word.

4. Ondersteuningsdienste vir onderwysers

“Ondersteun” word deur die aanlyn *Woordeboek van die Afrikaanse taal* (2014) omskryf as “[s]teun, bystaan of help, of deur aanvullend of bykomend tot iets anders te wees”. “Diens” word omskryf as “afhanklikheid en ondergeskiktheid waarin iemand staan teenoor ’n ander persoon, ’n liggaam of ’n owerheid, en waarby hy onder bepaalde voorwaardes sekere pligte of werksamhede vir die persoon, liggaam of owerheid moet uitvoer” (*Woordeboek van die Afrikaanse taal*, 2014). In hierdie studie word ondersteuningsdienste vir onderwysers ondersoek om vas te stel wat die aard van hulp en ondersteuning aan onderwysers moet wees.

Onderwysers moet ondersteuning ontvang om kundiges in hul veld te word (Darling-Hammond, 2000). Ondersteuning aan onderwysers is nodig om doeltreffende onderwys te verseker (Darling-Hammond, 1997). Weens die dinamiese uitdagings wat onderwysers op persoonlike sowel as beroepsvlak ervaar, word onderskeid tussen persoonlike en beroepsondersteuningsdienste getref.

4.1 Persoonlike ondersteuningsdienste

Buiten werksverwante druk, ervaar onderwysers, weens hul verpligte teenoor hul gesinne en die gemeenskap in die breë, ook druk van buite die skoolomgewing (Thomas *et al.*, 2003:478). Finansiële druk is deur Werang *et al.* (2017:25) geïdentifiseer as ’n kernfaktor wat onderwysers raak. Greenglass *et al.* (1995:241) lig ook ondersteuning uit aan onderwysers se gesinne wat spanning weens die onderwyser se werksdruk ervaar. Siende dat die verpligte en gepaardgaande druk wat onderwysers buite hul werksplek ervaar, ’n negatiewe invloed op hul werksverrigting uitoefen, benodig onderwysers deurgaans ondersteuningsdienste wat hulle kan help om hul persoonlike struikelblokke te oorkom (Werang *et al.*, 2017:27).

4.2 Beroepsondersteuningsdienste

Samuda (2001:127) wys daarop dat onderwysers ondersteuning ten opsigte van die uitoefening van hul beroep benodig ten einde leerders na die beste van hul vermoë te onderrig. Waar lesbeplanning, lesaanbieding en assessering in die verlede die vernaamste take van ’n onderwyser was (Steyn, 1997), het die verantwoordelikhede van onderwysers met verloop van tyd uitgebrei. Deesdae word van onderwysers verwag om ’n breë kennis van hul vakgebied te hê, presies te weet hoe om die skoolkurrikulum te onderrig en ’n verskeidenheid van assesseringsstrategieë met selfvertroue toe te pas. Voorts word van onderwysers verwag om ’n klaskamerklimaat te skep waar inklesiwitheid, dissipline en professionele gedrag saam met hul eie norme en waardes uitgeleef kan word en om die klaskamer doeltreffend te bestuur (Coe *et al.*, 2014). Mentorskap kan hulp aan onderwysers verleen om na die beste van hul vermoë te onderrig.

Onderwysers durf nie in enige fase van hul loopbaan stagneer nie, omdat die gemeenskap van onderwysers verwag om die nuutste inligting, tegnologie en lewensuitkyk te hê. Die ondersteuning van ’n mentor sal verhoed dat onderwysers stagneer (Swafford, 2000; Warsame, 2011:10). Onderwysers se persoonlike en beroepslewe het direk en indirek ’n wedersydse

invloed en daarom is dit belangrik dat hulle ondersteuning ontvang (Bukor, 2015). Wanneer ondersteuning op een terrein gebied word, kan dit 'n groot verskil op ander terreine van die onderwyser se lewe maak (Bukor, 2015). Die vier terreine van ondersteuningsdienste wat tydens hierdie studie bespreek word, is mediadienste, pensioenfondse, regadviesdienste en vakbonde.

- Mediadienste: Mediadienste behels die gebruik van bronne soos die radio, televisie, musiek, video's, rolprente, webwerwe en sosialemediaplatforms (Considine, 2009). Onderwysers gebruik hierdie beroepsondersteuningsdienste en kan dit ook in hul persoonlike ontwikkeling gebruik waar hulle daagliks op sosiale media kommunikeer.
- Pensioenfondse: 'n Pensioenfonds is 'n aftreeplan waar die werkewer maandeliks 'n bedrag van die werknemer se salaris bydra tot 'n fonds wat aan die werknemer beskikbaar gestel sal word aan die einde van sy of haar dienstermy (Lemke & Lins, 2010). Pensioenfondse maak deel uit van beroepsontwikkeling en oorvleuel ook met persoonlike ontwikkeling, waar onderwysers kan beplan vir hul toekomstige aftreeplan.
- Regadviesdienste: Larson (2017) verwys na formele en professionele advies waar wetlike aspekte in ag geneem word. Dit maak deel uit van beroepsontwikkeling, waar onderwysers die hulp wat aan hulle verleen word in hul persoonlike lewe kan gebruik.
- Vakbonde: Vakbonde se kollektiewe bedeling moet die werkersklas se belang bevorder deur te verseker dat beter werkstoestande, salaris en werksure beding kan word (Visagie, 2012).

Hierdie vier ondersteuningsdienste word tydens hierdie studie ondersoek omdat onderwysers in die 21ste eeu 'n behoeftte het aan hierdie spesifieke ondersteuningsdienste.

5. Analise van die data

Die data wat verkry is in die vier temas gaan vervolgens bespreek word: Wat is die aard van mediadienste, pensioenfondse, regadviesdienste en vakbonde in die BRICS-lidlande?

5.1 Mediadienste

Mediadienste word as 'n ondersteuningsdiens aan onderwysers gebied deur hulpbronne soos sosialemediaplatforms, radio, televisie, musiek, rolprente, video's en webwerwe te gebruik (Considine, 2009; Steyn *et al.*, 2017). Dit is die oudiovisuele hulpbronne wat onderwysers in die klaskamer gebruik om hul kennis te verryk en emosies en kulture in die klaskamer uit te beeld (Steyn *et al.*, 2017). Onderwysers het opleiding, infrastruktuur en ondersteuning van die regering en private instansies nodig om mediadienste tot voordeel van hul onderrigmetodes te gebruik (Bingimlas, 2009; Louw, 2001; Trucano, 2015). Mediadienste beskik oor die vermoë om onderwysers wêreldwyd met mekaar te verbind deur gebruik te maak van private instansies, soos Khan Academy, wat vrylik op die internet beskikbaar is (Thompson, 2011). Onderwysers word op internasionalevlak aangemoedig om tegnologie in die klaskamer in te span en by die skoolkurrikulum te integreer (Baek *et al.*, 2008). Die vergelykende metode is gebruik om die aard van mediadienste in die BRICS-lidlande met mekaar te vergelyk en daar word vervolgens op sekere subtemas gefokus.

5.1.1 Beskikbaarheid van mediadienste in openbare skole

Brasilië

Field (2019) bevestig dat mediadienste in Brasilië beskikbaar is. Die aard van mediadienste in Brasilië stem ooreen met die ander BRICS-lidlande. Statistiek toon dat 75% van onderwysers gebruik maak van mediadienste en die gebruik van tegnologie by die kurrikulum inkorporeer. Tydens die Covid-19-pandemie is onderwysers in Brasilië genoodsaak om gebruik te maak van mediadienste om te verseker dat die leerproses nie belemmer word nie (World Bank, 2020b). Die gebruik van tegnologie tydens die Covid-19-pandemie vestig die aandag daarop dat daar 'n tekort is aan harde- en sagteware. Hierdie aspek is ook gevind by die ander BRICS-lidlande (World Summit on the Information Society, 2020:93). 'n Verskil rakende mediadienste wat wel uitgelig kan word, is dat 40% van openbare skole in Brasilië nie deelneem aan regeringsinisiatiewe vir mediadienste nie, alhoewel dit beskikbaar gestel word deur die regering. Die aard van private instansies wat eksterne hulp aan die regering bied om mediadienste te versterk, is sigbaar in sommige van die BRICS-lidlande.

Rusland

Die gebruik van mediadienste in Rusland is die verantwoordelikheid van die regering (Beckingham, 2019; Lewis, 2020). Rusland word geïdentifiseer as 'n voorloper op die gebied van mediategnologie, waar onderwysers gebruik maak van mediadienste. Lewis (2020) noem die aard van ondersteuning in mediadienste in Rusland merkwaardig, aangesien private instansies en die regering inkoop in die tegnologiese inisiatiewe wat deel vorm van mediadienste. Die Covid-19-pandemie het onderwysers die geleenthed gebied om hul kennis oor mediadienste op te skerp, aangesien afstandsonderrig moes plaasvind deur middel van mediadienste (Statistica, 2020). Onderwysers het voorheen ook gebruik gemaak van mediadienste in die klaskamer en het formele opleiding daarvoor ontvang. Dit het bygedra tot die sukses van die gebruik van mediadienste tydens die Covid-19-pandemie (Organisation for Economic Co-operation and Development – OECD, 2019). Rusland fokus nie net op die hede nie, maar voorsien geleenthede vir onderwysers om in die toekoms tegnologiese verbeteringe aan te bring om mediadienste ten volle in die klaskamer te kan benut.

Indië

Mediadienste word sigbaar in Indië gebruik omdat tegnologiese inisiatiewe deel vorm van die klaskamer (Khirwadkar, 2007:86). Dit is op nasionale vlak 'n prioriteit om die kurrikulum aan te pas om mediadienste te inkorporeer (Roy, 2017:265). Mediadienste kan nie gelewer word sonder die nodige infrastruktuur en toerusting nie. Nayark en Baker (2014:19) noem dat openbare skole toegerus word met die nodige rekenaarsentrumms om te verseker dat mediadienste in skole gebruik kan word. Die meeste onderwysers gebruik mediadienste in die klaskamer, wat moontlik gemaak word deur private maatskappye, soos Dell en Microsoft, wat verseker dat onderwysers die nodige ondersteuning in die gebruik van mediadienste ontvang (Aggarwal, 2010; Suckow, 2010). Nie net private instansies lever 'n bydrae tot die sukses van mediadienste nie, maar ook die regering deur universiteitsopleiding met betrekking tot mediadienste deur middel van beleide te implementeer (National Council on Teacher Education, 2009).

China

In China word mediadienste op groot skaal (90%) gebruik op nasionale vlak, waar die aard van mediadienste sigbaar is in die implementering van tegnologiese inisiatiewe (Zhu *et al.*, 2011:33). Ondersteuning word vanaf die regering asook private instansies ontvang om te verseker dat mediadienste vooruitgang in openbare skole toon. Die navorsing duï egter aan dat nie alle openbare skole die nodige vordering op hierdie gebied toon nie, aangesien landelike openbare skole nie dieselfde mediaondersteuningsdienste geniet nie (Ministry of Education of the People's Republic of China, 2016). Die onsuksesvolle gebruik van mediadienste is die sameloop van min belangstelling en oningesigte onderwysers (Guo & Yang, 2016:596). Die Covid-19-pandemie het egter nuwe deure oopgemaak vir mediadienste en die gebruik daarvan in China (Ministry of Education of the People's Republic of China 2020). Die regering het 'n beleid geïmplementeer waarvolgens klasse opgeskort is sonder om leer en onderrig op te skort deur te verseker dat onderwysers mediadienste tydens die Covid-19-pandemie gebruik.

Suid-Afrika

Die regering en private instansies werk saam om mediadienste suksesvol te integreer in die klaskamer (Botha, 2015:4; Taylor & Van der Merwe, 2019). Die regering inkorporeer mediadienste binne die kurrikulum om lewenslange leer te verseker en om die proses van leer vir leerders interessant te hou (Botha, 2015:4). Die regering werk saam met private instansies, soos MTN, om te verseker dat openbare skole mediadienste ten volle kan implementeer. Die Covid-19-pandemie het leerders en onderwysers in 'n gunstige posisie geplaas om gebruik te maak van opvoedkundige programme wat ondersteuning bied om leer te laat voortgaan deur middel van die gebruik van mediadienste (Mastercard Foundation, 2020). Die tekort aan tegnologie en hulpbronne se gaping word vergroot deur die toename in diefstal wat die onderwyser terughou om mediadienste ten volle te kan gebruik (Mafora, 2013:37).

5.1.2 Opleiding vir onderwysers in die gebruik van mediadienste

Brasilië

Die aard van ondersteuning in verband met opleiding van onderwysers in die gebruik van mediadienste is sigbaar in Brasilië. Dit blyk wel dat onderwysers nie genoegsame opleiding vanaf die regering ontvang nie, wat as 'n tekortkoming in Brasilië geïdentifiseer kan word. Die aard van opleiding word versterk deur die ondersteuning van mentors, kollegas en vriende. Die Covid-19-pandemie noodsaak onderwysers om mekaar te ondersteun en op te tree as mentors in die gebruik van mediadienste. Onderwysers maak meer gebruik van toeganklike mediadienste, soos die WhatsApp-toepassing wat op onderwysers en leerders se selfone beskikbaar is, om te verseker dat die leerproses nie gestop word tydens die Covid-19-pandemie nie (Mizne, 2020). Die meeste onderwysers moet hul eie opleiding betaal en toerusting, hardeware en sagteware aankoop. Die aankoop van toerusting en opleiding is egter nie verpligtend nie. Die opleiding van onderwysers is van veranderende aard, aangesien tegnologie voortdurend verander en onderwysers hul vaardighede en kennis moet opknap om by te hou by die veranderinge wat plaasvind in die gebruik van mediadienste.

Rusland

Die aard van ondersteuningsdienste in verband met opleiding vir onderwysers in mediadienste is sigbaar in Rusland. Onderwysers het persoonlike groei en ontwikkeling nodig om te verseker dat hulle mediadienste in die klaskamer kan toepas (Varlamova *et al.*, 2017). Private instansies, soos Microsoft, Google en Intel, ondersteun onderwysopleiding deur werkswinkels aan te bied en onderwysers aan te moedig om hul vaardighede te verbeter (Institute for Statistical Studies and Economics of Knowledge, 2018). 'n Tekort aan opleiding word gerapporteer en professionele hulp moet steeds aan onderwysers verleen word (Nikolaev & Chugunov, 2012:35). Die regering is van mening dat mediadienste nog nie sy volle potensiaal in die klaskamer bereik het nie en dat daar nie genoeg interaktiewe aktiwiteite in die klaskamer plaasvind nie (Nikolaev *et al.*, 2012:49).

Indië

Die aard van opleiding van onderwysers in die gebruik van mediadienste is beskikbaar in Indië huis omdat die Indiese National Institute of Educational Planning and Administration (2015) se studies toon dat 79% van onderwysers opleiding met betrekking tot mediadienste ontvang het. Die opleiding wat aan onderwysers in Indië gebied word, toon 'n verbetering van kennis en vaardighede om mediadienste in die klaskamer toe te pas (Ministry of Human Resource Development, 2010). Onderwysers se opleiding kan enige plek virtueel plaasvind deur gebruik te maak van skootrekenaars wat verbind word met die internet (Aggarwal, 2010). Die regering fokus op voor-opleidingsprogramme om te verseker dat onderwysers bekwaam is om mediadienste in die klaskamer te implementeer sodra hul loopbaan in die onderwys begin (Devi *et al.*, 2012). Onderwysers word opgelei, maar dit is nie duidelik dat daardie opleiding geïmplementeer word en of dit werlik 'n verskil maak in die sukses van mediadienste nie (Byker, 2014; National Institute of Educational Planning and Administration, 2015). Die tyd beskikbaar in die klaskamer om mediadienste te implementeer is nie voldoende nie en daarom word mediadienste nie as hoofprioriteit in die klaskamer beskou in Indië nie.

China

Die opleiding vir onderwysers in die gebruik van mediadienste is in China sigbaar. Opleiding vir onderwysers is beskikbaar om mediadienste in die klaskamer te gebruik. Meer as tien miljoen onderwysers het in 2012 opleiding in die gebruik van mediadienste ontvang (Zhu *et al.*, 2011:34). China se onderwysers ontvang voorgraadse opleiding in die gebruik van mediadienste tydens hul universiteitsopleiding. Nikolopoulou en Gialamas (2009) het in hul navorsing bewys dat die opleiding van onderwysers direk verband hou met die implementering van mediadienste in die klaskamer. Die skole is daarvoor verantwoordelik om onderwysopleiding te bied en te verseker dat mediadienste geïmplementeer word (Guo & Yang, 2016:595). Daar is wel steeds onderwysers wat teenkanting bied in die gebruik van mediadienste, maar dit is slegs 1,7% van onderwysers in China (Guo & Yang, 2016:597). Die Covid-19-pandemie het onderwysers in die posisie geplaas om inderhaas kort kursusse te volg om hulp te ontvang met opleiding in die gebruik van mediadienste (Zhang *et al.*, 2020:3).

Suid-Afrika

Die aard van ondersteuningsdienste wat op mediadienste en onderwysopleiding gefokus is, kan ook in Suid-Afrika aangetoon word. Leerprogramme word tot onderwysers se beskikking gestel om mediadienste en die nut daarvan te begryp en dit in die klaskamer te implementeer (Alfreds, 2016; Departement van Basiese Onderwys, 2016). Die tekort aan toerusting en opleiding plaas onderwysers onder druk om 'n sukses van mediadienste te maak onder sulke moeilike omstandighede (Chigona & Chigona, 2010:1). Dit is egter duidelik dat die gebrek aan vaardighede en kennis van onderwysers die suksesvolle gebruik van mediadienste beperk (Botha, 2015:22; Taylor *et al.*, 2019:6). Die Covid-19-pandemie het sekere opleidingskursusse tot niet laat gaan weens gesondheidsmaatreëls (Mbinqo-Gigaba, 2020).

5.2 Identifisering van ooreenkomste en verskille met betrekking tot mediadienste

Volgens die vergelykende metode word die ooreenkomste en verskille met betrekking tot mediadienste in die BRICS-lidlande uitgelig. Die ooreenkomste volgens hierdie studie verwys na die BRICS-lidlande wat almal oor dieselfde kenmerke beskik, terwyl die verskille verwys na die vlak waartoe die kenmerke verskil. Die ooreenkomste en verskille is geïdentifiseer tydens die bespreking van die aard van ondersteuningsdienste in die BRICS-lidlande. In hierdie paragraaf word die sekondêre navorsingsvraag "Wat is die ooreenkomste en verskille van ondersteuningsdienste vir onderwysers in die BRICS-lidlande?" beantwoord.

5.2.1 Beskikbaarheid van mediadienste in openbare skole

Die BRICS-lidlande toon ooreenstemming met betrekking tot die ondersteuningsdienste rakende mediadienste wat in openbare skole beskikbaar is. Hierdie mediadienste sluit die gebruik van tegnologie in die klaskamer, soos musiek, video's, rolprente, sosialemediaplatforms en webwerwe, in.

Die ooreenkomste wat tussen die BRICS-lidlande getref kan word, is dat mediadienste by al die lande geïdentifiseer is as 'n ondersteuningsdiens vir onderwysers. Rusland word geïdentifiseer as die voorloper op die gebied van tegnologiese inisiatiewe wat in die klaskamer deur onderwysers gebruik word. China is in die tweede plek, met goed geïmplementeerde inisiatiewe. Indië word geïdentifiseer as die land met die minste vooruitgang op die gebied van tegnologie en die gebruik daarvan in die klaskamer. China, Brasilië en Suid-Afrika wys dat tegnologie in die klaskamer gebruik word en dat onderwysers wel hierdie inisiatiewe ondersteun. Die Covid-19-pandemie het onderwysers gedwing om te verseker dat afstandsleer steeds plaasvind. Dus moes onderwysers gebruik maak van tegnologiese inisiatiewe om leerders steeds te onderrig tydens inperkinge wat ingestel is tydens die pandemie.

Private instellings in Brasilië wat betrokke raak by die aanbied van aanlyn opleidingskursusse verskil van Suid-Afrika, waar slegs die regering die vooruitgang van mediadienste finansier. Rakende verskille in die verspreiding van mediadienste is met behulp van navorsing vasgestel dat daar in landelike skole in Brasilië veel minder van mediadienste gebruik gemaak word as in stedelike skole.

5.2.2 Opleiding vir onderwysers in die gebruik van mediadienste

Dit is duidelik dat 50% en meer onderwysers in al die BRICS-lidlande een of ander manier van opleiding ontvang, hetsy in die vorm van kort kursusse of aanlyn opleidingskursusse. Die

beeld wat van onderwysopleiding geskep word, skiet tekort in Brasilië, Indië, China en Suid-Afrika. Hoewel Rusland meer opleiding aan onderwysers bied, is dit net in sekere dele van die land, met landelike areas wat nie dieselfde aandag kry nie. Altesaam 75% van die onderwysers in Rusland het reeds opleiding met die gebruik van tegnologiese inisiatiewe ontvang, terwyl China reeds 'n totaal van 3,27 miljoen onderwysers daarin opgelei het. In teenstelling hiermee, het Suid-Afrika nie onlangs opleidingsinisiatiewe vir onderwysopleiding gedryf nie. Dit is ook duidelik dat onderwysers met intrinsieke en ekstrinsieke struikelblokke, soos 'n tekort aan elektrisiteit, hardware en sagteware, sukkel.

Die opleiding van onderwysers in Indië wys dat daar 'n tekort is aan bewyse wat spesifiek op die sukses van opleiding rakende mediadienste vir onderwysers fokus. Dit is moeilik om die sukses van onderwysopleiding te meet, want sommige onderwysers ontvang opleiding in mediadienste, maar implementeer nie noodwendig die tegnologiese inisiatiewe in die klaskamer nie. Die tekort aan hulpbronne, harde- en sagteware, infrastruktuur en internettoegang maak dit vir onderwysers moeilik om hul vaardighede in die gebruik van tegnologie te verbeter. Die BRICS-lidlande ontvang finansiële ondersteuning, alhoewel die meeste van die ondersteuning deur private instansies, soos Microsoft, Intel en banke, gegenerer word. Mediadienste kan nie net op private instansies se borge staat maak nie, maar is afhanklik van die regering om by die vooruitgang en gebruik van mediadienste in die klaskamer in te koop.

Onderwysers in Suid-Afrika is versoek om hul eie toerusting te koop, aangesien die regering nie hulp aan onderwysers kan bied om harde- of sagteware aan te skaf nie. Suid-Afrika het die Khanya-projek gehad wat weens finansiële uitdagings tot 'n einde gekom het, maar terselfdertyd word beloftes deur die regering gemaak om nuwe fondse vir tegnologiese inisiatiewe beskikbaar te stel. Tot dusver is geen resultate of lopende projekte sigbaar nie.

China en Rusland bied die meeste finansiële sekerheid vir mediadienste en die ondersteuning vir onderwysers huis omdat hulle finansiële ondersteuning vanaf die regering sowel as private instansies ontvang. Indië bestee geld aan harde- en sagteware, maar die fondse word aan leerders voorsien en nie aan onderwysers nie. Tydens die Covid-19-pandemie was 'n tekort aan toerusting in China sigbaar en kon onderwysers nie aanlyn klas gee of tegnologie gebruik om leerders te onderrig nie.

5.3 Pensioenfondse

Pensioenfonds is die werknemer se aftreeplan wat in werking gestel word weens ouerdom, ongesiktheid of die afsterwe van werknemers (Lemke *et al.*, 2010). Laasgenoemde bied gemoedsrus vir die onderwysers in die praktyk, aangesien hulle dan kan fokus op die primêre doelwit, naamlik onderrig en leer. Onderwysers wat by openbare skole werk, ontvang ondersteuning vanaf die regering met 'n maandelikse pensioenfondsbydrae wat gemaak word deur die werknemer en die werkgewer (GEPF, 2015). Hierdie veiligheidsnet wat aan onderwysers gebied word, is om te verseker dat onderwysers as bejaardes genoegsame fondse ontvang om 'n gehaltelewe te handhaaf (Jothi *et al.*, 2016:1). Die meeste onderwysers maak staat op die kapitaal wat ontvang word met aftrede (Kuvshinova *et al.*, 2017). Die gemiddelde aftreeouderdom is vanaf 55 tot 65 jaar vir onderwysers, alhoewel vroeë aftrede en ongesiktheid moontlik is op 'n ouderdom jonger as 55 jaar (Gayithri, 2009:205; Parati & Lemos, 2020; Stewart & Yermo, 2009:26).

5.3.1 Beskikbaarheid van ondersteuningsdienste met betrekking tot pensioenfondse

Brasilië

Die aard van ondersteuningsdienste ten opsigte van pensioenfondse is duidelik beskikbaar in 'n verskeidenheid ondersteuningsraamwerke wat onderwysers tot hul beskikking het, naamlik pensioen vir ongesiktheid, pensioen volgens ouderdom, pensioen vir dienstryperk, vroeë pensioen, spesiale aftrede, pensioen weens siekte, gesinstoelae, kraamverlof en pensioen weens 'n ongeluk (Pension Fund of the Russian Federation, 2020b; Presidency of the Republic Sub-Sofia Civil House for Legal Affairs Law No. 8,213, of July 24, 1991). Onderwysers in Brasilië moet op 'n maandelikse basis 'n gedeelte van hul salaris bydra om die voordele van 'n pensioenfonds te geniet (Allianz Global Investors, 2020). Die meeste onderwysers in Brasilië is geregtig op ouderdomspensioen vanaf 50 tot 57 jaar vir vroue en vanaf 55 tot 60 jaar vir mans (Parati *et al.*, 2020). Volgens die Ministry of Pensions and Social Assistance (Allianz Global Investors, 2020) word onderwysers se pensioenfondse bestuur deur die munisipaliteit van die betrokke distrik en die munisipaliteit moet verslag doen aan die regering. Die voorkeurpensioenfonds van Brasilië is Previ, wat groot ondersteuning bied met aanlyn hulp beskikbaar vir enige onderwyser of ander pensioenfondslid (Sy, 2017:16). Lede van die pensioenfonds is al voorheen in die steek gelaat as gevolg van bedrog of wanaanwending van pensioenfondse wat daartoe gelei het dat onderwysers nie hul pensioenfondse ontvang het nie (Dias, 2006:17). Onderwysers toon hul ontevredenheid met pensioenfondse nadat onderwysers sedert 2016 'n laer salaris ontvang as wat wetgewing vereis (Parati *et al.*, 2020).

Rusland

Rusland bied staatspensioen aan onderwysers en indien hulle nie tevrede is met die pensioenfonds nie, kan hulle ook hul eie geld belê in 'n nie-staatspensioenfonds (Kulikova, 2020). Navorsing toon dat ondersteuningsdienste met betrekking tot pensioenfondse wel aan onderwysers beskikbaar gestel word en dat 30% van Rusland se pensioenarisse staatmaak op pensioenfondse (Kuvshinova *et al.*, 2017). Staatswerkemers kan tot en met 26% van hul salaris bydra tot pensioenfondse (Pension Funds Online, 2020). Hierdie pensioenfondse neem 'n verskeidenheid van versekering in ag, soos versekeringspensioen, ouderdomspensioen, ongesiktheidspensioen, pensioen vir verlies aan broodwinner en staatspensioen (Pension Fund of the Russian Federation, 2020b). Onderwysers word deur die Russiese Federasie beskerm om die beste pensioenfonds te kies vir hul behoeftes (Unified State Information System for Social Security, 2020). Hierdie ondersteuningsdiens word deur die Russiese Federasie beskikbaar gestel op 'n selfontoepassing waar toegang tot inligting maklik bekombaar is (Pension Fund of the Russian Federation, 2020a).

Rusland benadeel onderwysers wat wel op vroeë aftrede wil gaan deur 'n uitstelprogram te gebruik om te verseker dat onderwysers so lank as moontlik in die onderwysberoep sal aanbly (Borzenko & Dmitriev, 2018). Die aftreeouderdom van vroue is 55 jaar en vir mans is dit 60 jaar (Logvinenko, 2020:104). Die ontevredenheid van onderwysers kom na vore weens die feit dat finansiële sekuriteit laag is en die regering nie genoeg ondersteuning bied nie (Jothi *et al.*, 2016:3; Kulikova, 2020). Dmitry Medvedev, die premier van Rusland, raai onderwysers aan om 'n bykomende inkomste te bekom, aangesien daar nie geld vir onderwysers is nie (Wesolowsky, 2016).

Indië

Ondersteuningsdienste ten opsigte van pensioenfonds is sigbaar in Indië met ondersteuning wat op 'n verskeidenheid wyses plaasvind, vanaf aanlyn hulp wat deur die UP e-Pension System gebied word tot persoonlike hulp wat deur Anganwadi verleen word (Jothi *et al.*, 2016:3; Yadav, 2014). Die Pension Fund Regulatory and Development Authority is in beheer van die kontrole van pensioenfondse om te verseker dat bedrog nie plaasvind nie. 'n Finansiële veiligheidsnet word deur die National Old Age Pension Scheme gebied (Jothi *et al.*, 2016:1). Pensioen is beskikbaar vir onderwysers wat tien jaar of langer diens gelewer het (Gayithri, 2009:205). 'n Volle pensioen word aan staatsamptenare uitbetaal indien hulle 33 jaar diens gelewer het (Gayithri, 2009:205; Mukul, 2009:12). Indië se pensioenarissoe toon hul tevredenheid en aanvaarding van die pensioenfondsstelsel, maar die maandelikse uitbetaling van pensioenfondse aan lede skep ongelukkigheid omdat die bedrag nie vir pensioenarissoe voldoende is om 'n goeie lewenstandaard te handhaaf nie (Jothi *et al.*, 2016:3).

China

Die afgelope drie dekades het China groot veranderinge aan die pensioenfondsstelsel aangebring deur onder meer te verseker dat die meerderheid van China se burgers deur die pensioenfonds 'n inkomste ontvang (Zhu & Walker, 2020:1411). Die pensioenfondsstelsel in China fokus daarop dat bejaardes teen 'n bekostigbare premie sekuriteit vir hul aftrede kan ontvang wat betroubaar is. Die aftreeouderdom is 60 jaar vir mans en 55 jaar vir vroue, maar daar word spesiale vergunning aan witboordjie vroue verleen om op die ouderdom van 50 jaar te kan aftree (OECD, 2019:1). Werknemers kan tot 'n maksimum van 20% van hul verdienste tot die pensioenfonds bydra (OECD, 2019:2). Die staatspensioen ervaar finansiële druk weens die Covid-19-pandemie, nadat die regering besigheidsondernemings vrygestel het om maandeliks 'n pensioenbydrae te maak met die doel om die finansiële krisis tydens die Covid-19-pandemie te verlig (Yeung, 2020).

Suid-Afrika

Suid-Afrika se pensioenfondse is van so 'n aard dat vroue vanaf die ouderdom van 60 jaar en mans vanaf die ouderdom van 65 jaar kan aftree en pensioenuitbetalings kan ontvang (Stewart & Yermo, 2009:26). Onderwysers in Suid-Afrika is lid van die pensioenfonds vir staatsamptenare. Die maandelikse bydrae wat lede aan die fonds maak, beloop 7,5% van hul salaris, terwyl die werkgewer op 'n maandelikse basis 'n bydrae van tussen 13 en 16% maak (GEPF, 2020). Onderwysers in Suid-Afrika het hul bekommernis oor die pensioenfonds uitgespreek nadat nuus versprei het dat pensioenfondse se wetgewing gaan verander. Die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (2020) het onderwysers egter gerusgestel en verseker dat die pensioenfonds vir staatsamptenare geen veranderinge in die pensioenfonds gaan aanbring nie.

5.3.2 Identifisering van ooreenkomste en verskille met betrekking tot die pensioenfonds

Die ooreenkomste tussen al die BRICS-lidlande is dat pensioenfondse wel beskikbaar is en dat daar 'n maandelikse premie betaal word om te verseker dat onderwysers pensioenfondsuitbetalings sal ontvang. Die premie wat maandeliks betaal moet word, verskil van land

tot land. Brasilië se premie wissel afhangend van die openbare entiteit waaraan die werknemer behoort (Allianz Global Investors, 2020), terwyl werknemers in Rusland en China maandeliks 'n maksimum van 26% (Rusland) en 20% (China) kan bydra tot pensioenfondse. Indië se werknemers en werkgewers moet 'n bydrae van 12% maak en onderwysers in Suid-Afrika moet 7,5% van hul maandelikse salaris bydra tot die pensioenfonds.

Die verskille wat tussen die BRICS-lidlande opgemerk kan word, is dat sommige van die lidlande se pensioenfondse onder finansiële druk is en dat diefstal en bedrog 'n bekommernis is vir pensioenarisie in sommige van die lidlande. Brasilië en Suid-Afrika ondervind albei 'n groot probleem met bedrog waar dit pensioenfondse aangaan; daarom is verdere stappe, soos die skep van bedrog-noodlynnommers waar klagtes formeel aangemeld kan word, geïmplementeer. Die verskil in werknemers se sienings van pensioenfondse word ook opgemerk waar onderwysers in Brasilië, Rusland en Suid-Afrika hul ongelukkigheid uitspreek oor pensioenfondsuitbetelings wat nie na wense is nie, terwyl China en Indië se werknemers tevrede is met die pensioenfondsstelsel.

5.4 Regsadviesdienste

Larson (2017) beskryf regsadviesdienste as die gekwalifiseerde en formele advies wat gefokus is op die wetlike uitgangspunt van 'n feitlike situasie. Regsadviesdienste is van belang om te verseker dat die belang van 'n persoon deur wetgewing beskerm word (Gruodyté & Kirchner, 2016:36). Onderwysers het regsadviesdienste binne en buite die klaskamer nodig. Ten einde te verseker dat daar geen onreëlmatighede of oortredings plaasvind nie, is dit noodsaaklik om riglyne en wetgewing na te kom (Doctor, 2013:2). Vervolgens word die beskikbaarheid van regsadviesdienste in elkeen van die BRICS-lidlande onder die loep geneem.

5.4.1 Beskikbaarheid van regsadviesdienste aan onderwysers in openbare skole

Brasilië

Die regte van onderwysers verskil tussen private en openbare skole. Private skole se onderwysers val onder die algemene arbeidswetgewing, terwyl onderwysers in openbare skole onder die spesifieke statutêre openbare wetgewing van skole staan (Ranieri & Sifuentes, s.a.). Die regte wat in die verlede gevvestig is vir onderwysers in openbare skole word tot op hede geïmplementeer as gevolg van die vakbonde. Die Federale Grondwet beskerm onderwysers se regte deur die Nasionale Onderwyswet (Ranieri & Sifuentes, s.a.). Die Nasionale Onderwyswet verklaar onder meer dat godsdiens as deel van die skoolkurrikulum beskou word, alhoewel dit nie verpligtend is nie en dat onderwysers hul diskresie kan gebruik om dit in die klaskamer toe te pas (Ranieri & Sifuentes, s.a.). Dit is in gevalle soos hierdie wat die onderwyser ingelig moet wees rakende die wetgewing en hoe dit toegepas moet word in die klaskamer. Vakbonde speel 'n belangrike rol in regsadviesdienste wat aan onderwysers gelewer word (Sinpro, 2020).

Rusland

Regsadviesdienste as ondersteuningsdiens is beskikbaar vir onderwysers in die private sektor asook in die openbare sektor. Die vakbond All-Russian Trade Union of Education speel 'n belangrike rol in die lewering van regsadvies aan onderwysers (Anon., 2019; EduLaw, 2019).

Die organisasies All-Russian Trade Union of Education en die Teacher Association beskerm onderwysers se regte (Anon, 2019).

Indië

Indië se onderwysers maak gebruik van regsadvies deur die vakbond All India Federation of Teachers (AIPTF, 2020). Onderwysers se regte word deur die grondwet beskerm. Onderwysers kan regsadviesdienste vrylik bekom deur die internet as 'n hulpbron te gebruik waar baie prokureurs die regte van onderwysers beskerm (Legal Advice, 2020).

China

Regsadviesdienste in China is beskikbaar deur gebruik te maak van die All-China Federation of Trade Unions (ACFTU) of private prokureurs en advokate wat onderwysers in openbare skole se regte beskerm (Anon, 2017; Zhang, 2018). Die onderwysers in China voel dat die vakbonde deur die regering bestuur word en dat hulle beterregsadviesdienste vanaf die private sektor sal ontvang (Zhang, 2018).

Suid-Afrika

Net soos in Brasilië, word daar ook 'n onderskeid in Suid-Afrika getref tussen die regte van onderwysers in openbare skole en dié van onderwysers in private skole. Onderwysers in diens van die onderwysdepartement se arbeidsregte en verpligte word deur die Wet op die Indiensneming van Onderwysers bepaal, terwyl die regte van onderwysers in private skole of wat deur skoolbeheerliggame in diens geneem is deur die Wet op Basiese Diensvoorwaardes bepaal word. Regsadviesdienste aan onderwysers in Suid-Afrika word deur 'n verskeidenheid vakbonde verskaf (National Professional Teachers' Organisation of South Africa – NAPTOZA, s.a.; SAOU, s.a.). Hierdieregsadviesdienste kan ontvang word via elektroniese kommunikasie (SAOU, s.a.). Onderwysers het ook die reg om gebruik te maak van prokureurs in die private sektor wat maklik persoonlik of deur die internet bekombaar is (FindLaw, 2020).

5.4.2 Identifisering van ooreenkomste en verskille met betrekking tot regsadviesdienste

Regsadviesdienste volgens Larson (2017) kan deur middel van gekwalifieerde formele advies bekom word deur gebruik te maak van advokate of prokureurs. Daar is ook organisasies wat aanlyn hierdie ondersteuning aan onderwysers kan bied (FindLaw, 2020). Daar is ook 'n verskeidenheid onderwysvakbonde in die BRICS-lidlande wat hul lede se regte beskerm enregsadviesdienste beskikbaar stel aan onderwysers. Dit het na vore gekom dat outokratiese lande soos Rusland en China nie 'n groot verskeidenheid vakbonde het wat spesifiek toegewy is aan onderwysers se regte nie. Die vakbonde in dié lande word ook deur die regering beheer. Die oorblywende BRICS-lidlande, Brasilië, Indië en Suid-Afrika, toon 'n verskeidenheid van onderwysvakbonde wat hulle toewy aan die lewering vanregsadvies. Wat die private sektor in die BRICS-lidlande betref, kan onderwysers in al die BRICS-lidlande teen hul eie koste gebruik maak van private prokureurs en advokate. Navorsing met betrekking tot die beskikbaarheid vanregsadviesdienste in Rusland en China is beperk, wat daarop dui dat verdere navorsing in hierdie aspek 'n aanwins sal wees in die veld van Vergelykende Opvoedkunde.

5.5 Vakbonde

Vakbonde het 'n verskeidenheid dienste wat hulle aan hulle lede bied, hierdie dienste sluit in die beskerming van lede se regte, opleiding en vaardighedsontwikkeling kursusse, basiese diensvoorwaardes wat nagesien word asook professionele ontwikkeling wat plaasvind (SAOU, 2020a:11). Die ondersteuning wat vakbonde aan onderwysers bied, word in al die BRICS-lidlande beskikbaar gestel.

5.5.1 Beskikbaarheid van vakbonde aan onderwysers in openbare skole

Brasilië

Vakbonde as ondersteuningsdiens vir onderwysers in openbare skole is beskikbaar in Brasilië. Die bekendste vakbond wat die regte van onderwysers as taak neem, is Unified Workers Central (Mier, 2019). Die dienste wat hierdie vakbond aan sy lede verskaf, sluit in die realisering van hul universele regte en die versterking van demokratiese ontwikkeling. Lidmaatskap aan hierdie vakbond kom teen 'n koste wat deur die vakbond bereken word op grond van 'n glyskaal van lede se salaris (Nova Central, 2014).

Rusland

Rusland se vernaamste vakbond, naamlik die All-Russian Trade Union of Education, word deur die regering beheer (Anon., 2019). Dié vakbond fokus op salarisbedeling en beskerm die regte van onderwysers (All-Russian Trade Union of Education, 2020). Onderwysers kan lid word van die vakbond nadat 'n eenmalige bedrag van 300 roebels aan die vakbond oorbetaal is (Kalmyk Republican Organization, 2015).

Indië

Indië het verskeie vakbonde wat die regte van onderwysers beskerm. Die vernaamste vakbond is die All-India Trade Union Congress. Lede wil graag aan hierdie vakbond behoort omdat broederskap tussen lede aangemoedig word. Die AIPTF (2020) streef ook daarna om die regte van sy lede te beskerm. 'n Fooi word jaarliks deur lede betaal vir lidmaatskap aan die AIPTF.

China

China se vakbond ACFTU fokus daarop om onderwysers se belang en regte te beskerm (Traub-Merz, 2011:21). Die vakbond vereis van lede om 'n 0,5%-bydrae van hul salaris te maak om die voordele van die vakbond te geniet. Beperkte navorsing is beskikbaar oor die dienslewering van hierdie vakbond aan onderwysers in openbare skole in China; verdere navorsing word dus aangemoedig.

Suid-Afrika

Verskeie vakbonde is beskikbaar in Suid-Afrika. Hierdie vakbonde lewer dienste aan hul lede deur salarisbedeling en die beskerming van hul belang en regte as onderwysers (NAPTOZA, 2020; SACE, 2020a). Die keuse om by 'n sekere vakbond aan te sluit berus by die onderwyser,

maar die maandelikse tarief vir lidmaatskap word deur die vakbonde self bepaal (SACE, 2020a).

5.5.2 Identifisering van ooreenkomste en verskille met betrekking tot vakbonde

Die vergelykende studie van vakbonde as ondersteuningsdiens beskikbaar vir onderwysers in openbare skole toon dat al die BRICS-lidlande wel vakbonde het wat die regte en belang van onderwysers beskerm. Die BRICS-lidlande stem verder ooreen in die feit dat al die vakbonde die regte van hul lede wil beskerm en bystand aan onderwysers verleen. Vakbonde maak gebruik van kollektiewe bedinging om die beste uitkomste vir hulle lede te bereik ten opsigte van hulle diensvoorraarde. (SACE, 2020b:11). Die verskil tussen die BRICS-lidlande behels die wyse waarop die onderwyser lid word van die vakbond. Vakbonde in Brasilië het 'n glyskaal waarvolgens onderwysers vir hul lidmaatskap moet betaal, terwyl die vakbond in China 'n 0,5%-bydrae van werkneemers se salaris vereis. Lede van die vakbond in Rusland betaal slegs 'n eenmalige aansluitingsfooi van 300 roebels (Kalmyk Republican Organization, 2015). Onderwysers in Indië betaal 'n jaarlikse tarief vir lidmaatskap aan 'n vakbond, terwyl onderwysers in Suid-Afrika 'n maandelikse tarief aan die betrokke vakbond betaal. Al die vakbonde in die BRICS-lidlande is maklik bekombaar deur gebruik te maak van die internet (BRICS Trade Union Forum, s.a.).

6. Bevindinge met betrekking tot beste praktyke

Hierdie gedeelte van die navorsing fokus op die sekondêre navorsingsvraag, naamlik: Watter beste praktyke ten opsigte van ondersteuningsdienste vir onderwysers kan in die BRICS-lidlande geïdentifiseer en geïmplementeer word? Vervolgens word die beste praktyke in toepaslike lidlande per tema (mediadienste, vakbonddienste, pensioendienste en regadviesdienste) beskryf.

Die beste praktyke kan nie blindelings en sonder aanpassings in al die lidlande toegepas word nie. Die rede hiervoor is dat elke lidland oor 'n eie en unieke aard en omstandighede beskik en daarom is dit wat vir die een lidland as 'n beste praktyk kan dien nie noodwendig geskik vir die ander lidlande nie. Die geïdentifiseerde beste praktyke kan dus in die ander lidlande toegepas word met die nodige aanpassings en veranderings.

6.1 Mediadienste

In Suid-Afrika is daar slegs 8% van biblioteke wat funksioneel in skole is (Equal Education, 2022). Slegs 27% van Brasilaanse skole het biblioteke, wat daarop dui dat daar 'n substansiële tekort aan boeke vir onderwyser en leerders is (Ferreira & Dudziak, 2013). Reeds in 1996 beskik China se meer as 'n miljoen primêre en sekondêre skole al oor hul eie biblioteke (Xiaobin *et al.*, 1996). Die persentasie van skole met biblioteke in Indië is soos volg: Laerskole – 81,28%, Sekondêre skole – 90%. (Indian School Library Association (ISLA), 2017).

Brasilië is tydens die Covid-19-pandemie bevoordeel omdat onderwysers tydens hierdie tydperk afstandsonderrig kon toepas. Hoewel Brasilië se regering \$50 miljoen aan die Um Computador por Aluno-projek bestee het, kan dit nie vergelyk word met China wat 10,501 miljard Chinese yuan aan mediadienste en tegnologiese inisiatiewe in die onderwyssektor bestee het nie (Deloitte China, 2018:4).

Middelloopbaanfase-onderwysers in Brasilië doen deurlopend opleidingskursusse wat deur die regering aangebied word. Dit is 'n sinvolle wyse van opleiding wat lewenslange leer by onderwysers stimuleer.

Rusland word beskou as die BRICS-lidland met die beste praktyk wat mediadienste betref. Dié land kan egter sy huidige syfer van 69% van onderwysers wat mediadienste in die klaskamer implementeer, verbeter. Dit is merkwaardig dat die Russiese regering reeds 57% van die innoverende opvoedkundige programme in die land ondersteun. Dus is onderwysers in die vroeëloopbaanfase positief oor die gebruik van mediadienste en word lewenslange leer sodoende bevorder. Altesaam 69% van Russiese middelloopbaanonderwysers maak gebruik van mediadienste – 'n syfer hoër as dié van die ander BRICS-lidlande. Laatloopbaan-onderwysers tree as mentors op en bemoedig ander onderwysers om lewenslange leer toe te pas.

Naas Rusland beklee China die tweede plek waar dit by die beskikbaarheid van ondersteuningsdienste aan onderwysers in die BRICS-lidlande kom. In China maak 94% van onderwysers gebruik van mediadienste in die klaskamer, wat meer as enige ander BRICS-lidland is.

Die beste praktyk van mediadienste vanuit die navorsing is Rusland, gevvolg deur China. Rusland toon ook belangstelling in die verbetering van mediadienste as ondersteuningsdiens vir onderwysers. Indië is een van die BRICS-lidlande waar meer as 85% van skole oor biblioteke beskik.

6.2 Pensioenfonds

Dit is belangrik dat die vergoeding van onderwysers, wat 'n invloed het op pensioenvoordele, hier genoem word. Volgens Wêreldbanksdata in die Varkeyfoundation-verslag oor gemiddelde salaris in Amerikaanse dollar, aangepas volgens die koopkragpariteit indeks (KKPI) is die BRICS-onderwyssalarisse soos volg (Varkeyfoundation, 2018):

- Brasilië is 29ste op die Wêreldbanks KKPI vir onderwysers - \$ 13 993
- Rusland is 35ste op die Wêreldbanks KKPI vir onderwysers - \$ 5 923
- Indië is 20ste op die Wêreldbanks KKPI vir onderwysers - \$ 21 608
- China is 31ste op die Wêreldbanks KKPI vir onderwysers - \$ 12 210
- Suid-Afrika is 17de op die Wêreldbanks KKPI vir onderwysers - \$ 30 930

In Brasilië kwalifiseer vroulike onderwysers tussen die ouderdomme van 50 en 57 en manlike onderwysers tussen die ouderdomme van 55 en 60 jaar vir pensioenbetaling. In vergelyking met die ander BRICS-lidlande is hierdie ouderdomme aansienlik laer. Die bestuur van pensioenfondse in dié land laat pensioenarissoe egter in die steek weens die wanbesteding daarvan, asook bedrog wat plaasvind. Brasilië kan by Suid-Afrika en Indië leer oor die hantering van bedrog wat pensioenfondse betref, aangesien hierdie lande bedrognoodlyn soos "Corruption Watch" geskep het om dit te bekamp (Corruption Watch, 2022). Pensioenarissoe in Brasilië verklaar hul ontevredenheid met die land se pensioenfondse. Daarteenoor toon pensioenarissoe in China en Rusland hul tevredenheid met die pensioenfondsstelsel.

Die aftreeouderdom in Rusland is onlangs heroorweeg en verhoog. Mans kan nou op die ouderdom van 60 jaar aftree en vroue op 55 jaar. Hierdie nuwe aftreeouderdom is in lyn met die ander BRICS-lidlande, alhoewel China spesiale vergunning maak vir vroue om op die ouderdom van 50 af te tree. Russiese pensioenarissoe is egter ongelukkig oor die pensioenfondsstelsel omdat hulle van mening is dat die regering nie genoeg ondersteuning aan hulle

bied nie. Dus sal hulle eerder van nieregeringspensioeninstellings gebruik wil maak. Rusland kan baie by China leer deur na die Chinese pensioenfondsstelsel te kyk en die beste praktyke daarvan te implementeer.

In Indië kan 'n 50-jarige persoon met tien jaar se werksbydrae aftree. In dié opsig kan Indië by die ander BRICS-lidlande leer om onderskeid tussen die aftreeouderdom van mans en vroue te tref. Dit kan die uitbetaling en berekening van die pensioenfondsstelsel vergemaklik. Werknemers in Indië maak 'n 12% bydrae tot hul pensioenfonds. In hierdie opsig kan dié land ook baie by China leer, waar werkemers en -gewers se bydrae 20% is. 'n Hoër bydrae kan help om 'n beter uitbetaling vir werkemers te verseker wanneer hulle eendag aftree.

China se pensioenfondsstelsel is die beste van al die BRICS-lidlande omdat die fokuspunt daarvan op bejaardes se sekuriteit en die verskaffing van bekostigbare en betroubare pensioenfondse berus. Die aftree-ouderdom in China is 50 tot 55 jaar vir vroue en 60 jaar vir mans. Dit stem ooreen met die aftreeouderdom in die ander BRICS-lidlande.

Werknemers in China kan tot 20% van hul maandelikse salaris tot hul pensioenfonds bydra, terwyl die bydrae in Indië 12% en in Suid-Afrika slegs 7% is. Pensioenaris in China is tevreden met die pensioenfondsstelsel, terwyl pensioenaris in die ander BRICS-lidlande ongelukkigheid daaroor toon.

6.3 Regsadviesdienste

In Brasilië is regadviesdienste aan onderwysers beskikbaar en word dit deur vakbonde of private regadviesdienste gelewer. Die vakbonde wat regadviesdienste in Brasilië lewer, is beperk en daarom sal dit tot voordeel van die land wees om na Suid-Afrika te kyk, aangesien verskeie vakbonde regadviesdienste in Suid-Afrika lewer. Tydens die Covid-19-pandemie het vakbonde in Brasilië onderwysers aangemoedig om nie enige kontrakte te teken nie en eerder aanlyn hulp van 'n verteenwoordigende vakbond te kry. Dus kon vakbonde of prokureurs aanlyn regadvies lewer. Laasgenoemde aspek stem ook ooreen met die gebruikte in die ander BRICS-lidlande.

Onderwysers in Rusland is ontevrede met die regadviesdienste wat deur hul vakbonde verskaf word. Om dit te voorkom, kan meer vakbonde vir onderwysers se regte opstaan. Dit sal goed wees indien Rusland na die regadviesdienste in Suid-Afrika kyk, waar verskeie vakbonde regadviesdienste aan hul lede bied. Rusland se vakbonde word deur die regering beheer en dit veroorsaak dat die beskerming van onderwysersregte nie 'n prioriteit is nie. In 'n land soos Suid-Afrika word vakbonde nie deur die regering onderdruk nie en onderwysers kan aanlyn met vakbonde en prokureurs skakel om regadviesdienste te kry.

Net soos in Suid-Afrika word regadviesdienste in Indië deur vakbonde en die privaat sektor verskaf en word onderwysers se regte op hierdie manier beskerm. Dit is duidelik dat onderwysers in Indië eerder van prokureurs of advokate gebruik maak weens die gebrek aan regadviesdienste beskikbaar aan onderwysers. Indië moet meer vakbonde stig wat vir die regte van hul lede veg, soos in Suid-Afrika, waar die beste praktyk van regadviesdienste na vore kom.

China se regadviesdienste is beperk omdat daar net een vakbond – ACFTU – is wat deur die regering beheer word. Die probleme betreffende regadviesdienste in China kan opgelos word indien onafhanklike vakbonde, soos in Suid-Afrika, die mag gegee word om onderwysers se regte te beskerm en regadviesdienste aan hul lede te bied. China se onderwysers word gedwing om private prokureurs vir regadvies en die beskerming van menseregte te gebruik.

Onderwysers is ook ongelukkig oor sekere regadviesdienste wat nie deur ACFTU gebied word nie. Suid-Afrika se stelsel word in hierdie opsig as die beste praktyk beskou, aangesien die verskillende vakbonde hul lede se regte beskerm en onafhanklik van die staat optree.

Suid-Afrika se ondersteuningsdienstes van regadviesdienste vir onderwysers word as die beste praktyk beskou. Die land is een van die BRICS-lidlande met die grootste verskeidenheid vakbonde, wat elkeen regadviesdienste aan sy lede bied. Hierdie vakbonde word onafhanklik van die staat bestuur en dit bied hul lede 'n regverdigde kans tot objektiewe regadviesdienste. Indien 'n onderwyser nie aan 'n vakbond behoort nie, het hy of sy die opsie om van private regadviesdienste deur 'n prokureur of advokaat gebruik te maak. Soos in die ander BRICS-lidlande, is hierdie dienste aanlyn beskikbaar in Suid-Afrika. Regdienste word deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders en die Departement van Onderwys aangebied, waar die regsgeskille tussen ouers en onderwysers, tussen onderwysers onderling en tussen skoolbesturuspanne opgelos word (Suid-Afrikaanse Onderwysersunie [SAOU], s.a.).

6.4 Vakbonde

Unified Workers Central is die gewildste vakbond onder werknemers in Brasilië. Hoewel hierdie vakbond verskeie dienste aan sy lede bied, moet Brasiliaanse vakbonde na Suid-Afrikaanse vakbonde kyk indien hulle hul dienste wil verbeter, aangesien die fokus in Suid-Afrika op die lede en hul regte berus. Onderwysers in Brasilië moet lidmaatskap volgens 'n gelyskaal betaal. Dit kan tot ongelukkigheid onder verskillende werknemers lei. Die beste praktyk hier is om, soos in Suid-Afrika, 'n maandelikse vasgestelde lidmaatskapsfooi aan 'n spesifieke vakbond te betaal.

Die vakbonde in Rusland word deur die regering beheer; dus het die lede nie werklik 'n stem binne die vakbond nie. Rusland kan ook hier by Suid-Afrika leer, waar vakbondlede se belang eerstel geset word. Voorts is Rusland beperk met betrekking tot vakbonde wat dienste aan onderwysers lewer, terwyl Suid-Afrika 'n groot verskeidenheid vakbonde het wat ondersteuningsdienste aan onderwysers bied. Die eenmalige aansluitingsfooi om deel van 'n vakbond in Rusland te wees, is nie genoeg vir die vakbond om 'n verskeidenheid dienste aan sy lede te bied nie. Hier behoort vakbonde in Rusland eerder 'n maandelikse lidmaatskapsfooi vas te stel, soos in Suid-Afrika waar onderwysers dan self kan besluit aan watter vakbond hulle wil behoort.

Indië het, soos in Suid-Afrika, verskeie vakbonde wat ondersteuningsdienste aan onderwysers lewer, hoewel die vakbonde in Indië 'n jaarlikse tarief vereis. Dit kan lede ontmoedig om lidmaatskapsfooie te betaal. Dus word voorgestel dat Indië van Suid-Afrika se beste praktyk gebruik maak in die vorm van maandelikse lidmaatskapsfooie. Die fokus van vakbonde in Indië berus op die verbetering van beroepsbevordering en die beskerming van menseregte, soos dit ook in Suid-Afrika die geval is.

Soos in Rusland, het vakbondlede in China min of geen sê oor die gebeure binne 'n vakbond nie. Die regering beïnvloed ook die vakbonde se besluite. Suid-Afrika kan 'n voorbeeld vir China wees, waar vakbonde 'n stem aan hul lede gee en omsien na hul menseregte. China se vakbond eis 0,5% van 'n werknemer se salaris, terwyl onderwysers in Suid-Afrika die keuse het om te besluit aan watter vakbond hulle wil behoort en dan 'n vasgestelde maandelikse lidmaatskapsfooi daarvoor betaal. Die vakbondstelsel in China kan uitbrei om meer vakbonde te stig wat onderwysers se menseregte beskerm en ondersteuning aan hulle bied, sodat onderwysers nie net tot een vakbond beperk is nie.

Waar dit by ondersteuningsdienste vir onderwysers kom, word Suid-Afrika vanuit die studie as die beste praktyk geïdentifiseer. Vakbonde lewer grotendeels hierdie dienste aan hul lede. Omdat daar verskeie vakbonde in Suid-Afrika is, word dit as die beste praktyk beskou. Onderwysers kan kies aan watter vakbond hulle wil behoort en betaal dan 'n vasgestelde maandelikse tarief as lidmaatskapsfooi. Suid-Afrika se vakbonde gee gehoor aan hul lede se dispute en bied ondersteuning op 'n wye verskeidenheid gebiede, soosregsadviesdienste, die beskerming van menseregte en die bestuur van werknemer-werkgewer-verhoudinge. Vakbonde verseker dat kollektiewe bedeling plaasvind om te verseker dat die diensvoorraarde van werknemers nagekom word en dat hul regte beskerm word (SAOU s.a.).

7. Aanbevelings

Sekere aanbevelings kan gemaak word om die ondersteuningsdienste vir onderwysers in die BRICS-lidlande te verbeter. Die volgende word aanbeveel:

- Dit is belangrik vir die BRICS-lidlande om byeen te kom en 'n eenvormige raamwerk saam te stel waar die ondersteuningsdienste vir onderwysers in die BRICS-lidlande uiteengesit word. Sodoende kan ondersteuningsdienste van 'n beter gehalte aan onderwysers verseker word. Dit is egter van belang dat die konteks van elke land in ag geneem moet word voordat so 'n raamwerk geformuleer word.
- As die samewerking tussen die BRICS-lidlande verbeter, kan die verhoudings tussen die lande ook versterk. Dan kan beste prakteke geïmplementeer word sodat ander lande dit ook kan toepas.
- Die bewusmaking van internasionale organisasies se betrokkenheid om finansieel 'n bydrae tot die onderwysstelsels in die BRICS-lidlande te maak, kan daartoe lei dat onderwysers meer ondersteuningsdienste ontvang. Sodoende kan 'n positiewe bydrae tot die onderwysstelsel gemaak word.
- Tydens die BRICS-lidlande se samekomste moet daar klem geplaas word op die beste prakteke wat geïdentifiseer is ten einde ander lidlande van hulp te wees om onsuksesvolle gebruikte te verander.
- Verdere navorsing kan gedoen word ten opsigte van die ander vorme van ondersteuningsdienste vir onderwysers.

8. Samevatting

Die literatuurstudie en dokumentontleding toon duidelik vanuit die navorsing aan dat daar wel ondersteuningsdienste beskikbaar is aan onderwysers in openbare skole in die BRICS-lidlande. Elkeen van die BRICS-lidlande het sy eie wyse van ondersteuningsdienste wat aan onderwysers gebied word. Hierdie dienste kan in die verskillende lidlande verbeter word deur na die beste praktek te kyk. Daar is bevind dat dieftal en bedrog die ondersteuningsdienste vir onderwysers in die BRICS-lidlande ten opsigte van mediadienste en pensioenfondse beperk. Dus moet aandag aan beleide gegee word om hierdie struikelblokke uit te wis.

Op grond van die inligting wat in hierdie studie na vore gekom het, is dit duidelik dat daar nog nie uitgebreide navorsing oor die beskikbare ondersteuningsdienste vir onderwysers in openbare skole gedoen is nie. Hierdie studie is dus enig in sy soort en is die eerste studie wat op ondersteuningsdienste vir onderwysers in openbare skole in die BRICS-lidlande fokus.

Hierdie studie is waardevol vir die BRICS-lidlande en kan help om leemtes in die ondersteuningsdienste vir onderwysers in openbare skole te identifiseer. As hierdie leemtes aangevul word, kan genoegsame ondersteuning aan onderwysers gebied word.

Die hoofdoel van die studie was om die aard van ondersteuningsdienste vir onderwysers in openbare skole in die BRICS-lidlande te bepaal. Tydens die drie fases van die onderwysloopbaan, naamlik die vroeë-, middel- en laatloopbaanfase, word ondersteuningsdienste as 'n belangrike faktor in 'n onderwyser se loopbaan geïdentifiseer. Onderwysers wat nie die nodige ondersteuningsdienste ontvang nie, het 'n tekort aan die nodige opleiding, toerusting en regadvies. Dit kan daartoe lei dat onderwysers nie genoegsame pensioen ontvang wanneer hulle afree nie omdat die ondersteuningsdienste tekortskeiet.

Om te verseker dat onderwysers in elke fase van hul loopbaan die regte en nodige ondersteuningsdienste ontvang, moet die beste praktyke in al die BRICS-lidlande geïmplementeer word. Op hierdie wyse kan die meeste van die probleme uitgeskakel word en kan gehalte-onderrig verseker word. Daar is gronde vir verdere navorsing oor die verskeidenheid beskikbare ondersteuningsdienste, veral tydens en ná die Covid-19-pandemie wat tans wêreldwyd ervaar word.

BEDANKING

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en die Noordwes-Universiteit word bedank vir finansiële ondersteuning van hierdie projek.

BIBLIOGRAFIE

- Aggarwal, V. 2010. *Dell takes aim at education segment with connected classroom*. *InformationWeek India*. <http://www.informationweek.in/informationweek/news-analysis/175031/dell-takes-aim-education-segment-partnering-educomp> [20 Junie 2020].
- AIPTF (All India Primary Teachers Federation). 2020. *Brief history*. http://aiptfindia.org/?page_id=9 [17 September 2020].
- Alfreds, D. 2016. *FIN24: SA schools falling off the e-learning deep end*. <https://www.news24.com/fin24/Tech/News/sa-schools-falling-off-the-e-learning-deep-end-20160609> [17 Junie 2020].
- Allianz Global Investors. 2020. *Pension system in Brazil: updates and reforms*. <https://www.pensionfundsonline.co.uk/content/country-profiles/brazil> [25 Julie 2020].
- All-Russian Trade Union of Education. 2020. *Trade union history*. <https://www.eseur.ru/history/> [20 September 2020].
- Anon. 2017. *China development brief: visually impaired kindergarten teacher wins discrimination lawsuit*. <https://chinadevelopmentbrief.cn/reports/visually-impaired-kindergarten-teacher-wins-discrimination-lawsuit/> [18 September 2020].
- Anon. 2019. *Menobr.ru: school teachers union*. <https://yandex.ru/turbo/menobr.ru/s/article/65573-qqq-19-m1-profsoyuz-uchiteley-v-shkole> [17 September 2020].
- Baek, Y, Jung, J & Kim, B. 2008. What makes teachers use technology in the classroom? Exploring the factors affecting facilitation of technology with a Korean sample. *Computers & Education*. https://www.researchgate.net/publication/223922765_What_makes_teachers_use_technology_in_the_classroom_Exploring_the_factors_affecting_facilitation_of_technology_with_a_Korean_sample/stats#fullTextContent [30 September 2020].
- Beckingham, K. 2019. *Education technology: chess meets tech in Russian schools*. <https://edtechnology.co.uk/comments/chess-meets-tech-in-russian-schools/> [20 Mei 2020].
- Bingimlas, KA. 2009. Barriers to the successful integration of ICT in teaching and learning environments: a review of the literature. *Eurasia Journal of Mathematics, Science & Technology Education*, 5(3):235-245.

- Borzenko, A & Dmitriev, D. 2018. *Meduza: Russia is raising its retirement age. How and why?* <https://meduza.io/en/cards/russia-is-raising-its-retirement-age-how-and-why> [26 Julie 2020].
- Botha, N. 2015. Navorsing oor beleide aangaande tegnologie en die toepassing daarvan in vier verskillende laerskole in die Wes-Kaap. Universiteit Stellenbosch. (Verhandeling – MEd).
- Bukor, E. 2015. Exploring teacher identity from a holistic perspective: Reconstructing and reconnecting personal and professional selves. *Teachers and Teaching*, 21(3):305-327.
- Byker, E. 2014. ICT in India's elementary schools: the vision and realities. *International Education Journal*, 13:27-40.
- Chigona, A & Chigona, W. 2010. An investigation of factors affecting the use of ICT for teaching in the Western Cape schools. *Proceedings of the 18th European Conference on Information Systems*, ECIS 2010, Pretoria.
- Coe, R, Aloisi, C, Higgins, S & Major, LE. 2014. *What makes great teaching? Review of the underpinning research*. Durham University: Centre for Evaluation and Monitoring. <https://www.suttontrust.com/wp-content/uploads/2014/10/What-Makes-Great-Teaching-REPORT.pdf> [15 Mei 2020].
- Considine, D. 2009. From Gutenberg to Gates: Media matters. *The Social Studies*, 63-73.
- Corruption Watch, 2022. Report Corruption. <https://www.corruptionwatch.org.za/take-action/report-corruption/who-else-can-help/#:~:text=Contact%20the%20National%20Anti%2DCorruption,on%200800%20701701%2C%20toll%20free> [31 Mei 2022].
- Darling-Hammond, L. 1997. *Doing what matters most: Investing in quality teaching*. New York, NY: National Commission on Teaching & America's Future.
- Darling-Hammond, L. 2000. How teacher education matters. *Journal of Teacher Education*, 51(3):166-173.
- Deloitte China. 2018. *A new era of education: China education development report 2018*. <https://www2.deloitte.com/content/dam/Deloitte/cn/Documents/technology-media-telecommunications/deloitte-cn-tmt-china-education-development-en-report-2018.pdf> [20 September 2020].
- Department of Basic Education (South Africa). 2016. *Teacher centre managers and e-learning specialists trained as digital education ambassadors*. <https://www.education.gov.za/ArchivedDocuments/ArchivedArticles/DigitalEducation.aspx> [17 Junie 2020].
- Devi, S, Rizwaan, M & Chander, S. 2012. ICT for quality of education in India. *International Journal of Physical and Social Sciences*, 2(6):542-554.
- Dias, LP. 2006. *Governance of Brazilian pension funds*. <https://pdfs.semanticscholar.org/cbc7/89d8c546116b7f38a19900b731d07bb8d4e4.pdf> [25 Julie 2020].
- Doctor, TL. 2013. *Should principals know more about law?* <https://files.eric.ed.gov/fulltext/ED539380.pdf> [6 April 2020].
- EduLaw. 2019. *Case law on the status of teachers in Russia*. <https://www.youtube.com/watch?v=sVXuLjT8uaY&list=PLxXJik7Zo7hpDJ2puGV3SjCncHgxHI-xY&index=7&t=0s&app=desktop> [17 September 2020].
- Equal Education, 2022. Libraries and the Bookery. <https://equaleducation.org.za/campaigns/libraries-and-the-bookery/> [31 Mei 2022].
- Ferreira, SM, & Dudziak, EA. 2013. The Future of Library Education in Brazil: Challenges and Opportunities. https://www.researchgate.net/publication/306107250_The_Future_of_Library_Education_in_Brazil_Challenges_and_Opportunities/citation/download [20 Mei 2022].
- FindLaw. 2020. *Teachers' rights*. <https://www.findlaw.com/education/teachers-rights.html> [18 September 2020].
- Gayithri, K. 2009. Central civil servant pension payments in India: issues and concerns. *Pensions International Journal*, 14:202-216. <https://doi.org/10.1057/pm.2009.20> [30 Julie 2020].
- GEPF (Government Employees Pension Fund). 2015. *GEPF forms*. <https://www.gepf.gov.za/forms/> [9 Mei 2020].
- Greenglass, ER, Fiksenbaum, L & Burke, RJ. 1994. The relationship between social support and burnout over time in teachers. *Occupational Stress: A Handbook*, 239-248.
- Gruodyté, E & Kirchner, S. 2016. Legal aid for intervenors in proceedings before the European court of human rights. *International Comparative Jurisprudence*, 2(1):36-44. <https://www.sciencedirect.com/science/article/pii/S2351667415300081?via%3Dihub#bibliog0005> [16 September 2020].

- Guba, EG & Lincoln, YS. 1994. In Denzin & Lincoln (eds). *Handbook of Qualitative Research*. Sage.
- Guo, W & Yang, Z. 2016. A study of integration ICT into curriculum in China's developed areas-a case of Foshan City. *Proceedings of the 2016 6th International Conference on Management, Education, Information and Control (MEICI 2016)*. Atlantis Press. <https://dx.doi.org/10.2991/meici-16.2016.124>. [12 Januarie 2020].
- Institute for Statistical Studies and Economics of Knowledge. 2018. *10 facts about Russian teachers*. <https://issek.hse.ru/en/news/225245595.html> [26 Mei 2020].
- ISLA, 2017. School Libraries in India: a Statistical Review. <https://indianschoollibraryassociationonline.files.wordpress.com/2017/08/school-libraries-in-india-statistical-review-2017.pdf> [28 Mei 2022].
- Jothi, S, Lakshminarayanan, S, Ramakrishnan, J & Selvaraj, R. 2016. Beneficiary satisfaction regarding old age pension scheme and its utilization pattern in urban Puducherry: a mixed methods study. *Journal of Clinical and Diagnostic Research*, 10(9):LC01.
- Kalmyk Republican Organization. 2015. *Membership: the procedure for joining a cooperative*. https://www.eseur.ru/kalmik/O_chlenstve/ [20 September 2020].
- Kent, AM & Green, AM. (eds). 2017. *Across the domains: Examining best practices in mentoring public school educators throughout the professional journey*. S.l.: Information Age.
- Khirwadkar, A. 2007. Integration of ICT in education: pedagogical issues. *Education*: 85-104.
- Kulikova, EI. 2020. Alternatives to serve the interests of Russian Pensioners. In: Muenstermann, I, ed. *Who wants to retire and who can afford to retire?* S.l.: IntechOpen, pp. 7-10.
- Kuvшинова, O, Стеркин, F & Прокопенко, A. 2017. *Sokrashchenie chisla pensionerov pozvolit ne sokrashchat' razmer pensij* [Reducing the number of pensioners will allow not reducing the size of pensions]. <https://www.vedomosti.ru/economics/articles/2017/05/05/688820-sokraschenie-pensionerov> [26 Julie 2020].
- Larson, A. 2017. How to get free legal advice online, and what to watch out for. *ExpertLaw*. https://www.expertlaw.com/library/consumer/free_legal_advice.html [7 April 2020].
- Legal Advice. 2020. *Legal advice online*. <http://www.legalserviceindia.com/consult/advice.htm> [17 September 2020].
- Lemke, TP & Lins, GT. 2010. *ERISA for money managers*. S.l.: Thomson Reuters.
- Lewis, G. 2020. *UKED: technology at school – The EdTech market in Russia*. <https://ukedchat.com/2019/01/29/edtech-russia/> [22 Mei 2020].
- Logvinenko, I. 2020. Authoritarian welfare state, regime stability, and the 2018 pension reform in Russia. *Communist and Post-Communist Studies*, 53(1):100-116.
- Louw, PE. 2001. *The media and cultural production*. London: Sage.
- Mafora, P. 2013. Transformative leadership for social justice: perceptions and experience of South African township secondary school principals. *Journal Social Sciences*, 34(1):37-45.
- Mastercard Foundation. 2020. *EdTech fellow working to provide access to learning during COVID-19*. <https://mastercardfdn.org/edtech-fellow-working-to-provide-access-to-learning-for-south-african-students-during-covid-19/> [6 Julie 2020].
- Mbinqo-Gigaba, B. 2020. *ICT roll-out: Department of Basic Education briefing; coronavirus measures: meeting summary*. <https://pmg.org.za/committee-meeting/30052/> [6 Julie 2020].
- Mier, B. 2019. *Brazil wire: May 30 Brazilian education strike: meet the organizers*. <https://www.brasilwire.com/may-30-brazilian-education-strike-meet-the-organizers/> [19 September 2020].
- Ministry of Education. 2016. [Education information “13th Five-Year Plan”]. Date of access: <http://en.moe.gov.cn/documents/statistics/2016/national/> [3 Junie 2020].
- Ministry of Education of the People's Republic of China. 2020. *Guidance on the organization and management of online teaching in colleges and universities during the epidemic prevention and control period*. http://www.moe.gov.cn/srcsite/A08/s7056/202002/t20200205_418138.html [8 Julie 2020].
- Ministry of Human Resource Development. 2010. *Annual Education Report 2009-2010*. New Delhi: Government of India. <http://education.nic.in/AR/AR2009-10/AR2009-10.pdf> [21 Junie 2020].
- Mizne, D. 2020. *Global partnership for education: teamwork keeps Brazilian children learning during COVID-19*. <https://www.globalpartnership.org/blog/teamwork-keeps-brazilian-children-learning-during-covid-19> [5 Augustus 2020].

- NAPTOSA (National Professional Teachers' Organisation of South Africa). s.a. *About NAPTOSA: objectives of NAPTOSA*. <https://www.naptosa.org.za/about-naptosa/objectives> [18 September 2020].
- NAPTOSA (National Professional Teachers' Organisation of South Africa). 2020. *Membership information*. <https://www.naptosa.org.za/membership/membership-information> [19 September 2020].
- National Council on Teacher Education (India). 2009. *National curriculum framework for teacher education: towards preparing professional and humane teacher*. New Delhi. http://www.ncie-india.org/publicnotice/NCFTE_2010.pdf [20 June 2020].
- National Institute of Educational Planning and Administration. 2015. *Department of school education and literacy*. New Delhi: Government of India, Ministry of Human Resource Development.
- Nayark, AK & Barker, M. 2014. Computer labs as techno-pedagogical tools for learning biology – exploring ICT practices in India. *Asia-Pacific Forum on Science Learning and Teaching*, 15(1):19.
- Nikolaev, D & Chugunov, D. 2012. *The education system in the Russian Federation: Education Brief 2012*. Washington, DC: World Bank Publications.
- Nikolopoulou, K & Gialamas, V. 2009. Investigating pre-service early childhood teachers' views and intentions about integrating and using computers in early childhood settings: compilation of an instrument. *Technology, Pedagogy and Education*, 18(2):201-219.
- Nova Central. 2014. *Filiação e mensalidade. [Membership and monthly fees]*. <https://www.nest.org.br/subpage.php?id=18482> [20 September 2020].
- OECD (Organisation for Economic Co-operation and Development). 2019. *Pensions at a glance 2019: OECD and G20 indicators*. Paris. <https://doi.org/10.1787/b6d3dcfc-en>. [20 Julie 2020].
- Parati, E & Lemos, G. 2020. *Brazil: amid brutal police repression, São Paulo government passes state pension reform*. <https://www.wsfs.org/en/articles/2020/03/07/braz-m07.html> [25 Julie 2020].
- Pension Fund of the Russian Federation. 2020a. *Mobile office in your smartphone*. <https://www.pfrf.ru/spec/mobile/> [27 Julie 2020].
- Pension Fund of the Russian Federation. 2020b. *Types of pensions*. http://www.pfrf.ru/en/pens_system/type_pens/ [26 Julie 2020].
- Pension Funds Online. 2020. *Pension system in Russia*. <https://www.pensionfundsonline.co.uk/content/country-profiles/russia> [29 Julie 2020].
- Presidency of the Republic Sub-Sofia Civil House for Legal Affairs Law No. 8,213, of July 24, 1991. http://www.planalto.gov.br/ccivil_03/leis/L8213cons.htm [27 Julie 2020].
- Ranieri, NBS & Sifuentes, M. s.a. *Teachers rights: international perspectives Brazil*. <http://www.nupps.usp.br/downloads/artigos/ninaranieri/trip.pdf> [16 September 2020].
- Roy, SK. 2017. A study of Indian national policy on ICT in school education. *International Journal of Multidisciplinary Educational Research*, 6(6):259-265.
- Rubin, A & Babbie, ER. 2016. *Empowerment series: Research methods for social work*. New York, NY: Cengage Learning.
- SACE (South African Council for Educators). 2020a. *Become a member: SACE membership information*. <https://irp-cdn.multiscreensite.com/c0cc1c10/files/uploaded/SAOU-Lidmaatskap-inligting-2018-3.pdf> [18 September 2020].
- SACE (South African Council for Educators). 2020b. *Handbook for teacher's rights, responsibilities and safety*. https://www.sace.org.za/assets/documents/uploads/sace_90707-2020-01-10-Teachers%20Handbook%20Draft.pdf [12 April 2020].
- Samuda, V. 2001. In Bygate, Skehan & Merrill (eds). *Researching pedagogic tasks: Second language learning, teaching and testing*. S.l.: Routledge.
- SAOU (Suid-Afrikaanse Onderwysersunie). S.a. *Legal services*. <https://www.saou.co.za/saou-legal> [18 September 2020].
- Sinpro, SP. 2020. *Legal department*. <https://www.sinprosp.org.br/assistencia-juridica> [16 September 2020].
- Statistica. 2020. *Distance learning difficulties of pre-school teachers in Russia 2020* Statista Research Department. <https://www.statista.com/statistics/1123776/pre-school-teachers-difficulties-in-distance-learning-in-russia/> [14 Julie 2020].
- Stewart, F & Yermo, J. 2009. *Pensions in Africa, OECD Working Papers on Insurance and Private Pensions, No. 30.*: OECD.

- Steyn, SC. 1997. Riglyne vir effektiewe ondersteuningsdienste in 'n onderwysstelsel. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Tesis – PhD).
- Steyn, HJ, Wolhuter, CC, Vos, D & De Beer, ZL. 2017. *Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel: Kernkenmerke in fokus*. Noordbrug: Keurkopié.
- Suckow, M. 2010. *No more boundaries: sharing best practices in teacher training, retention, and induction in Gujarat, India*. Paper presented at the annual meeting of the American Educational Research Association, Annual Conference, Denver, CO.
- SAOU (Suid-Afrikaanse Onderwysersunie). s.a. *Legal services*. <https://www.saou.co.za/saou-legal> [18 September 2020].
- Swafford, J. 2000. Teachers supporting teachers through peer coaching. *Leading Professional Development in Education*, 105-115.
- Sy, AN. 2017. *Leveraging African Pension funds for financing infrastructure development*. <https://www.un.org/en/africa/osaa/pdf/pubs/2017pensionfunds.pdf> [26 Julie 2020].
- Taylor, R & Van der Merwe, M. 2019. Die integrasie van tegnologie in die Afrikaans Huistaal-klaskamer van skole in die Wes-Kaap: 'n gevalliestudie. *LitNet*, 16(2):509-553. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2019/10/LitNet_Akademies_16-2_Taylor_vanderMerwe_509-553.pdf [2 Junie 2020].
- Thomas, N, Clarke, V & Lavery, J. 2003. Self-reported work and family stress of female primary teachers. *Australian Journal of Education*, 47(1):73-87.
- Thompson, C. 2011. How Khan academy is changing the rules of education. *Wired*. https://www.wired.com/2011/07/ff_khan/ [30 September 2020].
- Traub-Merz, R. 2011. *All China Federation of trade unions: structure, functions and the challenge of collective bargaining (No. 13)*. Global Labour University Working Paper.
- Trucano, M. 2015. *World economic forum: how Brazil is improving education*. <https://www.weforum.org/agenda/2015/01/how-brazil-is-improving-education/> Date of access: [19 Mei 2020].
- Unified State Information System for Social Security. 2020. *About EGISSO*. <http://egisso.ru/site/> [30 Julie 2020].
- Varkeyfoundation, 2018. Global Teacher status Index: 2018. <https://www.varkeyfoundation.org/media/4853/gts-index-9-11-2018.pdf> [31 Mei 2022].
- Varlamova, Yu, Ivanova, O, Khromova, V & Chugayev, A. 2017. The successful "in-house training" project. *Proceedings of the Conference of Management of Education in the Time of Changes*. <http://app.direktoria.org/konferencia/pub/7790> [24 Mei 2020].
- Visagie, AN. 2012. Die invloed van onderwyservakbonde op die werkstevredenheid van opvoeders. <http://hdl.handle.net/10394/8203> [27 April 2020].
- Warsame, KB. 2011. Evaluating the effectiveness of novice teacher support structures. Minneapolis, MN: Walden University. (Thesis – DEd).
- Werang, BR, Lewaherilla, ED & Irianto, O. 2017. The effect of teachers' socioeconomic status on elementary schools' life in Indonesia: An empirical study in the elementary schools of Merauke district, Papua. *International Journal of Research Studies in Management*, 6(1):23-37.
- Wesolowsky, T. 2016. Another awkward moment: Russia's Medvedev mocked over remarks to struggling teachers. *Radio liberty*: <https://www.rferl.org/a/russia-medvedev-remarks-mocked-pensions-teachers/27900513.html> [30 Julie 2020].
- Wolhuter, C. 2008. Review of the review: Constructing the identity of comparative education. *Research in Comparative and International Education*, 3(4):323-344.
- Woordeboek van die Afrikaanse taal. 2014. <http://www.woordeboek.co.za.nwulib.nwu.ac.za/?qi=129685&offset=0> [4 Februarie 2021].
- World Bank. 2020b. *How countries are using EdTech (including online learning, radio, television, texting) to support access to remote learning during the COVID-19 pandemic*. <https://www.worldbank.org/en/topic/edutech/brief/how-countries-are-using-edtech-to-support-remote-learning-during-the-covid-19-pandemic> [13 Junie 2020].
- World Summit on the Information Society. 2020. *The Coronavirus (Covid-19) response ICT case repository*. https://www.itu.int/net4/wsits/stocktaking/Content/doc/surveys/15863048637525604/WS_COVID-19Response-ICTCaseRepository-MidtermReport.pdf [14 Julie 2020].

- Xiaobin, J, Yunxiang, D, Aiqin, S & Xiaoyan Z. 1996. China's Primary and Secondary School Libraries: Yesterday, Today, and Tomorrow. <https://origin-archive.ifla.org/IV/ifla62/62-xiaj.htm> [25 Mei 2022].
- Yadav, A. 2014. *Akhilesh Yadav approves E-pension scheme in Uttar Pradesh.* <https://news.biharprabha.com/2014/07/akhilesh-yadav-approves-e-pension-scheme-in-uttar-pradesh/> [31 Julie 2020].
- Yeung, K. 2020. *The coronavirus pandemic: coronavirus: China's state pension fund under increasing pressure after fee cuts to help struggling businesses.* <https://www.scmp.com/economy/china-economy/article/3078650/coronavirus-chinas-state-pension-fund-under-increasing> [9 September 2020].
- Zhang, P. 2018. China: kindergarten teacher files lawsuit against his employer alleging he was unfairly dismissed for being gay. *Business & Human Rights Resource Centre*, 28 Sept. <https://www.business-humanrights.org/en/latest-news/china-kindergarten-teacher-files-lawsuit-against-his-employer-alleging-he-was-unfairly-dismissed-for-being-gay/> [18 September 2020].
- Zhang, W, Wang, Y, Yang, L & Wang, C. 2020. Suspending classes without stopping learning: China's education emergency management policy in the Covid-19 outbreak. *Journal of Risk and Financial Management*, 13(3):55.
- Zhu, H & Walker, A. 2018. Pension system reform in China: who gets what pensions? *Social Policy & Administration*, 52(7):1410-1424.
- Zhu, Z, Gu, X, Collis, B & Moonen, J. 2011. Use of ICT in Chinese schools: striving for educational quality and equality. *Educational Technology*, 51(3):32-37. www.jstor.org/stable/44430005 [22 Junie 2020].

Die gebruik van belonings om grondslagfaseleerders in spesiale skole se akademiese selfdoeltreffendheid en motivering te verhoog

The use of rewards to enhance the experiences of academic self-efficacy and motivation of foundation phase learners in a special-needs school

JANINE FOURIE

Departement Opvoedkundige Sielkunde
Universiteit Stellenbosch
Suid-Afrika
E-pos:laas.fourie@gmail.com



Janine Fourie

Lorna Dreyer

LM DREYER

Departement Opvoedkundige Sielkunde
Universiteit Stellenbosch
Suid-Afrika

JANINE FOURIE is 'n voltydse leerondersteuningsopvoeder in die noordelike voorstede van Kaapstad, asook 'n kontrakdosent aan die Helderberg College of Higher Education (HCHE) in Somerset-Wes. Sy het haar Meestersgraad in Opvoedkundige Ondersteuning in 2021 aan die Universiteit Stellenbosch onder leiding van prof. LM Dreyer behaal. Janine het haar eerste referaat in 2020 gelewer tydens die studentesimposium wat deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gereël is.

JANINE FOURIE is a learning support educator in the northern suburbs of Cape Town and contract lecturer for Helderberg College of Higher Education (HCHE). She obtained her Master's degree in Educational Support in December 2021 from the University of Stellenbosch under the supervision of prof. LM Dreyer. Janine took part in the student symposium presented by the South African academy for arts and sciences in 2020.

LORNA M DREYER (PhD) is medeprofessor en departementeel voorsitter in die Departement Opvoedkundige Sielkunde, Stellenbosch Universiteit. Sy het uitgebreide onderwyservaring wat strek oor die volle formele onderwyssektor. Sy het as leerondersteuningsadviseur gewerk en was ko-ordinéerde van spesiale skole in die Wes-Kaap Onderwysdepartement. Haar kundigheid lê op die gebied van voorsiening van leerondersteuning in 'n inklusiewe onderwyskonteks vanuit 'n menseregte- en sosiale geregtigheidsperspektief. Haar huidige navorsing

LORNA M DREYER (PhD) is an Associate Professor and Departmental Chair in the Department of Educational Psychology, Stellenbosch University. She has extensive teaching experience across the full spectrum of the formal education sector. She worked as a learning support advisor and was coordinator of special schools in the Western Cape Education Department. Her expertise lies in the provision of learning support within an inclusive education context from a human rights and social justice perspective. Her current research focusses on the

Datums:

Ontvang: 2022-03-07

Goedgekeur: 2022-08-03

Gepubliseer: September 2022

<p>fokus op die transformasie van hoëronderwysinstellings en die ervaring van studente met spesifieke leergestremdhede. Met die klem op akademiese leierskap in hoër onderwys beywer sy haarsel vir ontentieke insluiting wat sistemiese en pedagogiese faktore wat studenteleer affekteer, in ag neem. Sy het 'n NNS- gradering as navorser en is mede-redakteur van boeke en ouiteur van verskeie navorsingsartikels en boekhoofstukke. Sy het referate by verskeie internasionale en plaaslike konferensies gelewer.</p>	<p>transformation of higher education institutions and the experiences of students with Specific Learning Disabilities. With the emphasis on scholarly leadership in higher education she advocates authentic inclusion that acknowledges systemic and pedagogical factors impacting on student learning. She is an NRF rated researcher and has co-edited books and authored several articles and book chapters and presented numerous papers at national and international conferences.</p>
---	---

ABSTRACT

The use of rewards to enhance the experiences of academic self-efficacy and motivation of foundation phase learners in a special-needs school

Throughout a person's life, characteristics such as creativity, adaptability and perseverance are needed. Research has shown that these characteristics can be cultivated through a combination of high self-efficacy and intrinsic motivation. Self-efficacy, or the belief one has about one's own ability, has a direct influence on how motivated one is to participate in a specific task or activity. An interrelationship therefore exists between the two, and can be influenced by an overall mindset regarding ability or intellect.

Teachers often use rewards in the classroom to motivate learners to reach high performance standards; however, heavy debates about the influence of rewards on learners' self-efficacy and motivation are ongoing among academics. These debates are often due to different views or points of departure concerning motivation, such as the behaviouristic and cognitive approaches.

The behaviouristic approach to motivation focuses mainly on three components, namely a driving force, learned motives, and incentives to "push" someone into participating in a task or activity. As opposed to the behaviouristic approach, the cognitive approach focuses on cognition, a personal, social, and cultural incentive that "pulls" a person towards participating in a given task or activity. According to the cognitive approach, motivation depends largely on the task or activity, on how interesting it is or what its perceived value is, on a person's abilities (or perceived abilities), and on the reason for success or failure in similar activities in the past.

Past experiences are of crucial importance when people judge their own abilities (self-efficacy). Other criteria used to evaluate one's own abilities include social comparisons, verbal feedback, and physiological reactions. Research has shown that learners in special-needs schools often have low self-efficacy beliefs about their academic ability due to repeated experiences of failure. A study to investigate the role of rewards on these learners' self-efficacy was therefore imperative. Teachers could use the findings to inform their decisions on how to use rewards in the classroom.

Deci and Ryan's (1985) self-determination theory (SDT) was used as theoretical framework for this study. This theory strives to develop learners' self-efficacy beliefs through fulfilling three basic human needs for optimal functioning, constructive social development, and personal wellbeing. These needs are identified as 1) the need to feel capable, 2) the need to be in control (autonomy) and 3) the need for relatedness.

As far as rewards are concerned, the self-determination theory covers issues such as how rewards can be used as informative feedback for learners, scaffolding them into becoming more effective in a task or activity. The theory further distinguishes between autonomous and controlled motivation providing opportunities for extrinsic motivation to become intrinsic motivation through integration.

Five participants were purposefully selected from a special-needs school in the northern suburbs of Cape Town where they took part in a collective case study design that investigated their experiences of rewards and self-efficacy.

It was found that learners value and experience different types of academic rewards on an individual basis and that the classroom teacher should therefore carefully select and award rewards. The types of rewards vary from abstract rewards like verbal praise to concrete rewards such as stickers or sweets.

The awarding of rewards should furthermore focus on the learning process, and not on product or outcome, in order to increase learners' self-efficacy. The process of rewarding the learning process can be visualised as a staircase where each step is a learner's individual learning goal, with the overarching learning outcome (or product) at the top. As the learner climbs each step, he or she is in fact reaching a learning outcome. Rewarding for process and outcomes thus becomes integrated and the process becomes the product.

This study's findings contribute to the increasing repository of literature on the use of academic rewards, focusing on how, and not if, rewards should be used.

KEYWORDS: collective case-study, foundation phase learners, learning outcome, learning process mindset, motivation, rewards, self-efficacy, special-needs school, verbal praise/feedback

TREFWOORDE: belonings, grondslagfaseleerders, ingesteldheid, kollektiewe gevallestudie, leerproses, leeruitkomste, motivering, selfbeskikkingsteorie, selfdoeltreffendheid, spesiale skool, verbale prysing/terugvoering

OPSOMMING

Eienskappe soos volharding, kreatiwiteit en aanpasbaarheid is 'n mens se hele lewe lank van kardinale belang. Navorsing het getoon dat hierdie eienskappe aangeleer kan word deur 'n kombinasie van intrinsiese motivering en 'n hoë selfdoeltreffendheidsiening.

Daar word dikwels gebruik gemaak van belonings om leerders in skole te motiveer om te presteer, maar akademici het teenstrydige menings oor die rol wat belonings speel in leerders se intrinsiese motivering en selfdoeltreffendheidsienings. Navorsing toon dat leerders in spesiale skole dikwels weens vorige ervarings van herhaalde mislukking en terugslae lae sienings van hul eie vermoëns het. 'n Studie oor die rol van belonings in die selfdoeltreffendheidsienings van grondslagfaseleerders in spesiale skole was dus nodig, sodat onderwysers in spesiale skole belonings op so 'n manier kan aanwend dat dit leerders se selfdoeltreffendheid op 'n positiewe manier beïnvloed.

As vertrekpunt vir hierdie studie is Deci en Ryan (1985) se selfbeskikkingsteorie gebruik. In die milieu van 'n spesiale skool is vyf grondslagfaseleerders doelgerig gekies om aan die navorsing deel te neem, en die bevindings was soos volg: Leerders ervaar en waardeer akademiese belonings op 'n individuelevlak en daarom moet onderwysers belonings doelgerig selekteer en toeken. Ook moet die onderwyser deur die gebruik van belonings op die leerproses fokus om leerders se selfdoeltreffendheidsiening te verhoog.

Inleiding

Die mate waarin 'n persoon gemotiveerd is om aan 'n taak of aktiwiteit deel te neem, word grootliks bepaal deur sy of haar selfdoeltreffendheidsiening – iemand se eie mening oor sy of haar vermoëns (Muenks, Wigfield & Eccles, 2016). Navorsing het getoon dat motivering hand aan hand gaan met selfdoeltreffendheid en dat hierdie twee aspekte 'n groot invloed uitoefen op aanpasbaarheid, deursettingsvermoë en kreatiwiteit, wat regdeur 'n mens se lewe baie belangrik is (Akin-Little, Eckert, Lovett & Little, 2004).

In 'n poging om leerders se prestasies te verbeter, gebruik skole reeds dekades lank belonings as motivering. Akademici het egter nog nie eenstemmigheid bereik oor die uitwerking daarvan op selfdoeltreffendheid nie (Deci, Koestner & Ryan, 2001). Herhaalde terugslae en mislukte pogings het 'n negatiewe invloed op die selfsienings van leerders in spesiale skole. Ofskoon daar histories van behavioristiese tegnieke gebruik gemaak word om hierdie leerders se gedrag te beheer of te beïnvloed, toon navorsing egter al hoe meer dat 'n behavioristiese aanslag dalk nie die enigste benadering is om te volg wanneer daar gepoog word om leerders se akademiese prestasie te beïnvloed nie (Tilfarhoglu & Cinkara, 2009:130). Bandura se selfdoeltreffendheidsteorie het byvoorbeeld 'n sosiaal-behavioristiese aanslag wat fokus op kognitiewe eienskappe (Tilfarhoglu & Cinkara, 2009:130).

Die gebruik van Deci en Ryan (1985) se selfbeskikkingssteorie as navorsingsraamwerk bied die geleentheid om ondersoek in te stel na die rol van belonings in die selfdoeltreffendheidsienings van grondslagfaseleerders in 'n spesiale skool. Die fokus van hierdie artikel is om vas te stel hoe belonings in die klaskamer gebruik word, hoe leerders dit ervaar, en hoe dit hierdie leerders se siening van hul selfdoeltreffendheid beïnvloed.

Selfdoeltreffendheid

'n Belangstelling in selfsienings soos selfdoeltreffendheid is nikks nuuts onder akademici nie. Selfdoeltreffendheid word volgens Bandura (1997) omskryf as die siening wat 'n persoon oor sy of haar eie vermoë het, wat 'n bepalende rol in menslike ontwikkeling speel. Maddux en Meier (1995) asook Maddux (2000) voer aan dat leerders se selfdoeltreffendheidsiening ook 'n invloed het op hulle akademiese vordering sowel as hul fisiese en geestelike welstand.

Zhao, Hills & Seibert (2005) het bevind dat selfdoeltreffendheid die hoeksteen van motivering vorm en gevvolglik 'n invloed uitoefen op deursettingsvermoë, doelwitstelling en optredes. Hieruit kan daar afgelei word dat mense geneig is om slegs gemotiveerd te wees om take of aktiwiteite aan te pak indien hulle van mening is dat sulke aktiwiteite suksesvol uitgevoer sal kan word (Lunenburg, 2011). Hierdie bereidwilligheid of gemotiveerdheid om die taak of aktiwiteit aan te pak kan volgens Theodotou (2014) beïnvloed word deur belonings. Daar is egter nie konsensus onder akademici oor wat presies die uitwerking van belonings op motivering is nie (Wah & Sim, 2020).

Soos reeds genoem, is selfdoeltreffendheid die persepsie wat 'n persoon het van sy of haar eie vermoëns. Hierdie persepsie ontstaan wanneer 'n individu 'n kognitiewe evaluering maak sonder om aandag te skenk aan die emosies wat deur die proses gegenereer word (Bong & Skaalvik, 2003). Hierdie kognitiewe selfevaluering word volgens Muenks *et al.* (2016) deur die volgende vier faktore beïnvloed: 1) vorige ervarings, 2) sosiale vergelyking, 3) verbale terugvoering en 4) fisiologiese reaksies.

Volgens Bong en Skaalvik (2003) weeg vorige ervarings die swaarste met betrekking tot die individu se persepsie van selfdoeltreffendheid. Hulle is verder van mening dat vorige

ervarings van sukses 'n persoon se selfdoeltreffendheid verhoog en dat ervarings van herhaalde mislukking 'n persoon se selfdoeltreffendheid verlaag. Verder word daar aangevoer dat indien leerders hulself met iemand in hul portuurgroep vergelyk, dit 'n sterk invloed het op die leerder se selfdoeltreffendheids-evaluatingsproses. Volgens Lunenberg (2011) kan suksesvolle ervarings binne die portuurgroep én sosiale vergelyking dus as motivering dien. Indien die leerder egter onsuksesvol is, en 'n lae selfdoeltreffendheid het, kan die portuurgroep of omstandighede vir die mislukking geblameer word (Heslin & Klehe, 2006).

Die derde faktor wat hier van belang is, is verbale terugvoering. Bong en Skaalvik (2003) beweer dat verbale terugvoering deur 'n geloofwaardige persoon, wat deur sukses gevolg word, 'n positiewe invloed op selfdoeltreffendheid het. In hierdie oopsig speel onderwysers en ouers as spesiale persone 'n baie belangrike rol. Vir die doel van hierdie artikel word daar gefokus op die belangrike rol wat onderwysers speel in die bevordering van leerders se selfdoeltreffendheid. Schunk (1983) verduidelik hierdie rol en verskaf riglyne vir onderwysers ter bevordering van positiewe selfevaluering deur leerders. Een van die aanbevelings is dat onderwysers doelgerigte, geïndividualiseerde en bereikbare doelwitte aan leerders moet stel. Hierdie doelwitte moet duidelik verband hou met die terugvoer van vordering aan die leerders. Muenks *et al.* (2016) staaf hierdie aanbeveling van Schunk en voeg by dat indien onderwysers saam met die terugvoering ook opleiding verskaf, dit nie net die selfdoeltreffendheid van die leerder sal verhoog nie, maar ook die leerder se prestasie.

Indien leerders op grond van vorige ervarings verwag dat hul onsuksesvol in 'n taak gaan wees, veroorsaak dit fisiologiese reaksies soos sweterige handpalms, hoofpyne en 'n versnelde hartklop (Lunenberg, 2011). Hierdie fisiologiese reaksies, gekoppel aan angs en depressie, hou volgens Pajarez en Kranzler (1995) ten nouste verband met selfdoeltreffendheid en emosionele welstand.

Ingesteldhede

Dit is belangrik om kennis te neem van die verskillende sienings van vermoë wanneer daar gepraat word in die konteks van selfdoeltreffendheid, of persepsies van selfvermoë. Dweck (2006) beskryf in haar teorie rakende intelligensie twee sienings oor vermoë, naamlik 'n groei-ingesteldheid en 'n vaste ingesteldheid. Volgens Dweck (2006) word intelligensie met 'n groei-ingesteldheid beskou as iets wat vormbaar of soepel is. Die persoon se vermoë kan dus sigbaar "groei". Indien 'n persoon 'n groei-ingesteldheid het, word foute en mislukkings beskou as deel van die leerproses en nie as 'n weerspieëling van vermoë nie (Stannett, 2018). Volgens Seaton (2018) is persone met hierdie ingesteldheid geneig om meer deursettingsvermoë aan die dag te lê, 'n beter selfdoeltreffendheidsiensing te hê, en outonomiteit in hul optrede te vind.

Die teenpool van 'n groei-ingesteldheid is 'n vaste ingesteldheid. Volgens hierdie siening word prestasie direk gekoppel aan vermoë. Indien 'n leerder dus misluk, veroorsaak dit dat hy of sy 'n gevoel van hulpeloosheid ervaar (Donohoe, Topping & Hannah, 2012; Hochanadel & Finamore, 2015; Seaton, 2018). Indien leerders met 'n vaste ingesteldheid selfs met inspanning nie sukses behaal nie, glo hulle dat hulle nie die vermoë het om die taak te verrig nie (Rhew Piro, Goolkasian & Cosentino, 2018).

Truax (2018) is van mening dat die ingesteldheid waarmee 'n persoon sy of haar eie vermoë of intelligensie benader, beïnvloed hoe gemotiveerd daardie persoon is om aan take en aktiwiteite deel te neem.

Motivering

Motivering speel 'n belangrike rol in die uitvoering van skooltake. Dit is die proses wat die behoefté om 'n doelwit te bereik, aanwakker (Grieve, Van Deventer & Mojapelo-Batka, 2006). Hierdie proses kan vanuit twee verskillende perspektiewe benader word, wat beteken dat twee verskillende gevolgtrekkings gemaak kan word (Williams & Stockdale, 2004). Die twee teoretiese benaderings wat hier ter sprake is, is die behavioristiese en die kognitiewe benaderings tot motivering.

Die behavioristiese benadering beskou motivering in terme van dryfkrag, aansporing en aangeleerde motiewe en word algemeen in skole gevolg om gedrag te beïnvloed (Cofer & Petri, 2020). Die kognitiewe benadering, aan die ander kant, veronderstel dat persoonlike, sosiale en kulturele aansporings 'n persoon tot aksie laat oorgaan. Motivering word gesien as doelgerig en word gebaseer op inligting wat aanhouwend ontvang word (Cofer & Petri, 2020). Die motiveringsproses in die kognitiewe benadering inspireer 'n persoon gevölglik om 'n doelwit te bereik deur die persoon te "trek" om tot aksie oor te gaan, waar die behavioristiese proses van motivering 'n "stoot"-aksie is (Grieve *et al.*, 2016).

Voortvloeiend uit die kognitiewe benadering vind ons Deci en Ryan (2001) se selfdoeltreffendheidsteorie (SBT) wat onderskei tussen outonome motivering en beheerde motivering. Persone wat outonom gemotiveerd is, pak 'n aktiwiteit aan omdat hulle die waarde daarvan besef (geïntegreerde ekstrinsieke motivering), of weens die interessantheid daarvan of die genot wat hulle daaruit put (intrinsieke motivering).

Patric en Mantzicopoulos (2015) voeg by dat, afgesien van die interessantheid of nut van 'n taak, selfdoeltreffendheid en die rede vir sukses of mislukking ook volgens die kognitiewe benadering komponente van motivering is.

Volgens Akin-Little *et al.* (2004) bestaan daar 'n noue verwantskap tussen intrinsieke motivering, 'n groei-ingesteldheid en selfdoeltreffendheid, en hierdie drie aspekte het kreatiwiteit, veerkragtigheid en volharding tot gevolg – uiters belangrike kwaliteite in 'n akademiese omgewing. In gevalle waar negatiewe ervarings en mislukkings 'n lae intrinsieke motivering tot gevolg het, is Williams en Stockdale (2004) van mening dat ekstrinsieke motivering soos belonings gebruik kan word om leerders aan te spoor om weer te probeer sodat daar met ondersteuning nuwe ervarings van sukses kan ontstaan.

Belonings

Volgens Hoffman *et al.* (2009) beloon onderwysers leerders vir akademiese prestasie of vir goeie gedrag. Die gebruik om goeie gedrag te beloon, is afkomstig van behaviorisme, die sogenaamde vader van belonings (Payne, 2015). Gedurende die 1980's het die behavioristiese benadering van motivering egter plek gemaak vir die kognitiewe teorieë waar die fokus eerder is op hōé inligting aan leerders aangebied word. In die laat 1980's het die metakognitiewe benadering teenoor leer die klem laat val op die leerder se verantwoordelikheid vir sy of haar eie leerproses. Deur hierdie benadering word die leerder gelei na intrinsieke motivering en selfregulerig (Payne, 2015).

Navorser is van mening dat belonings vir akademiese prestasie in twee kategorieë verdeel kan word. Die eerste kategorie fokus op die leeruitkoms of produk, soos prestasie (Payne, 2015; Schunk, 1983 en 1991; Williams & Stockdale, 2004; Allan & Fryer, 2011; Schunk, 1983) en kwaliteit (Deci *et al.*, 1991). Die tweede kategorie fokus op die leerproses. Hier word leerders beloon vir deelname en taakvoltooiing (Stockdale & Williams, 2004; Cameron &

Pierce, 1994; Eisenberger & Cameron, 1996; Schunk, 1991), vordering (Schunk, 1983) en harde werk (Payne, 2015).

Volgens Williams en Stockdale (2004) kan die selfdoeltreffendheid van leerders wat vir leeruitkomste beloon word, verhoog word indien die uitkoms bereik word. Indien hulle egter nie die uitkoms bereik nie en gevolelik ook nie 'n beloning ontvang nie, sal daardie leerders in die toekoms ook nie gemotiveerd wees om weer aan daardie aktiwiteit te wil deelneem nie, met of sonder beloning (Williams & Stockdale, 2004).

Schunk (1991) is van mening dat 'n besliste boodskap van waartoe 'n leerder in staat is, uitgestuur word wanneer leerders vir vordering (deel van die leerproses) beloon word. Hierdie duidelike boodskap, saam met 'n gevoel van vordering, het verhoogde selfdoeltreffendheid en intrinsieke motivering tot gevolg (Schunk, 1983; 1991). Wanneer leerders se pogings en inspanning geprys word (verbale beloning) lewer dit volgens Dweck (2007) ook 'n positiewe bydrae tot 'n gevoel van selfdoeltreffendheid en intrinsieke motivering wanneer dit opgevolg word deur 'n suksesvolle ervaring (Schunk, 1991).

Tipes belonings

Belonings word in twee groepe verdeel, naamlik konkrete en abstrakte belonings. Konkrete belonings is belonings soos lekkers, punte en medaljes, terwyl abstrakte tipes lof, prysing of verbale terugvoering is (Ouweneel, Schaufeli & Le Blanc, 2013; Payne, 2015; Muenks *et al.*, 2016; Williams & Stockdale, 2004).

Abstrakte belonings, en veral verbale terugvoering (prysing) staan hoog op akademici se aanbevelingslysie wanneer dit kom by raad aan onderwysers. Die rede hiervoor is dat dit leerders se intrinsieke motivering kan verhoog (Carton, 1996). Elliot en Dweck (2005) verduidelik dat dit intrinsieke motivering verhoog omdat die terugvoering die leerder se behoefte aan selfdoeltreffendheid bevredig. Volgens William en Stockdale (2004) internaliseer leerders dit wat die onderwyser vir of van hulle sê, en dus kan dit, indien dit positiewe terugvoering is, leerders se selfdoeltreffendheid verhoog (Muenks *et al.*, 2016).

In teenstelling hiermee is die uitwerking van konkrete belonings as behavioristiese benadering op leerders se motivering en selfdoeltreffendheid nie klinkklaar bewys nie (Wah & Sim, 2020). 'n Leerder wat byvoorbeeld sy huiswerk doen omdat hy nie die volgende dag gestraf wil word nie, of omdat hy die volgende dag by Juffrou 'n lekkertjie wil hê, is ekstern gemotiveerd. Die leerder doen dit om die beloning te ontvang of om die straf vry te spring, wat nie noodwendig 'n invloed het op die leerder se siening van sy eie vermoë nie.

In hierdie verband meen Williams en Stockdale (2004) dat watter tipe beloning ook al gebruik word, die beloning waardevol moet wees. As belonings deur sowel onderwysers as leerders as waardevol beskou word, verhoog dit die trefkrag en doeltreffendheid daarvan.

Selfdoeltreffendheid, ingesteldheid en motivering is ten nouste met mekaar verweef en die tekort aan empiriese bevindings beklemtoon die kompleksiteit daarvan. Verdere onderzoek is dus noodsaaklik.

Navorsingsontwerp en metodologie

Hierdie kwalitatiewe navorsingstudie is deur die interpretatiewe paradigma geleei. Die navorser self het die instrument geword, sodat die onderliggende betekenis van die fenomeen vasgevang en indringend beskryf kon word (Merriam, 1998). Die navorser as instrument is geskik vir studies in die interpretatiewe paradigma omdat hierdie tipe instrument interaktief en

interpreterend gebruik kan word, wat ideaal is vir kwalitatiewe navorsing en ooreenstem met die eienskappe daarvan (Gough, 2000).

'n Kollektiewe gevalliestudieontwerp is gebruik om die fenomeen omvattend te ondersoek sodat die essensie daarvan aan die lig kon kom. McMillan en Schumacher (2014:370) beskryf 'n gevalliestudie as uniek volgens tyd en plek, asook volgens die eienskappe van die deelnemers. Volgens Greig *et al.* (2013) is hierdie tipe ontwerp ideaal vir studies waarby minderjariges betrokke is. Die gevalliestudieontwerp het die navorser in staat gestel om data in te samel in deelnemers se natuurlike omgewing (Greig *et al.*, 2013).

Selektering van die deelnemers

Die omgewing (skool) en die deelnemers is doelgerig gekies om inligtingryke data te kan versamel (Stake, 1995; O'Reilly & Dogra, 2017).

'n Privaat spesiale skool in die noordelike voorstede van Kaapstad, waar die navorser tydens die studie in diens was, is as navorsingspopulasie geselekteer. Hierdie keuse was 'n weldeurdagte besluit omdat leerders met spesiale behoeftes en leerders op die outistiese spektrum geneig is om angststoestande te beleef en vreemdelinge of veranderings in die omgewing moontlik hierdie angs kan verhoog (Lopez-Durran, 2010; Glazzard *et al.*, 2015). Omdat die navorser reeds 'n bekende vertroueling in die omgewing was, kon moontlike stygings in die deelnemers se angsvlakke beperk word, en kon die navorser die deelnemers ontmoet op 'n plek waar waardevolle data ingesamel kon word.

Die skool voorsien onderrig in Afrikaans en Engels aan leerders van graad 1 tot en met graad 12 met spesiale leerbehoeftes en volg 'n aangepaste Kurrikulum- en Assesseringsbeleidverklaring (KABV). Die ratio van onderwysers teenoor leerders is klein. In graad 1 is daar 'n maksimum van tien leerders per klas, in graad 2 is dit 12, en in graad 3 is dit 14. Heelparty van die leerders wat hierdie skool bywoon, was voorheen in hoofstroomskole.

In 'n gevalliestudie word daar van 'n klein steekproef gebruik sodat die tersaaklike fenomeen diepgaande ondersoek kan word (Farquar, 2012). Voornemende deelnemers is aan die hand van spesifieke insluitingskriteria geïdentifiseer, naamlik: 1) die deelnemer moet deel wees van die betrokke spesiale skool, 2) die deelnemer moet 'n hindernis tot leer ervaar, en 3) die leerder moet in die grondslagfase wees. Uit die poel van moontlike deelnemers is vyf deelnemers lukraak getrek. Alle deelnemers en hul ouers het skriftelik ingestem om aan hierdie studie deel te neem en dit was dus nie nodig om bykomende trekkings te doen nie. Alle deelnemers is verseker van anonimitet en dat skuilname gebruik sou word om hul identiteit te beskerm.

Data-insameling

In lyn met die paradigma is kwalitatiewe data met semi-gestruktureerde onderhoude, tekeninge en veldnotas versamel. Hierdie data-insamelingsmetodes is geskik vir 'n gevalliestudieontwerp wat diepte en detail data aangaande die fenomeen aan die navorser kan versaf (Merriam, 1998:66). Die meeste kinders hou daarvan om te teken en dit gee die deelnemers 'n tydjie om na te dink, wat waardevol is, aangesien deelnemers van hierdie ouderdom nog nie noodwendig oor die vaardighede, strategieë en kommunikasievaardighede beskik om inligting maklik te herroep, te formuleer en weer te gee nie (Smith, Cowie & Blades, 2003; Hill, 2006).

Data-analise

Ooreenkommstig die paradigma is die data tematies geanaliseer. Data-analise van 'n kollektiewe gevallenstudie vind in twee fases plaas en poog om 'n algemene beskrywing te gee van aspekte wat in elk van die individuele gevalle voorkom, al verskil die fyner besonderhede daarvan (Merriam, 1998:154). In die eerste fase is elke geval individueel geanaliseer. Tydens hierdie fase is elke onderhoud verbatim getranskribeer en die veldnotas is so gou moontlik ná die waarneming volledig oorgeskryf. Die data is gekodeer, waarna kategorieë en subkategorieë geïdentifiseer is. In die tweede fase is data uit die individuele gevalle gekruisanaliseer. In hierdie fase is ooreenkomsste en verskille tussen die individuele gevalle geïdentifiseer, wat die sleuteltemas van hierdie studie se bevindings uitmaak.

Geldigheid en etiese maatreëls

Die etiese beginsels van welwillendheid, geregtigheid, respek vir outonomiteit en nie-kwaadwilligheid is in hierdie studie toegepas. Belanghebbendes soos die Universiteit van Stellenbosch se etiese navorsingskomitee, die Wes-Kaapse onderwysdepartement asook die skoolhoof van die betrokke skool het toestemming gegee vir hierdie studie. Nadat die ouers en minderjariges ingelig is aangaande die aard van die studie en die doelwitte daarvan, het hulle ook skriftelike toestemming vir deelname aan die studie verleen.

Daar is aan die leerders verduidelik dat hulle nie aan die studie hoof deel te neem as hulle nie wil nie en dat hul enige tyd van die studie mag onttrek, al het hul ouers toestemming vir deelname gegee. Die navorser het gesorg dat die studie kindvriendelik is.

Weens kinders se onvoorspelbaarheid was daar 'n spelterapeut op bystand vir die onwaarskynlike moontlikheid dat probleme kon opduik en aangespreek moes word. Haar hulp was nie nodig nie. Tydens data-insameling is deelnemers se liggaamstaal ook fyn dopgehou om enige magsverhoudingsprobleme wat moontlik tussen die navorser en deelnemers kon ontstaan, te versag.

Die gebruik van riglyne wat pas by die interpretivistiese paradigma, soos intersubjektiewe objektiwiteit, gesigsgeldigheid en triangulasie, het verseker dat die studie aan die vereistes van interne geldigheid voldoen. Deeglike beskrywings maak dit ook moontlik vir lesers om gebruikersgeldigheid of geval-tot-geval-oordraagbaarheid te bepaal deur te vra in welke mate hierdie bevindings op hul eie situasie oorgedra of toegepas kan word.

Navorsingsbevindings en bespreking

Die literatuurstudie het duidelik laat blyk dat daar 'n verband bestaan tussen leerders se siening van hul selfdoeltreffendheid en hulle akademiese vordering (Maddux, 2000). Daar is ook vasgestel dat 'n hoë mate van selfdoeltreffendheid tesame met intrinsieke motivering kan lei tot kreatiwiteit, aanpasbaarheid en deursettingsvermoë (Zhao, Hills & Seibert, 2005). Belonings word al dekades lank as motivering gebruik om leerders aan te moedig om te presteer en as erkenning vir prestasie. Volgens Theodotou (2014) kan belonings leerders se bereidwilligheid om aan take en aktiwiteite deel te neem, verminder of versterk. Hierdie siening van selfdoeltreffendheid verwys dus na die mate waartoe die individu glo in sy of haar eie vermoë om die aksies uit te voer wat vereis word om die nodige uitkomste te bereik (Bandura, 1977). Volgens Schunk (1983) kan onderwysers leerders se selfdoeltreffendheidsiensings verhoog

deur byvoorbeeld bereikbare doelwitte te stel en vorderingsterugvoering te gee terwyl daar aan 'n taak gewerk word.

Leerders in 'n spesiale skool het dikwels beperkte intellektuele vermoëns en ervar dus ook beperkings met betrekking tot basiese skolastiese vaardighede, kreatiewe denke en langtermyngeheue (Jooste & Jooste, 2011). Indien leerders die indruk kry dat hulle swak vaar, word hulle maklik mismoedig. Indien hulle egter vertroue in hul eie vermoëns het, is hulle meer gemotiveerd om take aan te pak (Harwood, 2017; Janssen & Janssen, 2020). Die deelnemers aan hierdie studie woon 'n privaat spesiale skool by wat voorsiening maak vir leerders met 'n verskeidenheid hindernisse tot leer en ontwikkeling. Tabel 1 hier onder verskaf 'n oorsig van die leerders wat aan die studie deelgeneem het.

TABEL 1: Oorsig van deelnemers

Deelnemer	1	2	3	4	5
Skuilnaam	Sue-naaa	Secret Star	Imano	Kevin	Mr B
Ouderdom	8	9	7	9	9
Graad	3	3	2	3	3
Leerhindernis	Outisme-spektrum	Angs	Aandag-afleibaarheid met hiperaktiwiteit	Aandag-afleibaarheid met hiperaktiwiteit en taal- en spraak-hindernisse	Aandag-afleibaarheid met hiperaktiwiteit en lae IK
Onderrigtaal	Engels	Engels	Afrikaans	Afrikaans	Engels
Voorheen in hoofstroom	Nee	Ja	Ja	Ja	Ja

Een van die vyf grondslagfaseleerders wat aan die navorsingstudie deelgeneem het, was sewe jaar oud, een was agt jaar oud en drie deelnemers was elk nege jaar oud. Daar was twee vroulike en drie manlike deelnemers. Die deelnemers het hulle eie skuinname gekies, wat in die bevindings en bespreking gebruik word om na hulle te verwys.

Uit die data wat ingewin is, het daar vyf hooftemas na vore gekom: 1) Belonings, 2) selfdoeltreffendheid, 3) belonings as motivering, 4) behoeftes aan ondersteuning en 5) belonings en emosies. Die bevindings en bespreking van elke tema volg hier onder.

1. Belonings

Onder hierdie tema is daar twee subtemas geïdentifiseer: Die begrip van wat 'n beloning is en redes waarom belonings ontvang word.

Al die deelnemers was van mening dat 'n beloning iets spesiaals is wat 'n persoon kry wanneer hulle dit verdien. Al vyf deelnemers behalwe die een wat op die outistiese spektrum is, het belonings in twee tipes verdeel, naamlik konkrete en abstrakte belonings. Voorbeeld van konkrete belonings was lekkers, plakkers, en selfs koffie. Die deelnemers het dit moeiliker gevind om abstrakte belonings te beskryf. Voorbeeld wat hulle genoem het, was verbale terugvoering en prysing. Een het selfs 'n vakansie as voorbeeld genoem: "... kom ons sê ek

was Juffrou, ek gaan gee hom ... uhm. Hy het hard geprobeer, hard gewerk, ek gee hom [like] sommer vakansie ... en drink koffie" (Kevin).

Die deelnemer op die spektrum aanvaar slegs konkrete voorwerpe as beloning, soos gesien in die aanhaling: "... a reward is something that you can touch ..." (Sue-naaa). Dit kan toegeskryf word daaraan dat leerders op die spektrum verbale inliting as minder waardevol beskou omdat hulle geneig is tot visuele voorkeure (Koudstaal & Erasmus, 2019).

Navorsing het bevind dat leerders in die klaskamer beloon kan word vir taakvoltooiing, deelname (Cameron & Pierce, 1994), harde werk, prestasie (Payne, 2015), vordering (Schunk, 1983) en die gehalte van hulle werk (Deci & Ryan, 1991). Hierdie redes kan in twee onderafdelings verdeel word, naamlik die leerproses en die leeruitkoms of leerproduks.

Die volgende voorbeeld wat deelnemers genoem het, kan as beloning vir die leerproses beskou word: Probeerslae, inspanning/harde werk en afhandeling van 'n akademiese tydperk. Tydens die onderhoude het drie van die deelnemers aangedui dat hulle konkrete belonings vir probeerslae verkies, terwyl twee van mening was dat verbale lof ook aanvaarbaar is.

Twee deelnemers het egter abstrakte belonings soos drukkies, speletjies en vakansie gekoppel aan inspanning en harde werk. Drie van hulle was van mening dat 'n sertifikaat of lekkers aan die einde van 'n akademiese tydperk waardevol is.

Belonings vir leeruitkoms of produk is beklemtoon in prestasiebelonings. Al vyf deelnemers het beloning vir prestasie geassosieer met konkrete tipe belonings, waarvan plakkers en medaljes die gesogste was. Drie deelnemers het ook verwys na verbale lof.

Die deelnemers het prestasie omskryf as 'n leerder wat geen foute maak nie, baie mooi skryf en die beste doen in 'n taak of aktiwiteit. Uit die data is dit duidelik dat die deelnemers bewus was van die redes waarom hulle beloon word.

Die verband tussen prestasie en selfdoeltreffendheid het tydens die onderhoude duidelik na vore gekom. Hierdie studie se bevindings staaf dié van Andreou en Metalidou (2004) en Kokkinos en Kripitsi (2012), naamlik dat bullebakgedrag en viktimisering gekoppel kan word aan leerders met lae selfdoeltreffendheid in 'n akademiese domein. Verder is drie van die deelnemers van mening dat swak prestasie lei tot uiters negatiewe gevolge soos straf, skorsing en bullebakgedrag deur ander leerders.

Die ingesamelde data het ook aan die lig gebring dat onderwysers meestal belonings vir gedrag uitdeel. Dit stem ooreen met Hoffman *et al.* (2005) se bevinding dat onderwysers hoofsaaklik 'n behavioristiese benadering tot belonings volg. Schunk (1983) is egter van mening dat daar verkieslik 'n onderskeid tussen die behavioristiese en kognitiewe benaderings getref moet word, aangesien sekondêre aspekte soos gedrag akademiese belonings kan beïnvloed. Dit blyk egter uit hierdie studie se bevindings dat hierdie twee benaderings dalk nie klinkklaar van mekaar onderskei kan word nie.

2. Selfdoeltreffendheid

Onder hierdie tema is daar twee subtemas geïdentifiseer: 1) die behoeft aan erkenning en 2) die evaluering van selfdoeltreffendheid.

Die data wat ingesamel is deur waarnemings in die klas het duidelik laat blyk dat al die deelnemers 'n behoeft aan erkenning ervaar. Hulle wou hê dat die onderwyser hul vermoëns raaksien en erken. Dit is waargeneem wanneer deelnemers antwoorde uitgeskree het, soos: "... I know the answer already ... I know the answer!" (Sue-naaa). Soms het hulle onnodig hulp gevra en direkte vrae aan die onderwyser gestel, en hulle was selfs bereid om werk van

'n maatjie af te kyk – alles net om aandag te kry. Volgens die selfbeskikkingssteorie (SBT) is hierdie behoefte aan erkenning een van drie sielkundige behoeftes wat 'n persoon aanspoor om tot aksie oor te gaan en wat 'n gesonde sielkundige ontwikkeling tot gevolg het (Muenks *et al.*, 2018).

Dit was duidelik dat die deelnemers oor die algemeen graag hul sukses (die tekeninge) met ander onderwysers en hul ouers wou deel, soos blyk uit die volgende verbatim aanhalings van Secret Star: "Can I show this to teacher Suzan when I go to PE?" en "I'm going to take this home, show my mommy that I can do it."

Bong en Skaalvik (2003) meen dat verbale evaluerende terugvoering van onderwysers 'n belangrike rol speel wanneer leerders hul eie selfdoeltreffendheid evalueer. Wanneer selfdoeltreffendheid geëvalueer word, word daar volgens Muenks *et al.* (2016) na vier aspekte gekyk: 1) Vorige ervarings, 2) verbale terugvoering, 3) sosiale vergelyking en 4) fisiologiese reaksies.

Positiewe verbale terugvoering deur onderwysers was ooglopend tydens die waarnemingsessies: "Mooi, Kevin, jy't goed aangehou en nou is dit nie meer so moeilik nie nè?" Bong en Skaalvik (2003) waarsku egter dat sulke terugvoering opgevolg moet word met 'n ooreenstemmende ervaring voordat dit 'n positiewe uitwerking op selfdoeltreffendheid kan hê. Ongelukkig is daar ook negatiewe verbale terugvoering – veral indirekte terugvoering – waargeneem, byvoorbeeld onderwysers wat saggies dog hoorbaar onder mekaar kommentaar lewer oor leerders se vermoëns in spesifieke aktiwiteite. Rhew *et al.* (2017) verduidelik dat leerders in spesiale skole as gevolg van herhaalde mislukkings (vorige ervarings) geneig is om 'n swak selfdoeltreffendheidsiening te hê. Wanneer hierdie ervarings dan gekoppel word aan negatiewe verbale terugvoering, is dit nadelig vir leerders se selfdoeltreffendheid en motivering (Schunk & Pajeres, 2005).

Selfdoeltreffendheid wat spruit uit vorige ervarings is deur Imano beskryf as "... iets wat jy moet doen wat jou bang maak want dan skrik jy jouself in 'confidence' in". Hy verduidelik verder dat dit gepaard gaan met 'n fisiologiese reaksie: "... eers nie confident nie en toe confident ... Ek was confident ek kan dit doen maar ook eintlik baie sweaty".

Ofskoon al vier aspekte wat gebruik word om selfdoeltreffendheid te evalueer tydens data-insameling voorgekom het, was dit sosiale vergelyking wat kop en skouers bô die ander uitgestaan het. Elke deelnemer het presies geweet waar sy of haar vermoë val met betrekking tot sy of haar klasmaats, en 'n kompetenterende gees het geheers: "Ek is nou die heel voorste in my klas ... ek het nou ses en die ander is amper tot my. Een is vyf, ek dink die ander het ander getalle, en ek is voor hulle"; en "... maar ekke weet ook van kante, soos beter as hom, maar nie so goed soos hom nie" (Imano). Volgens Lunenberg (2011) kan gesonde kompetisie en sosiale vergelyking leerders aanspoor om aan take en aktiwiteite deel te neem, en dit kan hulle selfdoeltreffendheid verhoog, mits hulle met minder bekwame leerders kompeteer (Bong & Skaalvik, 2003).

3. Belonings as motivering

Sim (2020) vind dat die rol wat belonings in leerders se motivering speel nie altyd dieselfde is nie, en bepaal word deur die konteks waarin en manier waarop belonings gebruik word. Hierdie studie se bevindings sluit aan by Sim (2020) se stelling deurdat deelnemers se ervaring van die rol van belonings in motivering uiteenlopend was. Twee deelnemers het gevoel dat konkrete belonings hul sal motiveer om harder te werk, minder foute te maak of net te probeer "... as dit soos sweets is, sal ek" (Imano). Een het gevoel dat skriftelike, verbale terugvoering

saam met 'n konkrete beloning haar sal motiveer. Dit is interessant dat belonings volgens deelnemers 4 en 5 nie belangrik is nie omdat hulle tevrede is met hul werk of nie harder wil werk nie, soos Kevin dit verwoord het: "... Ek wil nie te hard werk nie".

4. Behoefte aan ondersteuning

Moeilike take of aktiwiteite het emosies van vrees, woede en frustrasie by deelnemers veroorsaak en die behoefte aan ondersteuning tydens sulke aktiwiteite was prominent. Volgens die deelnemers kan ondersteuning gebied word deur aanmoediging en verbale terugvoering soos "glo net in jouself" of hanteringstrategieë soos asemhalingstegnieke. Die volgende uittreksel uit die onderhoude maak dit duidelik:

Secret Star: Still haven't forgot about the rainbow.

Navorser: Do you still do the breathing? (she nods) Good. Does it help you? When do you need the rainbow?

Secret Star: Uhm, when I get mad ...

Navorser: Okay

Secret Star: ... and when I start to say (to myself) I can't do it ... and then I draw me a rainbow on a paper and I breathe ...

Volgens Schunk (1990) speel die ondersteunende onderwyser 'n kardinale rol wanneer leerders hul selfdoeltreffendheid evalueer en kan dit help om negatiewe emosies soos angs en depressie wat gekoppel is aan lae selfdoeltreffendheid (Pajares & Kranzler, 1994;1995) te versag.

5. Belonings en emosies

Belonings kan positiewe sowel as negatiewe emosies ontlok, en leerders se emosionele welstand en selfdoeltreffendheid verhoog of verlaag deurdat dit 'n boodskap van sukses of mislukking oordra. Hierdie emosies is nie aan 'n spesifieke tipe beloning gekoppel nie, maar het onder die deelnemers gewissel tussen verskillende soorte konkrete belonings en verbale terugvoering.

'n Vreugdevolle, trotse ervaring soos die volgende word ontlok wanneer deelnemers beloon word met terugvoering: "WOW, I did a good job!" (Sue-naaa) en "... hy't gehuil van ... uhm ... van hoe bly hy is ..." (Imano). Wanneer deelnemers egter nie beloon word nie, kry hulle die boodskap dat hulle nie so hard soos 'n ander leerder probeer het nie, dat hul pogings nie erken word nie, of dat die onderwyser voel dat hulle nie hul beste gegee het nie (al het hulle), soos in die volgende na vore gekom het: "I'm confused. Because I've worked hard. I've got everything right, but teacher didn't give me a gift" (Sue-naaa). Hierdie soort boodskap maak deelnemers deurmekaar en kan selfdoeltreffendheid verlaag, soos Pajares en Kranzler (1995) noem wanneer hulle emosionele welstand en selfdoeltreffendheid aan mekaar koppel.

Gevolgtrekkings

In hierdie studie is daar duidelik bevind dat die waarde wat elke leerder aan belonings heg, uniek is en dat dit verskil van leerder tot leerder. Dit is dus belangrik dat onderwysers nie net een tipe beloning in die klaskamer gebruik nie. Daar moet eerder 'n verskeidenheid konkrete

en abstrakte belonings beskikbaar wees. Die rede hiervoor is dat die waarde wat 'n leerder aan 'n beloning heg, die doeltreffendheid daarvan bepaal (Stockdale, 2004). Daar is egter ook bewys dat die meeste leerders wat aan die studie deelgeneem het groter waarde heg aan konkrete belonings. Dit is verder ook belangrik dat leerders weet waarvoor hulle beloon word, hetself vir die leerproses of vir die bereiking van die leeruitkomste.

Die bevindings van hierdie studie duif op 'n direkte verband tussen belonings en leerders se selfdoeltreffendheidsiensings. Dit is duidelik dat selfdoeltreffendheid ervaar word as gevoelens van trots en erkenning. Aan die ander kant is 'n gevoel van mislukking die gevolg indien daar nie 'n beloning ontvang is nie; met ander woorde, verlaagde ervaring van selfdoeltreffendheid.

Ten einde selfdoeltreffendheid te bevorder, is dit van groot belang dat leerders in 'n spesiale skool se behoeftes aan outonomie en selfvertroue op 'n positiewe wyse bevredig word met behulp van gepaste belonings.

BIBLIOGRAFIE

- Akin-Little, KA, Eckert, TL, Lovett, BJ & Little, SG. 2004. Extrinsic reinforcement in the classroom: Bribery or best practice. *School Psychology Review*, 33(3):344-362. <http://www.eric.ed.gov> [27 July 2020].
- Andreou, E & Metallidou, P. 2004. The relationship of academic and social cognition in behaviour in bullying situations among Greek primary school children. *Educational Psychology*, 24(1):27-41. <https://doi.org/10.1080/0144341032000146421> [2 June 2021].
- Bandura, A. 1997. *Self-efficacy: The exercise of control*. Freeman: New York.
- Bong, M & Skaalvik, EM. 2003. Academic self-concept and self-efficacy: How different are they really? *Educational Psychology Review*, 15(1):1-40.
- Cameron, J & Pierce, WD. 1994. Reinforcement, reward and intrinsic motivation: A meta-analysis. *Review of Educational Research*, 64(3):363-423.
- Carton, JS. 1996. The differential effects of tangible rewards and praise on intrinsic motivation: A comparison of cognitive evaluation theory and operant theory. *Behaviour Analyst*, 19(2):237-255.
- Cofer, CN & Petri, HL. 2020. Motivation. *Encyclopaedia Britannica Inc*. <https://www.britannica.com/topic/motivation> [11 August 2021].
- Deci, EL & Ryan, RM. 1985. *Intrinsic motivation and self-determination in human behaviour*. New York: Plenum Press.
- Deci, EL, Koestner, R & Ryan, RM. 2001. Extrinsic rewards and intrinsic motivation in education: Reconsidered once again. *Review of Educational Research*, 71(1):1-27. <https://journals.sagepub.com> [31 May 2020].
- Donohoe, C, Topping, K & Hannah, E. 2012. The impact of an online intervention (brainology) on the mindset and resiliency of secondary school pupils: A preliminary mixed methods study. *Educational Psychology*, 32(5):641-655. <https://doi:10.1080/01443410.2012.675646> [18 Februarie 2019].
- Dweck, CS. 2006. *Mindset: The new psychology of success*. United States of America: Random House.
- Dweck, CS. 2007. The perils and promises of praise. *Educational Leadership*, 65(2):34-39.
- Eisenberg, R & Cameron, J. 1996. Detrimental effects of reward: Reality or myth? *American Psychologist*, 51(11):1153-1166.
- Elliot, AJ & Dweck, CS. 2005. *Handbook of competence and motivation*. New York: The Guilford Press.
- Farquhar, JD. 2012. *Case study research for business*. London: Sage.
- Gough, N. 2000. Methodologies under the microscope. *Notes for a presentation to DUPA research students' conference on 8 October 2000*. Deakin Centre for Education and Change.
- Grieve, K, Van Deventer, V & Mojapelo-Batka, M. 2006. *A student's A-Z of psychology*. South Africa: Juta.
- Glazzard, J, Stokoe, J, Hughes, A, Netherwood, A & Neve, L. 2015. *Teaching & supporting children with special educational needs & disabilities in primary schools*. London: Sage.

- Greig, A, Taylor, J & MacKay, T. 2013. *Doing research with children. A practical guide*. 3rd edition. London: Sage.
- Heslin, PA. & Klehe, UC. 2006. Self-efficacy. In Togelberg (ed.). *Encyclopaedia of Industrial/Organizational Psychology*. Thousand Oaks: Sage, pp. 705-708.
- Hill, M. 2006 Children's voices on ways of having a voice: Children's and young people's perspectives on methods used in research and consultation. *Childhood*, 13(1):69-89.
- Hochanadel, A & Finomore, D. 2015. Fixed and growth mindset in education and how grit helps students persist in the face of adversity. *Journal of International Education Research*, 11(1):47-50. <https://doi:10.19030/jier.v11i1.9099> [5 June 2021].
- Hoffman, KF, Huff, JD, Patterson, AS & Nietfeld, JL. 2009. Elementary teachers' use and perception of rewards in the classroom. *Teaching and Teacher Education*, 25(6):843-849.
- Kokkinos, CM & Kiprissi, E. 2012. The relationship between bullying, victimization, trait emotional intelligence, self-efficacy and empathy among preadolescents. *Social Psychological Education* 15(1):41-58.
- Koudstaal, C & Erasmus, S. 2019. In Landsberg, E. (ed.). *Addressing barriers to learning*. Pretoria: Van Schaik, pp. 385-408.
- Lopez-Duran, N. 2010. Special needs children: Depression and anxiety symptoms. Child psychology and parenting blog. <https://www.child-psych.org/2010/02/special-needs-children-depression-and-anxiety-symptoms.html> [14 June 2020].
- Lunenburg, FC. 2011. Self-efficacy in the workplace: Implications for motivation and performance. *International Journal of Management, Business and Administration*, 14(1):1-6.
- Maddux, JE & Meier, LJ. 1995. Self-efficacy and depression. In J.E. Maddux (ed.). *Self-efficacy, adaptation, and adjustment: Theory, research and application*. New York: Plenum, pp. 143-169.
- Maddux, JE. 2002. Self-efficacy: The power of believing you can. In Snyder, C.R. & Lopez, S.J. (eds). *Handbook of positive psychology*. New York: Oxford University Press, pp. 277-287.
- McMillan, J & Schumacher, S. 2014. *Research in education: Evidence-based inquiry*. Essex: Pearson.
- Merriam, M, Patel, V, Singh, S & Robinson, C. 2005. Race and ethnicity. In Fraser, S, Lewis, V., Kellet, M. & Robinson R (eds). *Doing research with children and young people*. London: Sage, pp.222-235.
- Muenks, K, Wigfield, A & Eccles, J. 2016. I can do this! The development and calibration of children's expectations for success and competence beliefs. *Developmental Review*, 2018-06 (48):24-39. <http://dx.doi.org/10.1016/j.dr.2018.04.001> [24 March 2020].
- O'Reilly, M & Dogra, N. 2017. *Interviewing children and young people for research*. London: Sage.
- Ouweneel, E, Schaufeli, W & Le Blanc, P. 2013. Believe, and you will achieve: Changes over time in self-efficacy, engagement and performance. *Applied Psychology: Health and Well-Being*, 5(2):225-247.
- Pajares, F & Miller, MD. 1994. Role of self-efficacy and self-concept beliefs in mathematical problem solving: A path analysis. *Journal of Educational Psychology*, 86(2):193-203.
- Pajares, F & Kranzler, J. 1995. Self-efficacy beliefs and general mental ability in mathematical problem solving. *Contemporary Educational Psychology*, 20(4):426-443.
- Patric, H & Mantzicopoulos, P. 2015. The role of meaning systems in the development of motivation. In Ruby-Davies, C.M., Stephens, J.M. & Watson, P. (eds). *The Routledge international handbook of social psychology of the classroom*. New York: Routledge, pp. 67-79.
- Payne, R. 2015. Using rewards and sanctions in the classroom: Pupils' perceptions of their own responses to current behaviour management strategies. *Educational Review*, 67(4):483-504.
- Rhew, E, Piro, JS, Goolkasian, P & Cosentino, P. 2018. The effects of a growth mindset on self-efficacy and motivation. *Cogent Education*, 5(1):1-16.
- Schunk, DH. 1990. Goal setting and self-efficacy during self-regulated learning. *Educational Psychologist*, 25(1):71-86.
- Schunk, DH. 1983. Reward contingencies and the development of children's skills and self-efficacy. *Journal of Educational Psychology*, 75(4):511-518.
- Schunk, DH. 1991. Self-efficacy and academic motivation. *Educational Psychologist*, 26(3;4):207-231.
- Seaton, FS. 2018. Empowering teachers to implement a growth mindset. *Educational Psychology in Practice*, 34(1):41-57.

- Smith, P, Cowie, H & Blades, M. 2003. *Understanding children's development*. Oxford: Blackwell.
- Stake, RE. 1995. *The art of case study research*. Thousand Oaks, CA: Sage.
- Stannett, K. 2018. Growth mindset and why failure is a positive word. *National Geographic Learning in Focus*. <https://ngl.cengage.com/infocus/index.php/2018/02/27/growth-mindset-and-why-failure-is-a-positive-word/> [20 August 2019].
- Theodotou, E. 2014. Early years education: Are young students intrinsically or extrinsically motivated towards school activities? A discussion about the effects of rewards on young children's learning. *Research in Teacher Education*, 4(1):17-21.
- Tilfarhoglu, FT & Cinkara, E. 2009. Self-efficacy in EFL: Differences among proficiency groups and relationship with success. *Novitas-Royal*, 3(2):129-142.
- Truax, ML. 2018. The impact of teacher language and growth mindset feedback on writing motivation. *Literacy Research and Instruction*, 57(2):135-157.
- Wah, F & Sim, TN. 2020. Effects of reward pedagogy on spelling scores and prosocial behaviours in primary school students in Singapore. *Educational Psychology*, 3(40):349-366.
- Williams, RL & Stockdale, SL. 2004. Classroom motivation strategies for prospective teachers. *Teacher Educator*, 39(3):212-226.
- Zhao, H, Hills, GE & Seibert, SE. 2005. The mediating role of self-efficacy in development of entrepreneurial intentions. *Journal of Applied Psychology*, 90(6):1265-1272.

China se lang, onvoltooide twintigste eeu en die moontlike gevolge wat dit vir Afrika inhou

China's long, unfinished twentieth century and its possible implications for Africa

CASPER LÖTTER

Navorsingsgenoot, Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: casperltr@gmail.com



Casper Lötter

CASPER LÖTTER het in 2018 sy PhD in Filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat behaal. Hy is tans 'n konflikkriminoloog verbonde aan Noordwes-Universiteit se Skool vir Filosofie (Potchefstroom) as nadoktorale navorsingsgenoot. Van sy werk het reeds in *Conversation Africa* verskyn en hy skryf ook gereeld vir *Mail & Guardian* se Thoughtleader-rubriek. In 2019 was hy 'n nadoktorale beurshouer van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

CASPER LÖTTER completed his PhD in Philosophy at the University of the Free State in 2018. He is a conflict criminologist affiliated with North-West University's School of Philosophy (Potchefstroom) as a postdoctoral research fellow. His work has appeared in *Conversation Africa* and he regularly writes for *Mail & Guardian*'s Thoughtleader column. He received a postdoctoral grant from the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ("South African Academy of Science and Arts") in 2019.

ABSTRACT

China's long, unfinished twentieth century and its possible implications for Africa

In this contribution, China's unprecedented economic achievements and great power ambitions are considered; in particular, what the implications of this epoch-making development on the world-stage could be for the continent of Africa. China's seeking to be reckoned as a great power is normally explained by way of either realism or idealism (and less commonly, constructivism), but with the gap in the extant knowledge, I attempt to identify and address the uncanny role that history has also had in influencing this. Put differently, the question posed is: what is the role of a historical consciousness in terms of China's feverish striving for great power status? In this regard, I take Orville Schell and John Delury's important text *Wealth and power: China's long march to the twenty-first century* (2014), as my point of departure. I also employ a poststructuralist methodology within a historical theoretical framework in order to take advantage of both nuanced and contradictory approaches. The

Datums:

Ontvang: 2022-06-10

Goedgekeur: 2022-08-15

Gepubliseer: September 2022

so-called “Chinese Dream” of *fujiang* (wealth and power) is fed by the rhetoric of the “hundred years of humiliation” (1842–1949), which is considered to span the years between the conclusion of the First Opium War in 1842 and the declaration of the Peoples’ Republic of China in 1949. But this line of thought is not the only factor which brought about an iron cast of historical consciousness in the Chinese psyche. The role of language within the Chinese family of languages, education and the general tendency of the Chinese state to veer towards autocracy are also examined. The motives which drive the Chinese Dream originate in the Chinese twentieth century (humiliation, Marxism, industrial development, wealth and power, among others) and these concerns are accordingly ongoing. After concluding that the Chinese Dream is likely to end in considerable disappointment for the West in that the Chinese are bound to reject Western values and priorities in favour of their own thinking (such as autocracy, reverence for authority and the importance of history in shaping their destiny), I move on to consider Allison’s review of the Thucydides trap scenario within the context of the Peloponnesian War (431–404 BCE). Despite criticism which has been levelled at this academic model, it remains valuable to analyse China’s possible economic and great power trajectory into the 21st century. In the context of the Chinese Dream, I also make reference to Xi Jinping’s Maoist embrace of hero worship, his renewed friendship with Putin’s Russia and Xi’s emphasis on the role of the Chinese Communist Party in pursuing the Belt and Road Initiative (BRI) since its inception in 2013. Biden’s recent visit to Asia in May 2022 in order to promote his Asia-Pacific Economic Framework to the United States’ remaining friends and allies in the area (such as Japan and India), as a counter to China’s increasing economic influence in Asia and the Pacific Islands, is also considered. Russia’s ongoing war in the Ukraine is an example of the complexity of international relations at a time when world power is transitioning from a system of unipolarity (where the United States is a sole superpower) to that of multi-polarity (where power is shared between the US, China and Russia). China’s idiosyncratic approach to so-called “zero-Covid” and its impact on employment and immigration vis-à-vis Africa is also briefly highlighted. Against this background, I finally turn to a consideration of the possible implications of China’s twentieth-century scramble for Africa continuing into the 21st century. A number of recent Chinese development projects are discussed as well as the narrative of the so-called debt trap diplomacy within the context of Africans’ generally positive views regarding Chinese engagement. I conclude that China’s role in Africa’s economic prosperity in the 21st century is indeed nuanced. Not only are there a number of role-players vying for influence in Africa (notably Russia and the United States), but, from a Chinese perspective, Africa ranks very low on its list of priorities. On the whole, the Chinese influence on the African continent has been received positively, but caution must be advised as to what impact the Chinese tendency towards autocratic governance might have on the Chinese developmental trajectory in the 21st century.

KEYWORDS: China; great power ambitions; historical mindset; Chinese psyche; “Chinese Dream”; *fujiang* (wealth and power); poststructuralism; Africa; implications, positive influence; low Chinese priority; autocratic tendencies

TREFWOORDE: China; grootmoondheidambisies; geskiedkundige gesindheid; Chinese psige; “Chinese Droom”; *fujiang* (welvaart en mag); poststrukturalisme; Afrika; implikasies, positiewe aard; geringe Chinese belang; outokratiese inperkinge

OPSOMMING

In hierdie bydrae word ondersoek ingestel na die ongeëwenaarde ekonomiese vooruitgang en gepaardgaande grootmoondheidambisies van China. In die besonder word gevra wat die moontlike gevolge van hierdie epogverskuiwende ontwikkeling vir die vasteland van Afrika sou wees. China se strewe na grootmoondheidstatus in die 21ste eeu word gewoonlik aan die hand van óf realisme óf idealisme verduidelik, maar ek wil graag daarna kyk vanuit 'n geskiedkundige invalshoek, wat blyk 'n unieke oogpunt te wees. Ek ondersoek die invloed wat die houvas van 'n geskiedkundige gesindheid op die Chinese psige het in hul naastige soektog na grootmoondheidstatus. Die sogenaamde "Chinese Droom" of *futuqiang* ("welvaart en mag") word gerugsteun deur die retoriek van die "honderd jaar van vernedering" (1842–1949). Daar is egter ook ander faktore wat 'n bydrae lewer tot die vermoede dat beweegredes eie aan die twintigste eeu die aansporing mag wees tot die ongekende industriële, militêre en ekonomiese groei in China. My gekose metodologie is die poststrukturalisme, wat my in staat stel om met vrug benaderings in ag te neem wat selfs teenstrydig met mekaar is. Ek kom tot die gevolgtrekking dat China se rol in Afrika se welvaart van die 21ste eeu genuanseerd is. Nie net is daar talle rolspelers (soos Rusland en die Verenigde State) wat 'n belang by Afrika het nie, maar Afrika is vanuit 'n Chinese oogpunt maar van geringe belang. Die Chinese invloed op Afrika blyk grotendeels voordelig vir die vasteland te wees, maar daar moet ook gelet word op die beperkings wat China se geneigdheid tot outokrasie het op die land se ontwikkelingsvoortsigte.

"The size of China's displacement of the world balance is such that the world must find a new balance. It is not possible to pretend that this is just another big player. This is the biggest player in the history of the world."

Lee Kuan Yew (aangehaal in Allison, 2015)

"Except at the very highest levels, Chinese education cannot accommodate originality or unorthodox approaches. It rewards those who perpetuate existing orthodoxies, which is good for continuity and bad for innovation. At a time when innovation is very badly needed this is not a desirable tradition."

WJF Jenner (1994:222)

Inleiding

Die bekende China-kundige en vertaler WJF Jenner verduidelik hoekom China, na sy mening, swak voorbereid is vir die uitdagings van die 21ste eeu (Jenner, 1994:244-245). Hy betoog naamlik dat terwyl China se elite op enige vakgebied by die beste ter wêrelde kan kers vashou, hierdie groepie 'n geringe minderheid is in die allergrootste bevolking op aarde, wat in 2021 1,41260 miljard mense beloop het (China National Bureau of Statistics, 2022). Dit is hierdie skerpssinnige opmerking van een van die twintigste eeu se grootste China-kenners wat dien as vertrekpunt in my poging om die leemte in die bestaande kennis uit te pluis en te verduidelik hoe ek in hierdie bydrae gaan poog om dit aan te vul.

Terwyl 'n veeltal kenners by die bespreking van China se ekonomiese bedrywighede in Afrika, in besonder Xi Jinping se Gordel-en-pad-inisiatief, die kwelpunt benader vanuit die oogpunt van internasionale betrekkinge (Herman, 2020, 2021; Mearsheimer, 2010; Phaalha, 2021) en hul betoë oor die boeg van grootmoondheidswedywering tussen China en die Verenigde State gooi, ontbreek by hierdie argument 'n besinning oor *hoe kom* grootmoondheidstatus só

belangrik vir China is. Hierdie besinning kan nie behoorlik deur bloot óf liberale internasionalisme óf tradisionele magspolitiek, soos deur die realistiese denkskool verduidelik word, uitgepluis word nie, aangesien 'n bepeinsing oor China se lang, onvoltooide twintigste eeu ook nodig is om behoorlik oor die implikasies vir Afrika te kan besin.

Fanie Herman (2020:316) beweer byvoorbeeld dat “[d]ie BRI [China se Gordel-en-pad-inisiatief] … daarop gemik [is] om stukrag aan China se geopolitieke en ekonomiese ambisies te gee”. Dit is wel so, maar die perspektief gebaseer op internasionale verhoudinge wat hierdie denkbeeld onderlê, is myns insiens te nou om hierdie gesigspunt behoorlik te ontleed. Hiermee probeer ek nie sê dat die internasionaleverhoudinge-perspektief nie 'n waardevolle gedagtegang is nie, maar eerder dat hierdie denkpatroon nie verduidelik *hoekom* grootmoondheidstatus vir spesifiek China so belangrik is nie. Daar ontbreek 'n geskiedkundige invalshoek wat broodnodig is om die voorvermelde perspektief verder te ontgin. Herman (2020:315) verduidelik die wisselwerking tussen hierdie twee uitgangspunte by internasionale betrekkinge soos volg:

Is die BRI [Gordel-en-pad-inisiatief] primêr daarmee gemoeid om China ekonomies te help ontwikkel en by te dra tot die inwyding van 'n nuwe era van globale voorspoed en interafhanklikheid – 'n Chinese weergawe van liberale internasionalisme? Of gaan dit hier oor tradisionele magspolitiek soos deur die realistiese denkskool verwoord?

Volgens Tze (2019:4-5), 'n Chinese bron met die titel *Chinese thinking about international relations: From theory to practice*, is die Chinese se belangstelling in konstruktivisme deels gerig op 'n verwerping van realisme en liberalisme as die hoofstroomdenkrigtings wat deur die Amerikaanse model voorgestaan word.¹ China sou graag wou sien dat ander grootmoondhede ook hierdie verwerping volg. Joe Biden se sogenaamde *Build Back Better World*-program word dan ook beskou as die Amerikaanse teenvoeter of antwoord op die Chinese Gordel-en-pad-inisiatief in die sogenaamde Globale Suide, en is volgens Kuo en Goldkorn (2021) veral gemik op Afrika suid van die Sahara. Verder is die gesigspunt wat deur China-kundiges soos Herman (2020, 2021:185-190) voorgehou word, eenvoudig nie genuanseerd genoeg nie. Terwyl dit so is dat die twee uiteenlopende perspektiewe (realisme en liberalisme) wat 'n internasionaleverhoudinge-gesigspunt onderlê (Herman, 2020:319-321), wel daarin slaag om China se grootmoondheidambisies tot 'n mate te verklaar, is 'n ander probleem die ongenuanseerde benadering wat hierdie akademiese denkbeeld onderlê. Ek bemer naamlik ook 'n ongeregverdigde bevoordeling teenoor die Verenigde State (Herman, 2021:165-166) in teenstelling met China, soos byvoorbeeld beliggaam word in die stelling dat die spoorlyn tussen Dar es Salaam en Ruanda met lang tande deur laasgenoemde binne daardie landsgrense verleng is, aangesien Ruanda versigtig is om in 'n Chinese skuldlokval te beland (Tieuzzi, 2018). Volgens die bekroonde joernalis Fox Butterfield (1983:153) is nuansering grondliggend tot 'n goeie begrip van die Chinese samelewings. 'n Benadering tot China vereis beslis veel meer nuansering as bovermelde tweesydige perspektief.

¹ Een van my anonieme keurders het my daarop gewys dat "navorsing, beriggewing ens. oor China, veral in die Welse, oorwegend op Westerse bronne berus en derhalwe dikwels nie altyd 'n akkurate weergawe daarstel van wat die Chinese regering se ware doelwitte en strewes in die praktyk is nie." Ek het egter in my eie bydrae gepoog om die Chinese perspektief so getrou as moontlik weer te gee terwyl 'n mens ook in gedagte moet hou dat as gevolg van globalisasie, sosiale media en die internet, kennis in beginsel eintlik nie meer grense het nie (behalwe in lande soos China, Rusland en Noord-Korea waar dié regerings poog om perspektiewe uit te wis wat teen die amptelike weergawe indruis).

Die leemte in die bestaande kennis waarna ek verwys het, word soos volg deur Orville Schell en John Delury uiteengesit in hul belangrike werk *Wealth and power: China's long march to the twenty-first century* (2014). Hulle betoog dat China se twintigste eeu in 1839 begin het met die uitbreek van die Eerste Opiumoorlog, aangesien die sentrale temas wat daar ontspruit het, tans nog in die 21ste eeu teenwoordig is en steeds voortduur. Die temas waarna hier verwys word, is onder andere China se vernedering deur die toedoen van vreemde magte, wat aansluit by die Chinese etniese groeperinge se aanvaarding van Marxisme en industrialisasie, wat op hul beurt weer die strewe na rykdom en mag (富强) gevoed het in 'n poging om hul voormalige grootmoondheidstatus te herwin (Lötter, 2020a). Dit is egter ook so dat talle nie-Chinese volkere, soos die Tibetane, amptelik deur die Chinese as 'n "etniese groepering" geklassifiseer word wat nie streng gesproke korrek is nie.

Die ontstaansgrond van hierdie oorlog was Engeland se onredelike aandrang, waansinnig soos dit vandag op die oor sou val, dat China opium by die Engelse moet koop, waartoe die Qing-koningshuis – met reg – nie wou toestem nie (Lötter, 2020a). Die vernederende uiteinde van die Eerste Opiumoorlog in 1842, met die ondertekening van die Verdrag van Nanjing word oor die algemeen deur Chinese beskou as die beginpunt van hul sogenaamde "honderd jaar van vernedering" (1842–1949) deur die toedoen van sowel Westerse as Japannese imperiale wedwywing. Dit het egter ook gedien as aansporing vir 'n nuutgevonde Chinese werklikheid ten einde die voormalige grootheid van die Chinese ryk (wat streke soos Tibet, Xinjiang, Taiwan en Mongolië insluit) te hervestig (Lötter, 2020a).

Die Volksrepubliek se indrukwekkende, selfs oordrewe ontwikkeling en rykdom sedert 1978 is niks meer as 'n tonnelvisie-jaagtog na nasionale grootmoondheidskap by wyse van *fuqiang* ("rykdom en mag") nie. Terwyl China oor die afgelope drie dekades dubbelsyferontwikkeling behaal het, het die land ook 'n bruto binnelandse produk (BBP) van 14 triljoen Amerikaanse dollar in 2018 bereik (Jones, 2020). Volgens die Wêreldbank het China teen 2018 reeds 800 miljoen van hulle inwonertal uit armoede gelig, wat vertolk tot 'n 25-voudige vermeerdering van hul bruto binnelandse produk (BBP) sedert 1978, en gelei het tot 'n verligting van 70 persent van die wêrld se armoede (Kim, 2018).

Die begrip *fuqiang* is die sleutel tot die begrip van die eietydse Chinese geestesingesteldheid (Lötter, 2020a). Het uitermatige Chinese nasionalisme en opgeblaasde redevoering gewaarwordinge van politieke werklikhede verwring? Hodzi en Chen (2018:6) verwoord dit soos volg:

[T]he diminishing leadership role of the U.S. has provided a window of opportunity for China to advance its own causes. Already, Chinese officials consider Beijing to be playing a prominent and decisive role in global affairs as the U.S. frontiers of dominance recede.

'n Geskiedkundige blik is dus myns insiens ook noodsaaklik ten einde ondersoek in te stel na die beperkings op die invloed van die Chinese invalshoek op die internasionale wêrldorde en Afrika onderskeidelik.

My bespreking ontvou as volg: Ek verduidelik eers my metodologie en teoretiese raamwerk, waarna ek in breë trekke Xi Jinping se Chinese Droom uitpluis en hoe dit China se plek in die eietydse wêrldorde uitwys. Dit stel ons in staat om eerstens te verstaan hoe die Chinese Droom (waarby 'n vlugtige bespreking van die Thucydidiese lokval inbegrepe is), en tweedens dié se implikasies vir China se Gordel-en-pad-inisiatief in Afrika, daar uitsien. Ek is veral bedag daarop om die bespreking van die Chinese Droom uit te lig – iets waaraan daar selde aandag geskenk word in die bestaande literatuur. Daarna volg 'n bespreking en 'n slotsom. Ek wend my vervolgens tot 'n uiteensetting van my metodologie en teoretiese raamwerk.

Metodologie en teoretiese raamwerk

My gekose metodologie is gewortel in die poststrukturalisme. Bert Olivier (2015) redeneer dat die poststrukturalisme se “linguistic turn” metodologies gesproke in terme van sy meer insluitende “beide/en”-benadering tot teoriebewilliging grootliks bygedra het tot hierdie metodologiese benadering se aansienlike voordeel bō ander tradisionele “óf/óf” metodologiese benaderings wat deur Aristoteles aan ons nagelaat is. Terwyl postmodernisme klem lê op “becoming”, benadruk modernisme daarenteen die waarde van “being”. Poststrukturalisme, in teenstelling met hierdie voorafgaande twee benaderings, vind ’n bevredigende balans tussen hierdie twee uiterstes “by thinking them together” (Olivier, 2013). Hierdie metodologiese oriëntasie behels gevvolglik ’n intellektuele en geestes herrangskikking van die individu se denkwyse, op beide ’n bewuste en onbewuste vlak, ten einde met Aristoteles se nalatenskap af te reken. Die “óf/óf”-denkwyse word dus vervang met ’n “beide/en”-benadering tot teoriebewilliging, soos ek hier bo aangedui het. Olivier (2013, 2015) betoog dat twee teenstrydige uiterstes op hierdie wyse met vrug gesnap kan word indien hulle tesame oorweeg word eerder as die een tot die uitsluiting van die ander. My bydrae sal baat vind by die poststrukturalistiese perspektief aangesien benaderings (soos realisme en liberalisme) oorweeg word wat oënskynlik wedersyds uitsluitend is.

Soos ek in die Inleiding aangedui het, word my metodologie deur ’n geskiedkundige teoretiese raamwerk aangevul. Partner Foot (2013:1) omskryf geskiedenis insiggewend as ’n teoretiese raamwerk:

Historical theory is a coherent yet flexible framework which supports the analysis of historical knowledge, and assists our understanding of what kind of knowledge we can have of the past, and precisely how that knowledge is constructed, assembled, and presented. In this sense of a framework of conceptual instruments for examining our knowledge of the past, theory is metahistorical: it does its work as an adjunct operation opening out the reach of critical self-awareness we bring to our assumptions and practices as historians.

Uiteraard moet my teoretiese raamwerk by my keuse van metodologie inpas. Die klem wat die poststrukturalisme op nuansering plaas, bevestig die gepastheid van hierdie metodologie vir kruiskulturele ondersoek. Ek wend ’n deels Westers georiënteerde benadering aan ten einde te toets of dit lig kan werp op die Chinese problematiek, maar soos die bydrae van Tze (2019) uitwys, is Chinese akademici self ook goed op hoogte van sogenaamde “Westerse” teorie en maak self ruim gebruik daarvan. My geskiedkundige invalshoek, soos ek hier onder betoog, is egter iets waarmee die Chinese baie goed vertroud is. So doen Terblanché-Greeff (2022) byvoorbeeld aan die hand dat kulturele nuansering ’n belangrike dog verwaarloosde aspek van kruiskulturele ondersoek is. Nuansering is ’n besonder belangrike aspek van die Chinese ondervinding. ’n Ander, ewe belangrike aspek van die Chinese ondersoek is die kwessie rondom oriëntalisme.

Die bekende China-kundige Raymond Dawson dui in *The Chinese chameleon: An analysis of European conceptions of Chinese civilization* (1967), sy belangrike werk insake die vorming van oriëntale diskoversvorming, aan dat sodanige gewaarwording op beide ’n bewustelike asook onbewustelike vlak plaasvind. In ’n ander konteks is hierdie proses op die volgende manier verduidelik:

European understandings of China (including those European diaspora traditions found in the United States and Australia) are multifaceted. These are as much shaped by objective

issues in China as by the various “mirrors” that reflect Europeans’ own prejudice and obsessions (both conscious and unconscious), with the Chinese as an exotic outpost in an alien landscape. (Lötter, 2020b)

Oriëntalisme verwys dus na ’n bepaalde gewaarwording en denkwyse oor die Ooste (en beslis ook Islam) wat verstrik is in ’n eie Westerse beheptheid en wensdenkery rondom eksotiese kulture wat uiteraard van alle werklikheid ontbloot is. So verduidelik Edward Said (1979) die begrip in sy bekende teks *Orientalism*, in die konteks van Islam, as daardie bepaalde denkpatrone in die Westerse psige, op beide ’n bewuste en ’n onbewuste vlak, wat gemik is op die verowering, onderdrukking en koloniale uitbuiting van die Derde Wêrelد. Aldus Said word sodanige optrede inderdaad geregverdig deur die rasionalisasie en motivering dat die sogenaamde Derde Wêrelد se inboorling ’n dringende behoefté aan die Weste se “civilizing mission” het. Dit is dus een van my oogmerke met hierdie bydrae om, deels in ’n poging om ander navorsers aan te spoor, uit te wys hoe om die lokval van oriëntalisme te omseil. Teen die agtergrond van hierdie vlugtige oorsig van my gekose metodologie en teoretiese raamwerk, oorweeg ek vervolgens die Chinese Droom.

Die “Chinese Droom”

’n Goeie vertrekpunt vir ’n bespreking van die “Chinese Droom”² is Deng Xiaoping se epogverskuiwende ekonomiese oopstelling van China aan die einde van die sewentigerjare van die vorige eeu. Deng staan dan ook met reg bekend as die “argitek van die moderne China” (Denmark, 2018).

“Sosialisme is nie armoede nie! Rykdom is glansryk.” Hierdie was die nou roemryke woorde van Deng Xiaoping (Mao Zedong se opvolger) tydens ’n staatsbesoek aan Japan in 1978, toe hy met verbasing die omvangryke industrialisasie wat dié land op daardie stadium onderraan het, gadegeslaan het (Lötter, 2020a). Deng was ook diep beïndruk met Singapoer se ekonomiese ontwikkeling, vooruitstrewende behuisings en groen ruimtes toe hy daardie stad gedurende dieselfde jaar besoek het. Die Singapoerse leier Lee Kuan Yew (2000:595-603) het Deng egter gemaan om nie kommunistiese ideologie na Suidoos-Asië uit te voer nie; advies wat Deng, volgens Lee, later gevolg het. Hierdie ervaring was egter ook Deng se dryfveer om tienduisend jong Chinese na alle dele van die wêrelد te stuur ten einde van hierdie kulture te leer en met hul indrukke na China terug te keer, met die oog op die verraking van die Chinese gemeenskap en kultuur (Denmark, 2018). Deng se voormalde woorde is net na die onstuimige Mao-jare geui ter China nog baie arm was (Lötter, 2020a).

Net so het Xi Jinping in 2013 ná amptelike besoek aan Indonesië en Kazakstan (Chen, Chen, Fan, Zhang & Min, 2019:3227) die inspirasie vir China se Gordel-en-pad-inisiatief

² Een van die anonieme keurders het my aandag daarop gevvestig dat China inderdaad ’n “nuwe era van globale voorspoed en samewerking” wil inlei. President [Xi] Jinping sê dit by elke moontlike geleenthed dat die “voltooiing van die Chinese droom” nie net die mense van China ten goede sal strek nie, maar ook die “res van die wêrelد”. My eie besware teen sodanige amper naïewe geloof in die Chinese Kommunistiese Party (CKP) se beloftes en uitsprake van goeie trou, ondanks hul goeie bedoelings soos in die teks “China and the World in the New Era” (State Council Information Office of the People’s Republic of China, 2019b) uiteengesit, is gebasseer op die geskiedkundige feit van die Chinese “bevryding” van Tibet in Oktober 1950, terwyl Tibet geensins onder beleg was nie en die verdere oorweging dat die CKP nie sy belofte van “een land, twee stelsels” in Hong Kong gestand gedoen het nie. Dan moet ’n mens jou ook ten slotte afvra of die CKP se neiging tot outokrasie (waar slegs die CKP se mening tel en geld) die res van die wêrelد enigsins gaan bevordeel.

opgedoen; die teikendatum vir die voltooiing van die projek is natuurlik 2049, die honderdste herdenkingsjaar van die totstandkoming van die Volksrepubliek China (Jones & Zeng, 2019:1416).

Volgens die Singapoerse diplomaat Kishore Mahbubani (2016) is die “Chinese Droom” bloot ’n groot dringendheid by die Chinese om toekomstige vernedering vir hul land te verhoed of hok te slaan. Gesien vanuit die Chinese gesigspunt, kan slegs ’n sterk en welvarende China, gerespekteer as ’n streekgrootmoondheid (en moontlik selfs ’n wêreldhemoon) dien as ’n teenvoeter vir rassistiese en meerderwaardige gebare (Lötter, 2020a). Ek kan persoonlik getuig van die neiging by die Chinese Mafia om in Westerse lande, soos Suid-Afrika, by geskille tussen Chinese persone betrokke te raak en uitspraak te gee. Vanuit ’n Chinese gesigspunt is sodanige tussentrede aanvaarbaar aangesien die geskiedenis van vooroordeel teenoor Chinese in die Westerse wêreld oor die afgelope twee eeuë dit duidelik gemaak het dat geen Chinees ’n regverdere uitspraak in ’n geskilpunt met ’n Westerse persoon kan verwag nie.

Geremie Barmé (2011), ’n Australiese sinoloog gevestig in Nieu-Seeland, doen op sy beurt aan die hand dat ons die Sinofoonwêreld moet verstaan as inklusief en een waarin die ewolusie van Chinese tale, kulture en diasporagemeenskappe regoor die wêreld ingesluit word. Terwyl meer as 90 persent van alle Chinese bekend staan as Han-Chinese, is daar ook talle nie-Chinese volkere en tale in China, waaronder die Tibetane, Mongole en Oeigoere in China se noordweste tel. China se lang mars na welgesteldheid en mag (oorweeg byvoorbeeld die uitspattige vertoon van “conspicuous consumption” deur Chinese toeriste in die Weste, met die oog daarop om hierdie gedagte by die res van die wêreld huis te bring) of wat Richard McGregor (2017) noem “a renewed Sinocentric order in Asia” is dan ook die noodsaaklike bestanddele van die Chinese Droom. Selfs die Suid-Afrikaanse politieke kenner Fanie Herman (2021:162) verwys na “’n nuwe Chinees-gesentreerde wêrelorde”.

Hierdie onbeskaamde opmars van kapitalisme binne ’n Marxistiese raamwerk staan bekend as sosialisme met Chinese kenmerke (Herman, 2020:321). Terselfdertyd is die “Made in China 2025 Policy”-beweging in China daarop gemik om plaaslike ekonomiese prakteke onafhanklik van buitelandse produkte en dienste te maak, en is die hoop uitgespreek, veral in die lig van die ekonomiese sanksies en tarieffoorlog wat onder die presidentskap van Donald Trump gelegitimeer is, om eerder op tuisgemaakte tegnologie soos byvoorbeeld dié van Huawei te steun (Herman, 2021:163). Goeie voorbeeld hiervan is Alibaba en Tencent Holdings, tans die twee grootste internetmaatskappye wêreldwyd, wat hul toespits op aanlyn vermaakspel, digitale media en e-handel, sowel as WeChat en TikTok, wat baie suksesvolle internetgebaseerde maatskappye is wat moontlik gemaak is deur Chinese tegnologiese vooruitgang (Herman, 2020:314).

Ondanks die blymoedige herdenking van Marx se 200ste verjaarsdag in China in 2018, sou hierdie suksesvolle, maar ongemaklike huwelik tussen kapitalisme en kommunisme vir Marx in sy graf laat omdraai (Lötter, 2020a). Met die onheilspellende omarming van kapitalisme in China, is dit uiteraard geen oordrywing om die stelling te maak dat die Verenigde State se opperheerskappy toenemend uitgedaag sal word in ons veelsydige wêreld, met voorkeure en belang wat wesenlik verskil van dié met ’n Westerse agenda (Lötter, 2020a).

Volgens die bekende geskiedkundige Niall Ferguson (2012) het die Volksrepubliek sedert 1978, in die bestek van bloot vier dekades, die grootste industriële rewolusie in die geskiedenis van die menslike samelewing beleef. Xi Jinping, China se huidige leier, het dan ook sy steun toegesê aan die sogenaamde ekonomiese vooruitgang van ’n nuwe era (in terme van die klassieke Marxistiese terminologie) (Lötter, 2020a). Volgens Xi (2017) verteenwoordig hierdie tydfase –

... a new historic juncture in China's development. The Chinese nation has stood up, grown rich, and become strong – and it now embraces the brilliant prospects of rejuvenation [...] It will be an era that sees China moving close to centre stage and making greater contributions to mankind [...] The path, the theory, the system, and the culture of socialism with Chinese characteristics have kept developing countries and nations who want to speed up their development while preserving their independence: and it offers Chinese wisdom and a Chinese approach to solving the problems facing mankind.

Volgens Phaahla (2021:197) beliggaam die denkwyse van Xi Jinping (wat inderdaad ook bekend staan as Xi Jinping-denke) die beleidsrigting wat China se ekonomiese ontwikkeling gaan volg. Dit mag so wees, maar in die lig van Xi se eie beleidsbegronding (wat insluit 'n terugkeer tot outokrasie soos tydens die Mao-era en 'n hernieuwe vriendskap met Rusland soos laas ervaar tydens die Stalin-jare) bevraagteken ek die haalbaarheid van hierdie gevolgtrekking.

Daar is reeds voorspel dat China, selfs al word dit verstaan as 'n postkommunistiese gemeenskap, waarskynlik die Verenigde State se status as die wêreld se grootste ekonomie voor of teen 2025 sal verbysteek (Lötter, 2020a). Teen 2030 sal dié land se ekonomie na alle aanduidings dubbeld die grootte van dié van die Verenigde State wees terwyl Indië s'n op 'n gelyke vlak met dié van die Amerikaners behoort te wees. Dit wil voorkom of vier van die vyf grootste ekomomieë in die wêreld teen 2030 in die Ooste geleë sal wees (Maçães, 2018:1-2). Behalwe vir die ekonomie van die Verenigde State is die ander vier kandidate China, Indië, Japan en Indonesië. Volgens Graham Allison (2015), wat verbonde is aan die Belfer-sentrum by Harvard, is China se ekonomie volgens ten minste twintig aanwysers reeds groter as dié van die Verenigde State.

Grootmoondheidswedywering in die Stille Oseaan-Asië-streek is deels die gevolg van China se magsvertoon teenoor Japan oor beheer of besit van die Diaoyu-/Senkaku-eilande in September 2012, en meer onlangs die grensverskille met Indië (Lötter, 2020a). China maak aanspraak op waters waaroor Viëtnam, die Filippyne en Taiwan ook eiendomsreg opeis (Kipgen, 2020:5). Deur dieselfde besige Straat van Malakka (toegang tot die Suid-Chinese See) word dan ook die helfte van die wêreld se seevaartolie vervoer (Kipgen, 2020:6). Taiwan word deur China beskou as 'n provinsie; veral ná Rusland se inval in Oekraïne, is Taiwan se posisie baie onseker. Biden het egter ten tye van die skryf van hierdie bydrae (23 Mei 2022) tydens sy besoek aan Asië vir die bekendstelling van sy Asië-Stille Oseaan Ekonomiese Raamwerk, in Japan bevestig dat die VSA militêr sal ingryp indien China Taiwan met geweld wil oorneem (Kanno-Youngs & Baker, 2022). Sal die Verenigde State Taiwan regtig te hulp kan snel terwyl dit nie moontlik was met Russiese aggressie teenoor die Oekraïne nie? Dit wil so voorkom, aangesien Biden volgens alle aanduidings 'n man van sywoord is, maar of die Verenigde State regtig die mas sal opkom teen China in 'n magstryd oor Taiwan is natuurlik 'n ope vraag.³

³ Een van die anonieme keurders betoog dat "Taiwan is 'n absolute 'rooily' vir China en is die land totaal vasberade om nasionale hereniging tussen Taiwan en die Chinese vasteland te bewerkstellig." Terwyl hierdie stelling korrek is, moet ook in gedagte gehou word dat terwyl Taiwan wel deel van Qing China was en die eiland in 1895 aan 'n imperialistiese Japan moes afstaan (Thompson, 2001:14; Spence, 2013:215), pas die tema van die sogenaamde "nasionale hereniging" pragtig in by die twintigste eeuse Westerse terme "nasionalisme, vooruitgang en grootmoondheidstatus" wat ironies deel uitmaak van die liniëre Westerse oriëntalistiese geskied-kundige tydmodel van verowering, onderdrukking en koloniale uitbuiting.

Met sy nasionalistiese denkwyse strek China se 20e eeu gevvolglik nog aan eenlopend diep tot in die Weste se 21ste eeu (Lötter, 2020a). Ons moet ondanks die Chinese regverdiging vir hul lang, onvoltooide twintigste eeu, egter let op die onderliggende feitelike raamwerk hiervan. So verduidelik Priya Satia (aangehaal in Rees, 2022), 'n bekroonde geskiedkundige wat spesialiseer in die geskiedenis van die Britse Ryk, hoe die denkbeeld van liniére vooruitgang ('n tipiese Westerse idee) die moderne geskiedenis gevorm het:

The major forces of [modern] history – imperialism, industrial capitalism, nationalism – were justified by notions of progress and thus liable to rationalisations about noble ends justifying ignoble means.

Hierdie gewaarwording is net so waar vir die Weste se ontwikkeling oor die afgelope 500 jaar as wat dit vandag vir Chinese vooruitgang in die 21ste eeu is. Volgens Peters (2017) volg China 'n vreedsame buitelandse beleid, soos in die besonder benadruk deur die 17e en 18e kongres van die Chinese Kommunistiese Party (CKP) en bekragtig gedurende die 19e kongres in 2017, in 'n poging om die materiële welvaart van die Chinese volk te verbeter. Hierdie denkbeeld, soos Shu-yun (1986) uitwys, strook natuurlik met die bekende prentjie wat Deng Xiaopeng in 1978 vir die Volksrepubliek geskets het, naamlik vreedsame en ekonomiese vooruitgang met die doel om internasionale stabiliteit te bevorder. Die 19e kongres het wel Xi Jinping se traktaat, *Xi Jinping's thought on socialism with Chinese characteristics for a new era*, aanvaar as die grondslag vir die ekonomiese groei in die afsienbare toekoms, maar hierdie gebaar het eerder 'n ideologiese as 'n ekonomiese strekking, soos ek hier onder betoog. Die Gordel-en-pad-inisiatief is in September 2013 deur Xi bekend gestel in 'n poging om handelsnetwerke, gebou op die legende van die Middeleeuse syhandelsnetwerke wat China met Sentraal-Asië (Kazakstan, Kirgistan, Tadjikistan, Turkmenistan, Oesbekistan, Indië asook Pakistan) en Europa verbind het, met China se buurlande in Sentraal-Asië, die Midde-Ooste, Afrika en Europa te vestig en uit te bou (Frankopan, 2015, 2018; Xinhuanet, 2020).

'n Genuanseerde beskouing, daarenteen, van die VSA se plek in 'n toenemend veelsydige post-Amerikaanse wêreld, openbaar 'n heeltemal ander sy van die situasie (Lötter, 2020a). China het in federale effekte ter waarde van nie minder nie as 1,0395 triljoen Amerikaanse dollar belê; slegs Japan is tans 'n groter krediteur van die Verenigde State (Department of the Treasury: Federal Reserve Board, 2022). Japan is egter 'n bondgenoot van die VSA, wat China nie is nie. Hierdie feit illustreer myns insiens die Chinese se ruimhartigheid in die uitreik van 'n hand van vriendskap na hul handelsvennoot aan die ander kant van die Stille Oseaan – 'n finansiële lewenslyn waarsynbaar die Amerikaanse ekonomie kwalik kan klaarkom (Lötter, 2020a).

Terwyl baie in die Weste reeds postontwikkelingsredevoering ondersteun (as gevolg van kommer weens aardverwarming as gevolg van industriële kweekhuisgasvrystelliings), is China nog vasgevang in die tydgreep van die 20e eeu weens politieke en ekonomiese redes (Lötter, 2020a). Die sentrale voorkeur wat daar egter tans verleen word aan die "Chinese Droom" in die Chinese psige, veroorsaak dat daar weinig redelike vooruitsigte is dat die land se ekonomiese groei sal afneem weens kommer oor aardverwarming (Lötter, 2020a). Die Covid-19-pandemie het egter sonder twyfel die Chinese ekonomie 'n gevoelige slag toegedien, hoewel om politieke redes. China is tans die grootste besoedelaar van die atmosfeer met kweekhuisgasse ter wêreld, gevolg deur die Verenigde State (Global Carbon Atlas, 2021).

Dit is met hierdie oorwegings in gedagte dat Ferguson in sy dokumentêre flik *China: Triumph or Turmoil?* (2012) aan die hand doen dat binne die afsienbare toekoms tegnologiese vernuwing as 'n reël in China bedink sal word terwyl die aanmekaarsit van reeds vervaardigde

ontwerpe in Kalifornië sal geskied – die teenoorgestelde van die huidige posisie. Martin Jacques, die skrywer van die blitsverkoper *When China rules the world* (2012:16-21), betoog dat met die enorme opkoms van die Ooste ten koste van die Weste gedurende die (Westerse) 21ste eeu, dit die Weste se grootste wens is dat hul waardes en voorkeure vir die Chinese aanloklik sal wees. “The underlying argument of this book is that China’s impact on the world will be as great as that of the United States over the last century, probably far greater, and certainly very different”, redeneer Jacques (2012:20). Hierdie idee word ook op die volgende manier verwoord, naamlik dat “[i]n our multi-polarised, twenty-first century [...], Asian concerns (particularly those of China, India or both) are increasingly likely to trump Western values” (Lötter, 2021:2). Teen die agtergrond van die plasing van die Chinese Droom in die 21ste eeu, gee ek vervolgens aandag aan die denkbeeld van die Thucydidiese lokval. (Laasgenoemde is natuurlik ’n verwysing na die Peloponnesiese Oorlog van weleer tussen die twee Griekse state Athene en Sparta.)

Die Thucydidiese lokval

Die Peloponnesiese Oorlog (431–404 v.C.) het gewoed tussen die Deliese bondgenootskap, onder leiding van Athene, en die Peloponnesiese bondgenootskap, soos deur Sparta verteenwoordig, in antieke Griekeland (Lötter, 2020a). John Mearsheimer (2010), ’n China-kenner verbonde aan die Universiteit van Chicago, is eweneens van mening dat sodra China ’n “gigantic Hong Kong” word (bedoelende so ryk en welgesteld soos wat Hong Kong is), dit onmoontlik sal word om met China in gesprek te tree aangesien ’n beroep op rede en regverdigheid beperk is tot swakker onderhandelaars.

Graham Allison blyk met hierdie siening akkoord te gaan. In sy boek *Destined for war: Can the US and China avoid war?* (2017) betoog hy dat die lesse van die geskiedenis oor die afgelope vyfhonderd jaar aan die hand doen dat oorlog onafwendbaar is in die oorgrote meerderheid van gevalle “when a rising power threatens a ruling power”. Ondanks wydverspreide akademiese kritiek op hierdie gedagtegang, blyk Allison se werk invloedryk te wees in die naspeur van China se rol in die 21ste-eeuse politiek. Sy gevallestudie van die sogenaamde Thucydidiese lokval verwys na die beginsel dat dit gevaarlik is om ’n ryk se invloedsfeer uit te brei (soos wat die Chinese tans blyk te doen), maar dit is selfs geværlicher om ’n ryk te laat vaar (soos wat dit die geval blyk te wees met die stadig ineenstortende ryk van die Verenigde State) (Lötter, 2020a).

So betoog Peter Nolan (2016), wat die gesaghebbende en indrukwekkende Chong Hua Leerstoel in Chinese Ontwikkeling aan die Universiteit van Cambridge beklee, in ’n lesing in Wene, Oostenryk in 2016, dat Chinese leiers goed bewus is van die gevare verbonde aan nog ’n Peloponnesiese Oorlog en dat hulle dit eens is dat ’n Thucydidiese lokval ten alle koste vermy moet word. Hodzi en Chen (2018:7) merk in hierdie verband op dat China ’n “revisionist power [is] seeking to challenge the existing international order so as to establish a parallel order, or, at least, materially revise the existing one”. Xi het herhaaldelik daarop gewys dat die hoofoogmerk van die CKP die verwerwing van grootmoondheidstatus vir China is, wat die totstandkoming van ’n kragtige, invloedryke en gerespekteerde China op die wêrelstoneel behels (Clarke, 2020). Terwyl China se sogenaamde hegemoniese ambisies beslis ’n doring in die Amerikaanse vlees is (Herman, 2021:165), is Amerikaanse aggressie in die Suid-Chinese See en Stille Oseaan vanuit die Chinese perspektief ’n voortdurende kopseer (Herman, 2021:167). Grootmoondheidwedywering tussen China en die Verenigde State is dus reeds ’n voldonge feit (State Council Information Office of the People’s Republic of China, 2019a),

maar die oorlog in die Oekraïne herinner kenners daaraan dat die posisie sekerlik meer kompleks is as net 'n tweeledige wedwywering. Dit is inderdaad 'n veelledige wedwywering.⁴

Tot dusver het ek die verhouding tussen China en die Verenigde State nog net in ekonomiese terme bespreek, maar dié dinamika kan natuurlik nie net in hierdie terme verstaan word nie. Volgens Allison (2017) was dit die opkoms van Athene en die vrees wat dit in Sparta opgewek het, wat oorlog onafwendbaar gemaak het.

Die Verenigde State en sy bondgenote het reeds reëlings getref om China hok te slaan, en Japan en Indië,⁵ twee lande wat wyd van mekaar verskil (Lötter, 2020a), vorm saam met Australië en die VSA die sogenaamde viermanskap ("Quad" [Quadrilateral Security Dialogue]) (Wong, 2022b). Saam met Taiwan, Suid-Korea, Indië en die Filippyne, het die Verenigde State onder Biden se leiding reeds 'n staalband om China getrek – al bestaan die twee reuse (die Verenigde State en China) letterlik in twee verskillende eeuue (Lötter, 2020a). Biden se besoek aan Asië aan die einde van Mei 2022 moet gevolglik in hierdie lig gesien word. Nie net wil hy sy bondgenote verseker dat hy die oorlog in die Oekraïne onder beheer het nie, maar ook dat hy terselfdertyd nog sy aandag op China gevestig kan hou (Wong, 2022b). Die Obama-administrasie se Asië-herbalanseringstrategie ("Asia Rebalancing Strategy") was byvoorbeeld daarop gemik om 'n strategiese muur van vervreemding tussen China en sy bure (spesifiek Suid-Korea, Viëtnam en die Filippyne) op te rig (Giancarlo, 2019). Die Chinese Gordel-en-pad-inisiatief is dus deels 'n poging om China se verhoudinge met sy bure te verbeter en te versterk (Flint & Zhang, 2016:5).⁶ Teen die einde van 2019 het China reeds op dié grondslag meer as 100 samewerkingsooreenkoms (wat 37 Afrikalande insluit) met internasionale rolspelers (beide lande en organisasies) gesluit (Herman, 2020:218, 324). Tydens 'n toespraak in die Groot Saal in Beijing in 2018, soos wat die *New York Times* (Buckley & Myers, 2018) berig het, het Xi Jinping reeds uitgewys dat hy van plan is om die horlosie terug te draai wat die kenmerke van die Chinese staat betref. Hierdie uitspraak verwys na twee temas in die Chinese opset, naamlik 'n groter, sterker kraggreep op die ekonomie en die politiek aan die een, en 'n terugkeer na die heldeverering van ouds soos die geval met Mao was, aan die ander kant. Deng het gehoop om met laasgenoemde te kon wegdoen. "It was precisely because we've adhered to the centralized and united leadership of the party that we were able to achieve this great historic transition," het Xi betoog (aangehaal in Buckley & Myers, 2018).

Sy woorde was egter nog nie koud nie toe finansiële markte in Asië en die Verenigde State negatief daarop reageer en begin ineenstort (Stevenson, 2018). Xi se terugkeer ná die aanblaas van heldeverering, soos wat destyds ook die geval met Mao was, lei tot twee ernstige gevolge vir die toekoms van China se toetreding tot die wêreltoneel. Eerstens voer ek aan dat 'n versterking van sentrale beheer oor die ekonomie huis die teenoorgestelde gevolg gaan hé, naamlik 'n inkrimping daarvan. Tweedens, Xi se besluit om sy nalatenskap aan die Chinese kultuur te koppel aan 'n "zero Covid" beleid, dui op 'n wanhopige poging tot algehele uitwissing

⁴ 'n Anonieme keurder wys daarop dat kundiges dikwels verwys na China as 'n "civilizational state." Dieselfde is natuurlik ook waar van Rusland.

⁵ Een van die anonieme keurders wys daarop dat Indië, wat natuurlik ook 'n BRICS-vennoot is en goeie bande met Rusland handhaaf, 'n halfhartige lid van die Quad is. Met hierdie stelling kan sonder voorbehoud akkoord gegaan word.

⁶ Een van die anonieme keurders het my aandag daarop gevestig dat "[d]ie feit dat Asië lande oorwegend, behalwe met enkele uitsonderings, soos Japan, baie terughoudend en tot 'n mate met ontngtering gereageer het op die kontroversiële en teenproduktiewe besoek van Nancy Pelosi aan Taiwan, dui op die omvang van China se samewerking met Asië." Ek stem heelhartig met hierdie oorweging saam.

van die virus in China (Li, 2022). Dit het reeds daartoe aanleiding gegee het dat “373 million people in [at least] 45 Chinese cities” (Li, 2022), wat Shanghai (met 26 miljoen inwoners) as die stad met die hoogste bevolkingsdigtheid insluit, in gedeeltelike of algehele inperking gedwing is. ’n Nomadiese werkerskorps wat teen die einde van die vorige eeu 60 miljoen persone getel het (Dutton & Xu, 1998:317-318; Spence, 2013:656-657), het teen vanjaar (2022) se genadelose inperking tot meer as 290 miljoen gegroeи (Textor, 2022). Hierdie beleidsformulering, daargestel om heldeverering verder aan te blaas, lei daartoe dat die Chinese volkere verdere grootskaalse werkloosheid in die gesig staar. Martin Jacques (2012:327) het ’n dekade terug reeds opgemerk dat “[Chinese] migration remains highly active, for example to Africa and Australia [as there has been a big expansion] [i]n the second half of the twentieth century”. In die lig daarvan dat miljoene Chinese immigrante hulself reeds in Afrika gevëstig het (Michel & Beuret, 2009; French, 2015; Yap & Man, 1996:30-39), dui die huidige haglike werksomstandighede op die Chinese vasteland daarop dat hierdie neiging net sal versnel. Hierdie gewaarwording baan dan ook die weg vir ons om aanstoms die implikasies van die sogenaamde “Chinese Droom” vir Afrika uit te lig.

’n Onversadigbare industriële monster: Die implikasies vir Afrika

Dit is binne hierdie konteks dat die implikasies van China se lang, onvoltooide twintigste eeu vir Afrika oorweeg moet word.⁷ Volgens *The New York Times* het die Chinese ekonomie in 2021 seëvierend uit die Covid-19-pandemie getree, en China se ekonomiese groei is goed vergelykbaar met dieselfde tyd van die voorafgaande jaar, voor die wêreldwye inperkings (Lötter, 2020a). Dit was natuurlik voor Xi se inspirasie oor sogenaamde “zero-Covid”, wat China se ekonomie onmiddellik weer laat inkrimp het. As ’n onversadigbare industriële monster sal China se oorweldigende behoefte aan grondstowwe sekerlik daarvoor sorg dat die land sy aandag vestig op die nastreef van geleenthede in die ontwikkelende wêreld, wat ook Afrika met sy onuitputlike natuurlike hulpbronne insluit (Lötter, 2020a), maar beslis nie uitsluitlik of selfs tot ’n groot mate nie, soos ek hier onder uitwys.

Met die uitbreek van die oorlog deur die Russiese inval op Oekraïne op 24 Februarie 2022 het China en Indië, beide lande wat sterk bande met Rusland het, die omsetverlies wat Amerikaanse sinksies van Russiese olie en natuurlike gas gelaat het, verminder deur hul eie olie-invoere vanaf Rusland te verhoog (Wong & Crowley, 2022). Sedert die Europese Unie se besluit om nie meer olie van Rusland te koop nie as vergeldingsmaatreël vir Putin se aggressie teenoor Oekraïne, het China en Indië die leemte so te sê gevul met reuseaankope teen groot afslagpryse. Waar China teen Mei 2022 28 persent meer olie as die voorafgaande maand aankoop, voer Indië teen Mei 2022 ’n ongelooflike 841 000 vate olie per dag van Rusland in (Kim & Krauss, 2022). China se noue bande met Rusland beteken dat hierdie grootmoondheid baie minder op ander verskaffers, in besonder in Afrika, gerig is. By wyse van ’n voorbeeld betoog ek dat Phaahla (2021:201) se opmerking oor die “growing importance of the continent to China’s long-term economic interests” dus met omsigtigheid bejeën moet word. Alhoewel dit so is dat Suid-Afrika Angola in 2018 verbygesteek het as China se grootste Afrika-handelsvennoot, met die olieryke lande Nigérië, Egipte en Algerië kort op ons hakke (ECNS, 2018), gee Phaahla (2021:203) egter toe dat China se handelsbande met Afrika swak

⁷ Een van die anonieme keurders het dit onder my aandag gebring dat China nie net Afrika en die ontwikkelende wêreld om ekonomiese redes benodig nie, maar ook om politieke oorwegings (State Council Information Office of the People’s Republic of China, 2021).

vergelyk met die land se handelsbetrekkinge met ander lande in Asië (of selfs met ander BRICS-vennootlande). Doffman (2019) wys byvoorbeeld daarop dat China se merkwaardige opkoms en moontlike oppermagstatus in die afsienbare toekoms kenners tot kommer stem, aangesien China se rekord daarop dui dat die demokratiese wêreldorde in die slag kan bly. Ek het egter reeds hier bo betoog dat dit sonder twyfel wel die geval in die nabye toekoms sal wees aangesien China se voorkeure en belang werklik baie anders is as dié van die Weste.

Herman (2020:327) wys weer daarop dat die Amerikaanse uitvoerende gesag (“White House”) ontevrede is met die Chinese ekonomiese model soos dit deur die Gordel-en-pad-inisiatief blootgelê word, aangesien dit glo nie strook met Westerse standarde en norme nie. So redeneer Joseph Siegle (2022), wat sy gedagtegang bou op die kundige werk van Miriam Lanskoy en Dylan Myles-Primakoff (2018), dat die wesenlike gevaaar bestaan dat Afrikalande wat op Rusland steun vir wapeninvloere en/of militêre bystand om ongewilde regimes te onderskraag, indirek die Russiese model van outokratiese, kleptomaniese en verhandelbare regeerkunde by Afrika sal invoer en selfs (tot 'n mate) gewild kan maak. Rusland verkoop tans meer wapens aan Afrika as enige ander land (Stockholm International Peace Research Institute, 2022) en Russiese huursoldate is 'n bekende gesig by knelpunte op die vasteland (Walsh, 2022). By wyse van analogie redeneer ek dat veral in die lig van Xi se terugkeer na 'n ultraortodoxe Maoïstiese denkbeeld (Langfitt, 2019:162; Rudd, 2022) en die versterkte vriendskapsbande tussen China en Rusland (ook iets eie aan Xi se internasionale denkpatroon, maar wat wel terughunker na Mao se goeie bande met Stalin in die jare voor Nikita Khrushchev se breuk met China van ouds), is die gevaaar wat Siegle uitlig oor die invoer van die Russiese staatsmodel in Afrika eweneens van toepassing op die Chinese staatsmodel. Die nuutgevonde vriendskap tussen China en Rusland is iets wat die Weste bekommer. In 2008 het Rusland en China alle uitstaande grensgeskille langs hul 4300 kilometer lange gesamentlike grenslyn geskik (Wong, 2022a). In 'n gesamentlike persverklaring van 5000 woorde gedurende die Olimpiese Winterspele in Beijing, vroeg in Februarie 2022, so berig die *Washington Post* (Dou, 2022), het Putin en Xi verklaar dat hulle twee lande se vriendskap geen perke ken nie. Ratanavaraha (2018:10) se stelling dat Rusland en die VSA die grootmoondhede is wat die grootste bedreiging vir China se invloed in Afrika inhou, is dus deels verkeerd en moet dienooreenkomsdig aangepas word.

Wat China se ekonomiese verhouding met Afrika betref, het die Forum on China-Africa Cooperation (FOCAC) aan die begin van die huidige eeu tot stand gekom en reeds tot talle beleggings- en ontwikkelingsprojekte aanleiding gegee (Phaalha, 2021:198). In 2015 het net China alleen 60 miljard Amerikaanse dollar belê in terme van energie- en vervoerprojekte in Afrika as 'n geheel, waarby Kenia, Ethiopië en Zambië die meeste gebaat het (Johnston & Rudyak, 2017:431). Volgens die China-Africa Research Initiative (CARI) aan die School of Advanced International Studies (SAIS) by Johns Hopkins Universiteit (CARI, 2017), het China se beleggingsfokus teenoor Afrika van 'n skrale 10 miljard Amerikaanse dollar in 2000 gegroeи tot meer as 220 miljard in 2014. Hierby kan die ontwikkeling van drie projekte aan die Ooskus van Afrika gevoeg word, soos Edinger en Labuschagne (2019:7) aantoon, ten einde die streek se insluiting by die Maritime Silk Route, wat deel vorm van Beijing se sogenaamde One Belt One Road-projek (OBOR), moontlik te maak. Die drie projekte hier ter sprake is natuurlik die 759 kilometer lange treinspoor van Addis Ababa na Djibouti teen 'n koste van 4,5 miljard Amerikaanse dollar, die bou van 'n hawe te Bagamoyo, Tanzanië teen 'n beraamde koste van 11 miljard Amerikaanse dollar en die Nairobi-Mombasa-treinspoor, teen 'n koste van 3,2 miljard Amerikaanse dollar. Die bou van hawens in die Indiese Oseaan word natuurlik geregtig deur die gedagte dat dit seehandel met China sal versnel en

vergemaklik (Jones & Zeng, 2019:1416). Teen 2017 het China se wederkerige handel met Afrika 'n indrukwekkende 150 miljard Amerikaanse dollar beloop (al het dit gedaal van 'n hoogtepunt van 220 miljard in 2015), wat goed vertoon teen die Verenigde State se ietwat powere 49 miljard Amerikaanse dollar (Phaala, 2021:201). Hierby kan die oprigting van die Soubre-megadam in Ivoorkus ten bedrae van ten minste 1 miljard Amerikaanse dollar en die opkoop van Zambië se kopermyne deur Chinese maatskappye die afgelope paar jaar, nog ingerekken word (Herman, 2021:182). Afrikalande is skugter vir 'n herhaling van grootmoondheidwedywering wat terugdateer na die Koue Oorlog wat gevvolg het op die wedywering tussen Rusland en die VSA, maar daar moet beswaar aangeteken word teen die opmerking dat "Afrikalande die gevaar [loop] om weer eens deur die grootmoonthede misbruik te word" (Herman, 2021:184-185, Olander, 2020).

Dit is egter ook so dat die rol van sogenaamde Chinese skulddiplomasie nie onderskat moet word nie (Herman, 2021:183). So redeneer Herman (2020:326-327) byvoorbeeld soos volg:

Westerse waarnemers [voer] aan dat die lenings wat China aan Afrikalande toestaan, besig is om tot 'n skuldkrisis te lei. Sodra die lande in gebreke bly om die lenings terug te betaal, word druk op hulle geplaas om China se geopolitieke belangte te ondersteun. Westerse ontleders is ook van mening dat China se BRI-praktyke inderwaarheid neerkom op hegemoniese ambisies en die soewereiniteit van die lande op die roetes uitdaag.

'n Aantal kenners, waaronder die bekende China-kundige Deborah Brautigam (2020), het egter die toepaslikheid van hierdie denkwyse bevraagteken in die lig van belangrike idees soos negatiwiteitsvooroordeel (uiteraard teenoor China) en kenners gemaan om op 'n verantwoordelike wyse waarheid tot mag te spreek. 'n Voorbeeld hiervan is die waninligting rondom die Standard Gauge Railway (SGR) tussen Nairobi en Mombasa in Kenia (Guguyu & Kamau, 2017) en die onware gerug wat die rondte gedoen het dat die Mombasa-hawe as sekuriteit vir die terugbetaling van die leningsooreenkoms sou dien. 'n Ander negatiewe (en foutiewe) waarneming is dat aangesien Beijing in Chinese leningsooreenkoms gewoonlik aangewys word as die setel van arbitrasie, soos die geval is met die Chinese Eximbank, die proses dus onregverdig vir Afrikalande sou wees (Brautigam & Kidane, 2020). Soos Brautigam en Kidane aandui, is dit 'n normale voorwaarde, ook in die geval van Westerse leningsooreenkoms, maar dié kenners beveel tereg neutrale setels vir arbitrasieverrigtinge aan.

Afrikalande wat internasionale spanne met ondervinding huur vir onderhandelinge tussen hulself en China en dié se ontwikkelingsbanke, soos wat die ervaring met Togo, Senegal en Tunisië uitwys, behaal dan ook beter resultate. Soule (2019) betoog ook dat sy getuenis ingewin het dat Afrikalande China afspeel teen ander rolspelers, soos Turkye, Rusland en die Verenigde Arabiese Emirate. 'n Beter gekoördineerde en samehorige benadering tussen Afrikalande vis-à-vis China is dus aan te beveel. My eie posisie is dus dat die werklikheid rondom Chinese leenpraktyke of skulddiplomasie in Afrika heelwat meer genuanseerd is as wat die hoofstroomdiskoers, verstrik in 'n negatiwiteitsvooroordeel gekantel ten gunste van die Weste, uitwys. À la Eric Olander (aangehaal in Kuo & Goldkorn, 2021): "People really want to believe this story about Chinese asset seizures." Hierdie ongegronde gerugte is egter getoets en daar is bevind dat dit van alle waarheid ontbloot is. So verduidelik Deborah Brautigam (2022), verbonde aan die China Africa Research Initiative te Johns Hopkins Universiteit, soos volg:

The debt trap diplomacy fear that borrowers' strategic assets are directly (and deliberately) at risk from Chinese banks continues to fail the test of evidence.

Verder moet die vraag ook gevra word hoekom Afrikalande as die slagoffers in hul verhouding met China gesien word en hoekom Afrika van agentskap onthef word. Dit is sekerlik moontlik vir Afrikalande om ook nie te sê of, soos ek hier bo aantoon, met skerper en meer geslypte insig te onderhandel. In terme van die nuutste Forum on China-Africa Cooperation (FOCAC), wat in September 2021 in Dakar, Senegal, plaasgevind het, blyk dit egter dat die Chinese kennis geneem het van die kritiek op sogenoemde skuldlokvalle en lenings aan Afrikalande, en sodanige programme begin afskaal het. Soos Folashade Soule (2019) uitwys, is dit inderdaad so dat daar 'n wydverspreide persepsie onder Afrikalande is dat enige Chinese aanbiedinge sonder beswaar aanvaar moet word, maar dit is ook so dat Afrikalande dit doen sonder om te besef dat China hoofsaaklik 'n oorvloed van tuisgemaakte produkte het wat hul graag wil afset (Lee, 2017).

China is ook meer gewild in Afrika (volgens 63 persent van alle inwoners in 36 Afrikalande) as wat die geval met die Verenigde State is (Afrobarometer, 2016), maar Afrikaleiers sal wys wees om op openbare persepsies oor China (soos beweerde swak produkte en 'n voorkeur vir Chinese handearbeid ten koste van plaaslike werkers) ag te slaan ten einde 'n swak mediabeeld te vermy of te versag. Die Afrobarometer is 'n pan-Afrikaanse navorsingsinstituut wat poog om betroubare inligting oor mense in Afrika se ervarings en waardebepalings bekend te stel. In September 2020 het die Afrobarometer (2020) daarop gewys dat die meerderheid van Afrika-inwoners (6 uit 10 versprei oor 18 Afrikalande) 'n goeie indruk van China se handelsbelange in Afrika het ('n daling vanaf 71 persent in die 2014/15-opname na 56 persent in die 2019/20-opname). Die persepsie van Chinese skuldlokvalle is volgens die opname dat 77 persent van mense wat weet dat China geld aan Afrikalande leen, bekommert daaroor is. Minder as die helfte (48%) weet nie of hul leiers geld by China leen al dan nie. Hierdie daling, soos Soule en Selormey (2020) uitwys, kan deels verklaar word op grond daarvan dat Afrika se ekonomie tans deur baie rolspelers betree word, wat Rusland en die Europese Unie insluit. Die belangrike bevinding van hierdie nuutste opname (in 2020) is egter dat die meeste Afrikane die Amerikaanse ekonomiese model bō die van China verkies, aangesien eersgenoemde die vrye mark benadruk terwyl laasgenoemde sentrale beheer voorstaan. Hierdie gedagtegang sluit aan by my hoofargument, naamlik dat die Chinese pakket nie net gekompromitteer is nie, maar ook op die tuisfront voor uitvoer reeds ernstige probleme ondervind. Hierdie denkbeeld toon dan ook die waarde aan van my navorsingsmetodologie by die ondersoek van my navorsingsvraag, naamlik Afrika se plek in die moderne wêrld en meer spesifiek postkoloniale Afrika.

Anders as die meeste Westerse ontwikkelingsagentskappe wat ontwikkelingshulp en/of lenings aan Afrika-regerings bied, heg China geen deursigtighedsmaatreëls of menseregte-toetsinstrumente aan hul aanvaardingskriteria nie (Lötter, 2020a). Hierdie gebrek aan grense maak uiteraard die Chinese aanbiedinge aantrekliker teenoor dié van die "imperialistiese" Weste. Herman (2020:323) betoog dat "[d]ie AU ... in noue samewerking [is] met China om Afrika se ontwikkeling te bevorder". Die Chinese bemark graag hul ware met die merkertjie dat hul handelsverhoudinge met die Globale Suide gesuiwer is van enige koloniale oorblyfsels, wat egter net deels waar is (Lötter, 2020a). China beoog egter nie net ekonomiese bande met Afrika nie. Daar is ook getuenis van die sogenoemde sagte aanslag.

Herman (2021:181) verduidelik die gedagte van sagte mag in die volgende treffende terme:

Die kulturele en onderwysprogramme wat China in Afrika van stapel stuur, het onder ander ten doel om leiers en mense in Afrika meer oor die Chinese lewenswyse te leer. Dit is 'n vorm van sagte mag en die doelwit is nie om gebied te bekom of die ekonomie

te kontroleer nie, maar om die denkrigtings van leiers en die bevolking te beïnvloed. Die volgehoue en suksesvolle pogings van China om kulturele mag in Afrika te verkry en Amerika se kleiner fokus op die vestiging van Amerikaanse waardes en kultuur verander die sagtemagsverhouding op die kontinent.

Daar is byvoorbeeld tans ook 350 Confucius-institute regdeur die wêreld (Herman, 2020:314) wat net soos wat die Oxford-Woordeboek en Hollywood-fleiks gedurende die 20e eeu die Engels-Amerikaanse kultuur uitgedra het, die Chinese kultuur bevorder. Chinese kultuur (veral Han-Chinese se etniese tradisies en gebruik), taal en geskiedenis word op dié manier aan die wêreld bekend gestel. Ten minste vier Afrikalande het reeds Mandaryns of Mandaryns-Chinees as taal op skool verpligtend gemaak (Herman, 2021:182).

Ten slotte, China se militêre basis in Djiboeti op die Horing van Afrika, binne maklike bereik van die Golf van Aden en Jemen, word ook tereg deur kenners beskou as 'n poging om Chinese belang in Afrika, soos beleggings in olie- en natuurlike gas-ontwikkelings (en talle ander natuurlike hulpbronne), in die toekoms te kan beskerm (Flint & Zhang, 2016:5-8). Tydens 'n onderhoud belig die ontwikkelingsekonom Eric Olander (aangehaal in Kuo & Goldkorn, 2021) egter die nugter feit dat China tans sy ekonomiese betrekkinge met Afrika afskaal ten gunste van handel met Suid- en Latyns-Amerika asook Australasië. Volgens Olander dryf China tans 'n derde meer handel met Suid-Amerika as met Afrika. Terwyl China in 2008 30 persent van sy olie-invoer uit Afrika verkry het, verlaat die land hom tans baie minder op Afrika as wat die geval was in die vroeë jare van die Gordel-en-pad-inisiatief. Toenemende handel met Rusland is maar net 'n verdere faktor wat tot hierdie stand van sake lei. Van China se wêrelwye handel in 2021, geraam op 15 triljoen Amerikaanse dollar, verteenwoordig handel met Afrika slegs sowat 215 miljard ('n skrale 2 tot 3 persent van China se algehele handel wêrelwyd). Suid- en Sentral-Amerika en Suidoos-Asië (asook Rusland) wedywer met Afrika as verskaffers van grondstowwe aan China (Olander, aangehaal in Kuo & Goldkorn, 2021). China se ekonomiese bande met Afrika is egter nog steeds baie goed as mens dit vergelyk met die Verenigde State se 32 miljard vir dieselfde jaar. Volgens dieselfde bron skep China drie keer meer werk in Afrika as Amerikaanse beleggers.

Uit die voorafgaande bespreking is dit dus duidelik dat Afrika beslis nie China se eerste prioriteit is nie en inderdaad selfs baie laag op dié land se ranglys verskyn. My uitgangspunt, soos ek dit aan die begin van hierdie bydrae gestel het, is egter selfs nog radikaler vir Afrika. Dit is naamlik dat "die Chinese" (terwyl ons in gedagte moet hou dat daar ten minste 56 etniese groepe in China erken word) nie net deur die denkbeeld van die "honderd jaar van vernedering", waarna ek hier bo verwys het, aangespoor word om *fuqiang* ('rykdom en mag' [富强]) na te jaag nie, maar inderdaad ook deur die verlede vasgebind en oorheers word.

So verduidelik Jenner (1994) dat anders as fonetiese (byvoorbeeld Europese) tale en selfs die Egiptiese/Mayaanse prentjiegramme waar die uitspraak van die teks afgelees kan word uit die skriftekens, die Chinese karakterskrif heeltemal van die spraakgebruik verwijder is (Jenner, 1994:212, 217). Te meer nog, die Chinese teks (wat geensins foneties is nie, maar wat wel 'n aanduiding van die woordtoon gee) het 'n ingeboude voorkeur vir gesagstrukture en aangesien dit baie jare van toegewye studie sowel as herhaaldelike beoefening van geskiedkundige standaardvoorbillede verg, is die Chinese geestesingesteldheid letterlik in die verlede vasgevang:

[I]t remains very hard to use written Chinese as a medium neutral for debate and discussion in which rival views on fundamental issues can be argued out reasonably and calmly on a basis of equality. Down the millennia written Chinese has been a code in which authority asserts, not one in which equals argue. (Jenner, 1994:217)

Met hierdie kenmerk van die Chinese karakterskrif in gedagte, is dit belangrik om daarop te let dat alle lede van die Chinese taalfamilie (soos Mandaryns, Kantonees en Hakka, om maar net 'n paar te noem), ondanks hul wyduiteenlopende aard, deur dieselfde karakterskrif onderlê word (Jenner, 1994:220, 225-226, 228-229). Leonard Shlain (1998), die befaamde neuroloog, betoog in sy welbekende werk *The alphabet versus the goddess: The conflict between word and image* dat wanneer 'n kritieke massa mense in 'n samelewing alfabetiese geletterdheid verwerf het, dit die neurologiese denkpatrone in die regterhelfte van die brein bevoordeel ten koste van die linkerbrein. Dieselfde proses vind natuurlik plaas wanneer 'n mens 'n vreemde taal aanleer. En terwyl die Chinese karakterskrif geensins 'n alfabet in die Europese sin van die woord is nie (aangesien eersgenoemde 'n eindeloze herrangskikking van bepaalde karakters is), is die punt dieselfde. Die ophemeling van die verlede en gesagstrukture wat in die Chinese karakterskrif ingebou is (Jenner, 1994:221-222), is iets waaraan baie min Chinese kan ontsnap. Hierdie neiging word verder aangeblaas deur die ongewone gebruik van die taal om die verlede te sien as iets wat voor jou lê en nie, soos die gebruik in Indo-Europese tale is, agter jou nie (Jenner, 1994:7-8). 'n Verdere tameletjie is dat dit nie 'n geval is dat die onderskeid tussen die verlede en die hede nie in Mandaryns (veral die klassieke weergawe) gemaak kan word nie, maar dat dit nie gemaak hoef te word nie (Jenner, 1994:221-222).

Hierdie sogenaamde oorheersing van die verlede in die Chinese psige lei volgens Jonathan Spence (2013:563), nog 'n bekroonde wêreldkenner van China, daartoe dat China tussen twee (of selfs drie) wêreldbeelde vasgevang is. Dit is naamlik outokrasie met snelle ontwikkeling of outokrasie met onderontwikkeling enersyds en vrye denke andersyds. Op hierdie punt verklaar Kevin Rudd (2022), 'n bekroonde China-kenner en voormalige eerste minister van Australië, in 'n onlangse televisie-onderhou dat Xi Jinping inderdaad outokrasie met onderontwikkeling voorstaan. Wat laasgenoemde denkbeeld (vrye, kritiese denke) betref, is dit nuttig om in gedagte te hou dat een van die slagspreuke van die betogers ten gunste van demokrasie gedurende Desember 1986, in talle Chinese stede, inderdaad gelui het: "Geen demokrasie, geen modernisasie" (aangehaal in Spence, 2013:644). Hierdie teenstrydigheid in die China van die 21ste eeu word knap deur Spence (2013:666) uitgelig:

Despite Deng Xiaopeng's expressions of confidence, the crisis of 1989 [the Tiananmen Square massacre] showed that aspects of China's past were still much in evidence. [...] In a longer historical context, Deng's insistence that economic reforms and the dramatic changes should still be kept totally apart from any changes in the political superstructure and modes of public expression reawakened historical memories of the late Qing dream – that China could join the modern world entirely on its own terms, without sacrificing its prevailing ideological purity.

Dit is uiteraard my betoog dat sodanige proses kwalik moontlik is. Sonder die reg tot kritiese ondersoek en denke moet vooruitgang uiteraard ingeperk bly. So verklaar Karl Popper (1992), een van die belangrikste wetenskapsfilosowe van ons tyd, dat sonder 'n kritiese rede-ingesteldheid wetenskapsbeoefening in 'n oop en demokratiese gemeenskap nie geregverdig kan word nie. 'n Goeie voorbeeld hiervan is Xi Jingping se poging om sy politieke nalatenskap oor die boeg van "zero-Covid" in China te gooi (Li, 2022). Die ironie daarvan is egter dat as vryheid van spraak in China 'n werklikheid sou wees, gesien in die lig van die talle medici en joernaliste wat die noodklok probeer lui het omtrent Covid-19 maar verhoed is om dit te doen, dit waarskynlik nie in 'n wêreldyne pandemie sou ontaard het nie (Verna Yu, aangehaal in Žižek, 2020:7). Dieselfde opmerking geld vir die SARS-pandemie van 2003 wat ook sy oorsprong in China gehad het (Spence, 2013:696-697).

Gedagtig aan die land se geneigdheid tot outokrasie, beteken dit egter dat China, ondanks sy ongelooflike potensiaal, uiteindelik maar altyd ver onder sy potensiaal sal presteer weens die geneigdheid van die Chinese karakterskrif om gesagstrukture te bevoordeel, wat Jenner so mooi uitwys in die aanhaling hier bo. Die beheptheid met die verlede en die gepaardgaande leemte aan kritiese oorweging is egter nie China se enigste probleme as dit by die vooruitsigte vir Chinese vooruitgang kom nie. Peng (2022:np) haal die China Academy of Social Sciences aan wat daarop wys dat China 'n dekade voor die verwagting daarvan 'n demografiese keerpunt bereik het. Terwyl die verwagting was dat China se bevolkingsgroei 'n hoogtepunt van 1,44 miljard mense teen 2029 sou bereik, was China se vrugbaarheidskoers (geboortes per vrou) in die laat 1980's (voor die invloed van die enkelkindbeleid daarop ingewerk het) nog 2,6 – aansienlik meer as die 2,1 vervangingskoers – maar het dit sedert 1994 reeds op tussen 1,6 en 1,7 (World Bank, 2020) gestaan, wat verder gedaal het tot 1,3 in 2020 en tans op 1,15 staan in 2021 (Chen, 2022). Vergelyk hierdie negatiewe bevolkingsgroei byvoorbeeld met dié van die Verenigde State en Australië, wat op 1,6 staan (Australian Bureau of Statistics, 2021) of met Japan se verouderende bevolking met 'n vrugbaarheidskoers van 1,3 (World Bank, 2020). Een rede vir hierdie demografiese krisis is Chinese vroue se eietydse weerstand teen vroeë huwelike en die noue verband, anders as wat die geval in Westerse lande is, tussen huwelike en geboortes in China se konserwatiewe gemeenskapsatmosfeer (Chen, 2022).

Die implikasies hiervan is bepaald wesenlik. Met 'n vinnig verouderende bevolking het China se werkersbevolking reeds sy hoogtepunt teen 2014 bereik en word daar voorspel dat teen 2100 slegs 'n derde van China se bevolking sal deelneem aan die arbeidsmark (Peng, 2022). Ander gevolge hiervan is laer produktiwiteit en gepaardgaande verswakte ekonomiese groei. Produksiekoste het reeds verdubbel in China in vergelyking met Viëtnam; dieselfde is waarskynlik waar vir ander nabygeleë laekoste-vervaardigingsentra soos Indië en Bangladesj. Hier moet Xi Jinping se ideologiese weersin teen ekonomiese groei (Rudd, 2022), waarna ek hier bo verwys het, nog bygereken word. Dit is dan ook hierdie belangrike teenstrydighede in die Chinese psige en materiële omstandighede wat voorspel dat China se invloed op Afrika in die toekoms selfs verder gekompromitteer sal of kan word.

Bondige bespreking

Westerlinge ondervind selde probleme met die begrip "eeu" in hul verslag van geskiedkundige gebeure, en dié begrip verkummel sodoende selde. Wanneer ons egter met China te make het, het ons inderdaad te doen met 'n baie anderse en vreemde "Ander".

Terwyl die Volksrepubliek van China op die oog af nog 'n sosialistiese gemeenskap is (maar wel eietyds in 'n postkommunistiese, hiper-verbruikersparadyss ontaard het), sal die Chinese eerbied vir die lesse en wysheid van die verlede daarvoor sorg dat China stewig in die twintigste eeu gewortel bly, terwyl die utopiese eksperiment in so baie Oos-Europese lande en elders, in ellende geëindig het (Lötter, 2020a). Op die lang termyn het die reëls ook betekenisvol verander van dié wat in 'n enkeltvoudige wêreldorde van die 20e eeu van toepassing was, toe 'n enkele supergrootmoondheid verskille met geweld kon besleg na dié reëls wat die geopolitiek van die 21e eeu beheers (Lötter, 2020a). Laasgenoemde is 'n veelsydige wêreldorde waarvan die grense nog heroorweeg en beslis moet word. Aan die ander kant moet die vraag ook gevra word tot watter mate die Verenigde State sowel China as Rusland, in die lig van eersgenoemde se noue betrokkenheid by die Oekraïense oorlog, tegelykertyd kan hanteer. "Maybe the Biden administration will be able to prioritize the important over the urgent. That is no guarantee that it will display the necessary skill to manage multiple great-power threats,"

skryf 'n opinieskrywer van *The Washington Post* (Drezner, 2022) in dieselfde luim. Maar, soos my slotsom uitwys – niks is met sekerheid te voorspel nie, en China het ook sy eie, nie onaansienlike probleme. Op hierdie punt moet ek egter byvoeg dat my metodologie – die poststrukturalisme – binne 'n geskiedkundige invalshoek my aansienlik gehelp het om die nuansering in my data na te speur. Ek wend my vervolgens tot 'n slotsom.

Slotsom

Dit is bepaald ironies dat China se aanneming van die Westerse liniére geskiedkundige model van vooruitgang, in weerwil van hul eie tradisionele maangebaseerde tydmodel, die vooruitsigte vir Chinese se vooruitgang in die 21ste eeu sowel gekoloniseer het as bly aandryf. Dit bevestig egter ook die waarde van 'n geskiedkundige raamwerk. Terwyl dit nie die enigste faktor is wat 'n rol speel in China se vooruitgang nie, het ek in die Inleiding betoog dat die leemte in die bestaande kennis oor die moontlike rol wat China kan speel in Afrika, daarin lê dat 'n waardevolle geskiedkundige invalshoek ontbreek. Dit is naamlik die geskiedkundige gebeure wat aanleiding gegee het tot China se bekende sogenaamde "honderd jaar van vernedering" (1842–1949), waarvan die uitbreek van die Eerste Opiumoorlog van 1839 die eerste voorval was. China se intrede tot die twintigste eeu op Westerse terme het dus aanleiding gegee tot die land se eie sodanige lang, aaneenlopende twintigste eeu.

Soos ek betoog, word China se voorkeure en belang in hierdie eeu aangeblaas deur 'n naastige soeke na *fuqiang* ("rykdom en mag") met die oog op grootmoondheidstatus ten einde verdere vernedering vry te spring. Dit het onder andere daartoe gelei dat China die grootste en vinnigste industriële rewolusie in die geskiedenis van die mensheid in 'n beknopte vier dekades ondergaan het – 'n ontwikkeling wat nog geensins afgeloop is nie.

Deel van my redenasie is egter dat die implikasies van die Chinese ervaring vir die vasteland van Afrika genuanseerd is. Nie net is daar ook talle ander rolspelers in Afrika teenwoordig nie, maar China self het baie ysters in die vuur op ander vastelande (waarby ons Rusland moet inreken). Terwyl China tans baie meer werksgleenthede vir Afrikane skep as die Verenigde State, en China se ekonomiese bande ook meer gewild is by die mense van Afrika as dié van die VSA (terwyl hul keuse van ekonomiese stelsel huis andersom is), verskyn Afrika self maar laag op die Chinese ranglys. 'n Wesenlike gevaar vir Afrika bly egter die moontlikheid dat China (net soos ook die geval is met Rusland) Afrikalande sodanig kan beïnvloed met die oog op die vestiging van hul outokratiese regeerstelsels daar – hoewel 'n mens uiteraard moet byvoeg dat in die gees van 'n teenvoeter gerig op oriëntalisme, so 'n besluit uiteraard by daardie lande moet berus. Laastens, die outokratiese geneigdheid van die Chinese kultuur, hoewel dit geensins 'n deurlopende kenmerk is nie, duï daarop dat China se prestasies in die afloop van die land se eie twintigste eeu onder druk sal bly, en dat die implikasies vir Afrika as 'n geheel, tensy dit verander soos Jenner hoop, maar beskeie sal wees en bly, al is die redes hiervoor veeltallig en gekompliseerd.

BIBLIOGRAFIE

- Afrobarometer 2016. China's growing presence in Africa wins largely positive popular reviews. 24 October. https://www.afrobarometer.org/wp-content/uploads/migrated/files/publications/Dispatches/ab_r6_dispatchno122_perceptions_of_china_in_africa1.pdf [10 May 2022].
- Afrobarometer 2020. Africans' perceptions about China: A sneak peek from 18 countries. 3 September. https://www.afrobarometer.org/wp-content/uploads/migrated/files/africa-china_relations-3sept20.pdf [10 May 2022].

- Allison, GT. 2015. The Thucydides Trap: Are the U.S. and China Headed for War? *The Atlantic*, 24 September. <https://www.theatlantic.com/international/archive/2015/09/united-states-china-war-thucydides-trap/406756/> [7 June 2022].
- Allison, GT. 2017. *Destined for war: Can the US and China avoid war?* Boston: Houghton Mifflin Harcourt.
- Australian Bureau of Statistics 2021. *Births, Australia: Statistics about births and fertility rates for Australia, states and territories, and sub-state regions*. <https://www.abs.gov.au/statistics/people/population/births-australia/latest-release> [24 June 2022].
- Barmé, G. 2011. *China in the World Lecture*. Inaugural CIW Annual Lecture, Australia and China in the World. The Australian National University, 15 July. https://www.youtube.com/watch?v=dA8JVzw_TSY [17 May 2022].
- Brautigam, D. 2020. A critical look at Chinese ‘debt-trap diplomacy’: the rise of a meme. *Area Development and Policy*, 5(1): pages 1-14. <https://doi.org/10.1080/23792949.2019.1689828>.
- Brautigam, D. 2022. Mombasa Port: how Kenya’s auditor-general misread China’s Standard Gauge Railway contracts. *The Conversation Africa*, 16 May: https://theconversation.com/mombasa-port-how-kenyas-auditor-general-misread-chinas-standard-gauge-railway-contracts-182610?utm_medium=email&utm_campaign=Latest%20from%20The%20Conversation%20for%20May%2016%202022%20 [17 May 2022].
- Brautigam, D & Kidane, W. 2020. China, Africa, and Debt Distress: Fact and Fiction about Asset Seizures. *China-Africa Research Initiative*, Policy Brief no.47: <https://static1.squarespace.com/static/5652847de4b033f56d2bdc29/t/5ef387a1b5869d0dd74eee2d/1593018274134/PB+47+-+Br+autigam%2C+Kidane+%E2%80%93+Debt+distress%2C+Asset+seizure.pdf> [10 May 2022].
- Buckley, C & Myers, SL. 2018. China’s Leader Says Party Must Control ‘All Tasks,’ and Asian Markets Slump. *The New York Times*, 18 December. <https://www.nytimes.com/2018/12/18/world/asia/xi-jinping-speech-china.html> [8 May 2022].
- Butterfield, F. 1983. *China: Alive in the Bitter Sea*. Toronto: Bantam Books.
- CARI 2017. Data: China-Africa Trade. *China African Research Initiative*, 12 November. <http://www.sais-cari.org/data-china-africa-trade> [10 May 2022].
- Chen, W. 2022. What’s behind China’s population entering the zero growth zone? *CGTN*, 19 January. <https://news.cgtn.com/news/2022-01-19/What-s-behind-China-s-population-entering-the-zero-growth-zone--16WsLx7M89y/index.html> [24 June 2022].
- Chen, Y, Chen, Y, Fan, Z, Zhang, J & Min, M. 2019. Does the connectivity of the Belt and Road Initiative contribute to the economic growth of the belt and road countries? *Emerging Markets Finance and Trade*, 55(14): 3227–40. <https://doi.org/10.1080/1540496X.2019.1643315>.
- China: Triumph or Turmoil?* 2012. [Film.] Directed by Adrian Pennink. Written and narrated by Naill Ferguson. UK: Chimerica Media. <https://www.youtube.com/watch?v=jKyY0u8AJL4> [21 May 2022].
- Clarke, M. 2020. Is China heading towards revolutionary revisionism? *Australian Institute of International Affairs*, 4 September. <https://www.internationalaffairs.org.au/australianoutlook/is-china-heading-towardsrevolutionary-revisionism> [10 May 2022].
- Dawson, R. 1967. *The Chinese Chameleon: An Analysis of European Conceptions of Chinese Civilization*. New York: Oxford University Press.
- Denmark, A. 2018. 40 years ago, Deng Xiaoping changed China – and the world. *The Washington Post*, 19 December. <https://www.washingtonpost.com/news/monkey-cage/wp/2018/12/19/40-years-ago-deng-xiaoping-changed-china-and-the-world/> [8 May 2022].
- Department of the Treasury: Federal Reserve Board 2022. *Major foreign holders of treasury securities*. <https://ticdata.treasury.gov/Publish/mfh.txt> [7 June 2022].
- Doffman, Z. 2019. U.S. and China technology conflict – here’s why 2020 is so critical. <https://www.forbes.com/sites/zakdoffman/2020/12/29/us-and-china-technology-conflictheres-why-2020-is-so-critical/?sh=797e5a1f175e> [10 May 2022].
- Dou, E. 2022. What is – and isn’t – in the joint statement from Putin and Xi. *The Washington Post*, 4 February. <https://www.washingtonpost.com/world/2022/02/04/russia-china-xi-putin-summit-statement-beijing/> [25 May 2022].

- Drezner, D. 2022. Can the United States focus on China while countering Russia? *The Washington Post*, 19 May. <https://www.msn.com/en-za/news/editorpicks/opinions-can-the-united-states-focus-on-china-while-countering-russia/ar-AAXrotD?ocid=msedgntp&cvid=fc82b77788554f2daf5db4e73b48028a> [19 May 2022].
- Dutton, M & Xu, Z. 1998. Facing Difference: Relations, Change and the Prison Sector in Contemporary China. In Weiss & South (eds). *Comparing Prison Systems: Toward a Comparative and International Penology*. Gordon & Breach: Amsterdam, pp. 289-336.
- ECNS. 2018. China-Africa in numbers: trade ties. *Ecns.cn*, 4 September. <http://www.ecns.cn/news/economy/2018-09-04/detail-ifyxpqun1875058.shtml> [10 May 2022].
- Edinger, H & Labuschagne, J-P. 2019. China's role in African infrastructure and capital projects. *Deloitte Insights*, 28 May. <https://www2.deloitte.com/us/en/insights.html> [10 May 2022].
- Flint, C & Zhang, X. 2016. The belt and road and the innovation of geopolitical theory. *Foreign Affairs Review*, 33(3):1-24.
- Frankopan, P. 2015. *The Silk Roads: A New History of the World*. London: Bloomsbury.
- Frankopan, P. 2018. *The New Silk Roads: The Present and Future of the World*. London: Bloomsbury.
- French, HW. 2015. *China's Second Continent: How a Million Migrants are Building a New Empire in Africa*. New York: Vintage.
- Giancarlo, EV. 2019. The Origin of The Four Modernizations and President Xi Jinping's Current Choices – Analysis. *Eurasia Review*, 22 May. <https://www.eurasiareview.com/22052019-the-origin-of-the-four-modernizations-and-president-xi-jinpings-current-choices-analysis/> [10 May 2022].
- Global Carbon Atlas 2021. Country emissions Co2. <http://www.globalcarbonatlas.org/en/content/welcome-carbon-atlas> [7 June 2022].
- Guguyu, O & Kamau, M. 2017. Why Kenya may have got short end of the stick in SGR locomotives deal. *The Standard*, 16 January. <https://www.standardmedia.co.ke/business/news/article/2000229994/why-kenya-may-have-got-short-end-of-the-stick-in-sgr-locomotives-deal> [10 May 2022].
- Herman, F. 2020. China se Gordel-en-pad-inisiatief (Belt and Road Initiative, BRI): Die vroeë invloed op Afrika. *LitNetAkademies*, 17(3): 310-334.310-334. ISSN 1995-5928. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2020/12/LitNet_Akademies_17-3_Herman_310-334.pdf [6 Mei 2022].
- Herman, F. 2021. Amerikaans-Chinese wedywering: 'n Sistemiese en teoretiese ontleding. *LitNetAkademies*, 18(2):161-191. ISSN 1995-5928. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2021/08/LitNet_Akademies_18-2_Herman_161-199.pdf [6 Mei 2022].
- Hodzzi, O & Chen, YW. 2018. Following the Flow: China's Approach to Global Leadership. *China Quarterly of International Strategic Studies*, 4(1):1-21. <https://www.worldscientific.com/doi/epdf/10.1142/S2377740018500045>.
- Jacques, M. 2012. *When China Rules the World*. 2nd edition. New York: Penguin.
- Jenner, WJF. 1994. *The Tyranny of History: The Roots of China's Crisis*. London: Penguin.
- Johnston, L & Rudyak, M. 2017. *China's 'innovative and pragmatic' foreign aid: shaped by and now shaping globalisation*. Acton: Australian National University Press.
- Jones, L. 2020. Beyond China, Inc. Understanding Chinese companies. *TNI Longreads*, 16 January. <https://longreads.tni.org/stateofpower/understanding-chinese-companies-beyond-china-inc> [10 May 2022].
- Jones, L & Zeng, J. 2019. Understanding China's "Belt and Road Initiative": beyond "grand strategy" to a state transformation analysis. *Third World Quarterly*, 40(8):1415-39. <https://doi.org/10.1080/01436597.2018.1559046>.
- Kanno-Youngs, Z & Baker, P. 2022. Biden Pledges to Defend Taiwan if It Faces a Chinese Attack. *The New York Times*, 23 May. https://www.nytimes.com/2022/05/23/world/asia/biden-taiwan-china.html?algo=editorial_importance_fy_email_news&block=4&campaign_id=142&emc=edit_fory_20220523&fallback=false&imp_id=591865425&instance_id=62190&nl=for-you&nlid=60789539&req_id=576201561&segment_id=93144&surface=for-you-email-news&user_id=6ac66bc28b26c0beb4dfee98cd516916&variant=0_edimp_fye_news_dedupe [23 May 2022].
- Kim, JY. 2018. World Bank Group President Jim Yong Kim's Remarks at the Opening Ceremony of the First China International Import Expo. *The World Bank*, 5 November. <https://www.worldbank.org/>

- en/news/speech/2018/11/05/world-bank-group-president-jim-yong-kims-remarks-at-the-opening-ceremony-of-the-first-china-international-import-expo [8 May 2022].
- Kim, V & Krauss, C. 2022. Asia is buying discounted Russian oil, making up for Europe's cutbacks. *The New York Times*, 21 June. https://www.nytimes.com/2022/06/21/world/asia/asia-is-buying-discounted-russian-oil-making-up-for-europees-cutbacks.html?campaign_id=9&emc=edit_nn_20220622&instance_id=64697&n1=the-morning®i_id=60789539&segment_id=96428&te=1&user_id=6ac66bc28b26c0beb4dfee98cd516916 [23 June 2022].
- Kipgen, N. 2020. *The politics of South China Sea disputes*. London: Routledge India.
- Kuo, K & Goldkorn, J. 2021. Misinformation about China-Africa relations in the wake of the Dakar forum. *SupChina*, 16 December. <https://supchina.com/2021/12/16/misinformation-about-china-africa-relations-in-the-wake-of-the-dakar-forum/> [10 May 2022].
- Langfitt, F. 2019. *The Shanghai Free Taxi: Journeys with the Hustlers and Rebels of the New China*. London: Weidenfeld & Nicolson.
- Lanskoy, M & Myles-Primakoff, D. 2018. The Rise of Kleptocracy: Power and Plunder in Putin's Russia. *Journal of Democracy*, 29(1):76-85. 10.1353/jod.2018.0006.
- Lee, CK. 2017. *The Specter of Global China: Politics, Labor, and Foreign Investment in Africa*. Chicago: University of Chicago Press.
- Lee, KY. 2000. *From Third World to First: The Singapore Story, 1965–2000*. Volume 2. New York: HarperCollins. pp. 595–603.
- Li, Y. 2022. China's "Zero Covid" Mess Proves Autocracy Hurts Everyone. *The New York Times*, 13 April. <https://www.nytimes.com/2022/04/13/business/china-covid-zero-shanghai.html> [28 April 2022].
- Lötter, C. 2020a. China's long, unfinished 20th century and its global implications. *Mail & Guardian Thought Leader*, 28 October. <https://thoughtleader.co.za/chinas-long-unfinished-20th-century-and-its-global-implications/?msclkid=502e9d70ceaf11ec8e399ab7072cf719> [8 May 2022].
- Lötter, C. 2020b. The Chinese Chameleon Reimagined in the Age of Covid-19. *Mail & Guardian*, 9 May. <https://mg.co.za/coronavirus-essentials/2020-05-09-the-chinese-chameleon-reimagined-in-the-age-of-covid-19/> [24 December 2020].
- Lötter, C. 2021. Rebel Discourse(s) on Gender as Demonstrated by Contemporary and Historical Chinese Marriage Practices. *Phronimon*, 22(1):20 pages. <https://hdl.handle.net/10520/ejc-phron-v22-n1-a2>.
- Maçães, B. 2018. *The Dawn of Eurasia: On the Trail of the New World Order*. London: Allen Lane.
- Mahbubani, K. 2016. *The China threat! What happens when China becomes number one?* Albert H. Gordon Lecture at the Harvard Kennedy School of Government, 8 April 2015. <https://johnmenadue.com/kishore-mahbubani-what-happens-when-china-becomes-number-one/> [7 June 2022].
- McGregor, R. 2017. *Asia's Reckoning: China, Japan and the Fate of U.S. Power in the Pacific Century*. New York: Penguin Books.
- Mearsheimer, JJ. 2010. The Gathering Storm: China's Challenge to US Power in Asia. *The Chinese Journal of International Politics*, no.3:381–396. doi:10.1093/cjip/poq016.
- Michel, S & Beuret M. 2009. *China Safari: On the trial of Beijing's Expansion in Africa*. Trans. R. Valley. New York: Nation Books.
- National Bureau of Statistics 2022. *NSDP/SDDS for the People's Republic of China*. 15 June. http://www.stats.gov.cn/english/Statisticaldata/nsdp/201508/t20150819_1232260.html [23 June 2022].
- Olander, E. 2020. U.S.-China great power competition in Africa. *The China-Africa Project*, 13 July. <https://chinaafricaproject.com/analysis/u-s-china-great-power-competition-in-africa> [10 May 2022].
- Olivier, B. 2013. Modernism, postmodernism and poststructuralism, the difference. *Mail & Guardian Thoughtleader*, 24 May. <http://thoughtleader.co.za/bertolivier/2013/05/24/modernism-postmodernism-and-poststructuralism-the-difference/> [9 January 2018].
- Olivier, B. 2015. The Tacit Influences on one's Ways of Teaching and Doing Research. *Alternation Special Edition*, no.16: 346-371.
- Partner, N. 2013. Foundations: Theoretical frameworks for knowledge of the past. In Partner & Foot (eds). *The SAGE Handbook of Historical Theory*. London: Sage.
- Peng, X. 2022. China's population is about to shrink for the first time since the great famine struck 60 years ago. Here's what it means for the world. *The Conversation Australia*, 29 May. <https://theconversation.com/chinas-population-is-about-to-shrink-for-the-first-time-since-the-great-famine-struck-60-years-ago-heres-what-it-means-for-the-world-162900>

- theconversation.com/chinas-population-is-about-to-shrink-for-the-first-time-since-the-great-famine-struck-60-years-ago-heres-what-it-means-for-the-world- [23 June 2022].
- Phaahla, E. 2021. Reflections on the Proceedings of the 19th Congress of the Chinese Communist Party (CCP) on Sino-Africa and Sino-BRICS relations. *Strategic Review for Southern Africa*, 43(1):191-210. DOI – <https://doi.org/10.35293/srsa.v43i1.334>.
- Popper, K. (1935) 1992. *The Logic of Scientific Discovery*. London: Routledge.
- Ratanavaraha, KR. 2018. The Belt and Road Initiative: A proof of China's liberal stance or a tool to influence the world? MA-dissertation, Geneva Centre for Security Policy: University of Geneva.
- Rees, Y. 2022. The book that changed me: how Priya Satia's Time's Monster landed like a bomb in my historian's brain. *The Conversation Australia*, 21 June. https://theconversation.com/the-book-that-changed-me-how-priya-satias-times-monster-landed-like-a-bomb-in-my-historians-brain-176023?utm_medium=email&utm_campaign=Latest%20from%20The%20Conversation%20 [23 June 2022].
- Rudd, K. 2022. Understanding How China Sees the World. *Asia Society*, 2 June. <https://asiasociety.org/video/kevin-rudd-understanding-how-china-sees-world> [23 June 2022].
- Said, E. 1979. *Orientalism*. Reprint. New York: Random House.
- Satia, P. 2020. *Time's Monster: History, Conscience and Britain's Empire*. London: Allen Lane.
- Schell, O & Delury, J. 2014. *Wealth and Power: China's Long March to the Twenty-first Century*. New York: Random House.
- Shlain, L. 1998. *The Alphabet Versus the Goddess: The Conflict Between Word and Image*. New York: Viking Press.
- Shu-yun, M. 1986. Recent changes in China's pure trade theory. *The China Quarterly*, 106:291–305. <https://www.jstor.org/stable/pdf/653432.pdf>.
- Siegle, J. 2022. Ukraine war: fresh warning that Africa needs to be vigilant against Russia's destabilising influence. *The Conversation Africa*, 9 March. <https://theconversation.com/ukraine-war-fresh-warning-that-africa-needs-to-be-vigilant-against-russias-destabilising-influence-178785> [6 May 2022].
- Soule, F. 2019. How to negotiate infrastructure deals with China: four things African governments need to get right. *The Conversation Africa*, 3 January. <https://theconversation.com/how-to-negotiate-infrastructure-deals-with-china-four-things-african-governments-need-to-get-right-109116> [10 May 2022].
- Soule, F & Selormey, EE. 2020. How popular is China in Africa? New survey sheds light on what ordinary people think. *The Conversation Africa*, 17 November. <https://theconversation.com/how-popular-is-china-in-africa-new-survey-sheds-light-on-what-ordinary-people-think-149552> [10 May 2022].
- Spence, JD. 2013. *The Search for Modern China*. 3rd edition. London: W.W. Norton.
- State Council Information Office of the People's Republic of China 2019a. *China's national defense in the new era*. Beijing: Foreign Languages Press Publishers.
- State Council Information Office of the People's Republic of China 2019b. Full Text: China and the World in the New Era. *China SCIO*, 28 September. http://english.scio.gov.cn/2019-09/28/content_75252746_5.htm [11 Augustus 2022].
- State Council Information Office of the People's Republic of China 2021. Full text: China and Africa in the New Era: A Partnership of Equals. *Xinhua*, 26 November. http://english.scio.gov.cn/whitepapers/2021-11/26/content_77894768_4.htm [11 Augustus 2022].
- Stevenson, A. 2018. Wall Street Stocks Inch Higher as Crude Oil Tumbles. *The New York Times*, 18 December. <https://www.nytimes.com/2018/12/18/business/stock-markets.html> [8 May 2022].
- Stockholm International Peace Research Institute 2022. *SIPRI Arms Transfers Database*. <https://sipri.org/databases/regional-coverage> [9 June 2022].
- Terblanché-Greeff, AC. 2022. Same-Same, But Not: Comparing Aspects of Cultures in South Africa, Australia, and New Zealand. *SAGE Open*, April-June:1–10. DOI: 10.1177/21582440221099529.
- Textor, C. 2022. Number of migrant workers in China 2011–2021. *Statista*, 3 May. <https://www.statista.com/statistics/234578/share-of-migrant-workers-in-china-by-age/> [9 May 2022].
- Thompson, RS. 2001. *Empires on the Pacific: World War II and the Struggle for the Mastery of Asia*. New York: Basic Books.

- Tiezzi, S. 2018. China's Belt and Road makes inroads in Africa. *The Diplomat*, 31 July. <https://thediplomat.com/2018/07/chinas-belt-and-road-makes-inroads-in-africa> [10 May 2022].
- Tze, EH. 2019. Chinese thinking about international relations: From theory to practice. *Asia Policy*, 14(3):2-5.
- Walsh, D. 2022. Putin's Shadow Soldiers: How the Wagner Group Is Expanding in Africa. *The New York Times*, 31 May. https://www.nytimes.com/2022/05/31/world/africa/wagner-group-africa.html?campaign_id=51&emc=edit_mbe_20220601&instance_id=62859&nlt=morning-briefing%3A-europe-edition®i_id=6 [9 June 2022].
- Wong, E. 2022a. Bond Between China and Russia Alarms U.S. and Europe Amid Ukraine Crisis. *The New York Times*, 20 February. <https://www.nytimes.com/2022/02/20/us/politics/russia-china-ukraine-biden.html> [2 May 2022].
- Wong, E. 2022b. Russia and China Held Military Exercise in East Asia as Biden Visited. *The New York Times*, 24 May. https://www.nytimes.com/2022/05/24/us/politics/russia-china-bombers-biden.html?campaign_id=249&emc=edit_ruwb_20220524&instance_id=62268&nlt=russia-ukraine-war-briefing®i_id=60789539&segm [25 May 2022].
- Wong, E. & Crowley, M. 2022. U.S. Aims to Cripple Russian Oil Industry, Officials Say. *The New York Times*, 19 May. https://www.nytimes.com/2022/05/19/us/politics/russia-ukraine-oil_sanctions.html?algo=editorial_importance_fy_email_news&block=4&campaign_id=142&emc=edit_fory_20220519&fellback=false&imp_id=4 [19 May 2022].
- World Bank 2020. *Fertility rate, total (births per woman)*. <https://data.worldbank.org/indicator/SP.DYN.TFR.TIN> [24 Junie 2022].
- Xi, J. 2017. Secure a decisive victory in building a moderately prosperous society in all respects and strive for the great success of socialism with Chinese Characteristics for a new era. *XinhuaNet*, 8 October. http://www.xinhuanet.com/english/download/Xi_Jinping's_report_at_19th_CPC_National_Congress.pdf [10 May 2022].
- XinhuaNet 2020. Xinhua Headlines: China-Africa cooperation continues to flourish as FOCAC marks 20th anniversary. *XinhuaNet*, 13 October. http://www.xinhuanet.com/english/2020-10/13/c_139437656.htm [10 May 2022].
- Yap, M. & Man, DL. 1996. *Colour, Confusion and Concessions: The History of the Chinese in South Africa*. Hong Kong: Hong Kong University Press.
- Žižek, S. 2020. *Pandemic!: COVID-19 Shakes the World*. Hoboken, New Jersey: Wiley.

Arnold van Wyk (1916–1983) se Carmine Petronii

Carmine Petronii by Arnold van Wyk (1916–1983)

MAGDALENA OOSTHUIZEN

Departement Musiek

Universiteit Stellenbosch

Suid-Afrika

E-pos: magdalena.oosthuizen@gmail.com



Magdalena
Oosthuizen



Winfried
Lüdemann

WINFRIED LÜDEMANN

Departement Musiek

Universiteit Stellenbosch

Suid-Afrika

E-pos: wl@us.ac.za

MAGDALENA OOSTHUIZEN het ODMS (Onderwysdiploma in Musiek), BMus, VDMS (c.l.), BMusHons, MMus (c.l.) en PhD aan die Universiteit Stellenbosch behaal en verwerf 'n Onderwys- asook 'n Voordraerslisensiaat van Unisa en LTCL van Trinity College of London. Sy het haar doktorale proefskerif *Arnold van Wyk as liedkomponis: 'n Ontsluiting van die liedere in die Arnold van Wyk-versameling* by die Universiteit Stellenbosch onder leiding van prof. Winfried Lüdemann en Stephanus Muller voltooi.

Haar sangopleiding het sy ontvang van prof. George van der Spuy (Stellenbosch), Adelheid Armhold (Kaapstad) en prof. William Reimer (Hannover, Duitsland).

Aan die einde van 2013 het sy afgetree as senior lektor (sang) aan die Departement Musiek (Universiteit Stellenbosch), maar steeds landwyd opgetree as eksterne eksaminator, beoordelaar van solosang- en koorkompetisies en geleentheidspreker. Sy het ook Unisa se 2002- asook die 2010-sangleerplan saamgestel. Sangpedagogiek is die onderwerp van haar meestersgraad asook publikasies.

MAGDALENA OOSTHUIZEN obtained an ODMS (Teaching Diploma in Music), BMus, VDMS (c.l.), BMusHons, MMus (c.l.) and PhD at Stellenbosch University, a Teachers' Licenciate as well as a Performers' Licenciate from Unisa and the LTCL of Trinity College of London.

The promoters for her doctoral thesis, *Arnold van Wyk as liedkomponis: 'n Ontsluiting van die liedere in die Arnold van Wyk-versameling* by die Universiteit Stellenbosch, were Professors Winfried Lüdemann and Stephanus Muller.

She received her vocal training from Prof. George van der Spuy (Stellenbosch), Adelheid Armhold (Cape Town) and Prof. William Reimer (Hannover, Germany).

At the end of 2013 she retired as senior lecturer (voice) at the Department of Music (Stellenbosch University) but continued to act country-wide as external examiner, adjudicator of voice and choral competitions and guest speaker. She compiled Unisa's syllabus for voice, 2002 and 2010. Vocal pedagogy is the topic of her master's degree as well as publications.

WINFRIED LÜDEMANN is 'n Emeritus Professor in Musiekwetenskap aan die Universiteit Stellenbosch en voormalige Voorsitter van die Departement Musiek. Hy publiseer oor 'n wye

WINFRIED LÜDEMANN is an Emeritus Professor of Musicology at Stellenbosch University and former Chair of the Department of Music. He has published widely on a diverse range of topics,

Datums:

Ontvang: 2022-01-14

Goedgekeur: 2022-08-10

Gepubliseer: September 2022

verskeidenheid onderwerpe, insluitende 'n biografie oor die Duitse komponis Hugo Distler (Augsburg, 2002). Suid-Afrikaanse kunsmusiek verteenwoordig 'n besondere belangstellingsveld en hy het reeds heelwat daaroor geskryf, onder ander 'n onlangse dokorale proefskerif *Windows on South African art music in the European tradition* (Stellenbosch, 2020).

including a biography of the German composer Hugo Distler (Augsburg, 2002). He has a keen interest in South African art music and has written several articles on this topic as well as a doctoral dissertation *Windows on South African art music in the European tradition* (Stellenbosch, 2020).

ABSTRACT

Carmine Petronii by Arnold van Wyk (1916–1983)

Arnold van Wyk's reputation as a composer of art songs rests on his two song cycles Vier weemoedige liedjes and Van liefde en verlatenheid, as well as several single songs. The Petronius songs, a cycle of five songs for baritone and small instrumental ensemble (flute, viola, cello, horn, percussion, harp and piano), are still unpublished and thus unknown to the wider public. The songs offer rich research material and deserve to be published and performed.

The texts of these songs, in Latin, are taken from the Satyricon by Petronius Arbiter (c. 27–66 CE), a member of the inner court of the Roman emperor Nero around 62 CE. Petronius describes Roman life of that era in a simple but colourful way. The mood of the chosen five poems is nocturnal and, in some cases, borders on the melancholic. The topics do not shy away from the occasional eroticism or even homoeroticism.

Van Wyk began working on the song cycle during 1957–1959 but, following an interruption, only completed it in 1964. Factors that contributed to the slow compositional progress included the composer's heavy workload at the College of Music, Cape Town, his preoccupation with other compositional projects, such as the orchestral work Primavera, and his unstable health, depression and periodic compositional droughts. During February 1960 Van Wyk resigned as senior lecturer at the College of Music and in October that year became a lecturer at Stellenbosch University's Department of Music.

Like Van liefde en verlatenheid, the Petronius cycle is cast in a symmetric form: the first and fifth songs balance each other in respect of sentiment and style, as do the second and fourth, while the third song displays a character of its own. The first and last songs (Qualis nox and Sit nox) are lyrical, while the second and fourth ones (Lecto compositus and Somnia quae mentes ludunt) represent a more narrative approach. For the third song, Foeda est, the accompaniment was restricted to piano, giving a unique character to the song and emphasising its singular position at the centre of the cycle.

In discussing the various songs, this article draws attention to Van Wyk's ability to set words to music in a highly imaginative way, and to his sensitivity for the feelings expressed in the texts. His compositional proficiency is highlighted, especially his extraordinary skill in creating atmosphere and "painting" with musical sounds. The article highlights how the accompaniments – through recurring motives, varying textures, changes in tempo, the frequent use of pedal points and the continuous presence of the piano – not only underline the songs' formal structure but contribute to the music's evocative character.

Because of their length and picturesque content, Lecto compositus and Somnia quae mentes ludunt posed a special challenge to the composer. Van Wyk succeeded in representing colourful scenes by means of an imaginative use of the timbre of the accompanying instruments. In each song one instrument is accorded prominence, to capture and represent the poem's

essence. Complex chord structures, double spelling of notes in a chord, some abrupt modulations and frequent use of the tritone in different keys, as well as the already mentioned pedal points, characterise the harmonic content of the songs. The taxing vocal part requires a skilled baritone voice.

Considering the wider context of this Van Wyk song cycle, one should not overlook the possible influence that some of Benjamin Britten's works may have had on it. Although Van Wyk's songs exhibit their own characteristic style there are several areas where marked similarities with Britten's works are noticeable. Worth mentioning are the original high tessiture and lyrical sound of Van Wyk's first attempts at setting Qualis nox and Sit nox to music. These characteristics remind one of Britten's *Les illuminations* and Serenade for Tenor, Horn and Strings. The B-section of Van Wyk's *Somnia quae mentes ludunt* could be compared with many examples of explicit word painting in Britten's songs, such as Rats Away! from Our Hunting Fathers, as well as Below the thunders of the upper deep and Midnight's bell goes ting, both from Nocturne. Even the use of descriptive melismas on words like ludunt (tease), sanguine (blood) and quatit (shake) can be compared with Britten's treatment of l'écume (the foam) and tourbillons (whirlpools) in Marine from *Les illuminations* and lulling in Sonnet from Serenade.

The aim of this article is to bring this extraordinary song cycle to the attention of performers and researchers alike.

KEYWORDS: Arnold van Wyk, Petronius songs, *Satyricon*, song cycle, baritone, unpublished compositions, archival research, eroticism, word painting, Benjamin Britten

TREFWOORDE: Arnold van Wyk, Petronius-liedere, *Satyricon*, liedsiklus, bariton, ongepubliseerde werke, argiefnavorsing, erotiek, klankskildering, Benjamin Britten

OPSUMMING

Die beeld van Arnold van Wyk as liedkomponis berus op sy liedsiklusse *Vier weemoedige liedjies* en *Van liefde en verlatenheid*, asook enkele losstaande liedere. Dié beeld behoort uitgebrei te word deur kennis te neem van die ongepubliseerde Petronius-liedere, waarvan die komposisiesketse en outograwe bewaar word in die Arnold van Wyk-versameling by die Universiteit Stellenbosch.

Die Petronius-liedere is 'n liedsiklus vir bariton en klein instrumentale ensemble (fluit, altviool, tjello, Franse horing, perkussie, harp en klavier) op vyf Latynse tekste uit die *Satyricon* van Petronius Arbiter (c. 27–66 GE). Die komposisieproses, begin gedurende 1957–1959, is toe onderbreek en is eers in 1964 voltooi.

Die onderskeie liedere toon Van Wyk se vermoë om gedigte verbeeldingryk te toonset en om 'n oortuigende vormeenheid te gee aan elke lied én die siklus as geheel. Hy ontgin die instrumente se klankkarakter in die ensemble op vindingryke wyse en gebruik die begeleiding tegelyk as middel tot klankskildering en vormgewing.

Saambindende elemente in die siklus is die eensoortige sentiment van die tekste, die klavier se deurlopende teenwoordigheid, die wisselnootmotief, en die gebruik van die tritonus in verskillende toonsoorte, asook pedaalpunte. Akkoordsamestellings lees dikwels moeilik weens die dubbele spelling van note.

Nadat elke lied individueel bespreek word, word gewys op die moontlike invloed van Benjamin Britten se werk op die Petronius-liedere.

Inleiding

Die beeld van Arnold van Wyk as liedkomponis berus tans op sy gepubliseerde liedere wat veral die twee liedsiklusse vir stem en klavier, *Vier weemoedige liedjes* en *Van liefde en verlatenheid*, insluit. Hierdie beeld is egter onvolledig sonder die Petronius-liedere wat tot dusver nog onbekend is as gevolg van onder meer Van Wyk se onwilligheid om dit vir publikasie beskikbaar te stel.

Met die totstandkoming en onlangse oopstelling van die Arnold van Wyk-versameling by die Universiteit Stellenbosch, waar talryke komposisiesketse vir en finale outograve van hierdie liedere bewaar word, het dit nou moontlik geword om gedetailleerde insae in die siklus te bekom. Enersyds kan die uitgerekte komposieproses van ongeveer sewe jaar aan die hand van hierdie sketse waargeneem word, andersyds verskaf die komponis se korrespondensie belangrike insae in die konteks waarbinne die werk ontstaan het. (Sien Oosthuizen (2014). Die huidige artikel steun op die argiefnavorsing in hierdie proefskrif. Terselfdertyd poog dit om wyer aandag op dié belangrike liedsiklus te vestig.)

Die Petronius-liedere is 'n liedsiklus vir bariton en klein instrumentale ensemble – fluit, altviool, tjello, Franse horing, perkussie, harp en klavier – op vyf Latynse tekste van Petronius Arbiter (c. 27–66): *Qualis nox fuit illa*, *Lecto compositus nox illa*, *Foeda est in coitu*, *Somnia quae mentes ludunt* en *Sit nox illa diu nobis dilecta*.

'n Vergelykende stylstudie tussen Van Wyk se Petronius-liedere en Carl Orff se *Catulli Carmina* mag dalk insiggewend wees. Stephanus Muller haal 'n resensie van Sebastiaan Brill aan wat in *Die Burger* van 11 November 1965 verskyn het: "By die eerste aanhoor van die Liefdesliedere van Petronius kry 'n mens egter die indruk dat hy hom nie heeltemal kon losmaak van Carl Orff se toonsetting van ou Romeinse liefdesgedigte in sy *Catulli Carmina* nie" (2014:824). In sy voetnoot 798 noem Muller dat Van Wyk, "in een van sy weinige briewe aan die koerant", op hierdie resensie geantwoord het (2014:609).

Hoewel dié liedere vroeë uitvoerings beleef het, het Van Wyk dit later, en tot sy dood, onder die (vermoedelike) dekmantel van selfkritiek weggesteek. Jolena Geldenhuys noem dat hy die liedere nie eens vir navorsingsdoeleindes beskikbaar wou stel nie, " omdat die komponis nie daarmee tevrede is nie" (1983:10).

Verskeie moontlike interpretations betreffende hierdie onwilligheid van Van Wyk ontstaan onwillekeurig by die waarnemer. Onder meer was die toonsettings van die oorwegend erotiese tekste – waarvan *Qualis nox fuit illa* homoeroties is – dalk vir hom outobiografies ongerieflik; of dalk het die kleurvolle klankskildering van veral die tweede en vierde liedere vir hom te veel teruggewys na sy jeug- en vroeë liedtoonsettings (sien Oosthuizen, 2014:47-132).

In die tydperk ná die sukses van *Van liefde en verlatenheid* (1953) is daar by Van Wyk 'n merkbare afname in liedkomposisie. Slegs twee verdere liedere sien die lig: *Kerstlied* op 'n anonieme, Nederlandse teks uit die 1500's en *Liebeslied* op 'n teks van Rainer Maria Rilke (1875–1926). Aan laasgenoemde het Van Wyk in 1944 begin werk as deel van 'n beplande stel van vyf liedere vir stem en orkes, maar voltooi teen middel-1955 net die toonsetting van *Liebeslied* vir stem en klavier. Hy lê hom al hoe meer op instrumentale musiek toe en begin ook belangstel om onbegeleide meerstemmige vokale musiek te komponeer.

Hy het egter nie die idee van 'n stel liedere vir stem en instrumente laat vaar nie. Teen 1959 het hy vier van die vyf Petronius-liedere konsertgereed, naamlik *Qualis nox*, *Lecto compositus*, *Foeda est* en *Sit nox*.

Muller boekstaaf dat Van Wyk in 'n brief aan Freda Baron (Desember 1959) skryf dat hy sy vier nuwe liedere "which I managed to finish more or less" op 'n konsert begelei het.

“They’re the settings of the love poems by Petronius Arbiter who wrote that naughty book *Satyricon* which I once showed you” (2014:330). Van Wyk noem dat die Petronius-liedere bedoel was vir tenoor en ’n klein instrumentale groep – wat uiteraard minder ekonomies is, en met beperkter uitvoeringsgeleenthede – en dat hy, by gebrek aan tenore – “[...] but there ain’t no such animal in SA!” – ’n baritonweergawe met klavierbegeleiding geskryf het. Hierdie weergawe is op 1 Desember 1959 deur die bariton Gregorio Fiasconaro in die Hiddingh-saal in Kaapstad uitgevoer (*ibid.*:330).

In sy brief noem Van Wyk ook dat daar (in dié stadium) nog tekortkominge in die liedere is en dat daar ’n vyfde lied kort om die nodige kontras te verskaf. Nietemin voeg hy by: “But even as they are, they’re sufficient to let me know that perhaps I am a composer after all” (*ibid.*:330). Laasgenoemde opmerking laat blyk dus dat hy toe reeds wél die siklus se musikale waarde besef het.

Op 13 Desember 1959 is daar toe ’n yl poging om *Somnia quae mentes ludunt* as vyfde lied te begin toonset. Ná ’n lang onderbreking het dié lied egter eers in 1964 finale beslag gekry.

Kort oorsig oor die ontstaan van die liedere

Die komposisietydperk van die Petronius-liedere bestaan uit twee periodes: 1957–’59 terwyl Van Wyk as senior lektor by die Suid-Afrikaanse Musiekkollege, Universiteit Kaapstad, gewerk het en 1964 toe hy reeds as lektor by die Universiteit Stellenbosch werksaam was.¹

In November 1957 het die komposisieproses van vier van die vyf liedere met *Sit nox* aan die gang gekom en moeisaam gevorder tot einde 1959. Soos reeds genoem, is die liedere aanvanklik vir tenoor en instrumente getoonset. (Op 21/10/58 het Van Wyk *Qualis nox fuit illa* en *Lecto compositus nox illa*, netjies in swart ink oorgeskryf, as verjaardaggeskenk vir sy vriend Howard Ferguson gegee: katalogus 10.10 C11/1.) Maar as gevolg van die redes vroeër genoem, het Van Wyk die vier liedere toe verwerk vir bariton en klavier. Die klankskuif van tenoor na bariton het langsaam, eers tussen Julie en Oktober 1959, plaasgevind. *Somnia quae mentes ludunt* waarmee begin is ná die eerste uitvoering van die siklus, op 1 Desember 1959, was dus direk vir bariton.

Ná ’n breuk van amper vyf jaar pak Van Wyk op 7 Oktober 1964 weer dié toonsettings aan. Die instrumentkeuses vir elke lied se begeleiding bereik finale beslag en hy voltooi die siklus op 18 November. Die lang komposisieproses van dié liedere kan heel moontlik toegeskryf word aan faktore en gebeure waarvan Van Wyk in dié tyd in sy dagboeke en briewe –veral dié aan Baron – skryf.

Enkele hiervan word uitgelig aan die hand van gegewens wat Muller geboekstaaf het. Onder meer laat Van Wyk se doseerlading aan die Musiekkollege hom min tyd toe om te komponeer. In November 1957 “[t]ydens eksaminering [...] het Arnold ’n soort senuineenstorting. Sy dokter beveel hom om vir twee weke huis te bly en niks met musiek te doen te hê nie” (2014:183). Hy werk ook deurentyd aan *Nagmusiek* en in 1959 aan *Primavera* en teken gereeld gesondheidsprobleme aan.

Op 26 Februarie 1960 bedank Van Wyk as senior lektor by die Universiteit Kaapstad en in Oktober daardie jaar word hy as lektor by die Universiteit Stellenbosch aangestel (*ibid.*:184).

¹ Al die datums en ander besonderhede wat in hierdie oorsig verskaf word, berus op deeglike bronnestudie (van komposisiesketse, persoonlike notas in die sketse en die outograaf) waaroor daar in Oosthuizen (2014) noukeurig rekenskap gelewer word.

Sommige van sy brieue – veral dié van 1964–’65 – dui op depressie met ’n gepaardgaande komposisiedroogte (Muller, 2014:188-189). Nietemin voltooi hy die orkestrasie van die Petronius-liedere en sy dagboekinskrywing van Vrydag 27 November 1964 lui: “Ons probeer Petronius sonder dirigent, maar besef spoedig dat dit onmoontlik is” (*ibid.*:579, eindnota 442). ’n Opname van die Petronius-liedere, met Pierre de Groote as dirigent, word wel in Desember 1964 gemaak (*ibid.*:823). Volgens Muller is daar in die Arnold van Wyk-versameling ’n nie-komersiële opname wat op 6 Junie 1987 in die Baxter-konsertsaal gemaak is met onder meer Angelo Gobbato (bariton) en Peter Klatzow (dirigent). “Hierdie opname is ook beskikbaar as ’n SAUK-argiefopname, itemnr. 30925, katalogusnr. TM 7548(92)” (2014:824).

Enkele pogings tussen 1965 en ’77 om die liedere te verwerk en/of te hersien, het nie noemenswaardige neerslag in die finale weergawe daarvan gevind nie.

Beknopte agtergrond tot Petronius se *Satyricon*

Volgens JP Sullivan is Petronius in 62 GE in keiser Nero se binnekring van vriende opgeneem en het hy ’n groot invloed uitgeoefen rakende sosiale en literêre styl en elegansie. Vandaar dat hy die nie-amptelike titel “Petronius Arbiter” gekry en ook polities groot opgang gemaak het. Tigellinus se vals beskuldiging van ’n komplot teen die keiser het geleei tot Petronius se selfdood in 66 GE (1986:11-15).

Sullivan vermoed dat die *Satyricon*, bestaande uit gedigte, satires en fragmente, Petronius se enigste literêre nalatenskap is en dat die werk uit 20 boeke bestaan het waarvan slegs boeke XIV, XV en XVI tans bekend is. Hiervan is net die beskrywing van ’n ete by die pasryk Trimalchius volledig; die ander is waarskynlik net fragmente. Ná dekades se studie is daar steeds onsekerheid oor baie aspekte van die *Satyricon*, soos oor waar sekere van die fragmente en gedigte inpas (*ibid.*:16).

Volgens Michael Heseltine is die tradisionele titel, *Satyricon*, ontleen aan die woord *Satura* wat *medley* (mengelmoes) beteken. Dit het beteken dat Petronius dus vry was om willekeurig te wissel tussen onderwerpe én tussen prosa en poësie, sodat dit uiteindelik iets van die lewe se kleurvolheid en verskeidenheid gewys het. Die *Satyricon* beskryf die leefwyse in die Romeinse tyd circa 60 GE kleurvol en onomwonde. Heseltine noem ook dat die beskrywing van die ete by Trimalchius die lewendigste (mees tekenende) voorstelling (of verslag) in die klassieke literatuur is van die lewe op ’n klein dorpie (1919:x-xi). Te midde van ’n sug na intellektuele ontwikkeling – veral welsprekendheid en literêre vermoë – skets dit ’n dekadente leefwyse van hebsug, vulgêre bankette en badsessies, biseksuele praktyke en uitbuiting van mense deur slawerny. By tye verstadicig die vinnig vloeidente handeling in die teks en word die verhalende dele onderbreek deur die invoeg van ’n meer liriese relaas of beskrywing in digvorm.

Petronius gebruik die karakter Encolpius – ’n onderwyser en intellektueel, maar terselfdertyd ook iemand met lae morele waardes – as verteller, soms net as waarnemer van, maar meestal as deelnemer aan die onmiddellike gebeure. Encolpius staan nie afsydig teenoor vroue nie, maar sy groot liefde is Giton, ’n soort Ganymede-karakter – die mooi jongeling met die goue melkbaard.

Van Wyk en die Petronius-tekste

In sy vroeër komposisiejare het Van Wyk gedigte van verskeie digters getoonset. Hy het egter toenemend verkies om ’n groep gedigte van ’n spesifieke digter as ’n liedsklus of -stel, eerder as vrystaande liedere, te toonset. Tussen sy vroeë twintiger- en middel-dertigerjare is daar

onder meer 'n poging om 'n groep gedigte uit *Vreemde liefde* van ID du Plessis te toonset, waarvan slegs enkeles as vrystaande liedere bestaan, en *Van liefde en verlatenheid* op gedigte van Eugène Marais. Op 'n ryper ouderdom, in sy veertigerjare, toonset hy die Petronius-tekste.

Van Wyk was opvallend aangetrokke tot gedigte met 'n melankoliese ondertoon en dikwels waar onbeantwoorde liefde ter sprake is. Die komponis bemoei hom dus intensief met gedigte wat outobiografiese aanduidings oor die digter bevat met wie die komponis, om verskeie redes, self identifiseer, al is dit slegs die poëtiese beskrywing en die algemene strekking en atmosfeer van die teks wat hom aangryp.

Met Latyn as een van sy matriekvakke sou hy maklik Petronius se *Satyricon* kon verken. Dat dié boek egter op skoolvlak voorgeskryf (of beskikbaar) sou wees, is heel onwaarskynlik en hy het die werk dus waarskynlik eers as 'n volwassene leer ken. Jan en alleman het nie toegang tot Latyn nie en Van Wyk kon homself dus deur dié gedigte uitdruk sonder die vrees om gemarginaliseer te voel vanweë die destydse samelewing se oorwegend negatiewe opvatting en die gevoltageerde onverdraagsaamheid teenoor homoseksualiteit.

Dat Van Wyk ook in ander werke bedekte of soms meer ooglopende outobiografiese verwysings op sy werk laat inspeel het, is elders reeds deur Izak Grové op insiggewende wyse bespreek (Grové, 2008:1-12). Hy wys daarop dat Van Wyk se monumentale klavierwerk *Nagmusiek* nie net 'n tematiese aanhaling van 'n (weliswaar onvoltooide) eie toonsetting van 'n gedig van Rainer Maria Rilke bevat nie, maar ook uitvoeringsinstruksies wat outobiografiese konnotasies het. Dit onderskraag Grové se bewering dat Van Wyk se werk in geheel vanuit 'n outobiografiese perspektief betrags moet word. Grové se bevindingswerp dalk ook lig op die komponis se opvallende onwilligheid om die Petronius-liedere vir publikasie of navorsing beskikbaar te stel, waaroor hier bespiegel word.

Die keur van tekste wat Van Wyk getoonset het, het almal 'n nagtelike strekking en die meeste het ondertone van erotiek, sommige subtel en ander eksplisiet – soos die homoerotiese *Qualis nox fuit illa*.

In die verloop van die *Satyricon* pas *Qualis nox* só in: Ná die uitspattige ete, bad-episode en dronkaards-huismoles by Trimalchius ontsnap Encolpius en die jongeling Giton uiteindelik uit die situasie en probeer hul pad vind deur die stikdonker. Voetseer en doodmoeg bereik hulle die herberg en val in die bed in.

Qualis nox fuit illa, di deaeque,
quam mollis torus. Haesimus calentes
et transfudimus hinc et hinc labellis
errantes animas. Valete, curae
mortalis. Ego sic perire coepi.

Direkte teksvertaling: Wat 'n nag was dit, gode en godinne, hoe sag die bed. Ons het (aan mekaar) vasgeklou, in 'n warm omhelsing en oral oor met ons lippe ons soekende lewensasems uitgegiet. Vaarwel, sterlike sorge. My vernietiging het begin.

Volgens Sullivan vermoed navorsers dat die gedig *Somnia quae mentes ludunt* inpas in die Eumolpus-gedeelte van die *Satyricon*, waar Lichas, die eienaar van die skip waarop die voortvlugtige Encolpius en Giton wegkruip, en sy reisgenoot Tryphaena – 'n vrou van lae sedes – vir mekaar vertel dat hulle onderskeidelik gedroom het dat Encolpius en Giton op die skip is. Die effek van drome op die denke asook hoe drome ontstaan, kom dan ter sprake (1986:197, voetnoot 20).

Die ander drie gedigte wat Van Wyk getoonset het, word slegs onder die afdeling "fragmente en gedigte" gevind. Indien al die verlore gedeeltes van die *Satyricon* opgespoor

kon word, sou dit dalk wys dat dié gedigte nie losstaande is nie, maar wel 'n plek in die geheel van die 20 boeke het.

Nieteenstaande vroeër genoemde opmerkings moet daar tog versigtig omgegaan word met die gedagte dat dié tekste vir Van Wyk slegs 'n soort selfbelydenis ingehou het. Dat *Sit nox illa diu nobis dilecta* aanvanklik vir tenoor óf sopraan bedink is, is seker goeie bewys dat hy die teks nie noodwendig met 'n sekere seksuele oriëntasie geassosieer het nie. Van die gedigte het eerder vanweë hul liriese uitstraling tot hom as komponis gespreek.

Bespreking van die liedere

Soos in *Van liefde en verlatenheid* balanseer Van Wyk die eerste met die vyfde en die tweede met die vierde lied en het die middelste lied 'n eiesoortige karakter. Hierin is veral die begeleiding 'n bepalende faktor.

In die Petronius-liedere benut Van Wyk die klankkleur van die onderskeie instrumente in die ensemble om die sentiment van die onderskeie tekste te omlyn. Die eerste en vyfde liedere is liries en die tweede en vierde dramaties en klankskilderend. Aan die derde lied, *Foeda est*, word 'n eiesoortige karakter verleen deur uitsluitlik die klavier vir die begeleiding te gebruik.

Van Wyk het aanvanklik slegs vir *Lecto compositus* die volle instrumentale ensemble as begeleiding beoog. *Qualis nox* sou onbegeleid wees en die ander liedere sou elk deur 'n solo-instrument begelei word. In die finale weergawe kenmerk die prominensie van een van die instrumente egter telkens die klein ensemble in die begeleiding van die onderskeie liedere: die horing in *Lecto compositus*, die klavier in *Foeda est*, die klavier as konstante faktor in *Somnia quae mentes ludunt*, en die altviool in *Sit nox*. Slegs in *Qualis nox* is hierdie stelling nie van toepassing nie.

In die aanvanlike komposisieproses (November 1957, soos reeds gesê) wat met *Sit nox* aan die gang gekom het, is die liedere vir tenoor en instrumente getoonset. Slegs *Qualis nox* was bedoel as 'n onbegeleide toonsetting vir tenoor. In beide *Sit nox* en *Qualis nox* is Van Wyk se sensitiwiteit vir klankkleur besonder opvallend. In *Qualis nox* wou hy vermoedelik vanweë die delikate, dog baie sensuele, ondertoon van die teks 'n eteriese atmosfeer in die musiek skep. Vandaar moontlik die aanvanklik onbegeleide toonsetting.

Die vereenselwiging met 'n donkerder toonkleur het tydsaam gebeur. Dit is eers op 2/7/59 dat Van Wyk "BARITON-'verwerking' van Petronius" brys kryf. Amper vyf jaar later, op 9/10/64, is daar 'n eerste poging om 'n begeleiding vir *Qualis nox* te skryf en het die musiek oornag grootliks in plek gevval.

Om binne die laer, donkerder klankomgewing steeds die betrokke sentiment van die teks weer te gee, steun Van Wyk op sensitiewe aanwending van klankkleureffekte. So laat hy byvoorbeeld in *Qualis nox* die fluitparty bo die klankomgewing van mate 4–6 uitstyg om ekstaties hoog (g^3 -b-mol 3) stemming te verleen aan die intrede van die stemparty op *Qualis nox fuit illa* (*Wat 'n nag was dit*).

Van Wyk se vermoë om veral die begeleiding tegelyk vormgewend en klankskilderend te gebruik, kenmerk elk van die liedere. Vanweë die verhalende aard van *Lecto compositus* en die onderskeie droomvoorstellings in *Somnia* het hierdie twee liedere spesiale uitdagings aan hom gestel. Hierin is sy klankvoorstellings vindingryk en slaag hy deurgaans om eenheid in elke lied te skep.

Elke lied word nou kortliks bespreek. Aangesien die partituur van die liedere nie vryelik beskikbaar is nie, word verwysings na die musiek tot 'n minimum beperk. Slegs in twee gevalle word in meer besonderhede daarop ingegaan, sodat die leser darem 'n idee van die klank van die betrokke lied kan vorm.

Qualis nox fuit illa

Qualis nox (die teks en direkte vertaling is hier bo gegee) is 'n ongekompliseerde liefdesgedig en Van Wyk toonset dit eenledig, binne 18 mate. In die begeleiding word tussen twee prominent uiteenlopende toonkleurteksture onderskei en met 'n ylerwordende tendens na die einde toe: mate 1–6¹ geskryf vir fluit, Franse horing, altviool, tjello (hierna kortweg die "kwartet" genoem), perkussie, harp en klavier; en mate 6–16¹ sonder die "kwartet". Vanaf maat 16 bly net die klavier oor.

In *Qualis nox* word die eenledigheid bevestig deur die eenvormige ritmiese karakter, die opvallende aanwesigheid van 'n gesinkopeerde ritmepatroon wat voorkom in die instrumentale voorspel én in die stemparty, asook die deurlopende tremolo in die harpparty. Die eenheidsgevoel binne die lied word versterk deur 'n deurlopende B-mol pedaalpunt wat in verskillende oktaafomgewings en in verskillende instrumente voorkom.

Die luisteraar maak in *Qualis nox* ook in die eerste maat reeds kennis met die wisselnoot-idee wat, in verskeie gedaantes, as samebindende element deur die hele siklus vleg en verskillende aktiwiteite – meestal slaap – verklank. Soms word die klankkleurpotensiaal daarvan ook klanksilderend ontgin, soos in *Somnia quae mentes ludunt* en *Sit nox*.

Lecto compositus nox illa

Lecto compositus vix prima silentia noctis
carpebam et somno lumina victa dabam,
cum me savus [sic] Amor prensat sursumque capillis
excitat et lacerum pervigilare iubet.
"Tu famulus meus," inquit, "ames cum mille pueras,
solus, io, solus, dure, iacere potes?"
Exsilio et pedibus nudis tunicaque solute
omne iter ingredior, nullum iter expedio.
Nunc proprio, nunc ire piget, rursumque redire
paenitet, et pudor est stare via media.
Ecce tacent voces hominum strepitusque viarum
et volucrum cantus fidaque turba canum;
solus ego ex cunctis paveo somnumque torumque,
et sequor imperium, magne Cupido, tuum.

Sinopsis van die teks: Die protagonis vertel dat hy skaars aan die slaap geraak het toe Kupido hom aan sy hare regop pluk en oortuig dat hy nie alleen moet lê nie. Hy spring op en met kaal voete en loshangende jurk betree hy elke pad maar onsuksesvol. Dan raak hy bewus daarvan dat die stemme van mense, die lawaai van die strate, die voëls se sang en die getroue klomp honde stil is. Net hy van almal vrees slaap en sy bed, en volg die bevel van groot Kupido (god van begeerte).

In *Lecto compositus* is die protagonis vertellend aan die woord. Die gebeure word in sewe koeplette verwoord waarvan die eerste twee 'n kватрыn vorm, die derde selfstandig staan, die vierde en vyfde nog 'n kватрыn vorm, en so ook die sesde en sewende.

Soos reeds gesê, het die verhalende aard van dié gedig besondere uitdagings (waarvan die komposisiesketse ruim getuienis lewer) aan die komponis gestel. Van Wyk se toonsetting neig na 'n gedramatiserde weergawe van die gedig. Hy toonset die gedig in vier afdelings: kватрыn, koeplet, kватрыn en kватрыn. Dié vier afdelings het elk onderafdelings waarin die

verskeie handelinge en stemminge ondervang word en wat tot illustratiewe toonsetting uitlok sonder om in oppervlakkige woordeskildering te verval. Hy benut hierin onder meer die timbre van die verskillende instrumente in die ensemble asook begeleidingsteksture en tempi- en maatsoortwisseling om deurgaans die onderliggende, veranderende sentimente binne die verhalende aard van die teks te ondersteun. In die eerste 11 mate skep hy byvoorbeeld 'n onstabiele, swewende illusie deur die teks so te toonset dat die natuurlike teksaksent versteur word. Die onderliggende sentiment van ongedurigheid word vergestalt in 'n 7/8-tydmaat en onreëlmatige ritmiese onderverdelings binne die daaropvolgende 8/8 tydmaat (mate 51–63).

Samehang word in dié lied verkry onder meer deur herhaling of variasie van bepaalde musikale motiewe; deur die prominensie van die horingparty; deur dalende intervalle wat herhaaldelik illustratief van die teks optree; en die stemparty wat aan die einde van 'n betrokke gedeelte met die tussenspel – inleidend van die volgende deel – oorvleuel. Harmonies dra die opvallende gebruik van die verhoogde vierde toontrap in die verskillende toonsoorte ook by tot die lied se eenheidsgevoel.

Foeda est

Foeda est in coitu et brevis voluptas
et taedet Veneris statim peractae.
Non ergo ut pecudes libidinosae
caeci protinus irruamus illuc
(nam languescit amor peritque flamma);
sed sic sic sine fine feriati
et tecum iaceamus osculantes.
Hic nullus labor est ruborque nullus:
hoc iuvit, iuvat et diu iuvabit;
hoc non deficit incipitque semper.

Direkte teksvertaling: Ru en kortstondig is die genot van die liefdesdaad en onmiddellik nadat die Venusdaad volvoer is, maak dit sat. Dus laat ons nie soos wellustige vee blindelings haastig daarheen instorm nie (want liefde verflou en die vlam gaan dood); maar so, so eindeloos wild en saam met jou laat ons lê en soen. Hier is geen werk en geen skaamte nie: dit het gehelp, dit help en dit sal nog vir lank help; so hou dit nie op nie en dit begin altyd weer.

Die uitsluitlike klavierbegeleiding verleen aan *Foeda est* 'n eiesoortige karakter, posisioneer dit sentraal binne die siklus en verskaf beduidende afwisseling in tekstuur teenoor die omliggende liedere.

Geïnspireer deur die teksstruktuur gebruik Van Wyk begeleidingsmotiewe, die ontplooiing van toonsoorte en teenstellings in tempo om 'n tweeledige vorm tot stand te bring: 'n lewendige en intense A-deel ('n kwartnoot = c. 120; mate 1–28), waarvan die ruwe dringendheid in skel kontras staan met die rustige, liriese B-deel (mate 29–52) waarin die kwartnoot vanaf maat 44 van c. 72 na c. 60 verstadig.

Een van die prominentste eienskappe van dié lied is die twee uiteenlopende motiewe waarop die klavierparty van die A- en die B-deel onderskeidelik geskoei is. Die spesifieke begeleidingsmotief word dan in die betrokke deel konsekwent volgehou en omlyn die tweeledige struktuur skerp.

In *Foeda est* huiwer Van Wyk nie om klankskildering te gebruik nie. Die teks suggereer die bruuskheid waarmee hy die vyf-mate-lange klaviervoorspel stel, waarna die begeleiding dan algemeen illustratief van die teksbetekenis verloop.

Op *amor peritque flamma* (*liefdesvlam gaan dood*) verklank hy die suggestie wat die teks uitlok met verbeeldingryke toonskildering. Die stemparty se melodie verloop met dalende intervalspronge en die effek hiervan word in die klavierparty aangevul deur 'n dalende motief op sestiendaenote wat ritmies aan die begeleidingsmotief van die A-deel herinner. Met hierdie klankprent in gedagte vermoed 'n mens dat die begeleidingsmotief wat deur die A-deel voortstu dalk suggestief is van die aanvanklik brandende liefdesvlam wat nou geblus word.

Somnia quae mentes ludunt

Somnia quae mentes ludunt volitantibus umbris,
non delubra deum nec ab aethere numina mittunt,
sed sibi quisque facit. Nam cum prostrata sopore
urget membra quies et mens sine pondere ludit,
quidquid luce fuit tenebris agit. Oppida bello
qui quatit et flammis miserandas eruit urbes,
tela videt versasque acies et funera regum
atque exundantes profuso sanguine campos.
Qui causas orare solent, legesque forumque
et pavidi cernunt inclusum chorte tribunal.
Condit avarus opes defossumque invenit aurum.
Venator saltus canibus quatit. Eripit undis
aut premit eversam periturus navita puppem.
Scribit amatori meretrix, dat adultera munus:
et canis in somnis leporis vestigia lustrat.
In noctis spatium miserorum vulnera durant.

Die vierde lied, *Somnia quae mentes ludunt*, vertoon by uitstek Van Wyk se klankskilderingsvernuf. Dit is selfs moontlik dat hy dit as gevolg van hierdie optimale klank- en woordeskildering met verloop van tyd as 'n swak skakel in die Petronius-liedere bejeën het en (soos vroeër gesê) die siklus daarom nie wou laat publiseer of vir navorsing beskikbaar stel nie.

In teenstelling met die meeste van sy liedere is dié lied vinnig getoonset. Op 13/12/59 was daar 'n eerste, effense poging; tot 7/10/64 (waaruit enkele idees behou is) is dit onderbreek; en hierna het die lied binne die kort tydperk van 25/10/64 tot 8/11/64 finale beslag gekry. Laasgenoemde is 'n goeie voorbeeld van hoe vinnig, moeiteloos en met deursettingsvermoë Van Wyk soms kon komponeer.

Vroeër is reeds gesê waar *Somnia quae mentes ludunt* in die *Satyricon* inpas. Om Van Wyk se toonsetting van die teks in meer besonderhede te bespreek, is dit nodig om hier 'n direkte vertaling van die gedig te gee.

Direkte teksvertaling: Nie heiligdomme van die gode, nog kragte uit die hemele, stuur drome wat die denke/gees terg met fladderende skadu's, maar elkeen skep dit vir sigself. Want wanneer die ledemate tot rus gedwing is, platgetrek deur die slaap, en die denke speel gewigloos, dan speel wat ook al in die lig bestaan het in die donker af. Hy wat dorpe skud met oorlog en ongelukkige stede met vlamme verwoes, sien wapens en omgedraaide linies en begraafnisse van konings en pleine wat oorstrom is met vergote bloed. Hulle wat gewoond is aan hofsake bepleit en aan wette en die forum, sien ook angsbevange die regbank, omring deur die skare. Die gierigaard steek sy rykdom weg en ontdek dat sy goud opgegrawe is. Die jagter skud die woude met sy honde. Die skipper, op die punt om te vergaan, ruk die omgekeerde skip uit die golwe of laat dit sink. Die bywyf skryf aan haar minnaar, die egbreekster bied haar dienste

aan en in sy slaap soek die hond die haas se spore. Die verwondheid van die miserabele duur voort tot in die dimensie van die nag.

Dié gedig se 16 versreëls is 'n aaneenlopende vertelling wat verdeel in: i.) 'n inleiding waarin die digter sê hoe die slaaptoestand drome bring waarin die aktiwiteitie van die dag dié van die nag word – Van Wyk ondervang dit as 'n A-deel, met fyner onderverdeling van A (a), mate 1–39 en A (b), mate 40–62; en ii.) 'n B-deel waarin die verskeidenheid daagliks handel en wandel genoem en dan as droom of nagmerrie beskryf word (mate 62–179) waarna die slotgedage volg (mate 180–194).

Binne die groot geheel van die B-deel skilder Van Wyk elkeen van dié beskrywings met 'n eie tema (B (a) tot B (f)) wat hoofsaaklik deur verskillende begeleidingssteksture en -motiewe uitgebeeld word. In hierdie opeenvolgende miniatuur-musiekkameë van tussen 11 en 40 mate elk is, buiten die klankskildering, Van Wyk se vermoë om die musikale aaneenskakeling te bewerkstellig besonder opvallend.

Die verklanking van die eerste twee sinne, met hul verwysing na drome wat met fladderende skadu's die slapende gees terg (deel A), berei die atmosfeer voor wat die res van die lied bepaal, en deur Howard Ferguson (1987:9) tereg as 'n "nightmare tarantella" beskryf word (deel B). Die effek van onrustigheid word verkry deur vinnige wisselspronge wat in die linkerhand van die klavierparty op die tritonus C-F-kruis volgehou en tussendeur na ander toonhoogtes getransponeer word (byvoorbeeld F-B, E-B-mol, D-A-mol in mate 8–12; sien Figuur 1). Die lae register, una corda-pedaal en *pianissimo*-dinamiek van die klavier dra tesame met die donker klank van die pouke tot hierdie stemming by.

Tenoor die ostinato-agtige begeleidingsfiguur verskyn dan 'n deels gesinkopeerde melodie in die regterhand van die klavierparty wat met sy wisseltoonfiguur en vlietende styging en daling die tematiese materiaal van die stemparty vooruitneem. Die eerste note van die onderskeie frases (C-B-mol-C; sien Figuur 1: die klavierparty in maat 3 en die stemparty vanaf maat 12) stem ooreen, al verskil hulle in ritmiese opsig. Heel gepas word die woord *ludunt* met 'n lang melisma getoonset. Die toonsentrum C word deurgaans met sy tritonus F-kruis versluiert.

In die B-deel van die lied word die onderskeie droombeelde elkeen programmaties uitgebeeld. Meestal word die betrokke voorstelling/toneel met 'n eie pedaalpunt en karakteristieke aanwending van instrumentale toonkleur afgebaken. Nie net word die betekenis van die teks met treffende tematiese materiaal gekarakteriseer nie (byvoorbeeld die meermalige stygende en dalende glissandi in die harp om die deinende golwe van die see uit te beeld waar die skipper sy boot te midde van die stormwind probeer red, alles – binne die klankspektrum D₁ tot a³ – bo die pedaalpunt D, mate 144–157), maar die timbre van die onderskeie instrumente word ewe gepas aangewend. So word die droom van die gierigaard wat sy goud en rykdom wegsteek onder meer met die metaalklank van 'n driehoekie begelei (bo die pedaalpunt E, mate 120–125). Veral treffend is die aanwending van 'n horing vir die droombeeld van die jagter wat die woude met sy honde skud (sien Figuur 2):

Allegro inquieto, $\dot{}$ = c. 126

Canto

Timpani $\frac{2}{4}$ \sharp pppp

Pianoforte $\frac{2}{4}$ \sharp pp non troppo legato 4 pppp
una corda $\text{s}^{\#}$ pochiss

Allegro inquieto, $\dot{}$ = c. 126

Canto 11 pp poco
Som - ni - a quale men - tes

Timp.

Pf. 4

Canto 17 lu - dunt vo - li - tan - ti - bus um - bris,

Timp.

Pf.

Figuur 1: Somnia quae mentes ludunt mate 1–21

The musical score consists of six staves. The top staff is for the Horn (solo), which plays a melodic line with dynamic markings like *f* and *ff*. Below it is the Viola staff, followed by the Violoncello staff. The fourth staff is for the Cym. a2 (cymbals), indicated by the text 'Cym. a2' and dynamic markings. The fifth staff is for the Percussion, which provides rhythmic support with sustained notes. The bottom staff is for the Pianoforte, showing harmonic progression with chords and bass notes. The score is marked with measure numbers 131 through 134.

Figuur 2: *Somnia quae mentes ludunt mate 131–134*

Die horing se tipiese jagmotief op die note a-mol-d-mol¹-a-mol-b-mol-a-mol-d-mol¹-a-mol-b-mol klink bo 'n pedaalpunt op B-mol in die linkerhand van die klavierparty terwyl die regterhand van die klavier en die strykers (altviool en tjello) met 'n ostinato-agtige motief in dalende parallelle oktawe die ruimte tussen B-mol en F verken. Die vervreemding van die toonsentrum B-mol wat met die horingmotief geskied, is 'n interessante verwesenliking van die droomtoestand wat in die teks beskryf word. Die lang melisma op *quatit* (skud) met sy talle wisseltone is daarenteen toonskildering van 'n baie direkte aard.

Terwyl die nagmerrie-episodes 'n hoogtepunt aan die einde van die lied bereik, keer die toonsentrum van die musiek terug na C (mate 180–194). Die tritonus-wisselsprongmotief C-F-kruis wat in deel A gehoor is, verskyn ook weer. Heel gepas eindig die musiek dan op 'n C-majeur akkoord wat ook die tritonus F-kruis insluit.

Sit nox illa diu nobis dilecta

Sit nox illa diu nobis dilecta,
quae te prima meo pectore composuit:
sit torus et lecti genius secretaque lampas,
quis tenera in nostrum veneris arbitrium.
Ergo age duremus, quamvis adoleverit aetas,
utamurque annis quos mora parva teret.
Fas et iura sinunt veteres extendere amores;
Fac cito quod coeptum est, non cito desinere.

Hoewel *Sit nox illa diu nobis dilecta* die laaste lied in die siklus is, het Van Wyk eerste (in November 1957) hieraan begin werk. Op 5/2/58 begin toonset hy ook *Qualis nox fuit illa*, wat hy later eerste in die siklus plaas om *Sit nox* as slotlied na die vyfde posisie te skuif. Ná 'n onderbreking van vyf jaar (tussen 7/11/59 en 18/11/64) voltooi hy dié lied.

Vrye teksvertaling: Mag daardie nag lank vir ons dierbaar wees, Nealce, toe jy jou die eerste keer op my bors tot ruste laat kom het: mag die bed en die bed se beskermgees en die verskuilde lamp (dierbaar wees), én jy wat delikaat gekom het tot in my teenwoordigheid. Daarom, kom, laat ons volhou, ofskoon die tyd verbygaan, en laat ons die jare gebruik, wat 'n klein vertraging (sal) wegslyt. Reg en geregtigheid laat toe dat ou liefdes voortduur; sien toe dat wat haastig begin is, nie gou eindig nie.

Soos *Lecto compositus* en *Somnia quae mentes ludunt* besonderse eienskappe van dramatiese klankskildering vertoon, is die eenheidsgevoel, met veral die rol van die altvioolparty, in *Sit nox* opvallend.

Die tweeledige teksstruktuur van die gedig *Sit nox illa diu nobis dilecta* vind neerslag in 'n soortgelyke vormverdeling in die lied, waarvan die A-deel die mate 1–32 en die B-deel die mate 33–50 beslaan. Die A-deel bestaan uit 'n taamlik uitgebreide voorspel (mate 1–6) gevvolg deur die toonsetting van die eerste kватryn (mate 8–32; sien Figuur 3). 'n Volle maat stilte (maat 7) skei die voorspel van die res van die deel, waarin die kватryn se twee koeplets op hulle beurt in twee eenhede van 12 mate elk getoonset word (mate 8–19 en mate 20–32). Elke koeplet se stemparty word ingelui met 'n kort instrumentale inleiding waarin die altvioolparty prominent is (soos reeds in mate 8 tot 14 in Figuur 3 waargeneem kan word). Ondanks die matig-dissonante karakter van die harmonie is G-mol majeur herkenbaar as onderliggende toonsoort van die musiek van hierdie seksie.

Die notevoorbeeld wys dat die voorspel in die eerste 6 mate nie soseer die tematiese materiaal van die lied bekendstel nie (die motief in die regterhand van die klavierparty kom wel later dikwels weer voor) as dat dit die lied se stemming vestig. Die kort herhalende motiewe in al die instrumente sowel as die statiese harmonie (bevestig deur pedaalpunte op G-mol in die lae register van die harp- en klavierpartye asook die kwint D-mol in die middelregister van die horing) sowel as die lae dinamiek (*pianissimo*) dra bepalend hiertoe by. Vanuit 'n tematiese oogpunt kom die lied eers, na maat 7 se stilte, in maat 8 werklik op dreef. Die altviool neem die leiding met 'n duidelik oonlynde melodie en word deur van die ander instrumente ondersteun. Wanneer die stemparty uiteindelik in maat 14 intree, kontrasteer die meer deklamatoriese aard daarvan met die *cantabile* en *affetuoso* karakter van die altviool. Die intrede van die fluit in maat 15 skep die effek van 'n dialoog met die altviool, wat dalk met die idee van die liefde tussen twee persone in die gedig in verband gebring kan word.

Ooreenkomsdig die twee sinne wat die teks vir die B-deel voorsien, verdeel die musiek eweneens in twee seksies (mate 33–38 en 39–50). Hoewel die altvioolparty 'n verbindende rol speel, bevat beide seksies hul eie tematiese profiel. Die fluit is ewe prominent en vanaf maat 33 neem dit die tema oor waarmee die altviool in deel A ingeval het (vanaf maat 8). Dienooreenkomsdig sluit die eerste seksie aanvanklik by die G-mol van deel A aan, maar beweeg dan deur F-mineur na A-mol mineur, die toonsoort wat die begin van die tweede seksie bepaal. Teen die einde van die lied verkry die musiek 'n soort "plagale" karakter wanneer dit vanaf A-mol uiteindelik op E-mol mineur tot rus kom en sodoende 'n treffende interpretasie verleen van die uitgerekte einde, waarvan daar in die teks sprake is, en die siklus wat in E-mol majeur begin het, afsluit.

Lento languido e teneramente, ♩ = c. 42

The musical score consists of two systems of staves. The top system (measures 1-7) includes Flute, Horn, Violoncello, Arpa, and Pianoforte. The bottom system (measures 8-14) includes Vla., Vc., Pf., Canto, Vla., Vc., and Pf. Measure 1: Flute (pp), Horn (pp), Violoncello (pp), Arpa (pp), Pianoforte (pp). Measure 2: Flute (G.P.), Horn (G.P.), Violoncello (G.P.), Arpa (G.P.), Pianoforte (G.P.). Measure 3: Flute (G.P.), Horn (G.P.), Violoncello (G.P.), Arpa (G.P.), Pianoforte (G.P.). Measure 4: Flute (G.P.), Horn (G.P.), Violoncello (G.P.), Arpa (G.P.), Pianoforte (G.P.). Measure 5: Flute (G.P.), Horn (G.P.), Violoncello (G.P.), Arpa (G.P.), Pianoforte (G.P.). Measure 6: Flute (G.P.), Horn (G.P.), Violoncello (G.P.), Arpa (G.P.), Pianoforte (G.P.). Measure 7: Flute (G.P.), Horn (G.P.), Violoncello (G.P.), Arpa (G.P.), Pianoforte (G.P.). Measure 8: Vla. (pp molto cant., affettuoso), Vc. (pp incolore), Pf. (pp). Measure 9: Vla. (poco cant.), Vc. (poco cant.), Pf. (poco cant.). Measure 10: Canto (p dolciss.), Vla. (p), Vc. (p), Pf. (p). Measure 11: Canto (p), Vla. (p), Vc. (p), Pf. (p). Measure 12: Canto (p), Vla. (p), Vc. (p), Pf. (p). Measure 13: Canto (p), Vla. (p), Vc. (p), Pf. (p). Measure 14: Canto (p), Vla. (p), Vc. (p), Pf. (p).

Figuur 3: *Sit nox illa diu nobis dilecta mate* 1–14

Moontlike invloed van Benjamin Britten se liedsiklusse op die Petronius-liedere

Dit is moontlik dat Benjamin Britten se *Les illuminations*-siklus vir sopraan of tenoor en strykorkes opus 18 (1939) asook sy *Serenade for Tenor, Horn and Strings* opus 31 'n invloed op die komponeer van die Petronius-liedere gehad het. Van Wyk was onder meer van September 1938 tot November 1946, van Desember 1952 tot Februarie 1953 asook in die sestigerjare in Londen en het gedurende 1939-'44 by die BBC gewerk, waar daar sekerlik baie ophef gemaak is van Britten as hoogs gerespekteerde Britse komponis en van sy nuwe komposisies. Van Wyk was ook goed bevriend met die höringspeler Dennis Brain. Dit is dus waarskynlik dat hy aan dié Britten-werke blootgestel is en al is dit moeilik om meer as uiterlike raakpunte tussen Britten en Van Wyk se genoemde liedere uit te wys, kon die ouer komponis se werke tog as inspirasie gedien het. Selfs die keuse van Latynse tekste herinner aan Britten se keuse van ou Italiaanse tekste vir sy liedsiklus *Seven Sonnets of Michelangelo* opus 22 vir tenoor en klavier (1940, © 1943).

In die lig van die bogenoemde is dit baie opvallend dat toe Van Wyk aan *Sit nox* as eerste lied van die Petronius-liedere begin werk hy die toonsetting ook vir höë stem – “tenoor of sopraan” – bedink het. Soos vroeër gesê, wys die komposisiesketse dat dié liedere toe vir maande lank vir tenoor getoonset is en dat hy dit eers in 1959 vir bariton verwerk het.

Van Wyk het die bladmusiek van *Les illuminations*, *Serenade* asook dié van die *Nocturne for tenor solo, seven obbligato instruments and string orchestra* opus 60 besit. Potloodaantekening in *Les illuminations* en in *Serenade* wys dat hy die musiek bestudeer het.

Enkele van die raakpunte tussen dié Britten-werke en die Petronius-liedere is:

Die tessituur van *Les illuminations* en van *Serenade* is buitengewoon hoog, net soos dié in dele van *Nocturne*. Hoewel die tessituur van die meeste Petronius-liedere hoog is, is die algemene klankkleur donkerder as in Britten se vergelykbare liedere.

'n Nagtelike en sluimerstrekking kenmerk die tekste van *Serenade* én *Nocturne* en die nagtelike is ook die sentrale tema in die gedigte van die Petronius-liedere.

Britten en Van Wyk kon albei 'n gedig se stemming meesterlik verklank en soms selfs die betekenis van woorde direk in klank vergestalt. Enkele hoogtepunte hiervan uit Britten se liedere kan gehoor word in *Rats Away!* uit *Our Hunting Fathers*; en *Below the thunders of the upper deep* en *Midnight's bell goes ting* uit *Nocturne*.

Van Wyk vertoon ook hierdie vernuf in die Petronius-liedere, veral in die B-deel van *Lecto compositus* en die verskillende musikale voorstellings in die B-deel van *Somnia quae mentes ludunt* waarin die meeste raakpunte, ten opsigte van klankskildering, met *Nocturne* opgemerk kan word.

Om voorstellings te skep en emosies uit tebeeld, skryf Britten soms uitvoerige cadenzaagtige passasies in die stemparty op woorde soos: *l'écume* (die skuim) en *tourbillons* (maalstromme/draaikolke) in *Marine* uit *Les illuminations*; en excellently in *Hymn* asook *lulling* in *Sonnet* uit *Serenade*. Wat dié tegniek betref, was Van Wyk baie meer terughoudend, maar het tóg beskrywende melismas gebruik soos in *Somnia quae mentes ludunt* op woorde soos *ludunt* (terg), *sanguine* (bloed) en *quatit* (skud).

Van Wyk wend tydmaatwisseling, veral in *Qualis nox*, *Lecto compositus* en *Sit nox*, vryelik aan volgens sy opvatting van die teksbehoeftes. Britten se keuses van tydmaat vertoon baie meer konserwatief. Nietemin is Van Wyk se idee vir ongewone tydmaat soos 10/16 in *Hart-van-die-Dagbreek* (uit *Van liefde en verlatenheid*) en 8/8 in *Lecto compositus* dalk geïnspireer deur Britten se lied *Being Beauteous* wat in 12/8 verloop, maar waarvan (in maat 29) die

stemparty en die solo-instrumente in 3/2 is terwyl die *tutti* in 18/8-tydmaat speel. In die vokale party van *Dirge*, hou Britten deurgaans by 4/4-tydmaat, maar skep onreëlmatige tydsindeling deur die kwartnote onreëlmatig te groepeer.

Al het Van Wyk nie Britten se komposisie-idees slaafs nagevolg nie, kan bogenoemde ooreenkoms nie misgekyk word nie. Dit kon na baie blootstelling aan Britten se musiek neerslag gevind het in Van Wyk se musikale geheue.

Samevatting

In die bespreking van die onderskeie liedere is die aandag gevestig op Van Wyk se begrip van die onderskeie tekste en sy aanvoeling vir die klankverwagting wat die woorde suggereer. Hoewel die aandag op klankskildering en die verkryging van eenheid binne die liedere in *Somnia* en *Sit nox* in meer besonderhede bespreek is, is dié twee elemente in elk van die vyf liedere aanwesig.

Van Wyk se vermoë om veral die begeleiding tegelyk vormgewend en klankskilderdend te gebruik, kenmerk elk van die liedere. Sy subtiele hantering van tekstuur is in hierdie verband noemenswaardig. In die verhalende aard van *Lecto compositus* en die onderskeie droomvoorstellings in *Somnia* slaag hy deurgaans om eenheid binne elke lied te skep en is sy klankvoorstellings vindingryk. Hiervoor word die klankkleur en -karakter van spesifieke instrumente verbeeldingryk aangewend. Prominensie van een van die instrumente van die ensemble help om die karakter van die onderskeie liedere te definieer en verleen dikwels ook eenheid te midde van die vorm en subverdelings. Die klavierparty vervul deurlopend 'n samebindende funksie binne die siklus as geheel.

Die wisselnootmotief kom prominent voor – soms om verskillende aktiwiteite te verklank, soms klankskilderdend deur die klankkleur daarvan aan te pas en ook as samebindende element deur die hele siklus.

It is opvallend dat Van Wyk se toonsetting van tekste baie nabig aan spraak is. Reeds vanaf komposisiesketse van sy vroeë liedere, onder meer *In die stilte van my tuin*, soek Van Wyk 'n vryer ritme in sy verklankings. Dit herinner aan 'n soortgelyke eienskap in sommige liedere van Debussy, byvoorbeeld *Les Angélus*, *Les cloches*, *Beau soir* en *Voici que le printemps*. (Van Wyk het van jongs af Debussy se komposisies bestudeer.) In baie van sy vroeë pogings om 'n betrokke lied te toonset, hou hy streng by die plasing van die teksaksent op die sterk polse, maar bevry dan die teksritme van so 'n rigiede benadering deur veral gesinkopeerde polsverdeling en tydmaatwisseling te gebruik.

Melankolie, wat dikwels in die Petronius-tekste onderliggend aanwesig is, word onder meer getoonset met die gebruik van groot dalende intervalspronge, chromatiese wendings en heeltoonpassasies – waarvan veral *Sit nox* verteenwoordigend is.

Onderliggende suggestie van passie, ekstase en wroeging druk hy gewoonlik uit met 'n reeks herhalende note, dikwels in 'n hoë register en op 'n luide dinamiese vlak ('n skryfwyse wat reeds in sy jeugliedere gevestig is). Emosioneel gelaaide woorde word soms in die toonsettings onmiddellik herhaal ter wille van nadruk of groter trefkrag. Dié tegniek is veral effekief in *Foeda est* en *Sit nox*.

Wanneer Van Wyk tematiese materiaal in 'n herhaling of sekvens gebruik, verkies hy om meestal net een van die musikale elemente – die ritmepatroon of die intervalprogressie – te gebruik. Selfs al sóú hy die ritme- en intervalpatroon herhalend gebruik, sou daar subtiese aanpassings wees.

In dié siklus is die gebruik van die verhoogde vierde toontrap in die verskillende toonsoorte van 'n betrokke lied deurlopend prominent. Dikwels geld dit ook vir die verlaagde sesde en sewende toontrappe. Abrupte tonale verskuiwing kom voor soos in *Foeda est* waar die A-deel met 'n B-toonsentrum begin, op C eindig en die B-deel dan begin met 'n abrupte tonale verskuiwing vanaf C na die langsliggende B majeur.

Akkoordsamestellings is dikwels eerder verklaarbaar ten opsigte van die akkoordboustof of die stemleiding as binne die verband van konvensionele akkoordprogressies. Soms laat 'n liedtoonsetting die indruk dat die aanvanklike ingewing veel meer konserwatief was en dat hy dit dan doelbewus in 'n dissonante, harmonies komplekse rigting gevoer het. In die Petronius-liedere skep die dubbele spelling van note (byvoorbeeld C-kruis en D-mol) binne 'n akkoord dikwels 'n wanindruk van kompleksiteit. 'n Voorbeeld hiervan kom voor in *Lecto compositus*, mate 38–41, waar die stemparty 'n neiging tot mol-skuittekens het, met in die begeleiding oorwegend kruis-skuittekens. Akkoorde waarin byvoorbeeld tegelyk 'n B-mol en 'n B-herstel is, of twee langsliggende akkoorde wat saam klink, dra ruim by om die harmoniek te kompliseer. Van Wyk se liefde vir die gebruik van pedaalpunte word in dié liedere weer bevestig – 'n skryftegniek wat ook kenmerkend van Debussy se liedkomposisies is, byvoorbeeld *Voici que le printemps* en *Paysage sentimental*. Selfs die soms ooglopende klankskildering herinner dikwels aan Debussy-liedere soos *Il pleure dans mon cœur*, *Cheveux de bois*, *La mer est plus belle* en *Les cloches*.

Die doelwit van hierdie artikel sal bereik wees indien toekomstige belangstelling in dié belangrike siklus kan bydra tot die publikasie daarvan. Eers dan sal dit moontlik wees dat die Petronius-liedere hul regmatige plek op kunsliedprogramme kan inneem.

BIBLIOGRAFIE

Literatuur

- Ferguson, Howard. 1987. "Arnold van Wyk". In Peter Klatzow (ed.). *Composers in South Africa today*. Cape Town: Oxford University Press, pp. 1-31.
- Geldenhuys, Jolena. 1983. Arnold van Wyk (1916-) se vokale musiek: 'n Stylstudie met spesiale verwysing na variasietegnieke. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Grové, Izak. 2008. "Lewe-in-werk: Outobiografie in Arnold van Wyk se musiek." In *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 48(1):1-12.
- Heseltine, Michael & Rouse, WHD. (red. en vert.). 1919. *Petronius Seneca Apocolocyntosis*. Derde uitgawe. Londen: William Heinemann. New York: G.P. Putnam's Sons.
- Muller, Stephanus. 2014. *Nagmusiek*. Johannesburg: Fourthwall Books.
- Oosthuizen, Magdalena J. 2014. Arnold van Wyk as liedkomponis: 'n Ootsluiting van die liedere in die Arnold van Wyk-versameling by die Universiteit Stellenbosch. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch, pp. 342-453.
- Sullivan, JP. 1986. *Petronius, The Satyricon and Seneca Apocolocyntosis*. Hersiene uitgawe. (Eerste uitgawe 1965). London: Penguin Books.

Bladmusiek

- Van Wyk, Arnold. 1947. *Vier weemoedige liedjies*. Amsterdam: Heuwelkemeijer.
- Van Wyk, Arnold. 1956. *Van liefde en verlattenheid*. Londen: Boosey & Co. Versprei deur Boosey & Hawkes.
- Wyk, Arnold. 1985. *Vier weemoedige liedjies*. Tweede uitgawe. Stellenbosch: Arnold van Wyk Trust. Versprei deur Boosey & Hawkes (S.A.), Johannesburg.

Manuskripte in die Arnold van Wyk-versameling

Wat sololiedere betref, bevat dié nalatenskap baie werksdokumente wat soms, soos in *Van liefde en verlatenheid* asook die Petronius-liedere, bestaan uit 'n groot getal komposisiesketse en outograve. Die werksdokumente van die Petronius-liedere sorteer onder katalogusnommer 10.10 en sluit 142 bladsye komposisiesketse asook outograve in.

Diskografie

Van Wyk, Arnold: Petronius-liedere. 1987. Nie-kommersiële opname in die Arnold van Wyk-versameling van die opname van die uitvoering op 6 Junie 1987 in die Baxter-konsertsaal, Kaapstad. Angelo Gobbato (bariton), Nerina von Mayer (fluit), Robert Grishkoff (Franse horing), Elizabeth Kennie (altviool), Leslie Meeks (tjello), Gregory Maris (perkussie 1), Bert Koster (perkussie 11), Jane Theron (harp), François du Toit (klavier) en Peter Klatzow (dirigent). (Inligting: Muller, 2014:824.)

Internetbronne:

Petronius se geboorte en sterfdatums. Beskikbaar: <https://en.wikipedia.org/wiki/Petronius> [2021, November 10].

Die Afrikaanse Taalmuseum en -monument in die Paarl: 80 jaar van kontroversie

The Afrikaans Language Museum and Monument in Paarl: 80 years of controversy

JANNIE ROSSOUW

Besoekende Professor: Wits Besigheidskool
Universiteit van die Witwatersrand
Suid-Afrika
E-pos: Jannie.Rossouw@wits.ac.za



Jannie Rossouw

JANNIE ROSSOUW is 'n besoekende professor aan die Wits Besigheidskool van die Universiteit van die Witwatersrand. Hy was voorheen by die SA Reserwebank en by Unisa werkzaam. Sy diens as lid van die Oudit- en Risikokomitee van die Afrikaanse Taalmuseum en monument in die Paarl strek oor meer as 'n dekade.

JANNIE ROSSOUW is a visiting professor at the Wits Business School of the University of the Witwatersrand. He previously worked at the SA Reserve Bank and at Unisa. He has served as a member of the Audit and Risk Committee of the Afrikaans Language Museum and Monument in Paarl for well over a decade.

ABSTRACT

The Afrikaans Language Museum and Monument in Paarl: 80 years of controversy
This paper considers the controversies about the Afrikaans Language Monument in Paarl that arose during the period of 80 years since the first call for its erection. The research shows that the Monument was contentious not only in the time leading up to its construction, but at the time of its inauguration as well, a state of affairs that remains to this day, 80 years later.

The first initiative to erect a language monument in Paarl dates back 80 years, to 14 August 1942, on the occasion of a commemoration of the founding of the Fellowship of True Afrikaners (Genootskap van Regte Afrikaners, or GRA) on 14 August 1875. On that occasion, an appeal was made for the erection of an Afrikaans language monument in Paarl. This culminated in the establishment of the Afrikaans language monument committee (ATMK, or Afrikaanse Taalmonumentkomitee), also in 1942.

Although the Monument on Paarl Mountain is a well-known structure, it is not generally known that the Monument functions in conjunction with the Afrikaans Language Museum, also in Paarl. Since the public focus is not on the Museum, it has been spared much of the controversy surrounding the Monument. The Museum, situated in the centre of Paarl, was

Datums:

Ontvang: 2022-06-21

Goedgekeur: 2022-08-02

Gepubliseer: September 2022

inaugurated on 14 August 1975, commemorating the founding of the GRA in the same building a century earlier. The Monument and Museum form part of the same entity: the Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) in Afrikaans (in English the Afrikaans Language Museum and Monument).

The use of the name of the town where the Afrikaans Language Monument is situated in the title of this paper is deliberate, as it is necessary to distinguish the Monument concerned from other Afrikaans language monuments. More than 20 other structures on public record commemorate the Afrikaans language in South Africa, although they are not on the scale of the Afrikaans Language Monument in Paarl.

Before, during and since the construction of the Monument, the most important controversies concerned matters such as its location, function and symbolism. A political controversy developed in the period before its inauguration on 10 October 1975. These historic controversies were called to mind by new political controversies about the Monument's name and its operational structure.

Three different schools of thought about the location of the Monument prevailed at the time, one of which was closely associated with its function. The first group lobbied for a monument located in the centre of Paarl. Another lobby group (driven by one person) favoured the establishment, at Kleinbosch near Paarl, of a "living" monument aimed at Afrikaans linguistics research rather than a physical or symbolic monument. The third group, which had its way, preferred the erection of the monument on the foothills of Paarl Mountain.

Debates about the function of the Monument were linked to the debate about its location. The basis of the debate was the choice between a symbolic structure and a functional Afrikaans research centre. The final outcome was that the Monument was to be a symbolic structure, while the Museum functions as an Afrikaans research centre.

Although the general symbolism embodied in the Monument reflects the origin and growth of Afrikaans as a language, the inclusion of the influence of indigenous languages on the development of Afrikaans in the design evoked limited but strong opposition. This criticism was misplaced, as the influence of indigenous languages on Afrikaans is clear from words such as dagga, dagha, boegoe, kwagga, aikôna, donga, tambotie, konka, kierie, makietie, indaba, pasella, kaia, lobola, njala, tokkelossie, mamparra and tollie.

Political issues from the time of the inauguration of the Monument in 1975 are still present today. In 1975, South Africa had an apartheid government, and many critics maintained that the government "hijacked" the Monument as a symbol of Afrikaner-Nationalism. Another political factor at the time was the initial intention to exclude certain racial and language groups from the inauguration ceremony. This political dilemma was defused by inviting to the inauguration people from race and language groups other than white Afrikaans speakers.

The Monument still has to deal with controversial political issues. In March 2022, the Minister of Sport, Arts and Culture questioned the use of Afrikaans in the name of the Monument, suggesting that it should be changed to be more "inclusive". Following widespread public opposition to this suggestion, the Minister denied that he ever raised the matter. The response of the Minister is in itself problematic.

The Department of Sport, Arts and Culture embarked on an initiative to merge museums and monuments into "flagship institutions". Once this plan is implemented, the ATM will be merged with the National Library of South Africa (NLSA), the South African Library for the Blind (SALB) and the Amazwi South African Museum of Literature. The name of this flagship institution is still to be determined, but such a merger will give the Minister an opportunity

to bring about the name change of the Afrikaans Language Monument through a back door, for example by naming the Monument after the flagship institution.

An alternative would be to move control of the ATM away from the central government, although the central government would have to agree to any such step. There is more than one option for a new control structure, but, at the same time, there are serious financial implications, because currently the ATM receives financial support from the central government. The Afrikaans Language Monument has proved to be controversial for more than 80 years. Its name is now the biggest issue that makes previous controversies seem like light skirmishes only.

KEYWORDS: Afrikaans, Afrikaans Language Museum and Monument, criticism of the Afrikaans Language Monument: Paarl, flagship institutions, language monuments, language museum, merger, name change, political pressure, South African heritage

TREFWOORDE: Afrikaans, Afrikaanse Taalmuseum en -monument, kritiek op die Afrikaanse Taalmonument: Paarl, politieke druk, naamsverandering, samesmelting, Suid-Afrikaanse erfenis, taalmonumente, Taalmuseum, vlagskipinstellings

OPSUMMING

Hierdie artikel ontleed kontroversies oor die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl oor 'n tydperk van 80 jaar sedert die eerste oproep om die oprigting van 'n Afrikaanse taalmonument op 14 Augustus 1942 gedoen is. Die ontleding toon aan dat die Afrikaanse Taalmonument in die aanloop tot die oprigting, gedurende die konstruksie, omstreeks die opening en daarna omstrede gebly het. Die huidige twispunt gaan oor die naam van die *Afrikaanse Taalmonument* en die beplande samesmelting van monumente en museums tot vlagskipstrukture.

Hoewel die Monument 'n bekende baken is, is dit nie in dieselfde mate bekend dat daar ook 'n Afrikaanse Taalmuseum is wat saam met die Monument funksioneer nie. Die twee instellings maak saam die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) uit. Die Monument word wyd bespreek, terwyl die Museum grotendeels uit die openbare oog bly.

Die Monument in die Paarl is nie die enigste Afrikaanse taalmonument nie, maar wel die bekendste en opvallendste. Om hierdie rede bly die Monument in die openbare oog. In die aanloop tot die oprigting van die Monument was die plasing, funksie en simboliek daarvan omstrede. Besluite oor die openingsgeleentheid van die Monument in 1975 het tot heelwat politieke spanning gelei en het sekere mense van die Monument vervreem. Ongelukkig duur die politieke diskouers oor die Monument voort.

Die voortbestaan van die Monument het opnuut in die gedrang gekom nadat die Minister van Sport, Kuns en Kultuur die naam daarvan, naamlik die *Afrikaanse Taalmonument*, in Maart 2022 bevraagteken het. Intussen het die Minister ontken dat hy ooit die saak geopper het. Die Departement van Sport, Kuns en Kultuur beplan egter die samesmelting van sekere Suid-Afrikaanse monumente en museums onder departementeel beheer tot "vlagskipstrukture". In só 'n struktuur bestaan die gevare dat die Afrikaanse Taalmuseum en -monument hul identiteite sal verloor. Voorts kan die samesmelting ook die Minister opnuut 'n geleentheid vir naamsverandering bied.

Een alternatief is om die beheer oor die ATM van die sentrale regering te vervreem. Die regering sal egter hiertoe moet instem. Só 'n stap sal egter ernstige finansiële implikasies hê, want dit sal waarskynlik die einde van die sentrale regering se finansiële steun aan die ATM beteken.

1. Agtergrond¹

’n Artikel met die titel “Die Afrikaanse Taalmuseum en -monument in die Paarl: 40 jaar later” (Van Zyl & Rossouw, 2016) het in 2016 in hierdie tydskrif verskyn. Dit was by geleentheid van die viering van die 40e bestaansjaar van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) in die Paarl. Daardie artikel het onder meer die historiese konteks van en die kontroversie rondom die oprigting van die Afrikaanse Taalmonument bespreek. Verdere verwikkelinge sedert 2016 noodsak egter verdere navorsing oor die toekoms van die ATM.

’n Voorstel om ’n monument vir die Afrikaanse taal in die Paarl op te rig is 80 jaar gelede, op 14 Augustus 1942, vir die eerste keer formeel geopper. Dit was tydens ’n seremoniële onthulling van ’n gedenkplaat in die Kleinbosch-begraafplaas buite die Paarl ter ere van ds. SJ du Toit en mnre. DF du Toit en PJ Malherbe,² drie stigterslede van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA), wat daar begrawe is. Die onthullingsplegtigheid is op 26 September 1942 opgevolg met ’n openbare vergadering in die Paarlse stadsaal waartydens die Afrikaanse Taalmonumentkomitee (ATMK) gestig is. Ds. PJ Loots, ’n predikant en gemeenskapsleier in die Paarl, is tot voorsitter verkies. Die oogmerk van die ATMK was om ’n Afrikaanse Taalmonument in die Paarl tot stand te bring.

Die opening van die Afrikaanse Taalmuseum in die Paarl het op 14 Augustus 1975 plaasgevind, en die inwyding van die Monument op 10 Oktober 1975. Die volgorde van die opening en inwyding bepaal die struktuur van die volle naam van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument, met “museum” wat eerste gemeld word.

Die inwyding van die Monument, wat met groot feesviering en koorsang gepaardgegaan het, is deur die toenmalige eerste minister van Suid-Afrika, adv. BJ Vorster, waargeneem. Dit is deur meer as 40 000 mense bygewoon (*Die Burger*, 1975). Vorster het die oprigting van die Monument beskryf as ’n bewys van Afrikaners en Afrikaans se reg om in Afrika te wees (Vorster, 1975).

Die Afrikaanse Taalmonument is teen die hange van Paarlberg opgerig. Die Museum, wat nie so bekend as die Monument is nie, word gehuisves in die destydse woonhuis van mnre. Gideon Malherbe, waar die GRA op 14 Augustus 1875 gestig is.

Die Afrikaanse Taalmuseum is ’n onderskatte kulturbate, want dit word deur die Monument teen die hange van Paarlberg oorskadu. Terwyl daar verskeie Afrikaanse taalmonumente bestaan (soos hier onder genoem word), is die Museum ’n unieke kulturbate. Dit huisves ’n groot aantal Afrikaanse tekste, en gedeeltes van die Museum is so gerestoureer dat dit ooreenstem met die uitleg van die huis in 1875 (*Die Afrikaanse Taalmuseum*, 2015). Die Museum is op navorsing gerig, en het ’n leeskamer en ander navorsingsfasiliteite.

Die ATM ontvang jaarliks ’n subsidie van die staat (die Departement Sport, Kuns en Kultuur, of DSKK). Die ATM is ’n agentskap van die DSKK en die subsidie stel die ATM in staat om te verseker dat alle werksamhede kan voortgaan. Hierdie fondse word aangevul met inkomste uit ander projekte en toegangsgelde by die Museum en Monument. Sonder die staatsubsidie kan die ATM finansieel nie oorleef nie, want die subsidie verteenwoordig die grootste persentasie van die ATM se jaarlikse inkomste. Die ATM word bestuur deur ’n

¹ Die artikel weerspieël die persoonlike sienings en menings van die outeur, en moet nie aan die Afrikaanse Taalmuseum en -monument of aan die Universiteit van die Witwatersrand toegeskryf word nie.

² Die outeur is ’n agterkleinseun van PJ Malherbe.

Beheerraad, ondersteun deur 'n Oudit- en Risikokomitee en 'n Vergoedingskomitee. Die permanente personeelkorps van die ATM staan onder die leierskap van die Direkteur van die ATM.

Die gebruik van die woord *Paarl* in die titel van hierdie artikel is nie toevallig nie. Die artikel handel oor die Monument teen Paarlberg, maar daar is verskeie ander Afrikaanse taalmonumente in Suid-Afrika. Die Monument in die Paarl is bloot die bekendste en sigbaarste. In Burgersdorp is 'n monument opgerig ná die aanvaarding, op 9 Junie 1882, van Nederlands as amptelike taal naas Engels in die Parlement van die destydse Kaapkolonie ("Monumente, Gedenktekens en Interessanthede in Suid Afrika", s.j.). Hierdie monument is op 18 Januarie 1893 onthul en word beskou as die eerste taalmonument in Suid-Afrika (De Afrikander Handelshuis, 2016).

Verskeie ander Afrikaanse taalmonumente is deur die jare opgerig (sien byvoorbeeld Carstens & Raidt, 2019:579-590). Die Afrikaanse Taalmonument in Kroonstad³ is op 28 Maart 1960 deur neef⁴ Ferdie van Rensburg onthul. Die Afrikaanse Taalmonument in Welkom is op 20 Augustus 1960 deur prof. DF Malherbe⁵ onthul (Swart, 1989). Die oprigting van hierdie twee Afrikaanse taalmonumente staan teen die agtergrond van die landwye taalfees in 1959 wat deel uitgemaak het van en saamgeval het met die vyftigjarige bestaansviering van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns en die dertigjarige bestaansviering van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) (Venter, 1959). 'n Skool is ook in hierdie jaar opgerig met 'n naam wat die taalfees in herinnering roep, naamlik die Laerskool Taalfees in Witbank (vandag eMalahleni). Die tema van die taalfeesvieringe was "Die Wonder van Afrikaans".

Die Suid-Afrikaanse regering het 1975 tot "Taaljaar" verklaar (LitNet, 2016) en afgesien van die Monument in die Paarl is ander Afrikaanse taalmonumente of gedenkplate ter herdenking van Taaljaar ook opgerig. Die volgende Afrikaanse taalmonumente en gedenkplate hou almal verband met die Taaljaar:

- Onthulling in 1975: Aberdeen, Belfast, Burgersfort, Ermelo, Johannesburg, Lichtenburg, Makhado (Louis Trichardt), Montagu, Ohrigstad, Oos-Londen, Petrus Steyn, Reddersburg, Reitz, Riebeeck-Kasteel, Springbok, Touwsrivier, Trompsburg, Ventersdorp
- Onthulling in 1976: Delareyville, Worcester

Daar is in 2014 'n Afrikaanse Taalmonument in Windhoek (Namibië) opgerig.

Die struktuur van die artikel hierna is soos volg: Afdeling 2 gee kortliks agtergrond oor die aanloop, konstruksie en simboliek van die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl. In afdeling 3 word historiese en kontemporêre kontroversies oor die monument bespreek. Die gevolgtrekings volg in afdeling 4.

³ Kroonstad was destyds die hoofsentrum van jukskeisport in Suid-Afrika.

⁴ Die monument in Kroonstad is deur die jukskeispelers van Griekwaland-Wes opgerig. Die aanspreekvorm "neef" en "niggie" het destyds onder jukskeispelers voorgekom.

⁵ Prof. Malherbe was die seun van mnr. PJ Malherbe, een van die stigterslede van die GRA.

2. Aanloop, oprigting en simboliek van die Afrikaanse Taalmonument, Paarl⁶

Die oogmerk van die ATMK was om fondse in te samel vir die oprigting van 'n taalmonument vir Afrikaans in die Paarl en die toekenning van beurse aan studente wat op 'n intensiewe studie van die Afrikaanse taal fokus (ATMK-notule, 26 Oktober 1942). Die Afrikaanse Taal- en Kultuurbond (ATKB) (sedert 1991 opgeneem in die ATKV) was vanaf 1963 intensief by die werkzaamhede van en fondsinsameling deur die ATMK betrokke en het mettertyd op eie koste al die administratiewe en sekretariële pligte oorgeneem (ATMK-Jaarvergaderingnotule, 15 Maart 1963). Die regering het voorwaardelik finansiële steun beloof, maar met die voorbehoud dat die volle bedrag vir die oprigtingskoste ingesamel moes word voordat daar met die bouwerk van die Monument begin kon word (ATMK-notule, 26 Oktober 1942).

Ten spyte van die feit dat fondse teen 'n traie tempo ingesamel is, het die ATMK in 1964 'n kompetisie vir die ontwerp van die monument uitgeskryf (ATMK-Werkskomiteenotule, 11 November 1964). Die ontwerpvoorstel van mnr. JC (Jan) van Wijk is as wenontwerp aangewys (ATMK-Werkskomiteenotule, 24 Januarie 1966; Van Wijk, 2014:41).

'n Stuk grond van ongeveer 85 ha teen die hange van Paarlberg is deur die Paarlse Stadsraad beskikbaar gestel vir die oprigting van die Monument (ATMK-notule, 21 Februarie 1964). Van Wijk het die geskikste plek vir die plasing van die Monument op hierdie grond bepaal (e-pos Erna van Wijk, 14 Maart 2014).

Van Wijk het sekere beginsels as uitgangspunt vir die ontwerp gebruik. Die eerste was dat die Monument by die natuurlike omgewing moes inskakel en dit moes aanvul. Voorts het hy 'n beeld van Afrikaans gesoek (Van Wijk, 2014:23) en het aanklank gevind by die woorde van sen. CJ Langenhoven, wat Afrikaans as 'n snelstygende boog beskryf. Derdens het Van Wijk die woorde van prof. NP van Wyk Louw gebruik, wat Afrikaans beskryf as die taal wat Wes-Europa en Afrika soos 'n brug verbind. In die ontwerp word die invloed van inheemse Afrikatale op Afrikaans deur drie koepels gesimboliseer. Die invloed van die Maleise taal en kultuur op Afrikaans word deur 'n muur op die trapaantrede van die Monument voorgestel. Links van die podium tot die Monument is drie suile wat Wes-Europese tale en kulture verteenwoordig (Nederlands, Frans, Duits, Portugees en ander) wat in Afrikaans neerslag gevind het. Die podium verteenwoordig die suidpunt van Afrika. Die hoofsul van die Monument stel die snelstygende boog van Afrikaans en sy versnellende groei voor. Die suil staan in 'n poel water wat Afrikaans simboliseer as 'n lewende, groeiende entiteit wat lewensoronderhou vir sy voortbestaan nodig het. Die skerp lyne van die suil beeld die tweesnydende swaard uit, soos deur NP van Wyk Louw beskryf. Die lig spel wat binne die brug plaasvind as gevolg van die waterpoel, saam met die perforasies in die hoofsul, versinnebeeld die taal as glansende werktuig. Die tweede suil van die monument is die republieksul, wat Suid-Afrika uitbeeld. Dit is oop na die Afrika-vasteland om die interaksie tussen Afrikaans, Suid-Afrika en Afrika uit te beeld (*Die Afrikaanse Taalmonument*, 2014; ATMK-Werkskomiteenotule, 15 Februarie 1968). Die Monument is gebou met 'n betonmengsel wat bestaan uit cement, wit sand en Paarl-graniet. Dit het verseker dat die monument by die natuurlike omgewing aanpas (ATM-monumentboekie). Daar is ook 'n opelegamfiteater op die terrein ingerig, wat vir die opening in 1975 gebruik is, en sedertdien vir kulturele geleenthede en konserte gebruik word.

⁶ Hierdie afdeling is gebaseer op Van Zyl en Rossouw (2016), wat vir 'n meer omvattende bespreking geraadpleeg kan word.

Die totale boukoste van die monument en amfiteater (slegs die geboue, uitgesonderd terreinontwikkeling en -infrastruktuur) het uiteindelik R1 061 411,45 beloop (brief van Jan van Wijk, 30 Julie 1976). Aangepas vir inflasie sedert 1975 beloop dit sowat R60 miljoen teen huidige waarde. Die boukoste is gefinansier uit die bydraes wat deur die jare sedert die stigting van die ATMK ingesamel is, en is aangevul deur 'n bydrae van die destydse regering (ATMK-Werkskomiteenotule 23 Maart 1973; Pieters, s.j. 46).

3. Historiese en kontemporêre kontroversie oor die Afrikaanse Taalmonument

Monumente is dikwels onderhewig aan subjektiewe kritiek (Smith, 2013:58). Eldridge haal King aan, wat beweer dat monumente dikwels omstrede is. In die aanloop tot die oprigting van monumente en daarna is daar dikwels meningsverskil oor die boodskap wat die monument moet oordra en ook oor die wyse waarop dit oorgedra word (Eldridge, 2003:25).

Die Afrikaanse Taalmonument is geen uitsondering nie. Daar was omstredenheid voor, tydens die bou en met die inwyding van die monument, en dit duur steeds voort. Aanvanklik moes die ATMK dus kontroversie oor feitlik elke faset van die projek hanteer en in afgelope jare hanteer die Beheerraad en personeel van die ATM hierdie omstredenheid. Histories het dit gehandel oor die ligging, die voorkoms, die aard of funksie, die simboliek en die politieke ondertoon van die Monument, en die vraag of dit hoegenaamd opgerig moet word. Die jongste twispunt gaan oor die naam van die Afrikaanse Taalmuseum en die outonomie van die organisasiestruktuur waarbinne die ATM funksioneer.

3.1 Historiese kontroversies⁷

3.1.1 Ligging van die monument

Die eerste meningsverskil was oor die ligging van die Monument. Sekere lede van die ATMK was van mening dat die Monument oorkant die huidige Afrikaanse Taalmuseum in die Paarlse middedorp opgerig moet word. Dit sou die verbintenis met die Museum bevestig. Hierdie voorkeur is gesteun deur die toenmalige Historiese Monumentekommissie (HMK) (ATMK-Werkskomiteenotule, 16 Augustus 1963; sien ook *Die Huisgenoot*, 1950:12). Die HMK het aanvanklik geweier om die plasing van die Monument teen Paarlberg te oorweeg omdat die berg op 25 Oktober 1963 tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar is. Die HMK was van mening dat die natuurlike omgewing deur die Monument geskend sou word (ATMK-notule, 1 November 1963).

Die kritiek op die voorstel dat 'n monument in die Paarlse middedorp geplaas word, was dat die monument baie groter en grootser moes wees as wat die beperkte beskikbare ruimte sou toelaat. Die meerderheid van die lede van die ATMK was ten gunste van 'n voorstel om die Monument teen Paarlberg op te rig (ATMK-notule, 9 November 1962). Die ATMK het in 1964 besluit dat die Monument op die huidige terrein opgerig sou word (ATMK-notule, 21 Februarie 1964).

Adv. WA de Klerk, 'n lid van die ATMK, was nie net gekant teen die bergterrein nie, maar ook teen 'n monument in die Paarlse middedorp. Volgens De Klerk moes die monument

⁷ Sekere aspekte van die historiese kritiek is ook deur Van Zyl (2020) en Van Zyl en Rossouw (2016) bespreek.

“ontwikkel” word op ’n plek wat na sy mening ’n sterker verbintenis met die ontstaan van die Afrikaanse taal het (*Die Burger*, 1971; De Klerk, 1974; Pakendorf, 1992). Hy het Kleinbosch buite die Paarl (die familieplaas van die Du Toits en Malherbes) vir hierdie doel geïdentifiseer (Coombes, 2003:46). Dit is ook die terrein waar die gedenkplaat by die begraafplaas in 1942 onthul is en waar die idee van ’n Afrikaanse taalmonument in die Paarl in die eerste instansie geopper is. Voorts was De Klerk se voorkeur die ontwikkeling van ’n “lewende monument”, gefokus op literatuurnavorsing, eerder as ’n simboliese struktuur.

3.1.2 Funksie, simboliek en voorkoms

Vrae oor die aard en funksie van die monument vir die Afrikaanse taal is dikwels geopper in besprekings van die ATMK. Daar was ’n gevoel dat ’n taal “nie iets is wat jy gaan besigtig nie” (*Die Suid-Afrikaan*, 1995:33), maar dat dit liefs moet voortleef in die prestasies daarvan soos uitgedruk in konkrete geskrifte (Van Niekerk, 2000:6). Uiteindelik het die ATMK besluit op ’n simboliese monument, saam met die Afrikaanse Taalmuseum, wat die droom van ’n Afrikaanse navorsinginstituut sou vervul (Van Wijk, 2014:21-22).

Loots, die eerste voorsitter van die ATMK (ATMK-notule, 20 Oktober 1942), was vanuit die staanspoor haaks met die ander komiteelede oor die simboliek van die monument. Volgens Loots moes die simboliek ’n baie groter ereplek gee aan die rol van die kerk en die Bybelvertalers in die totstandkoming van Afrikaans as wat die ATMK beoog het. Pieters (s.j.:47) wys egter daarop dat Loots gefouteer het. Die kerk het nie die ontwikkeling van Afrikaans ondersteun nie en het aan Hollands voorkeur gegee (Pieters, (s.j.:47).

Loots se verdere kritiek was dat die erkenning wat die ontwerp van die Monument aan inheemse tale verleen, “histories ’n leuen” is (ATMK-notules; Beningfield, 2004:154). Dit is onkundige kritiek deur Loots, want ’n nuwe taal word noodwendig beïnvloed deur die inheemse tale van dieselfde omgewing (Van Rensburg, 2012:16-17; Le Cordeur, 2010a; Le Cordeur, 2010b). Van Zyl (2013) dui aan dat nuwe tale in ’n mark- of arbeidsituasie ontwikkel waar die partye nie mekaar se tale verstaan nie. Albei situasies was aan die Kaap aanwesig, waar die VOC-amptenare met die Khoi ruilhandel gedryf het (marksituasie) en hulle ook as arbeiders in diens geneem het (arbeidsituasie) (Van Zyl, 2013). Die voorkoms van woorde soos *dagga*, *dagha*, *boegoe*, *kwagga*, *aikôna*, *donga*, *tambotie*, *konka*, *kierie*, *makietie*, *indaba*, *pasella*, *kaia*, *lobola*, *njala*, *tokkelossie*, *mamparra* en *tollie* in Afrikaans bevestig dat Loots gefouteer het (sien o.a. Steyn, 2014).

Die voorkoms van die Monument is steeds ’n debatspunt. Dit is onder meer as ’n falliese simbool beskryf (Huigen, 2008:156), wat manlik gedomineerde oorheersing impliseer. ’n Interessante gevolg van hierdie beskrywing is ’n advertensie vir die bemarking van kondome wat in die 1990’s verskyn het, met ’n afbeelding van die Afrikaanse Taalmonument daarby (Pieters, s.j.:42).

Volgens Coombes het die destydse hoof van die Dal Josafat-kunsstigting, mnr. Hardy Botha, die Monument ’n “mausoleum”, ’n “lifeless monstrosity” en ’n “disgusting thing” genoem (2003:46). Sommige respondentie in die navorsing oor die Monument wat deur Smith onderneem is, het die Monument as “odd” beskryf, terwyl beskrywings soos “vreemd dog interessant”, “bizar” en “beslis aaklig” ook gerapporteer is (Smith, 2013:249).

Die indrukwekkende voorkoms van die Monument word ondersteep deur die feit dat dit opgeneem is in ’n boek oor die wêreld se 500 mees ikoniese argitektoniese strukture (Cattermole, 2008:383). Die Monument is die enigste Suid-Afrikaanse struktuur of gebou wat op hierdie wyse vereer is.

3.1.3 Politiek

Reeds voor die inwyding en sedertdien staan die Monument midde-in die politiek, ten spye van pogings om dit te vermy. In die aanloop tot die inwyding van die Monument het sake 'n besliste politieke kleur gekry. Hugo verklaar dat die destydse Nasionale Party-regering Afrikaans met die inwyding van die Monument openlik as 'n kragtige simbool van Afrikanernasionalisme gekaar het (2009:109). Die regering het onder meer 1975 tot Taaljaar verklaar.

Voorts het die rol van verskillende Afrikaanssprekende bevolkingsgroepe by die inwyding van die monument op 10 Oktober 1975 politieke ondertone gehad. De Klerk het reeds in 1968 gemaan dat bruin mense van die begin af by die proses ingeskakel moes word, terwyl sommige ATMK-komiteelede van mening was dat ook swart mense en Engelssprekendes van alle rasse by die inwyding betrek moes word (ATMK-notule, 22 November 1968). Die ATMK het inderdaad (maar te laat) besluit dat al hierdie groepe by die inwydingseremonie betrek moes word, waarskynlik onder druk van die destydse regering (*Sunday Times*, 1975).

Ná 1994 is inisiatiewe begin om hierdie gaping te oorbrug en die beeld van die Museum en Monument te transformeer. Afrikaans en sy verhouding met die ander amptelike tale in Suid-Afrika bly steeds 'n sogenaamde "site of contestation" (Simos, 2012:1; Smith, 2013:135). Verskeie respondenten in Smith se navorsing het die Monument op negatiewe wyse geassosieer met die apartheidsera (2013:244-245), maar die Monument het baie min politieke konnotasies vir oorsese besoekers, volgens Smith (2013:245).

3.2 Kontemporêre kontroversie

Die ATM werk doelgerig daaraan om die Monument te herposisioneer as 'n kulturele baken, eerder as politieke ikoon. Die ATM-beheerraad het die beeld van die Monument getransformeerd sodat meer mense daarmee kan assosieer. Hierdie doelwit word bereik deur 'n wye verskeidenheid van geleenthede by die Monument aan te bied wat die breë Suid-Afrikaanse publiek teiken. Die uitstallings in die Museum is vernuwe met die oog op 'n meer inklusiewe hervertelling van die verhaal van Afrikaans in al sy fasette.

Kotze en Senekal (2020) het met die gebruik van onder meer sosiale medianavorsing bevind dat "... not only white people visit this monument to Afrikaans, but ... (other races) ... also take pictures ... and post about it on ... social media platforms. As such, we show that the interest in this monument – just like the language itself – is not exclusively tied to one race." Kotze en Senekal (2020) toon dus die sukses van die transformasie-inisiatiewe van die ATM. Volgens hulle is die Monument lank nie meer die "eksklusiewe eiendom" van 'n enkele bevolkingsgroep in Suid-Afrika nie.

Ten spye van die transformasiedoelwitte van die ATM is daar steeds wantroue in die pogings om mense uit 'n wyer agtergrond te betrek. Hierdie inisiatiewe is by geleenthed selfs as "flying a flag of convenience" en die bedryf van "selective history" beskryf (Smith, 2013:267).

3.2.1 Politiek (weer 'n keer)

Die ATM, en spesifiek die Monument, bly nie uit die politieke spervuur nie. Soos in 1975 die geval was, het politiek ná die bewindsveranderings van 1994 weer kop uitgesteek. In 2002 is daar van owerheidsweë voorgestel dat die Afrikaanse Taalmonument 'n monument vir alle

tale in Suid-Afrika word, en nie slegs vir Afrikaans nie. Die gedagte is heftig teengestaan, onder andere deur die toenmalige Direkteur van die ATM, mnr. JP (Jack) Louw. Louw het in 'n brief aan die Nasionale Vergadering verklaar dat pogings om die simboliek, wat uiters spesifiek op die herkoms van Afrikaans gerig is, te manipuleer om "gelyke simboliese betekenis vir al elf amptelike tale in die Taalmonument te vind", op karaktermoord sou neerkom (Brief, 19 November 2002).

Volgens Smith het die ATM deur middel van erkenning en bevordering van Afrikaans die simbool van die hernieude stryd om die behoud van die taal geword (2003:136). Die Suid-Afrikaanse nasie het egter 'n "tumultuous history which has left people scarred and deeply suspicious" (Hauptfleisch aangehaal in Smith, 2003). Afrikaans word steeds in sekere kringe geassosieer met die apartheidsregering wat voor 1994 aan bewind was. Dit lei tot 'n weersin in die taal by 'n groot persentasie van die Suid-Afrikaanse bevolking (Smith, 2013:134).

Die Afrikaanse Taalmonument het opnuut die onderwerp van politieke twis geword ná die uitsprake van die huidige Minister van Sport, Kuns en Kultuur, mnr. Nathi Mthethwa. Die ATM het op 18 Mei 2022 in 'n mediavrystelling soos volg verklaar (ATM 2022):

Dit is korrek dat die agbare minister van sport, kuns en kultuur, Nathi Mthethwa, op 10 Maart 2022 in Pretoria gesê het dat die ATM se naam moet verander. Dit was tydens die jaarlikse ondertekeningsceremonie van die aandeelhouerkompakoordeenskoms tussen die Departement en alle hoofde en voorsitters van die openbare entiteite wat onder sy portefeuille val.

In reaksie het die instelling besluit om 'n konsultasieproses van stapel te stuur om die haalbaarheid van 'n moontlike naamsverandering te ondersoek. Die eerste stap is om 'n strategiese beplanningsessie met die ATM-raadslede op 26 en 27 Mei 2022 te hou, gevvolg deur 'n openbare vergadering op 28 Mei in die Paarl waartydens die publiek se insette gevra sal word. Tot dan verkies die ATM se raad en bestuur om nie verdere openbare kommentaar te lewer nie om sodoende nie die proses vooruit te loop nie.

Die verklaring deur die ATM-raad het die spreekwoordelike knuppel in die hoenderhok gegooi. Op die openbare vergadering van 28 Mei 2022 het die aanwesige lede van die publiek en verteenwoordigers van politieke partye en die burgerlike samelewing almal oorweldigende steun vir die behoud van die naam *Afrikaanse Taalmonument* uitgespreek.

Van Heerden (2022) verskaf 'n omvattende besprekking van die kommentare en besware wat tydens die vergadering geopper is. Van Heerden (2022) rapporteer dat besware teen die moontlike naamsverandering uit verskeie oorde en deur verskeie persone uitgespreek is, terwyl daar tydens die vergadering geen steun vir 'n verandering van die naam van die ATM, die museum of die monument was nie. Volgens Van Heerden (2022) het dr. Corné Mulder (Parlementêre Hoofsweep van die Vryheidsfront+, die VF+), me. Alana Bailey (Afriforum), mnre. Willie Aucamp (LP vir die Demokratiese Alliansie, die DA), Mark Johannes (lid van die Awê Musiekgroep), Pieter Marais (LPW van die VF+ en lid van die Griekwa-koningshuis), Gerhard Pretorius (FAK), Désirée van der Walt (LP van die DA) Danie van Wyk (uitvoerende voorsitter van die DAK⁸-netwerk), en twee ongeïdentifiseerde sprekers teen die naamsverandering beswaar gemaak. Die besware het hoofsaaklik gefokus op:

⁸ DAK in die Netwerk se naam verwys na die name van drie taalvaardige Khoi-leiers, naamlik Doman-Nomoa, Autshumao en Krotoa.

- Afrikaans as 'n taal om op trots te wees;
- Die behoud van die naam Afrikaanse Taalmonument en teenkanting teen politieke of ander pogings om dit te verander;
- Die grondwetlike beskerming wat Afrikaans geniet;
- Die erkenning van Afrikaans as 'n inheemse taal in Suid-Afrika;
- Die ekonomiese voordeel vir die plaaslike ekonomie van die Paarl wat spruit uit die besoekers aan die Afrikaanse Taalmonument;
- Die inklusiwiteit van die Afrikaanse Taalmonument vir alle Afrikaanssprekendes; en
- Die Suid-Afrikaanse wortels van Afrikaans;

Die DA het die gesprek opgevolg met 'n versoekskrif aan die ATM (e-pos van Leon Schreiber, 2 Junie 2022) waarin –

[d]ie DA ... 'n dringende beroep ... (doen) ... op die bestuur van die Afrikaanse Taalmonument om nie die knie te buig voor die waansin van Nathi Mthethwa en die ANC nie. Eerder as om monumente van hul betekenis te stroop en ons diversiteit te probeer aanval, behoort Suid-Afrika se ryk en diverse taalerfenis gekoester en beskerm te word.

Die FAK het 'n versoekskrif aan Mthethwa gerig waarin beswaar gemaak word teen die voorgestelde naamsverandering. Mthethwa het egter geweier om die versoekskrif in ontvangs te neem en ontken dat hy ooit gesê het dat die Monument se naam moet verander (Heyns, 2022).⁹ Volgens Heyns (2022) het 'n beampte van die DSKK, mnr. Simon Nkanunu, in 'n brief aan die Parlementêre Portefeuiljekomitee vir Sport, Kuns en Kultuur beweer dat Mthethwa by onbevestigde gerugte betrek word en nooit gevra het dat die naam verander word nie (sien ook Nienaber, 2022a).

Tydens die bespreking van die begrotingspos van Die Presidensie in die Parlement op 9 en 10 Junie 2022 het dr. Pieter Groenewald, die leier van die Vryheidsfront Plus (VF+) in die Parlement, die kontroversiële naamsverandering van die Afrikaanse Taalmonument geopper. Groenewald het gesê (2022):

Die kwessie van Afrikaans is ook belangrik. Die minister van kuns en kultuur, Nathi Mthethwa, dreig om die woord Afrikaans uit die Afrikaanse Taalmonument en museum te verwijder. Dit terwyl daar waarskynlik nie nog 'n monument in Suid-Afrika is wat meer inklusief is en meer erkenning gee aan ander tale soos die Nguni- en Khoi-San-tale nie.

In reaksie op Groenewald se toespraak het pres. Cyril Ramaphosa in sy "Repliek op die Begrotingsposdebat" (2022a) gesê:

Honourable Groenewald ... raised the issue of the Afrikaanse Taalmonument and I said that from what I heard from Minister Mthethwa, that was not the case, but he has said that he wants to have a further discussion with me on this matter.

⁹ Hierdie ontkenning deur Mthethwa herinner aan sy gedrag na die bekendmaking vroeg in Mei 2022 van die DSKK se voorname om 'n seremoniële vlagpaal van 100 meter hoog teen 'n koste van R22 miljoen te laat oprig (Cornelissen, 2022). Na openbare kritiek het Mthethwa aangekondig dat die voorstel hersien sal word (Oosthuizen, 2022), terwyl president Cyril Ramaphosa daarna aangekondig het dat die projek van die baan is. In Julie 2022 is egter berig dat Mthethwa en die DSKK weer die oprigting van die vlagpaal oorweeg (Prince, 2022).

Dit is interessant dat hierdie opmerking van Ramaphosa (2022a) in sy repliek in die Parlement nie in die gepubliseerde teks van die “Repliek op die Begrotingsposdebat” (2022b) voorkom nie. Die opmerking in die Parlement word gesien as ’n aanduiding daarvan dat die regering en Mthethwa –

- nooit van voorneme was om die Afrikaanse Taalmonument se naam te verander nie, soos in die skrywe van Nkanunu gemeld is; of
- van die voorneme om die ATM se naam te verander, afgesien het.

Beide die VF+ en die DA het positief op hierdie reaksie deur Ramaphosa gereageer en vertolk dit as bevestiging dat die naamsverandering van die Afrikaanse Taalmonument nie langer op die politieke agenda is nie. Uit hul reaksie op Ramaphosa se standpunt in die Parlement blyk dat beide die VF+ en die DA van mening is dat die tweede moontlikheid (dat van die voorneme afgesien is) die korrekte interpretasie is. Trouens, enige interpretasie dat Mthethwa kwansuis nooit ’n naamsverandering geopper het nie, is ongeloofwaardig.

Barnard (2022) rapporteer “(d)ie VF Plus verwelkom pres. Cyril Ramaphosa se uitlating dat daar geen voorneme is om die Afrikaanse Taalmonument en -museum [*sic*] (ATM) se naam te verander nie, sê dr. Pieter Groenewald, leier van die party”. Groenewald het egter bygevoeg dat “... daar nogtans gewaak moet word teen subtile druk wat die minister en die regering steeds op die ATM-raad kan plaas om die naam te verander” (Barnard, 2022).

Die DA het by wyse van ’n mediaverklaring deur me. Veronica van Dyk (Demokratiese Alliansie, 2022) soos volg gereageer:

Die DA verwelkom president Cyril Ramaphosa se verskering vandag in die Parlement dat die Afrikaanse Taalmuseum en -monument nie gedwing sal word om sy naam te verander nie. ... Sou die minister van sport, kuns en kultuur, Nathi Mthethwa, ooit weer terugloop op sy besluit rakende die naam van die Afrikaanse Taalmonument, sal die DA dit weer teenstaan. Ons sal nie toelaat dat enige inheemse tale, insluitend Afrikaans, vertrap word nie. Ons versoek ook steeds dat Minister Mthethwa onomwonne op ’n openbare platform sy besluit om nie die ATM se naam te verander nie, bekendmaak.

Intussen berig Van der Westhuizen (2022) dat Mthethwa in antwoord op ’n Parlementêre vraag verklaar het dat daar geen beleid is om die naam van die Afrikaanse Taalmuseum of die Afrikaanse Taalmonument te verander nie. Die Ministerie en die DSKK het geen beleid om die woord *Afrikaans* uit die Monument se naam te verwijder nie (Van der Westhuizen, 2022). Mthethwa het egter bygevoeg dat die departementele beleid bloot verander is sodat elke entiteit onder die DSKK se beheer minstens een inheemse taal aan bord neem (Van der Westhuizen, 2022). Die volle Engelse bewoording van die Mthethwa se Parlementêre antwoord is die volgende (Parliamentary Question, 2022):

No such policy has been made by the Department or the Ministry to remove Afrikaans from the name of the Afrikaanse Taalmuseum en monument. So there will be no name change on the ATM. We have charged our entities to ensure that as part of the language development, the entity should take on board at least one indigenous language.

Dit is totaal onduidelik wat “inheemse taal aan bord neem” vir die Afrikaanse Taalmonument inhou.

Die waarheid is die grootste slagoffer van die politieke twis wat oor die naam van die Afrikaanse Taalmonument ontstaan het, gegewe die optrede van Mthethwa. Groenewald het gelyk dat waaksamheid nodig is “... teen subtile druk wat die minister en die regering steeds

op die ATM-raad kan plaas om die naam te verander” (Barnard, 2022). Die Demokratiese Alliansie (2022) is korrek in sy opmerking oor die gevaar dat “... die minister van sport, kuns en kultuur, Nathi Mthethwa ... terugloop op sy besluit rakende die naam van die Afrikaanse Taalmonument ...”¹⁰ Politieke druk vir ’n naamsverandering kan opnuut kop uitsteek. Dit is egter nie die enigste saak wat die Afrikaanse Taalmonument se naam in gevaar stel nie.

3.2.2 Rasionalisasie

Die DSKK het ’n rasionalisasieplan vir museums en monumente onder sy beheer ontwikkel. Hiervolgens word beplan om bestaande museums en monumente hul outonomie te ontnem en die instellings in groter vlagskipinstellings (“flagship institutions”) saam te snoer.

Die plan word gemotiveer op grond van besparings wat na bewering deur groter vlagskipinstellings behaal kan word, teenoor die kostestruktuur van individuele outonome instellings. Die verwagte besparings is bereken op grond van ’n aantal aannames, wat onder meer die rasionalisasie van beheerraude van hierdie instellings en ’n mate van personeel-rasionalisasie insluit. Of rasionalisasie wel die verwagte besparings sal meebring, sal net die tyd leer.

Kragtens hierdie plan sal vier instellings op die gebied van taal en literatuur (*language and literature*) saamgegroepeer word in ’n nuwe vlagskipinstelling. Die betrokke instellings is die volgende:

- Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika (*National Library of South Africa*, of NLSA);
- Suid-Afrikaanse Biblioteek vir die Blindes (*South African Library for the Blind*, of SALB);
- Amawazi Suid-Afrikaanse Museum vir Literatuur (*Amazwi South African Museum of Literature*); en
- Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM).

Die naam van hierdie vlagskipinstelling moet nog bepaal word. Die rasionalisasie bied egter aan Mthethwa ’n gulde geleentheid om die naamsverandering van die Afrikaanse Taalmonument deur die agterdeur te bewerkstellig, byvoorbeeld deur die Monument na die vlagskipinstelling te vernoem.

Die opmerking van Mthethwa oor ’n verandering van die naam van die Afrikaanse Taalmonument, wat intussen ontken is, kan dus moontlik slegs ’n rookskerm wees vir die implementering van die groter rasionalisasieplan waarbinne Mthethwa sy doelwit met ’n naamsverandering kan bereik. Dit sal in daardie omstandighede nodig wees vir die publiek, die burgerlike samelewing en politieke partye om dieselfde druk uit te oefen as wat die geval met Mthethwa se direkte aanslag op die naam was.

Historiese skermutselinge in die aanloop tot die oprigting van die Afrikaanse Taalmonument op Paarlberg, kritiek op die aanwending en ontwerp, probleme met die inwydingseremonie en kommentaar op die struktuur en voorkoms word verdwerg deur die huidige aanslag teen die aard en voortbestaan van die *Afrikaanse Taalmonument*. Jukskeibrekers in die aanloop tot die oprigting van die Monument en in die tydperk daarna kon in hul wildste drome nie die huidige aanslag voorsien nie.

¹⁰ Sien asseblief ook die voetnoot oor die omstrede vlagpaal hier bo.

3.2.3 Onafhanklikheid

'n Alternatief teen die aanslag van Mthethwa is om die ATM onafhanklik van die Suid-Afrikaanse regering te maak. Dit sal die "gesag" ophef wat die regering, die Minister en die DSKK tans oor die ATM uitoefen op grond van die subsidiëring van die ATM deur die staat.

'n Voorstel van die DA-regering in die provinsie Wes-Kaap is een moontlikheid om hierdie oogmerk te bereik. Die DA-regering in die Wes-Kaap het 'n versoek aan Mthethwa gerig dat die bestuur van die Monument aan die Wes-Kaapse regering oorgedra word (Nienaber, 2022b). Mthethwa het nie op hierdie versoek gereageer nie.

Die DA se voorstel dat die sentrale regering die Monument aan die Wes-Kaapse DA-regering moet oordra, is nie heeltemal so eenvoudig as wat dit op die oog af lyk nie. Hoewel nie eksplisiet uitgestippel nie, word aanvaar dat die voorstel by implikasie ook die oordrag van die Museum insluit, en dus op die geheel van die ATM betrekking het.

Die voorstel vir "provinsiale onafhanklikheid" van die ATM kan slaag as (i) die sentrale regering instem; (ii) die sentrale regering die ATM se bates (grond en geboue) aan die Wes-Kaapse provinsiale regering oordra; en (iii) die Wes-Kaapse provinsiale regering finansiële verantwoordelikheid aanvaar vir die staatsubsidie wat die ATM jaarliks van die sentrale regering ontvang, hoewel sodanige oordrag natuurlik nie die moontlikheid van volgehoudene steun deur die sentrale regering uitsluit nie.

Die subsidie wat die ATM ontvang, bestaan uit 'n jaarlikse bedrag ter bestryding van lopende uitgawes (byvoorbeeld personeel en onderhoud) en periodieke toekenning vir kapitale werke. Laasgenoemde toekenning wissel na behoefté. Die totale toekenning (lopende uitgawes en kapitale werke) vir die finansiële jaar tot 31 Maart 2021 het R10 550 881 beloop (ATM, 2021). Dit gee 'n aanduiding van die jaarlikse finansiële verpligting wat die Wes-Kaap provinsiale regering sal moet aanvaar as die sentrale regering tot die oordrag van die ATM instem.

'n Alternatief is die "onafhanklikheid" van die ATM binne 'n stigting of trust onder privaat beheer. Dit sou kon slaag as (i) die sentrale regering instem; (ii) die sentrale regering die ATM se bates (grond en geboue) aan so 'n stigting of trust oordra; en (iii) die stigting of trust finansiële verantwoordelikheid vir die ATM aanvaar. Die sentrale regering sou ook kon voortgaan om die ATM binne 'n "onafhanklike" struktuur te steun.

Die onmiddellike gevolg van so 'n oordrag sal natuurlik wees dat die stigting of trust wat die ATM oorneem, vir die lopende finansiële koste van die Museum en Monument verantwoordelik sal wees. Voorts sal die stigting of trust ook voldoende fondse moet insamel om die aankoopprys van die ATM te betaal as die regering instem tot oordrag, maar nie tot kosteloze oordrag nie. Selfs al stem die regering tot kosteloze oordrag in, sal daar steeds koste uit die eiendomsoordrag voortspruit.

Die bedryfskoste van die ATM sal hoér wees as wat tans die geval is, onder meer omdat die regering geen bates verseker nie. Daarteenoor sal die stigting of trust die Museum, die inhoud daarvan en die Monument moet verseker.

Die nuwe stigting of trust kan die verantwoordelikheid slegs aanvaar indien die sentrale regering tot eiendomsoordrag instem, maar ook in die veronderstelling dat –

- voldoende donasies en skenkings jaarliks ingevorder word om die staatsubsidie wat wegval, te dek, wat 'n baie riskante opsie is; of
- 'n vooraf befondsde trustfonds geskep word wat jaarliks voldoende volgehoudene inkomste lewer om die Museum en Monument onbepaald te laat voortbestaan, want

die befondsing van 'n trustfonds voor die verpligting oorgeneem word, is 'n baie veiliger opsie.

Voorts sal voldoende fondse ingesamel moet word vir die aankoop van die ATM se bates indien die regering nie tot kosteloze oordrag instem nie. Die fondse vir so 'n aankoop is nodig bo en behalwe die trustfonds vir die lopende befondsing van die ATM.

Gebaseer op die subsidie van sowat R10,6 miljoen in die finansiële jaar tot 31 Maart 2021, inflasie sedertdien en hoër koste (byvoorbeeld versekeringskoste) as wat tans die geval is, sal 'n trustfonds van ongeveer R350 miljoen nodig wees vir die volhoubare bestuur en onderhoud van die ATM. Dit veronderstel 'n jaarlikse onttrekking van 3,5 persent uit die trustfonds, wat jaarliks in nominale randwaarde met die inflasiekous groei danksy groei in die trustfonds se kapitaal.

Enige vorm van "onafhanklikheid" van die DSKK sal die ATM beskerm teen druk om die naam of enigiets anders te verander. Dit sal ook die departementele voorskrif dat die ATM 'n inheemse taal "aan bord moet neem", ongedaan maak.

4. Gevolgtrekkings

Die oprigting van die Afrikaanse Taalmonument teen die hange van Paarlberg was die resultaat van 'n grootse poging sedert die voorstel in 1942 gemaak is. Die Monument word ondersteun deur die Afrikaanse Taalmuseum in die Paarl en die twee dien saam as simbole wat die ontstaan en vestiging van 'n nuwe taal in Suid-Afrika gedenk. Die Monument teen Paarlberg is nie die enigste Afrikaanse taalmonument nie. Navorsing is dus nodig om te bepaal of daar nog Afrikaanse taalmonumente is wat "ontdek" moet word en waarvan die inligting nie by die ATM aangeteken is nie.

Die Afrikaanse Taalmonument teen Paarlberg is egter die bekendste taalmonument en is oor die afgelope 80 jaar, sedert die eerste oproepe vir die oprigting daarvan, dikwels in kontroversie gehul. Pieters se stelling "... the Taalmonument has survived unchanged but not unchallenged" (s.j.:42) verwoord die huidige situasie. Die fisiese struktuur het wel onveranderd gebly, maar persepsies van die Monument bly nooit staties nie.

Dit is opvallend dat die Monument omstrede is, maar nie die Museum nie. Die verklaring is waarskynlik dat die Museum nie so sigbaar en prominent as die Monument is nie.

Die jongste twispunt volg ná 'n opmerking deur die Minister van Sport, Kuns en Kultuur oor 'n naamsverandering vir die *Afrikaanse Taalmonument*. Hierdie politieke aanslag op die Monument is vir die oomblik afgeweert met weerstand deur die publiek, verteenwoordigers van die georganiseerde burgerlike samelewing en politieke partye. Die teenkanting teen 'n naamsverandering was so oorweldigend dat die Minister by wyse van korrespondensie deur 'n beampete van die DSKK ontken het dat hy ooit die moontlikheid van 'n naamsverandering geopper het. Die publiek sal besluit of hulle die Minister se ontkenning glo, omdat Mthethwa intussen in antwoord op 'n Parlementêre vraag aangedui het dat naamsverandering nie ter sprake is nie, maar dat die ATM 'n inheemse taal aan bord moet neem. Die implikasie van laasgenoemde opmerking is onduidelik.

Die voortbestaan van die identiteit en naam van die ATM binne 'n beoogde vlagskipinstelling plaas nuwe uitdagings op die pad van die Museum en Monument. Die reaksie van die publiek op die politieke druk vir 'n naamsverandering gee die indruk dat 'n naamsverandering wat binne 'n vlagskipinstelling ter sprake kan kom, dieselfde gevolg kan hê.

Finansiële en bestuursonafhanklikheid van die sentrale regering vir die ATM sonder finansiële hulp van die sentrale regering kan oorweeg word as laasgenoemde daartoe instem.

Die twee alternatiewe is oordrag aan die Wes-Kaapse provinsiale regering, of oordrag aan 'n privaat instelling. Laasgenoemde opsie sal egter groot privaat finansiële eise stel en verantwoordelikhede meebring.

Kontroversie oor die Afrikaanse Taalmonument is nog lank nie verby nie. Nou, 80 jaar ná die eerste stappe om die ATM op te rig, kom die naam van die *Afrikaanse Taalmonument* in die gedrang. Dit laat vorige probleme na bloot ligte skermutselinge lyk.

BIBLIOGRAFIE

- Afrikaanse Taalmonumentkomitee (ATMK). Ongepubliseerde notules. 1942–1975.
- ATM. 2021. *Annual Report 2020/21*. Aanlyn by <http://www.taalmuseum.co.za/wp-content/uploads/2022/06/Taalmonument-annual-report-20202021.pdf> [9 Junie 2022].
- ATM. 2022. *Mediaverklaring*. 18 Mei 2022. Aanlyn by <https://www.litnet.co.za/persverklaring-deur-die-afrikaanse-taalmuseum-en-monument-oor-n-moontlike-naamsverandering-vir-die-instelling/html> [19 Junie 2022].
- Barnard, M. 2022. VF Plus bly oor Ramaphosa se antwoord oor Taalmonument. *Netwerk24*. 11 Junie. Aanlyn by <https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/aktueel/vf-plus-bly-oor-ramaphosa-se-antwoord-oor-taalmonument-20220611> [12 Junie 2022].
- Beningfield, J. 2004. Native lands: Nation, language and landscape in the Taal Monument, Paarl, South Africa. *Social Identities*, 10(4).
- Carstens, WAM & Raidt, EH. 2019. *Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika. Biografie van 'n taal*, Deel 2. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Cattermole, P. 2008. *Architectural excellence: 500 iconic buildings*. Ontario: Firefly Books.
- Coombes, AE. 2003. *History after Apartheid: Visual culture and public memory in a democratic South Africa*. Durham: Duke University Press.
- Cornelissen, C. 2022. Woede oor R22 miljoen vir stok in grond met met vlag. *Maroela Media*. 11 Mei. Aanlyn by <https://maroelamedia.co.za/sa-nuus> [25 Julie 2022].
- Demokratiese Alliansie. 2022. DA verwelkom President se versekering dat die Afrikaanse Taalmuseum se naam nie sal verander nie. *Persverklaring deur Veronica van Dyk, LP*. Aanlyn by <https://www.da.org.za/2022/06/da-verwelkom-president-se-versekering-dat-die-afrikaanse-taalmuseum-se-naam-nie-sal-verander-nie> [12 Junie 2022].
- De Klerk, WA. 1974. *Klein reis deur Drakenstein*. Johannesburg: Perskor.
- Die Afrikaanse Taalmonument*. 2014. Inligtingsboekie.
- Die Afrikaanse Taalmuseum*. 2015. Inligtingspamflet.
- De Afrikander Handelshuis. 2016. *Die Eerste Taalmonument in Suid-Afrika*. 26 Desember. Aanlyn by <https://afrikander.com/blogs/news/die-eerste-taalmonument-in-suid-africa> [8 Junie 2022].
- Die Burger*. 1971. Die eg ou-Kaapse gaan tot niet. 2 November.
- Die Burger*. 1975. Veertigduisend by die Taalfees. 11 Oktober.
- Die Huisgenoot*. 1950. 4 Augustus.
- Die Suid-Afrikaan*. 1995. Taalmonument: Fallus of volkskaf? Vol 53.
- Eldridge, R. 2003. *An introduction to the philosophy of art*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Groenewald, PJ. 2022. Ramaphosa moet oop kaarte speel oor diefstal op sy plaas. *Vryheidsfront Plus*. 9 Junie. Aanlyn by <https://vfplus.org.za/media-releases/ramaphosa-moet-oop-kaarte-speel-oor-diefstal-op-sy-plaas> [12 Junie 2022].
- Heyns, T. 2022. Minister weier glo petisie oor Taalmonument. *Maroela Media*. 8 Junie. Aanlyn by <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/minister-weier-glo-petisie-oor-taalmonument/> [9 Junie 2022].
- Hugo, D. (red.). 2009. *Halala Afrikaans*. Stellenbosch: Protea Boekhuis.
- Huigen, S. 2008. Taalmonumente. In Grundling A & Huigen S. (eds.). *Van Volksmoeder tot Fokospolisiekar: Kritiese opstelle oor Afrikaanse herinneringsplekke*. Stellenbosch: SunPress.
- Kotze, E & Senekal, B. 2020. Not just a language with white faces: Analysing #taalmonument on Instagram using machine learning. *The Journal for Transdisciplinary Research in Southern Africa*. Jaargang 16, Nommer 1.

- Le Cordeur, M. 2010a. Die rol van Islam in Afrikaans: Afrikaans behoort aan almal wat dit praat, skryf en liefhet. Ongepubliseerde referaat gelewer by ATKV-kongres, Goudini, 27 Februarie.
- Le Cordeur, M. 2010b. Kaapse Afrikaans. *Die Burger*, 17 Maart.
- Litnet. 2010. *Die ontstaan van die Afrikaanse Taalmonument en -museum*. Aanlyn by https://argief.litnet.co.za/article.php?news_id=91111 [8 Junie 2022].
- Louw, J. 19 November 2002. Ongepubliseerde brief.
- Madia, M. 2022. Ramaphosa orders Mthethwa to scrap R22m flag project. *EWN*. 20 July. <https://ewn.co.za/2022/05/20/ramaphosa-orders-mthethwa-to-scrap-r22m-flag-project> [25 July 2022].
- Monumente, gedenktekens en interessanthede in Suid Afrika. s.j. Aanlyn by <http://monument-sa.co.za/afrikaanse-taalmonument-burgersdorp-paarl-welkom-petrus-steyn-meyerton/> [9 Junie 2022].
- Nienaber, M. 2022a. G'n reaksie op FAK-versoekskrif aan minister oor monument. Netwerk24. 8 Junie. Aanlyn beskikbaar by <https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/aktueel/gn-reaksie-op-fak-versoekskrif-aan-minister-oor-monument-20220608> [9 Junie 2022].
- Nienaber, M. 2022b. Taalmonument: Duisende onderteken DA-versoekskrif. Netwerk24. 9 Junie. Aanlyn by <https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/politiek/taalmonument-duisende-onderteken-da-versoekskrif-20220607> [7 Junie 2022].
- Oosthuizen, J. 2022. Minister in spervuur oor vlag- en Taalmonument. *Voertaal*. 19 Mei 2022. Aanlyn by <https://voertaal.nu/minister-in-spervuur-oor-vlag-en-taalmonument/> [25 Julie 2022].
- Pakendorf, G. 1992. W.A. de Klerk is in pylvak, maar sy vuur is nog nie geblus. Aanlyn by <http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/1992/03/07/11/14.html> [Verskeie datums].
- Parliamentary Question. 2022. *National Assembly: Question No. 2130-2022. Written reply: Internal Question Paper No. 20-2022*. Aanlyn by https://www.parliament.gov.za/storage/app/media/Docs/exe_rq_na/6e18a47e-07a4-4464-87d0-fdd082851e3a.pdf [16 June 2022].
- Pieters, H. s.j. *The Taalmonument: Monument for what?* Unpublished Master's dissertation, Department of Arts & Heritage, Maastricht University.
- Prince, L. 2022. 'Verstommend' dat Mthethwa volhou met omstrede vlagprojek. *Netwerk24*. 24 Julie. Aanlyn by <https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/politiek/mthethwa-wil-steeds-sy-omstrede-vlagprojek-laat-wapper-20220724> [25 Julie 2022].
- Ramaphosa, MC. 2022a. *Repliek op die Begrotingsposdebat*. 10 Junie (soos gelewer). Aanlyn by https://www.youtube.com/watch?v=ArkFplQt_Kk [12 Junie 2022].
- Ramaphosa, MC. 2022b. *Repliek op die Begrotingsposdebat*. 10 Junie (soos gepubliseer). Aanlyn by <https://www.thepresidency.gov.za/speeches/reply-president-cyril-ramaphosa-presidency-budget-vote-debate-2022%2C-good-hope-chamber%2C-parliament%2C-cape-town>. [12 Junie 2022].
- Schreiber, L. 2 Junie 2022. E-pos.
- Simos, C. 2013. *Paarl Taal Monument: Struggle during apartheid and post-apartheid*. Unpublished paper, Architecture Department, University of Cape Town.
- Smith, S. 2013. *Monumentalising language: Visitor experience and meaning making at the Afrikaanse Taalmonument*. Unpublished doctor's thesis, School of Tourism and Hospitality Management, Southern Cross University, Lismore, Australia.
- Smith, S. 13 November 2014. E-pos.
- Swart, MJ. (red.). 1989. *Afrikanerbakens*. FAK: Pretoria.
- Steyn, JC. 2014. *Ons gaan 'n taal maak. Afrikaans sedert die Patriot-jare*. Pretoria: Kraal-uitgewers. *Sunday Times*. 1975. Top Nats intervene. 27 April.
- Van der Westhuizen, G. 2022. Afrikaans bly in Taalmonument se naam. Netwerk24. 15 Junie. Aanlyn by <https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/aktueel/afrikaans-bly-in-taalmonument-se-naam-20220615> [16 Junie 2022].
- Van Heerden, S. 2022. Afrikaanses sê aikôna vir Mthethwa. *Maroela Media*. 28 Mei. Aanlyn by <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/afrikaanses-se-aikona-vir-mthethwa/> [25 Julie 2022].
- Van Niekerk, A. 2000. Taalmonument aan die suiderhang van Paarlberg. *Die Taalgenoot*, 8/9 (60).
- Van Rensburg, C. 2012. *So kry ons Afrikaans ...* Pretoria: Lapa Uitgewers.
- Van Wijk, E. 14 Maart 2014. E-pos.
- Van Wijk, J. 30 Julie 1976. Ongepubliseerde brief.
- Van Wijk, J. 2014. *Taalmonument*. Tokai: Historical Media.

- Van Zyl, A. 2013. *Die invloed van die slawe op die vorming van Afrikaans*. Ongepubliseerde lesing gelewer by ATM-slawedagviering. Paarl, 5 Desember 2013.
- Van Zyl, A. 2020. Afrikaans Language Monument: A contested monument for a contested language. In Brunn, S & Kehrein, R. (eds). 2020. *Handbook of the changing world language map*. Cham, Switzerland: Springer.
- Van Zyl, A & Rossouw, J. 2016. Die Afrikaanse Taalmuseum en -monument in die Paarl: 40 jaar later. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(2-1).
- Venter, H. 1959. Die wonder van Afrikaans. *Koers*. Deel XXVI, Nommer 10. Aanlyn by file:///C:/Users/A0037611/Downloads/iburger,+1.pdf [16 Junie 2022].
- Vorster, BJ. 1975. Ongepubliseerde openingstoespraak (klankopname en transkripsie). 10 Oktober.

Redakteursnota

In die vorige uitgawe, Junie 2022, het die redaksie 'n ope uitnodiging aan lezers gerig om te reageer op die meningsartikel van prof. Chris Brink, voormalige rektor aan die Universiteit Stellenbosch (2002–2007), oor "die twintig jaar van openbare taaldebat op Stellenbosch" (p. 411). In hierdie uitgawe publiseer ons die reaksie van dr. Edwin Hertzog, voormalige voorsitter en ondervoorsitter van die Raad van die Universiteit Stellenbosch (2000–2008).

Dr. Hertzog se uiteindelike bevinding is "dat die aanpassings wat gedurende prof. Brink se termyn aan die taalbeleid gemaak is, nodig en in die beste belang van die universiteit was" (p. 608). Hy vind dit wel jammer dat "die akademiese onderbou van Afrikaans in die proses onder druk gekom het" (p. 608).

Twintig jaar later het die tersi  re landskap in Suid-Afrika onherroeplik verander en is Afrikaans as wetenskapstaal ongetwyfeld onder druk. Nietemin is daar die afgelope twintig jaar ook verskeie inisiatiewe onderneem waardeur Afrikaans op verskillende terreine bevorder is. Hiervan is die stigting van Akademia, 'n privaat ho  ronderwysinstelling, onteenseglike getuenis van 'n voortgesette betrokkenheid by die handhawing van Afrikaans as wetenskaps-taal.

Die redaksie beplan 'n temanommer oor huidige en toekomstige inisiatiewe rakende Afrikaans, waarin herbesinning oor vroe  re optredes en standpunte beslis ook sal figureer. Prof. Wannie Carstens sal as gasredakteur optree en belangstellendes word versoek om aan hom te skryf by: wannie.carstens@nwu.ac.za.

INA WOLFAARDT-GR  BE

Redakteur: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*

E-posadres: publikasies@akademie.co.za

Aanvullende kommentaar oor die taaldebat op Stellenbosch

Inleidende tersaaklike agtergrond:

Vanaf 1998 tot vroeg 2008 het ek as 'n verteenwoordiger van die Konvokasie op die Raad van die Universiteit Stellenbosch (US) gedien. Vir die laaste 4 jaar was ek voorsitter van die Raad en vir die voorafgaande 4 jaar ondervoorsitter. Ek was dus ten nouste betrokke by die hele termyn van 6 jaar van prof. Chris Brink se rektorskap asook die taaldebat waarna hy in sy artikel verwys.

Persoonlike loopbaanagtergrond is dat ek as narkotiseur opgelei is en gepraktiseer het voordat ek in 1983 die privaat hospitaalmaatskappy Mediclinic Internasional begin het waar ek in 2020 as voorsitter afgetree het. (Dit kan dalk ook gemeld word dat ek gedurende 1972 voorsitter van die US se Studenteraad was en vir die grootste gedeelte van my lewe op Stellenbosch gewoon het en steeds woon.)

Kommentaar

Eerstens wil ek net bevestig dat prof. Brink se meningsartikel in alle opsigte korrek is sover dit van toepassing is op my ervaring van en herinneringe aan daardie tydperk. So is daar wel byvoorbeeld heelwat druk deur die taalstryders op my uitgeoefen om te verhoed dat die boek *Chris Brink: Anatomie van 'n Omvormer* (Botha, 2007) gepubliseer kon word.

Verder sou ek in baie detail kon verval, maar gaan eerder net enkele hoofpunte uitlig soos ek die taaldebat retrospektief beskou:

- Die drie hooftaalstryders van daardie tyd was al drie redelik pas afgetrodenes wat al drie polities geïnteresseerde en georiënteerde persone was. My vermoede was dat hulle die taalstryd by die US en al die publisiteit wat dit ontvang het tot 'n mate geniet het. Ongelukkig het hulle in die proses egter die oorkoepelende, eerste vereiste van 'n raadslid, naamlik om op die lang termyn in die beste belang van die Universiteit te handel, eenvoudig net geïgnoreer. Hulle het die belang van 'n onderafdeling van die Universiteit (die taal van onderrig) bo die belang van die Universiteit in sy geheel gestel. Verder het hulle daardeur ook baie kosbare tyd en energie van ander raadslede en veral die US-bestuur, verspil.
- Goedkeuring rakende die taalbeleid vir spesifieke vakke het daardie tyd opgewentel vanaf een vlak na verskeie ander: vanaf die dosente na die departemente na die fakulteite na die taalkomitee na die Senaat en dan uiteindelik na die Raad. Op al hierdie vlakke was daar altyd oorweldigende steun om 'n meer buigsame benadering teenoor 'n groter Engelse aanbod op die kampus te implementeer. Die taalstryders wou egter gehad het dat Afrikaans van bo af deur die Raad in lesingsale afgedwing moes word en het selfs ook 'n slag voorgestel dat beamptes in lesingsale hieroor toesig moes hou.

- Nadat die taalstryders besef het dat hulle benadering duidelik nie deur die oorgrote meerderheid van die besluitnemende liggeme ondersteun word nie, het hulle ongelukkig wel begin met persoonlike aanvalle en swartsmeerdery van spesifieke prof. Brink en tot 'n mindere mate myself. Hulle het meermale ook die bestuur van doeltreffende raadsvergaderings bemoeilik.
- Wanneer ek vandag na die sukses en gewildheid van die US kyk, het ek volkome gemoedsrus dat die aanpassings wat aan die taalbeleid gedurende prof. Brink se termyn gemaak is, nodig en in die beste belang van die universiteit was. Dit is jammer dat die akademiese onderbou van Afrikaans in die proses onder druk gekom het, maar in Suid-Afrika behoort hierdie beskerming van 'n taal nie net as die plig van een universiteit gesien te word nie. As ek persoonlik meer aktief by sodanige beskerming betrokke sou geraak het, sou ek my eerder daarvoor beywer het dat die Afrikaanse taaldepartemente by soveel as moontlik universiteite lewenskragtig bly ... pleks daarvan dat van hulle, soos byvoorbeeld by Wits en Rhodes, moes sluit.

Ten slotte vra ek dieselfde vraag as prof. Brink, naamlik: "Is Afrikaans nou een iota beter af as wat dit sou gewees het sonder al die bakleery oor die taalbeleid van die US"?

DR. EDWIN HERTZOG

Stellenbosch

E-pos: edwin.hertzog@37dorp.co.za

Taalrubriek

Die skyn van waarheid en 'n blyk van waardering

Die woorde *skyn* en *blyk*, en veral die afleidings daarvan en verbindings daarvan, is skelm woorde, want hulle mislei 'n gebruiker maklik.

Die eerste ding wat 'n mens moet onthou, is dat hulle elkeen as 'n selfstandige naamwoord of as 'n werkwoord gebruik kan word. In die opskrif hier bo is hulle selfstandige naamwoorde, soos gesien kan word uit onder meer die lidwoorde *die* en 'n wat saam met hulle gebruik word, en, in die geval van *blyk*, dat hy die meervoud kan neem: "blyke van waardering".

Die *skyn* van waarheid beteken dat iets lyk soos, of die voorkoms het van, die waarheid, maar dit is nie regtig die waarheid nie. 'n *Blyk* van waardering is weer iets wat 'n waarneembare bewys is van die waardering wat daar vir 'n bepaalde persoon is.

In sinne soos "dit *blyk* dat daar bedrog gepleeg is" en "dit *skyn* die geval te wees" is hulle weer werkwoorde. In die eerste geval is die betekenis min of meer 'dit is duidelik [of: het duidelik geword] dat bedrog gepleeg is'; daar is dus bewyse van bedrog. In die tweede geval is die betekenis 'dit wil voorkom [of: dit lyk] of dit die geval is'; daar is dus nie bewyse dat dit so is nie, hoogstens 'n vermoede.

Uit hierdie eenvoudige verduidelikings is dit duidelik dat *blyk* op 'n feit, 'n werklikheid, 'n bewys slaan, en *skyn* op iets wat die voorkoms het van, of wat lyk soos, dit wat genoem word. Kru gestel, is dit dus juis iets wat nie 'n feit, werklikheid of bewys is nie, maar net so lyk.

Een van die foutiewe gebruikte wat 'n mens nogal dikwels in die werkwoordelike gebruik teëkom, is **blyk asof*, soos in die volgende sin: "Hy het verduidelik dat die kragnetwerk begin herstel en dat dit dus *blyk asof* kykers die naweek ononderbroke die rugby op TV sal kan sien." Dit behoort duidelik te wees dat *blyk* en *asof* hier teen mekaar stry, want *blyk* suggereer 'n feit of die werklikheid, en *asof* juis nie. Hier moes die skrywer eenvoudig gesê het: "... en dat dit dus *lyk asof* kykers ..." "

Bogenoemde basiese betekenis word ook aangetref in afleidings en verbindings waarin dié twee woorde die grondwoorde is: *klaarblyklik*, *blykens*, *skynbaar*, *oënskynlik* en *blykbaar*. Dit is veral met hierdie woorde waar skrywers die meeste kleitrap.

***klaarblyklik*:** Hier word sekerheid as 't ware dubbeld gestel, want *-blyk-* het natuurlik die betekenis wat hier bo genoem is en boonop word *klaar-* bygevoeg. Hierdie *klaar* word nie in hedendaagse Standaardafrikaans eintlik meer op sy eie gebruik nie, behalwe in verouerde of in digterlike taal, soos in Berymde Psalm 42: "Wanneer sal 'k, ná swerftog en benouing, God weer sien in klare aanskouing?" Ons ken dit egter nog in woorde soos *klaarblyklik*, *klinkklaar*, *klokklaar* en selfs *sonneklaar* en *klaroenklaar*.

Sowel die WAT as die WNT (*Woordenboek der Nederlandsche Taal*) gee 'n menigte betekenisonsderskeidings vir *klaar* aan, maar wat vir ons hier van belang is, is die WAT se "nie vaag, duister, onduidelik, dubbelsinnig nie" en die WNT se "onder duisterheid; zonder dubbelzinnigheid; voor ieder duidelik; voor ieder blykbaar; kennelijk".

Iets wat *klaarblyklik* die geval is, is dus sonder twyfel helder en duidelik die geval.

***blykens*:** Dit is nie 'n baie algemeen gebruikte woord nie en lewer gewoonlik nie gebruiksprobleme op nie. Dit beteken eenvoudig 'soos blyk uit (wat genoem word)',

byvoorbeeld “Blykens die berig het sy (dit of dat) gedoen” of soos in die WNT “Een jonge juffer ..., die, blykens het boek dat zij in de hand hield, met lezen bezig was.”

skynbaar en **oënskynlik**: Teenoor *klaarblyklik* staan dié twee *skyn*-woorde, want hulle gee onsekerheid te kenne: Eersgenoemde beteken duidelik ‘volgens die skyn, op die oog af’, en laasgenoemde beteken ‘te oordeel na die uiterlike, te oordeel na wat die oog kan sien, na soos dit lyk’. Die WNT voeg hierby dat dit ’n opvatting is waarby dit “in die midde gelaat word in hoeverre die oordeel juis is”.

In beide gevalle is die waarheid, die korrektheid, die feitelikheid van dit wat ter sprake is, nie seker en vasstaande nie. Met ’n sin soos “Hy het skynbaar/oënskynlik die geld gesteel” gee die spreker dus te kenne dat dit wel lyk asof hy die geld gesteel het, maar daar is nog geen sekerheid of bewys dat dit wel so is nie.

Maar soos dit maar dikwels met taal gaan, pas alles nie altyd netjies in vakkies en hokkies nie. Die woorde wat in hierdie aflewering bespreek word, suggereer dit ook, want dit lyk maklik genoeg om die *blyke* en die *skyne* volgens betekenis en gebruik uitmekaar te hou, maar dan kom ’n mens by **blykbaar**.

Die WNT sê by *blykbaar*: “Duidelijk, geen twijfel overlatende; ook attributief om aan te duiden dat eene zaak zonder twijfel moet worden erkend; ter aanduiding dat men aan de juistheid van het gezegde niet kan twijfelen”. Fyn – dit klop met wat vroeër oor die *blyk*-woorde gesê is. Maar dan voeg *Van Dale Groot Woordenboek der Nederlandse Taal* ’n tweede betekenisonsderskeiding by: “naar men mag of moet aannemen”, wat die strak feitelikheid versag.

Koenen en Endepols se *Verklarend Woordenboek der Nederlandse Taal* gaan ’n stappie verder en voeg die betekenis ‘waarschijnlijk’ by. Ook die WAT gee by *skynbaar* aan “sinoniem *blykbaar*”, en by *blykbaar* word ’n tweede betekenis gegee as ‘*skynbaar*’.

Dit is dus duidelik dat daar in sowel Afrikaans as Nederlands ’n betekenisuitbreiding plaasgevind het van ‘wat geen twyfel laat nie’ tot ook ‘waarskynlik’. Dis moeilik om te raai waarom dit gebeur het – dalk langdurige verkeerde gebruik? Hoe dit ook al sy, as ek moet skat, is die tweede betekenis van ‘waarskynlik, moontlik’ vandag in Afrikaans die oorwegende.

En **waarskynlik**? Dit beteken ‘met ’n vry groot kans op denkbaarheid, met ’n redelike mate van sekerheid’. Die *-skyn-* is maar dieselfde as hier bo – dus ‘wat ’n sekere indruk maak’ – en die *waar-* beteken, volgens die *Etymologisch Woordenboek van het Nederlands*, ‘overeenstemmend met de werkelijkheid’.

Die versigte spreker/skrywer sal hierdie woordet wel met die nodige oordeel gebruik.

JD (Tom) McLACHLAN

E-pos: tommcl@whalemail.co.za

Die Wysheid

Ek is 'n wye spesialis
'n kenner van elk' tipe nis
met wysheid op die hoogste vlak
van elke fakulteit en vak

My soekenjin staan altyd reg
(niks meer nie as 'n duimdruk weg)
om my te leer van dit en dat
van oorlog, entstof, en nog wat

Ook wysheid het ek gou bekom:
My slimfoon ken die volle som!

Ek weet nou meer oor elke saak
as proffies wat 'n lewe maak
van dink en vra en publiseer

Dalk moet hul maar by my kom leer?

PAUL MARITZ

E-pos: pjmaritz@gmail.com

Gedigte

Khayalethu Magadla

Khayalethu Magadla val spelende in 'n mangat
en land in die onderwêreld van die groot goue stad,
terwyl amptenare in koel kantore sit en slaap
moet die doodsengel hom uit slik en slym na bo opraap.

Aardverwarming

Die weer verander met spoed op ons planeet.
In Durban spoel huise weg in 'n diep spleet
want ons as sprinckaanplaag laat net besoedeling na.
Planne teen verwarming bly vir ons diskreet.

Skryftaal

buite agter 'n miershoop lê
die maar lyk van Eugène Marais.
D.J. Opperman

Hy is deur 'n winternag so gedryf
om in die taal wat hulle praat te skryf
in die Engels-Nederlandse tydperk
dat óns Afrikaans voluit kan bedryf.

Deel van die geheel

Vroegoggend verkyk ek my aan die helder môrester.
Al is ek nou maar 'n kort tydjie hier is ek deel van
die heelal, oneindig, ondenkbaar en onmeetlik ver.
In my lewensaand sal ek sittend kyk na die aandster.

HENNIE PIETERSE

E-pos: pietehjc@absamail.co.za

Die fondament en hoeksteen wat Patrick Petersen gelê het en die monument wat Hein Willemse bou

Titel: *Ons het [...] ver versit. Gedigte, toesprake en onderhoude van Patrick J. Petersen met 'n essay deur Hein Willemse*
Outeur: Hein Willemse
Plek & Uitgiver: Wildernis: Abrile Doman (2021)

Ons het [...] ver versit verskyn aan die einde van 2021 – die jaar waarin die digter Patrick J Petersen sewentig sou word. Dit staan in die teken van huldiging¹ en herwaardering terwyl die digter se stem opklink in sy eie woorde, sy versamelde werk soos wat dit neerslag gevind het in toesprake, onderhoude en gedigte. Die versamelde poësie sluit al die gedigte uit sy drie digbundels in (*amandla ngawethu*, ca. 1985), *Advent* (1988) en *Vergenoeg* (1993) en ook die lang gedig “ons kom van ver af” – wat in ‘n gelyknamige bloemlesing² verskyn het en waaruit ook hierdie boek se titel geneem is. Die gedig het ‘n narratiewe trant, en die herhaling van en variasies op die titelreeël, is net een saak wat meewerk daartoe dat dit baie goed op ‘n podium sal werk in voorlees of voordrag. Dit is ‘n gedig uit die tradisie van versetpoësie in die tagtigerjare en waarin geskiedenis, herkoms, stellinginname, oproep en identiteit soos ‘n manifes aangebied word en sodoende ‘n illustrasie word van Petersen se vaardighede as orator, wat ook uit die toesprake duidelik blyk. Op die agterblad van *amandla ngawethu* word die vooropstel van voordraagbaarheid en bruikbaarheid van Petersen (ca. 1985) se versetgedigte reeds aangedui: “(D)ie gedigte in hierdie bundel kan nuttig gebruik word deur die swart leser by protesoptogte, begrafnisse en vergaderings in die stryd teen apartheid.” In hierdie verband dui Willemse (p. 8) aan dat Petersen ‘n “uitgesproke voorstander (was) van demotiese taalgebruik in die poësie en die aanwending van dialekskryf sodat die stemme van gewone mense gehoor kon word”.

... gister en vandag het ons 'n lang pad gekom
 ons is nie halfnaatjies nie
 ons is Kaaps
 in die hitte van die stryd
 wanneer die nag sy aantog begin
 op ons melk- en koffieweë
 in die gang van ons vrees
 ...
 ons lees mekaar se gesigte skoon
 ons lees elkeen se historie ...

¹ Tydens die huldigingsgeleenthed vir Petersen en die herdenking van sy sewentigste verjaarsdag, was dit ook die bekendstelling van *Ons het [...] ver versit*. Kyk Petersen (2021).

² Kyk Abrahams *et al.* (1995).

in Godsnaam asseblief
 spaar ons wipplankvoete,
 om 'n lang storie kort te maak
 julle ken ons soeke om mens te wees –
 die halfslag, mestiço, castiço, mulatto
 masbieker, gamsbloed
 die Korannas: Towenaars, Taaibosse, Linkse
 Ghaap, Skerpioene, Seekoeie,
 Hoogstaanders, Kokerbome,
 Spinnekoppe, Karosdraers,
 Smalwange, Papiervolk
 ons wou ons self help –
 in die lang, lang winter

aa

d-dag nader vinnig: alles is so vreemd
 die nag is skoon daarbuite
 en die koue mos aan ons voete
 ons dra dit aan ons sole saam
 ons het 'n ver pad gekom
 ons dra die dood tussen ons tone
 deur die Koup, oor die Nuweveld al
 langs die loop van die Grootbrakrivier
 een dag op 'n slag
 ons hoor hoe roep die Amasivoël ...

...

wie het vir wie in die bovertrek gesê
 om klippe op ons pad te lê
 ons, ons het 'n lang pad gekom
 in die flanke was ons besig
 met toneel voorberei
 vir die jongste dag
 arbeiders in teaters agter die skerms
 regisseurs en draaiboekskrywers
 dit was die dae in die Caabsche district
 ons het blêrrie ver versit

...

en tog
 het ons almal geweet
 die land is ons woning wel ...

houvas
 sien en hoor
 luister luister
 ons is die stem van die Kaap
 ons is die stem van die brandende fynbos
 in die reservate van die staat

...
ons land is vredevreemd
een keer 'n skitterende somerdag
ander kere gatstampdae plooidae
teendae en sukkeldae
maar die hemel bly van koper
toegesluit en hard
en klaend stryk die aandwind
oor die dooies
in Lavendar Hill
in Bonteheuwel
in Kraaifontein
in New Town
in Klein Nederburg
in Belhar
aan die Weskus
in die Boland
in die Overberg
in die Hantam
in die veld

...
die wêreld moet weet
ons het 'n lang pad gekom [...]

Soos Willemse (p. 8) aandui, is dit noodwendig so dat wanneer werk versamel word, ook die minder kragtige, of blywende, gedigte (“van mindere allooi”) opgeneem word. Die voordeel wat die leser egter kry uit hierdie onbemiddelde versameling, is om te sien dat die digter, hoe daadwerklik ook al betrokke by verset en die stryd teen politieke onderdrukking en sosiale verguising en miskenning deur taalgenote, nie uitsluitlik protesgedigte skryf nie. Willemse (p. 8) verwys na “intens persoonlike gedigte oor wroeginge rondom die liefde of worstelinge oor die aard van die verpligtinge van 'n godsdienaar”. Dit is onskatbaar dat ook gedigte soos “My kind” (p. 125), wat nie deel is van die Petersen-gedigte wat in literêr-historiese bloemlesings opgeneem is nie, die een gedig in *SA in Poësie / SA in Poetry* (1988), die sewe gedigte wat Foster en Viljoen (1997) vir *Poskaarte* gekies het, die agt in Komrij (1999) of die sewentien wat Brink (2000, 2008) opgeneem het in *Groot Verseboek*, nou weer vir 'n groter gehoor beskikbaar is.

die pastorie het beroerte gekry dingetjie
uhmmm die matte huil nie meer
die gang slaak ook nie meer 'n sug van verligting nie
en jou portrette teen die muur hang eenkant verlam
en die raampie klap nie hande nie
en die foto groet nie meer, goeiemôre dêddie nie
Vrydagaande bak ek nie meer pizzas nie
en die stilte is leweloos sonder verwagting
o, die tyd lê stukkend, stukkend stukkend
'n kwaai wind teister die teddiebeer en pop
in die huis sonder my kind

wat ek soek in vergulde skoentjies
vir altyd en altyd en altyd
en nie vind by die speelgoedtafel
met vier stoeletjies nie nie nie

“In al sy bundels”, skryf Willemse (p. 294),

stel [Petersen] die omgang met taal as instrument voorop. Dit is waarneembaar in die diversiteit van sprekers, hul segswyses en die uiteenlopendheid van hul taalregisters. Hy was besig om ‘n omvattende poëtika te skep toe sy lewe voortydig kortgeknip is.

Hierdie poëtika, en sy betrokkenheid by die stryd om erkenning as ‘n skrywer, ‘n mens, ‘n spreker van Afrikaans, ‘n skrywer in Afrikaans, is nou in een volume versamel en beskikbaar vir die leser soos wat hy daaroor besin en redeneer het, soos wat hy kampvegter daarvoor was, in kongresbydraes en onderhoude. Die toegang wat die leser kry in *Ons het [...] ver versit* tot Patrick Petersen se denke en insigte, tot strydvrae, besinnings, uitdagings en voorstelle, bied meesleurende leesmateriaal, afgesien van die literêr-historiese waarde daarvan. Dit tref mens wel, met die lees daarvan, met hernude ontnugterend skrynende en embarasserende impak, maar die insigte en betoë voed onteenseglik die kontekstualisering en waardering van sy poësie-oeuvre.

Die keuse om ook vier toesprake en twee onderhoude met Petersen in te sluit, is hierom ‘n weldeurdagte wins vir die boek. Dit bring die leser uit die een-en-twintigste eeu sonder filters en tussengangers in kontak met hoe direk en onomwonde Petersen kon kommunikeer – leesbaar, beredeneerd helder en aangrypend. Die groter waarde is die beskikbaarheid, in een volume, van Petersen se sienings, pleidooie en voorstelle. Willemse (p. 9) motiveer die insluiting so: “(O)mdat dit dien as tersaaklike agtergrond vir sy digterskap en die literêre en maatskaplike omgewing waarin hy hom aan die einde van die vorige eeu bevind het.” Dit is ook so. Maar die feit is dat hierdie stukke oorspronklik opgeneem is in kongrespublikasies van 1990, 1992 en 1995 en dat die inhoud daarvan besonder waardevol en relevant is drie dekades later en in ‘n tyd waar die gebruik van dialekte in gepubliseerde poësie weer op die voorgrond tree, mens kan sê hoogty beleef, maar ook in die illustrasie en begronding van Willemse se waarneming van Petersen as spilfiguur. Willemse plaas die genererende krag van Petersen as spilfiguur as “(o)mstreek die einde van die jare tagtig en vroeg-negentig” en “vir aspirerende Afrikaanse skrywers”. Dit word ondersteun deur Van Wyk se stelling dat Petersen “dié sleutelfiguur van die struggle-digters van die tagtigerjare” is en “van die mees ikoniese gedigte van daardie era geskryf het” (Pietersen, 2021) en uit die aard van die saak ook deur die feit dat Petersen sy eie onafhanklike uitgewery gestig en voorts ‘n hele aantal bloemlesings gepubliseer het.

Wanneer die toesprake en onderhoude gelees word, blyk dit dat die web veel langer en later in die poësiesisteem bly roer en voortweef in reaksie op en oor soortgelyke sake as wat Petersen aan die bod stel en waarvoor hy kampvegter was. Dit is duidelik wat digters en digterskappe betref, maar ook temas en stellinginnames, verdere en ander inisiatiewe rondom selfpublikasie en/of onafhanklike uitgewerye, en ook die hernude opblœi van poësie in taalvariante van Afrikaans en spesifiek Kaaps. Vyf-en-twintig jaar ná sy bydrae tot die Tweede Swart Afrikaanse skrywersimposium, is dit ontnugterend om weer te lees wat Petersen reeds in 1995 gesê het, en te moet besef en erken dat dit netsowel gister of vandag gesê kon gewees het:

Ek dink ‘n mens sou onmiddellik die vraag wou vra: is dit nou werklik nodig om in ‘n tyd soos hierdie waarin ons leef en waarin ons tuisgekom het, oor so ‘n ongemaklike

onderwerp te praat soos swart Afrikaanse skryfwerk of swart Afrikaanse skrywers? Moet ons ... nou nog kom worstel oor so 'n ongemaklike begrip soos die "swart Afrikaanse" skrywer. ... Afrikaans is haas op pad na 'n situasie waar die tipiese eerstetaalspreker waarskynlik nie meer blank is nie. ... Dit is tog heeltemal opvallend dat die Afrikaanse letterkunde in hoofsaak die letterkundige verwoording van blank Afrikaanssprekendes is. ... Dit is 'n letterkunde wat deur wit Afrikaanse letterkundiges beheer word. Dit het tot gevolg dat die magsverhoudinge van Afrikaanse skrywers wat betref die omvattende literêre sisteem baie dikwels onderbeklemtoon word.

Willemse (pp. 270-271) haal ook in hierdie verband Petersen aan uit 'n berig wat geskryf is met die stigting van sy uitgewery in 1987 met die doel om swart Afrikaanse skryfwerk te bevorder (p. 270) waar hy oor die awys van manusripte deur swart Afrikaanse skrywers, aan Van de Rheede sê:

Wat ek sou wou gesien het, is dat toe hulle afgewys is dat hulle ook begelei (moes) geword het om die manusripte te verbeter. ... Ek vra nie vir 'n sagter kritiek nie; ek vra dat [...] (hulle) daai jonger ouens by die hand moes geneem het. ... Hulle wou nie hul geld waag op jong swart Afrikaanse skrywers nie.

Hierna sou dit eers 2008 en 2013 moes word voordat Nasinale Boekhandel (NB) Ronelda Kamfer en Nathan Tranraal se poësie publiseer. Willemse dui Petersen nie aan as profeet of as miskende nie. *Ons het [...] ver versit* bring hierdie geskiedenis wel weer, en tydig, onder die aandag – in Petersen se eie woorde en deur sy aktiewe daadwerklikheid, met selfpublikasie en sy uitgewery. In sy essay, aangedui as bedoel vir "studente van die letterkunde en navorsers" (p. 9) stel Willemse (p. 271) wel:

Dit is onteenseglik waar dat die eerste vlaag van swart Afrikaanse skryfwerk ná die publikasiestilte van die 1960's hoofsaaklik staat moes maak op selfpublikasie met die gevolg dat die voortgesette ontwikkeling van die Afrikaanse letterkunde erg aan bande gelê is.

As boek meld *Ons het [...] ver versit* homself onmiddellik aan in die geledere van boeke, reekse, spesiale nommers van vaktydskrifte en Festschriften waarin die fokus op skrywers en deelnemers aan die literêre gesprek val. Met die laaste deel en uitgawe van *Perspektief en profiel* wat reeds in 2016 verskyn het, terwyl die oorsig oor die prosa hierin slegs tot 2010 strek³ en die poësie-orsig tot 2012⁴ is daar reeds meer as 'n dekade se literatuurhistoriese perspektiewe wat nie binne die band van een literatuurgeskiedenis ondervang is nie. By die herwaarderings, ander en meerdere perspektiewe en ook meer gefokusde en uitgebreide navorsing oor die oeuvres van digters wat sedertdien die literatuurteoretiese toneel betree het, sluit *Ons het [...] ver versit* aan. Dit sluit aan by die SAAWK se huldigingsreeks vir Hertzogpryswenners (wat in 2017 begin het met *Adam Small: denker, digter, dramaturg* [Van der Elst, 2017] en ook die inisiatief van *Stilet* om ook skrywers aan wie hierdie prys nie toegeken is nie, se digterskappe en oeuvres te huldig met temanommers – waarvan die eerste aflewing in 2020 verskyn het, naamlik *Joan Hambidge Ikonoklas(ties)*).⁵ Daar was ook ander temanommers van vaktydskrifte uit die laaste dekade wat op enkeldigters gefokus het, soos

³ Kyk Roos (2015).

⁴ Kyk Odendaal (2016).

⁵ Stilet 32(1&2), <https://journals.co.za/toc/stilet/32/1-2> (5 Mei 2022).

dié oor Olga Kirsch⁶ en NP van Wyk Louw.⁷ Verder het Van Niekerk (2016) se monografie oor Krog verskyn en die biografieë oor Olga Kirsch (Roth, 2018) en Ingrid Jonker (Metellerkamp, 2018). Maar dit is, in 'n neutedop, die stand van die poësiekritiek in boekvorm die afgelope dekade en sedert die laaste omvattende literatuurgeskiedenis verskyn het. Mens sou hierdie korpus navorsing kan beskou as 'n soort alternatiewe literatuurgeskiedenis, maar is dit nie wesenlik 'n, die, nuwe literatuurgeskiedenis nie? Versprei in volumes as deel van reekse, as spesiale tydskrifnommers, en ja, ook ondersteun deur die publikasie van versamelde werk, of bloemlesings met 'n keuse uit digters se werk. Soos NB se jongste reeks bloemlesings uit die werk van Breyten Breytenbach, Antjie Krog, Elisabeth Eybers en Adam Small (almal ná 2019) en versamelings van DJ Opperman (2015) en Ingrid Jonker (2016).⁸ Hierdie bloemlesings en versamelings beïnvloed onteenseiglik die kanon as gevolg van die herhaalde beskikbaarheid van belangrike oeuvres wat nuut en/of herverpak word, maar die geleentheid om 'n waardeskattung of ten minste plasing van die digterskappe en oeuvres wat so aangebied word in te sluit binne die konteks van die bloemlesing of versameling, is nie opgeneem nie. Dit mag jammer wees in terme van die algemene verwagting van bloemlesings dat dit die keuse en digterskap motiveer, kontekstualiseer en toelig, maar miskien nie so vreemd nie, aangesien daar reeds in *Perspektief en profiel* alleenstaande inskrywings, "proifie", vir al hierdie digters opgeneem is. Dit is nie die geval met Patrick Petersen nie. Trouens, buiten die aandag wat aan Petersen gegee word in die "perspektief" van Hein Willemse (1999 en 2016) se ""n Inleiding tot buitekanoniese Afrikaanse kulturele praktyke", is daar in al die dele van beide uitgawes van die Van Coller *Perspektief en profiel*, slegs drie inskrywings vir Petersen in die register. 'n Totaal van sowat 13 reëls waarvan die helfte bestee word aan sy uitgewery Prog. *Ons het [...] ver versit* spreek hierdie hiaat tydig aan. Die boek staan in die teken van wat gedoen en bereik kan word en waarskynlik ook gedoen behoort te word in die poësiekritiek om die oeuvres van digters, selfs groepe digters, deur versameling, wat ook toegelig en ondersteun word deur die insig van 'n opstel met literêr-historiese konteks en (her)waardering, beskikbaar te stel. In werklikheid: van die vergetelheid te ontruk, onder die aandag te hou. Die feit dat die boek by die onafhanklike uitgewery, Abrile Doman⁹ verskyn het, gesien dat ook Petersen en sy mede-skrywers hulle beywer het om hulle gedigte te publiseer deur onafhanklike uitgewers wat hulle self gestig het, herinner mens nogeens aan marginalisering en ook die onmisbare rol wat deur die geskiedenis van die Afrikaanse poësie gespeel is deur onafhanklike uitgewerye. Ook in hierdie opsig is Willemse se boek 'n rigtingwyser nog meer as 'n vingerwysing.

⁶ Werkwinkel 9(2) uit 2014 oor Olga Kirsch (<https://www.ingentaconnect.com/content/doaj/18963307/2014/00000009/00000002>).

⁷ Tydskrif vir geesteswetenskappe 60(2) (<https://journals.co.za/toc/akgees/60/2>) is in 2020 gewy aan NP van Wyk Louw – 50 jaar ná sy afsterwe.

⁸ In 'n vorige reeks (geïdentifiseer aan die eenvormige bandontwerp) het o.a. keuses uit die werk van Johann de Lange, Wilma Stockenström, Lina Spies, Adam Small en Antjie Krog ingesluit en het die *Versamelde gedigte* van Sheila Cussons verskyn. Profielinskrywings vir al hierdie digters is opgeneem in *Perspektief en profiel*.

⁹ "Die naam is 'n samestelling. Abrile en Doman; "abrike" is een van die eerste woorde vir 'n insek wat deur die reisiger De Flacourt in 1655 opgeskryf is. Dit is sy verdraaiing, of liever sy verwronge weergawe van die inheemse woord vir bidsprinkaan, "//gauna-b". Doman verwys na een van die eerste tolke tydens Europese vestiging, Nommoa. Hy word, afhangende van geskiedskrywers se invalshoek, beskou as die eerste versetsleier teen Europese besetting, óf as 'n verraaiér óf 'n knoeier" (Willemse, 2022).

By die lees van die boek word mens ook herinner hoe lank en met hoeveel literatuurteoreties begronde bydraes Hein Willemse hom sedert die sewentigerjare daarvoor bly beywer om inligting oor, en 'n historiese en literêre perspektief op die rol en bydrae van die Swart Afrikaanse Skrywersimposium en ook die skrywers wat hierby betrokke was, beskikbaar te stel. Hoe krities waardevol en literatuurteoreties onderlê Willemse se analyses van die uitdagings rondom historiese groeperings en stereotiperings en anti-hegemoniese formuleringe is, blyk duidelik hieruit.¹⁰

Ons het [...] ver versit maak Patrick Petersen se gedigte weer beskikbaar, vestig opnuut die aandag daarop. En terselfdertyd begin die boek ook om die hiaat aan te spreek wat rondom hierdie digter in die literêre sisteem bestaan, deur 'n konteks te bied waarin die historiese en literêre impak verreken word van die literêre voorganger Patrick J Petersen – die “spilfiguur vir aspirerende Afrikaanse skrywers omstreeks die einde van die jare negentig en vroege-negentig van die vorige eeu” (p. 7). Hiervoor moet mens Hein Willemse bedank, en gelukwens, vir die objektiewe, teoreties onderlegde en onemosionele perspektief wat sy interpretasie en kontekstualisering van Petersen se oeuvre en bydrae bied. En ook vir die suggestie dat aan die hand van Petersen se werk, 'n uitkringende impak ondersoek kan word wat hom inderdaad as spilfiguur in die sisteem van die Afrikaanse poësie identifiseer en bevestig. In hierdie verband moet Willemse (p. 276) ook vermeld word vir sy byhaal van Margo N Crawford (in *What is African American literature*) se beskrywing van “is-ness” ter sprake in die literêre tradisie wanneer hy na tematiese strominge in Petersen se oeuvre verwys:

Die tematiese strominge ... sluit aan by die “is-ness,” die aard en wese van ander soortgelyke Swart Afrikaanse tekste, terwyl ook op sonderlinge aspekte gewys is. Dit geld sy bewuste gebruik van Afrikaans wat maatskaplike uitgeslotenheid blootlê, en 'n bewustheid van sowel minder-bekende kollektiewe as individuele ervarings en geskiedenis.

In pas met die korpus navorsing uit Willemse se pen, is sy navorsing, interpretasie enveral situering van Petersen in die opstel “Die skrywerskap van Patrick J. Petersen” (pp. 263 – 302) helder en onderhouwend geskryf en goed nagevors en gedokumenteer – soos wat ook uit die toelighting van 105 voetnote blyk. Dit is gewis dié gesaghebbende bron oor hierdie digter.

Alhoewel die navorsing wat die boek onderlê goed gedokumenteer is en volledige bronverwysings terug te vind is in voetnote, sou 'n selfstandige bibliografie die lees en gebruikersvriendelikheid van die boek vir hierdie leser vergemaklik het, en die toevoeging van 'n skrywersbibliografie, wat heel haalbaar lyk, 'n verdere wins vir die boek kon wees. Daar is ook nie volledige bibliografiese inskrywings vir Petersen se drie digbundels, of enige van die bloemlesings waarna verwys word (byvoorbeeld dié waarby Petersen direk betrokke was, gelys op p. 270) opgeneem nie. Die redakteur het na alle waarskynlikheid sekerlik die moontlikheid oorweeg om ook huldeblyke en 'n stuk met biografiese inligting op te neem, maar ook dit het, ongelukkig genoeg (na hierdie leser se sin en smaak, en ter wille van groter omvattendheid en navorsingsimpak) ook nie gebeur nie. Die enigste gekonsolideerde bron waarin ook verdere biografiese inligting en verwysings na die resepsie van sy werk opgespoor kan word, is die *Wikipedia*-inskrywing vir Petersen.¹¹ Die melding hierin dat Petersen in 1995

¹⁰ Kyk veral die jongste stuk in 'n Suid-Afrikaanse publikasie: Willemse, H. 2019. Black Afrikaans Writers: continuities and discontinuities into the early 21st century – a commentary. *Stilet*, 31(1&2):260-275.

¹¹ https://af.wikipedia.org/wiki/Patrick_Petersen [8 Aug 2022] met laaste datum bygewerk aangedui as 17 Augustus 2021.

'n MTh-graad aan die UWK behaal het, "Etiel van Luister: 'n analise van swart Afrikaanse poësie in die jare sewentig en daarna" duï op 'n verdere pennevrug van Petersen wat ook as deel van sy omvattende oeuvre beskou word en die titel lyk relevant vir die onderwerp en fokus in *Ons het [...] ver versit*. Vir hierdie leser sou ook huldigings oor Petersen en die commendatio oor hom met die postume toekenning van die Afrikaans Onbeperk-prys vir Lewensbydrae,¹² goed kon aansluit by die biografiese inligting en perspektiewe wat uit die onderhoude met Petersen blyk, soos die In Memoriam deur Hans Ester (2003) en ook die enkele bydraes wat in 2011 verskyn het in die jaar wat die digter sestig sou word: Fransman (2011) se huldiging en huldigingsgedigte deur Joan Hambidge, Selwyn Milborrow, Robert Pearce, Leonard Koza, Vernie Plaatjies, Diana Ferrus wat op *LitNet*¹³ verskyn. Soos ook inligting oor die Patrick Petersen-gedenkprys, in 2000 ingestel deur die Afrikaanse Skrywersvereniging (waarvan Petersen ook stigterslid was¹⁴), ter nagedagtenis van Petersen.¹⁵ En verwysing na die huldigingsprogram¹⁶ twintig jaar ná Petersen se afsterwe wat tydens die *Suidoosterfees* van 2017 aangebied is. Willemse het gekies om by die versamelde oeuvre en 'n essay te hou, "sodat Petersen se skrywerskap behoorlik ingeskatt kan word" (p. 9). In hierdie doel slaag die boek en dra dit by tot die literêre profiel van Patrick Petersen en die moontlikhede om sy rol en impak as spilfiguur te ondersoek.

Met hierdie versameling en die raam wat die essay daarvoor bied, karteer Willemse die literêre profiel en literatuurhistoriese impak van 'n wesenlik belangrike digter en meningsvormer oor die poësie, publikasie, die politiek rondom Afrikaans en die funksie en aanwend van poësie en taal.

In 'n tyd waarin ons reeds weg beweeg het van die idee van een titel as die uiterste of selfs voorkeur vir 'n verteenwoordigende blik, het sy *Groot Verseboek of Perspektief en profiel*, in 'n tyd waarin sowel die jongste as die mees onlangse digters opnuut die gebruik van Kaaps en taalvariante in hul werk aanwend en ondersoek, opnuut fokus op herkoms en aanspraak maak op identiteit, is die vyfde titel wat by Abrile Doman verskyn,¹⁷ die ingeleide versamelde werk van Patrick J Petersen, sowel onontbeerlik as rigtingduidend.

BIBLIOGRAFIE

- Abrahams, WP, E Beukes, A Boezak, P Petersen, en I Theunissen. 2021. *Ons kom van ver af*. St. Helenabaai: Prog.
- Adams, W. 2016. *Toe die reënboog nog die reënboog was*. Wildernis: Abrile Doman.
- Brink, AP. (samest.). 2000. *Groot Verseboek*. Kaapstad: Tafelberg.
- Brink, AP. (samest.). 2008. *Groot Verseboek*. Kaapstad: Tafelberg.
- Ester, H. 2003. Patrick Petersen: Wolseley 6 juli 1951 – Paternoster nabij Sint Helenabaai 6 juni 1997. *Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde*, 2003. https://www.dblnl.org/tekst/_jaa004200301_01/_jaa004200301_01_0010.php [08 Augustus 2022].
- Foster, R & L Viljoen. (samest.) 1997. *Poskaarte: beeld van die Afrikaanse poësie sedert 1960*. Kaapstad: Tafelberg en Human & Rousseau.

¹² Kyk Willemse (2008).

¹³ <https://www.litnet.co.za/oor-patrick-petersen/> [8 Aug 2022].

¹⁴ Kyk byvoorbeeld Pople (2021).

¹⁵ Kyk Fransman (2011).

¹⁶ <https://www.litnet.co.za/digter-petersen-en-ander-gehuldig-suidoosterfees-2017/> [8 Aug 2022].

¹⁷ Na wat ek kon opspoor is *Ons het [...] ver versit* die vyfde titel in sewe jaar wat by hierdie uitgewery verskyn, met die eerste titel '*n Vlag aan die tong* in 2015. Die ander titels is dié deur Willemse en Van Wyk (2015), Adams (2016), Willemse (2018) en Willemse (2021).

- Fransman, W. 2011. Patrick Petersen: "Sy poësie het die spektrum van menslike ervaring bestryk." *LitNet*, 1 Augustus. https://argief.litnet.co.za/article.php?news_id=107901 [8 Aug 2022].
- Fransman, W. 2011. Patrick Petersen-gedenkdiens: Stryder vir die digkuns. *LitNet*, 29 Julie. <https://argief.litnet.co.za/article.php> [8 Aug 2022].
- Fransman, W & J Hambidge. 2011. Poësie oor Patrick Petersen. *LitNet*, 22 Augustus. <https://www.litnet.co.za/oor-patrick-petersen/> [08 Augustus 2022].
- Komrij, G. (samest.) 1999. *Die Afrikaanse poësie in 'n duisend en enkele gedigte*. Amsterdam: Bert Bakker.
- Metelerkamp, P. 2018. *Ingrid Jonker: 'n biografie*. Johannesburg: Penguin Random House.
- Odendaal, B. 2016. Die Afrikaanse poësie 1960 – 2012. In: Van Coller, HP. 2016. *Perspektief en profiel*, Deel 3, 2e uitgawe.
- Patrick Petersen. 2021. *Wikipedia*, 17 Augustus. https://af.wikipedia.org/wiki/Patrick_Petersen [08 Augustus 2022].
- Petersen, PJ. s.j. (ca. 1985.) *amandla ngawehtu*. Genadendal: Genadendalse Drukkery.
- Petersen, PJ. 1988. *Advent*. St. Helenabaai: Prog.
- Petersen, PJ. 1993. *Vergenoeg*. Vredenburg: Prog.
- Pietersen, J. 2021. ATM herdenk unieke Petersen. *Die Afrikaanse Taalmuseum Nuusbrief*, Desember. <http://www.taalmuseum.co.za/wp-content/uploads/2021/12/nuusbrief-des-2021-finaal.pdf> [8 Augustus 2022].
- Pople, L. 2021. Ontslape digter se 70ste gevier met bundel en gedenkprogram. Netwerk24. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/ontslape-digter-se-70ste-gevier-met-bundel-en-gedenkprogram-20211208> [8 Augustus 2022].
- Roos, H. 2015. 'n Perspektief op die Afrikaanse prosa van die twintigste eeu tot 2010. In: Van Coller, HP. (red.). 2015. *Perspektief en profiel*, Deel 2, 2e uitgawe.
- Roth, E. 2018. *Olga Kirsch: 'n Lewe in gedigte*. s.l.: Naledi.
- Van Niekerk, J. 2016. "Baie worde": identiteit en transformasie by Antjie Krog. Pretoria: Van Schaik.
- Van Wyk, J, P Conradie en N Constandaras. (samest.) 1988. *SA in poësie / SA in poetry* Pinetown: Owen Burgess Uitgewers.
- Willemse, H. 2008. Commendatio: Afrikaans Onbeperk – die lewensbydrae van Patrick J. Petersen. *Tydskrif vir letterkunde*, 45(20):177-183.
- Willemse, H & S van Wyk (reds.). 2015. 'n Vlag aan die tong. [Gedenkbundel van die derde Swart Afrikaanse Skrywerssimposium.] Pretoria: Hond BK; Wildernis: Abrile Doman.
- Willemse, H. (red.). 2018. *Hostel: Autobiographical Narratives of the 1975-1980*. University of the Western Cape Student Generation. Wildernis: Abrile Doman.
- Willemse, H. (samest.). 2021. *Geskryfde Krokkie: 'n versameling lyktekste vir Enrico G. Wildernis*: Abrile Doman.
- Willemse, H. 1999, 2016. 'n Inleiding tot buitekanonieke Afrikaanse kulturele praktyke. In: Van Coller, HP. (red.). *Perspektief en profiel*.
- Willemse, H. 2019. Black Afrikaans Writers : continuities and discontinuities into the early 21st century – a commentary. *Stilet*, 31:260-275.
- Willemse, H. 2022. Persoonlike kommunikasie. Whatsapp-boodskap. 5 Augustus.

KAREN DE WET

Universiteit van Johannesburg
E-pos: KdeWet@uj.ac.za

Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, die kuns en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronike en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, word nie vir publikasie oorweeg nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, word gratis aan die outeur verskaf. Indien 'n outeur meer eksemplare verlang, kan dit teen die heersende prys van die Akademiekantoor bestel word.

Die volgende **algemene voorskrifte** geld vir voorgelegde manuskripte:

- Stuur 'n elektroniese kopie aan publikasies@akademie.co.za. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word in skrifgrootte Arial 12-punt met 'n 25 mm-linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgerede en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n **erkende taalversorger** geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans of Nederlands geskryf wees en beperk wees tot tussen **8 000** en **10 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort *curriculum vitae* in Afrikaans en Engels (100-200 woorde) en 'n foto(s) van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Die bydrae moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600-1 000** woorde in Engels. 'n Opsomming in 'n ander taal as Afrikaans moet 'n **vertaling van die titel** as opskrif hê.
- Outeurs moet 'n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels net ná die Engelse opsomming verskaf.
- **Illustrasies of grafika** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.

Opskrifte in die *Tydskrif* lyk soos volg:

1. **Hoofopskrifte** is in hoof- en kleinletters en vetdruk. Daar is 'n lynspasie tussen die hoofopskrif en die teks.

1.1 *Opskrifte* is in hoof- en kleinletters en kursief; daar is 'n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

1.1.1 *Subopskrifte* is kursief; daar is 'n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte kan soos bo genommer word indien 'n outeur dit verkies. Daar is geen punte ná opskrifte nie.

Opskrifte by tabelle lyk soos volg:

TABEL 2: Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

Onderskrifte by figure lyk soos volg:

Figuur 3: Sistemiese interafhanglikhede in mensstrewes: Die waardestructuur.

Indien 'n opskrif of onderskrif 'n **subtitel** bevat, volg die subtitel ná 'n dubbelpunt en begin dit met 'n hoofletter, met inagneming van die gewone Afrikaanse patroon, byvoorbeeld die konvensie rakende die lidwoord 'n.

Plaas asseblief tabelle en figure op die regte plek in die teks.

Aanhalingen en verwysings

- **Aanhaling** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale as Afrikaans is nie. Aanhaling wat langer as **drie reëls** is, word geïndenteer en nie tussen aanhalingstekens geplaas nie. Enige invoeging in 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeeld.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Alle bibliografiese besonderhede word verstrek in die taal van die geraadpleegde bron, mits dit in die Romeinse alfabet is.

Voorbeelde:

- **Boek:** Olivier, DV. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.
- **Tydskrifartikel:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *S4 Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.
- **Hoofstuk in 'n boek:** Verhoef, G. 2012. 'n Ekonomiese geskiedenis van die 19de eeu. In Pretorius, F (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot nou*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 201-217.
- **Internetbron:**
Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

In Afrikaans:

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Bronverwysings in die teks:

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: (Swan, 1996:45) ...

OF: (Swan, 1996:45). [aan sinseinde]

Bladgeld

Die *Tydskrif* hef R300 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen om bladgeld. Die *Tydskrif* is nasionale geakkrediteer en opgeneem in internasionale indekse. Navorsingsartikels gepubliseer in die *Tydskrif* kwalifiseer dus vir staatsubsidies.

Outeursreg

Outeur(s) behou outeursreg in 'n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

Guidelines for authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the subject fields of theology, languages, arts and culture, and social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions published elsewhere will not be considered for publication in the *Journal*. An author will receive two complimentary copies of the edition in which his/her contribution appeared. More copies may be ordered from the publications office at the current price.

Submitted manuscripts should meet the following requirements:

- Contributions are to be submitted electronically by email to publikasies@akademie.co.za. Manuscripts should be typed in double spacing in Arial 12 point, leaving a 25 mm left margin.
- Manuscripts have to be **edited and be ready for printing**. Authors have to submit proof in writing that their text has been language edited by a **recognised text editor/language practitioner**.
- Contributions should be submitted in Afrikaans or Dutch and be limited to **8 000-10 000 words**.
- An abridged *curriculum vitae* in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG format) of each author should be submitted along with the contribution.
- Manuscripts should be accompanied by an abstract of **100-250 words** in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1 000 words**. An abstract in a language other than Afrikaans should be headed by a **translation of the title**.
- The English abstract should be followed by a list of approximately **10-20 keywords** in English and Afrikaans.
- **Illustrations or graphics** should be provided with suitable captions placed below them, and their size should be appropriate for the format of the *Journal*.

Headings in the *Journal* are styled as follows:

1. **Main headings** are in upper and lower case, and bold. Leave a line space between the heading and the text.
1.1 **Headings** are in upper and lower case and italics. Leave a line space between the heading and the text.
1.1.1 **Subheadings** are in italics. Leave a line space between the heading and the text.

Headings may be numbered, if preferred. There are no full stops after headings.

Table headings are styled as follows:

TABLE 2: Economic development according to demographic groups

Captions of figures:

Figure 3: Systemic interdependence: The value structure

If a **subtitle** occurs in any heading or caption, it is preceded by a colon and begins with an upper-case letter.

All tables and figures are to be inserted at the correct place in the text.

Quotations and references

- **Quotations** are not italicised – not even when in a foreign language. Quotations that exceed **three lines** are indented and are not placed in quotation marks. Anything inserted in a quotation is placed in square brackets. See examples in the printed *Journal*.
- **Abbreviations** should be avoided as far as possible.
- **Bibliographic references** follow the abbreviated Harvard method, with some variation allowed for specific subjects.

All bibliographic details are given in the language of the source used, provided the source is in the Roman alphabet.

Examples:

- **Book:** Quirk, R. & Greenbaum, S. 1973. *A university grammar of English*. Essex, UK: Longman.
- **Article in a journal or magazine:** Paterson, A-M. 2013. Inspired by fellowship: How Poet's Corner in Westminster Abbey brought Burns lovers together. *The Scots Magazine*, 178(1):36-38.
- **Chapter in a book:** De Gruchy, JW. 1984. Jung and religion: A theological perspective. In Papadopoulos, RK & Saayman, GS. (eds). *Jung in modern perspective*. London: Ad Donker, pp. 193-203.
- **Internet source:**
Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

In Afrikaans:

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Citations in the text:

- According to Swan (1996:45) ...
OR: (Swan, 1996:45) ...
OR: (Swan, 1996:45). [at the end of a sentence]

Page fees:

A fee of R300 per printed page (+VAT) is charged to help cover printing costs. It is the responsibility of the author to apply for payment of these fees by his/her university/research institution. The *Journal* has been accredited nationally and is included in international indices. Research articles/papers published in the *Journal* therefore qualify for government subsidies.

Copyright:

Copyright of articles published in the *Journal* vests in the author(s).



Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Doel van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (inclusief die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sfere te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidissiplinêre organisasie.

Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kuns, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook dielewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidissiplinêre organisasie wat die belang van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daaroor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.

This title is
now indexed
in Scopus

refine your research
SCOPUS

Sedert Maart 2009 geïndekseer in
die Social Sciences Citation Index

VOORBLADFOTO:
Engelenburghuis: Gister en vandag